



1983074101



Taalkundig en tegnies is die verhandeling deeglik versorg. Dit is dus jammer dat tikfoute deurgeglip het: p. 23 reël 5; p. 34 voorlaaste reël; p. 56 titel onder item 10a; p. 72 reël 3; p. 99 reël 6; p. 124 voorlaaste reël; p. 125 reël 15; p. 148 reël 5; p. 154 reël 2; p. 166 reël 14; p. 216 voorlaaste reël; p. 217 reël 5.



DIE MUSIEKLEWE VAN WINDHOEK VANAF 1890 TOT 1971

DEUR

ERNST HENDRIK VAN BILJON

Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die
graad Magister Musicae in die Fakulteit
Lettere en Wysgebeerte (Departement
Musiek) aan die Universiteit
van die Oranje-Vrystaat

November 1982

STUDIELEIER:
PROF DR J L K HUMAN

MEDESTUDIELEIER:
PROF J C MOLL

INHOUDSOPGAWEBLADSY

VOORWOORD	1
HOOFSTUK I	
DIE HISTORIESE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING	
VAN SUIDWES-AFRIKA	
1. ONTDEKKING	5
2. BEVOLKING	6
3. BEWIND	6
4. DUITSE BESETTING VAN SUIDWES-AFRIKA	7
5. POLITIEKE GESKIEDENIS	8
6. VERVOER EN KOMMUNIKASIE	9
7. ONTSTAAN EN GROEI VAN WINDHOEK	11
8. BEVOLKINGSTOENAME	13
9. SENDINGWERK	14
10. STIGTING VAN ONDERWYSINRIGTINGS	16
11. OPENBARE VERMAAKLIKHEID	18
VOETNOTAS : HOOFSTUK I	20
HOOFSTUK II	
DIE MILITÊRE ORKES VAN DIE VERDEDIGINGSMAG	
1. ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS	23
2. PLIGTE EN AKTIWITEITE	24
3. ORKESLEIERS	25
4. BETROKKENHEID VAN DIE PERS	27
5. VERMAAKLIKHEIDSMUSIEK	31

6. DEELNAME AAN GODSDIENSTIGE GELEENTHEDE, LIEFDADIGHEIDSKONSERTE EN DIE VERENI- GINGSLEWE	33
7. DIE KEISER SE VERJAARDAG	36
VOETNOTAS : HOOFSTUK II	42
HOOFSTUK III	
MUSIEK IN DIE KERK	46
1. CHRISTUSKIRCHE	47
2. EERSTE ORREL IN DIE CHRISTUSKIRCHE	49
3. DIE ORRELISTE VAN DIE CHRISTUSKIRCHE SEDERT 1907	51
4. KERKKOOR	52
5. INWYDING VAN DIE CHRISTUSKIRCHE	54
6. MOTETTEN (GEWYDE AANDKONSERTE)	56
6.1 VOOR DIE TWEDE WÊRELDOORLOG	57
6.2 MUSIEKAANBIEDINGE TYDENS DIE TWEDE WÊRELDOORLOG (DIE SOGENAAMDE 'KRIEGSMOTETTEN')	58
6.3 MOTETTEN NA DIE TWEDE WÊRELDOORLOG	61
7. KERKKOOR IN SAMEWERKING MET ANDER VERENI- GINGS	63
VOETNOTAS : HOOFSTUK III	67

HOOFSTUK IV

MUSIEK IN DIE SKOOL

1. ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS IN SUIDWES- AFRIKA	69
2. MUSIEKONDERRIG AAN SKOLE	70
2.1 DEUTSCHE HÖHERE PRIVATSCHULE	71
2.2 CONVENT OF THE HOLY CROSS	78
2.3 WINDHOEK HOËRSKOOL	80
3. MUSIEKEKSAMENS VAN DIE UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA (UNISA)	82
4. PRIVAAT MUSIEKONDERWYS	82
5. GESUBSIDIEERDE MUSIEKONDERRIG AAN SKOLE	85
6. STIGTING VAN 'N KONSERVATORIUM	88
7. KUNSWEDSTRYDE	91
8. INTERNATIONAL ARTS LEAGUE OF YOUTH (I.A.L.Y.)	95
9. MUSIEKBIBLIOTEEK	96
VOETNOTAS : HOOFSTUK IV	103

HOOFSTUK V

DIE ROL VAN DIE ORKES IN WINDHOEK SE MUSIEKLEWE

1. FAKTORE WAT TOT DIE STIGTING VAN 'N ORKES GELEI HET	106
2. HANS MÜLLER SE AANDEEL	107
3. ERICH NACHOD SE AANDEEL	112

4. STIGTING VAN DIE VEREINIGUNG WINDHUKER MUSIKFREUNDE	114
5. MUSIEK TYDENS DIE OORLOGSJARE	125
6. WINDHOEK MUSIC SOCIETY	127
7. WINDHOEKSE SIMFONIE-ORKES	134
VOETNOTAS : HOOFSTUK V	159

HOOFSTUK VI

MUSIEK-, SANG- EN KULTUURVERENIGINGS

1. DIE WINDHOEKSE MANNEKOOR	162
2. VERENIGINGS WAT VIR 'N KORTER TYD BESTAAN HET OF SLEGS VAN TYD TOT TYD VIR MUSIEK- AANBIEDINGS GESORG HET	
2.1 VOOR DIE EERSTE WÊRELDOORLOG	182
2.1.1 DIE SCHUTZENVEREIN	183
2.1.2 DIE KRIEGERVEREIN	183
2.1.3 KATHOLISCHE FRAUENVEREIN (KATOLIEKE VROUEVERENIGING)	184
2.1.4 DEUTSCHE EVANGELISCHE GE- MEINDE (DEG)	189
2.1.5 MENDELSSOHN VEREIN	194
2.1.6 TEATERVERENIGING	198
2.2 VERENIGINGS WAT TUSSEN DIE EERSTE- EN TWEDE WÊRELDOORLOG BESTAAN HET	199
2.2.1 WINDHOEK TRIO	199

2.2.2	VERSKILLENDE VERENIGINGS WAAR- VAN DAAR NET EEN KEER MELDING GEMAAK IS	200
2.2.3	FREWER, KEHRMANN, EN HATTER- SCHEIDT-TRIO	201
2.2.4	DIE WINDHOEKER LIEDERTAFEL	202
2.3	VERENIGINGS NA DIE TWEDE WÊRELDOORLOG	202
2.3.1	DIE WINDHOEKSE STRYKKWARTET OF KEHRMANN-KWARTET	203
2.3.2	DIE WINDHOEKSE AFRIKAANSE MUSIEKVERENIGING (WAM)	212
2.3.3	SA KUNSVERENIGING (WINDHOEK- TAK)	213
2.3.4	DIE SUIDWES-AFRIKAANSE STREEKS- RAAD VIR DIE UITVOERENDE KUNSTE (SWARUK)	224
VOETNOTAS : HOOFSTUK VI		232
HOOFSTUK VII		
BESOEKENDE KUNSTENAARS		
1.	VOOR DIE EERSTE WÊRELDOORLOG	236
2.	VOOR DIE TWEDE WÊRELDOOGLOG	239
VOETNOTAS : HOOFSTUK VII		242

HOOFSTUK VIII

LOKALE WAARIN MUSIEKKONSERTE AANGEBIED IS

- | | |
|---|-----|
| 1. HOTELLE, KLUB- EN SKOOLSALE | 243 |
| 2. KUNSTEATER | 246 |
| 3. DIE AULA VAN DIE DEUTSCHE HÖHERE PRIVAT-
SCHULE | 248 |

VOETNOTAS : HOOFSTUK VIII	250
---------------------------	-----

HOOFSTUK IX

HOOFFIGURE IN DIE MUSIEK

- | | |
|---------------------------------|-----|
| 1. HANS MÜLLER | 251 |
| 2. WILLI FREWER | 265 |
| 3. HEINRICH VOIGT | 272 |
| 4. DR MAX WEISS | 273 |
| 5. GERALD FAINSINGER | 275 |
| 6. DR HANS MASKE | 276 |
| 7. ERNST SCHERER | 285 |
| 8. DR FRIEDRICH HORNBURG | 303 |
| 9. RUTHILDE HILLIG (née CORDES) | 303 |

VOETNOTAS : HOOFSTUK IX	306
-------------------------	-----

OPSOMMING / SLOT	309
------------------	-----

SUMMARY / CONCLUSION	314
----------------------	-----

BRONNE	318
--------	-----

FOTO'S

- (i) Majoor Curt von Francois (sien p. 12). 327
- (ii) *Alte Feste* kort na voltooiing
(sien p. 12 & 21).

- (i) Generaal-majoor Theodor Leutwein 328
(sien p. 13).
- (ii) Militêre orkes in die troepetuin
(sien Hoofstuk II).

- Program in die *Windhuker Nachrichten*, 329
9 Okt 1910, van 'n konsert van die militêre
orkes (sien p. 33).

- Buite- en binneblad van 'n program van die 330
militêre orkes tydens die viering van die
keiser se verjaardag op 3 Feb 1912 (sien p. 40).

- (i) *Christuskirche* kort na voltooiing 331
(sien Hoofstuk III).
- (ii) Eerste Kindergarten met onderwyser Rave
2^e v.l. en Pastor Anz 2^e v.r. (sien
p. 34, 53, 72 & 189).

- (i) Die kerkkoor en 'n kinderkoor op die 332
orrelgalery van die *Christuskirche* in
die jare voor die Eerste Wêreldoorlog
(sien p. 52).
- (ii) Afgevaardigdes van die Mannekoor in
1928 by die tiende fees van die *Deutsche
Sängerbund* in Wenen. Hans Müller sit
voor in die middel (sien p. 170).
- Program van die eerste konsert van die *Wind- 333*
huker Musikfreunde op 15 Okt 1920 (sien
p. 115).
- Hans Müller, 'vader van musiek in Windhoek' 334
(sien p. 251).
- Suidweslied*. Woorde en melodie van Heinz 335
A Kleinwerner. (Gebaseer op soldateliede-
re). In 1952 deur Hans Müller vir 4-stem-
mige mannekoor getoonset (sien p. 264).
- (i) Plakkaat van 'n simfoniekonsert in die 336
interneringskamp te Andalusia. Die
solis is Willi Frewer (klavier) (sien
p. 125).

- (ii) Die eerste konsert van die Windhoekse Simfonie-orkes (*WMS*) op 29 Okt 1947 (sien p. 127 & 128).
- (i) Willi Frewer links, en Max Weiss 337
(sien p. 265 & 273).
- (ii) Gerald Fainsinger (sien p. 275).
- (i) Ruthilde Hillig en Helga Stewien 338
(sien p. 153 & 303).
- (ii) Hans Maske (sien p. 276).
- (iii) Friedrich Hornburg (sien p. 153 & 303).
- (iv) Ernst Scherer (sien p. 285).
- Openingsmate van *Mantis Moon*, balletmusiek 339
van Hans Maske (sien p. 231 & 276).
- (i) Tydens Erna Sack se besoek aan Suid- 340
wes. V.l.n.r. mev Emma Hoogenhout
(destydse Administrateursvrou), Erna
Sack, Otto Schroeder (skilder) en
mev Ottilie Reiter (fotograaf) (sien
p. 215).
- (ii) Yehudi Menuhin en sy eggenote op die
Windhoek-Eros lughawe (sien p. 215).

Weense Seunskoor tydens hul optrede in die 341
Christuskirche (sien p. 228).

Die Windhoekse Simfonie-orke en gas- 342
spelers tydens 'n jubileumkonsert op
2 Okt 1965 in die grootsaal van die
Sportklub Windhoek (sien p. 154).

VOORWOORD

Gesprekke met kollegas in die musiekwêreld het my onder die indruk gebring van Windhoek se aktiewe musieklewe in die verlede. Behalwe vir die Windhoekse Simfonie-orkes en die Windhoekse Mannekoor (*Männergesangsverein*), wat die grootste bydrae gelewer het, was daar heelwat ander verenigings en individue wat musiek beoefen het en musiek-onderrig gegee het.

Daar was geen samevattende werk oor hierdie aktiwiteite beskikbaar nie; derhalwe het ek besluit om navorsing te doen en my bevindinge op skrif te stel, sodat dit vir die nageslag behoue kan bly.

Die meeste inligting het uit koerantartikels gekom namate ek, oor 'n tydperk van drie jaar, stelselmatig alle uitgawes van die koerante wat vanaf 1898 tot 1971 in Suidwes verskyn het, deurgelees het. Heelwat inligting is ook verkry uit privaatversamelings van konsertprogramme, foto's en koerantuitknipsels. Die Windhoekse Staatsargief en notules van verenigings soos byvoorbeeld die van die Mannekoor en die Kunswedstrydkomitee, het ook heelwat stof opgelewer. Van die waardevolste inligting is verkry uit gesprekke met individue wat direk of indirek by die musiekaktiwiteite van hierdie tydperk betrokke was.

Aanvanklik is die inligting in drie hoofkategorieë gerangskik, naamlik: teater, kerk en skool. Nadat al

die stof versamel is, het kleiner indelings gevolg, daarna die indeling in hoofstukke, en uiteindelik die onderverdeling van elke hoofstuk.

In hierdie verhandeling kom daar dikwels net die vanne van persone voor, sonder dat hul voorname of voorletters vermeld word. Dit is te wyte aan die vae berigging in koerante van die tydperk voor 1914. Verder het ek verskeie taalkundiges oor die gebruik van hoofletters in Afrikaans geraadpleeg en tot die slotsom gekom dat daar groot verskil van mening hieroor bestaan. Ek hoop dus dat my gebruik hiervan vir die leser aanvaarbaar sal wees.

Ek wil graag die volgende persone en instansies hartlik bedank vir hul hulp en samewerking waarsonder hierdie verhandeling nie moontlik sou wees nie:

Mev Ruthilde Hillig van Windhoek wat uit haar pad gegaan het om informasie op te spoor en my deurentyd aangemoedig het om met die navorsing voort te gaan.

Mnr en mev Walter Kazmaier van Stuttgart, voorheen van Swakopmund, vir die gebruik van hul private versameling konsertprogramme, koerantuitknipsels en oorspronklike komposisies van Hans Müller.

Mev Helga Stewien van Windhoek vir die gebruik van haar versameling programme, foto's en koerantuitknipsels.

Mev Martha Müller van Windhoek vir inligting oor haar man, Hans Müller.

Mev Irmgard Maske van Kaapstad vir inligting oor haar man, dr Hans Maske.

Mev C Weiss van Swakopmund vir inligting oor haar man, dr Max Weiss.

Mnr Freddy Frewer van Windhoek vir inligting oor sy vader, Willi Frewer.

Mnr Walter Heinrich van Windhoek vir inligting oor die Windhoekse Mannekoor en Ernst Scherer.

Mnre Gerald Fainsinger van Johannesburg, Fritz von Seggern, Johan Pieterse, mnr en mev W Stritter, dr E Woehler, mevv Friedgard von Koenen en Rita Johnstone van Windhoek wat waardevolle inligting verstrek het.

Mev Ottilie Reiter van Windhoek vir die gebruik van haar foto-versameling.

Die Biblioteek van die SWA Administrasie (mej A van Wyk).

Windhoekse Openbare Biblioteek.

Die Biblioteek van die Windhoekse Onderwyskollege.

Staatsargief Windhoek (mej K Stern).

Alte Feste-museum (mev M Brand).

Suid-Afrikaanse Kunsvereniging (Windhoek-tak).

Duitse Evangeliese Lutherse Kerk van Windhoek.

Suidwes-Afrikaanse Wetenskaplike Vereniging (mev A L Bense-
seler).

My dank aan almal wat help proeflees het:

Franslo Vorster, Sheryl Snyman, Johan Pieterse en my
vrou Valerie.

In besonder my dank aan:

Alta Swart vir haar noukeurige tikwerk.

Gerhard Roux, vir taalkundige versorging.

Prof dr J C Moll, mede-studieleier, vir sy gewaar-
deerde hulp.

Prof dr Japie Human, studieleier, vir sy positiewe
leiding en aanmoediging.

HOOFSTUK I

DIE HISTORIESE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

VAN SUIDWES-AFRIKA

1. ONTDEKKING

Die eerste Europeër om die kus van Suidwes-Afrika te betree, was waarskynlik die Portugese seevaarder Diego Cao, wat sy kruis in 1485 ongeveer 100 km noord van Swakopmund geplant het.¹ Drie jaar later het sy landgenoot, Bartolomeus Dias, 'n kruis by Angra Pequena geplant.² In die jare hierna het jagters, ontdekkingsreisigers en fortuinsoekers die gebied deurkruis.

In 1760 was die jagter Kobus Coetsee van die Kaapkolonie waarskynlik die eerste blanke wat die Oranjerivier, of *Gariiep*, soos dit destyds bekend gestaan het, oorgesteek het om olifante te jag. Hy het 'n tyd by die warmbronne te Warmbad in die suide van die gebied vertoef.³ In 1778 het 'n Engelse offisier, ene Patterson, en Sebastian Valentin van Reenen op 'n ekspedisie noordwaarts gegaan en met 'n stuk gouddraende rots na die Kaap teruggekeer.⁴ Tussen 1783 en 1785 het Francois de Vaillant die gebied so ver as die huidige Rehoboth verken -- die eerste blanke ontdekkingsreisiger wat so ver noord gegaan het.⁵ Ander binne-landse ontdekkingsreisigers het die omgewing van die keerring en die gebied waar Windhoek vandag lê, deurreis, maar die Kaokoveld, Ovamboland en die Okavango in die noorde het nog nie op kaarte van dié tyd verskyn nie.⁶

2. BEVOLKING

Die eerste blankes wat hulle in die gebied gevestig het, was waarkynlik Guillian Visagie en sy gesin. Hulle is in Desember 1771 deur die jagters Willem van Reenen en Pieter Brand by Modderfontein in die omgewing van die huidige Keetmanshoop aangetref.⁷ In hierdie stadium was die ander inwoners van die gebied die Boesmans, Nama's, Bergdama's, Oorlams en die Herero's met die Ovambo's en die Okavango's in die noorde. Die Basters het eers in 1868 uit die Kaapkolonie aangekom en hulle by Rehoboth gevestig.⁸

Afgesien van binnelandse ontdekkingsreisigers, is die gebied meer en meer deur skepe wat om die Kaap gevaar het, besoek. Francois Renier Duminy, kaptein van die *Meermin*, het op 23 Januarie 1793 in Walvisbaai anker gegooi nadat hy op pad van die Kaap bakens by Possession-eiland en Angra Pequena opgerig het. Pieter Pienaar wat hom vergesel het, het 'n tog na die binneland tot sover as die Swakopvallei onderneem, waar hy met 'n groep Bergdama's kennis gemaak het.⁹

3. BEWIND

Kaptein Alexander, kaptein van die *Star*, is in 1795 op 'n verkenningstog na die weskus van Afrika gestuur. Hy het onderweg by Angra Pequena en Walvisbaai aange-

doen en hulle in die naam van die Engelse koning in besit geneem. Meer as 90 jaar later het lord Derby in die Britse Hoërhuis verklaar dat Brittanje geen aanspraak op die hawens kan maak op grond van hierdie inbesitname nie, omdat die Britse regering hierdie transaksie nooit gemagtig of erken het nie.¹⁰ In Maart 1878 het die Britte Walvisbaai formeel in besit geneem. In 1910 het Walvisbaai die eiendom van die Unie van Suid-Afrika geword en daarom is dit vandag nog deel van die Republiek van Suid-Afrika.

4. DUITSE BESETTING VAN SUIDWES-AFRIKA

'n Agent van die Bremense koopman, Adolph Lüderitz, het in 1882 by Angra Pequena geland. Hy het die 215 vk myl om die baai by die inboorlinge gekoop en dit tot Lüderitzbucht herdoop. Dit was die begin van die Duitse besetting, want reeds in die volgende jaar is 'n Duitse protektoraat oor 'n groot gedeelte van die Nama-gebied uitgeroep, die jaar daarna is die Herero's onder Duitse beskerming geplaas, en is die Duitse vlag op 7 Augustus 1884 amptelik by Angra Pequena gehys.¹¹ In Julie 1890 is die grense van die eerste Duitse kolonie in Afrika, *Deutsch-Südwestafrika*, finaal vasgestel.

Deur die jare heen het *Duits Suidwes-Afrika* in die volksmond *Duitswes* en later *Suidwes* geword. Vandag is die amptelik erkende benaming *Suidwes-Afrika/Namibië* en

na onafhanklikheid sal die land waarskynlik as *Namibië* bekendstaan.

Hoewel die gebied aanvanklik deur die *Deutsche Kolonialgesellschaft für Südwestafrika* beheer is, het die verantwoordelikheid van 1892 na die Duitse Imperiale regering oorgegaan. Laasgenoemde het die gebied tot en met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog regeer. Met die uitbreek van die oorlog is Lüderitzbucht beset. Die troepemagte van die Unie van Suid-Afrika het die gebied binnegeval en op 9 Julie 1915 het die Duitse soldate by Korab, noord van Windhoek, oorgegee.¹² Daarmee het die Duitse bewind van Suidwes-Afrika op 'n end gekom.

5. POLITIEKE GESKIEDENIS

Vanaf die militêre besetting in 1915 het Suidwes tot 1921 onder krygsbewind gestaan. Na die vertrek van generaal Louis Botha is die gebied onder 'n militêre goewerneur, generaal P S Beves, geplaas. Hierdie pos is kort daarna afgeskaf en 'n administrateur in die persoon van sir Howard Gorges is aangestel. Aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog is Suidwes, kragtens die verdrag van Versailles, as 'n C-mandaat van die Volkerebond verklaar, en op 12 September 1919 het die Unie-parlement die mandaat oor die gebied formeel aanvaar.¹³

In die jare hierna is 'n paar konstitusionele veranderinge deur wetgewing aangebring. Die belangrikste hiervan was die *Wysigingswet op Aangeleenthede in Suidwes-Afrika* in 1949, waarvolgens die hoogste en uiteindelijke wetgewende en bestuursmagte oor Suidwes in die hande van die Unieregering geplaas is. Die gebied het egter steeds sy Administrateur, Wetgewende Vergadering en Uitvoerende Komitee behou. Die wet het ook voorsiening gemaak vir verteenwoordiging van Suidwes in die Unieparlement deur ses verkose lede in die Volksraad en vier lede in die Senaat.¹⁴

Met die ontbinding van die Volkerebond in 1945, het 'n tydperk van stryd met die Verenigde Volkere Organisasie begin oor die mandaatgebied van Suidwes-Afrika, 'n stryd wat vandag nog voortduur en hopelik opgelos sal word wanneer die gebied onafhanklik word.

6. VERVOER EN KOMMUNIKASIE

Nadat die Duitse vlag vir die eerste keer by Angra Pequena gehys is, het daar spoedig 'n behoefte aan kommunikasie onder die inwoners van die gebied ontstaan, en op 1 Julie 1888 is Windhoek tot die Wêreld-posunie toegelaat. Aanvanklik is daar van Boesman-posdraers gebruik gemaak, wat die hele afstand (ongeveer 360 km) tussen Windhoek en Swakopmund te voet afgelê het.

Later is kamele ingespan maar in 1894 het poskarre hul

verskyning gemaak. In Junie 1902 is die eerste spoorlyn tussen Windhoek en Swakopmund geopen.¹⁵

Op 12 Oktober 1898 het die eerste koerant in Windhoek, die *WindhoekerAnzeiger*, verskyn. 'n Paar jaar later, vanaf 14 Oktober 1901, is laasgenoemde koerant in Swakopmund gepubliseer onder 'n nuwe naam: *Deutsch-Südwestafrikanische Zeitung*. Op 7 Julie 1903 het die tweede Windhoekse koerant, die *Windhuker Nachrichten*, die lig gesien. Dit het aanvanklik maandeliks verskyn en vanaf 1 Januarie 1905 tweeweekliks. Vanaf 1 Januarie 1906 het die koerant een keer per week verskyn, en twee keer per week vanaf 1 Januarie 1908. Vanaf 4 Januarie 1911 het die koerant as *Der Südwestbote* bekend gestaan en het op Woensdae, Vrydae en Sondag verskyn. 'n Koerant met die titel *Südwest* het ook 'n kortstondige verskyning vanuit Windhoek gemaak vanaf 2 Desember 1910 tot 12 Mei 1915. *Der Südwestbote* het vir die laaste keer op 10 Mei 1915 verskyn. Vanaf 22 Julie 1915 tot 13 Julie 1919 het *Der Kriegsbote* drie keer weekliks in Windhoek verskyn. Laasgenoemde het hoofsaaklik nuus oor die Eerste Wêreldoorlog bevat. Die *Windhoeker Allgemeine Zeitung* het vir die eerste keer op 6 Augustus 1919 verskyn. Die eerste Afrikaanse koerant, *Die Suidwes-Afrikaner*, het vir die eerste keer op 8 April 1927 verskyn. 'n Engelse koerant, die *Windhoek Advertiser*, het vanaf 4 Julie 1929 verskyn en 'n tweede Afrikaanse koerant, *Die Suidwester*, vanaf 20 April 1945.

In 1971 het al vier laasgenoemde koerante nog steeds verskyn: *Die Suidwes-Afrikaner* twee keer weekliks en die ander drie daagliks van Maandag tot Vrydag. Die plaaslike pers het deur die jare 'n belangrike bydrae tot die kultuurlewe van Windhoek gelewer. Veral noemenswaardig was die pers se invloed op die bevordering en ontwikkeling van musiek deur middel van advertensies, artikels en resensies.

7. ONTSTAAN EN GROEI VAN WINDHOEK

Die eerste sendelinge wat hulle in die omgewing van Windhoek gevestig het, het die naam *Elberfeld* gegee aan die vallei waar Klein-Windhoek, 'n voorstad van Windhoek, vandag lê. Jonker Afrikaner, 'n Hottentot-hoofman, het sy veeposte hier gehad. Met Jonker se aankoms in 1840 was die vallei in die Herero-taal as *Otjimuiise* (plek van stoom) en in die Namataal as *Aigams* bekend, vanweë die baie warmwaterbronne (die water - *Gams* - is op vuur - *Ais* - gekook). Windhoek lê wes van Klein-Windhoek, met 'n heuwelskeiding tussen die twee. Windhoek het destyds as *Barmen* bekend gestaan, waarskynlik as gevolg van die warmwaterbronne. Die naam *Windhoek* het waarskynlik ontstaan uit *Winterhoek*, die bergreeks by Tulbagh waar Jonker oorspronklik vandaan gekom het.¹⁶ Die spelling het in 1904 van *Windhoek* na *Windhuk* verander en die oorspronklike spelling is eers weer na die Eerste Wêreldoorlog herstel. Tot die Tweede Wêreldoorlog is albei spellinge gebruik.

Die nuwe Duitse kolonie moes oor 'n troepemag beskik en daarom is die sogenaamde *Schutztruppe* of koloniale verdedigingsmag na die gebied gestuur. Op 18 Oktober 1890 het Majoor Curt von Francois,¹⁷ bevelhebber van die verdedigingsmag, die hoeksteen van die fort¹⁸ gelê -- die eerste gebou in Windhoek, die toekomstige hoofstad van die nuwe kolonie. Onder leiding van die bouer Tünschel is 14 soldate en ongeveer 100 inboorlinge vir die bouwerk ingespan. Die gebou het uit een verdieping bestaan, met twee torings van nege meter hoog in die ooste en twee van ses meter in die weste. Die fondeamente was van gekapte klip en die mure deels gebrande en deels rou stene. Die eerste fase is in 1892 voltooi maar met verloop van tyd is daar baie veranderinge aangebring. In 1910 is die gebou finaal voltooi in sy vorm soos dit vandag daar uitsien.¹⁹

Teen 1893 het mynsindikate en maatskappye reeds belange in die gebied gehad en het heelwat handelaars hulle in Windhoek en Klein-Windhoek gevestig. Veral in Klein-Windhoek was daar 'n hele aantal kleinboere wat tuine aangelê het om die troepe van groente en vrugte te voorsien. Teen 1901 het daar reeds vier restaurante en 'n hotel in Windhoek bestaan. Teen 1915 was daar nie minder nie as dertien hotelle en restaurante. Al hierdie ondernemings het sale gehad waarin daar gereeld danse gehou en konserte aangebied is. Windhoek is in 1909 amptelik tot dorp verklaar.²⁰

8. BEVOLKINGSTOENAME

Op 1 Februarie 1891 het Windhoek se bevolking uit 47 mans bestaan en teen 1 April van dieselfde jaar was daar 279 inboorlinge. Teen 1 Januarie 1892 het die getal tot 456 aangegroei. In Januarie 1892 was daar 56 blanke mans in Windhoek en net 1 vrou! Die wit burgerlike bevolking het teen September 1893 uit 28 persone bestaan: 16 mans, 5 vroue en 7 kinders. Die verdedigingsmag het uit twee kompanies bestaan; die eerste onder luitenant Von Francois²¹ en die tweede onder luitenant Schwabe. Op 31 Januarie 1892 het majoor Leutwein²² by Von Francois oorgeneem.

Die eerste Duitse Evangeliese Lutherse gemeente is op 20 Januarie 1896 deur Pastor Heinrich Siebe in Windhoek gestig. Die inwonertal van Windhoek was to 180, hoewel die aantal gemeentelede, insluitende dié van die omgewing, op 2 430 te staan gekom het.²³ Meer en meer Afrikaanssprekendes het uit die Kaapkolonie, die Oranje-Vrystaat en die Transvaal na die snelontwikkellende nuwe Duitse kolonie begin verhuis en teen 1902 was daar reeds 357 lidmate in die gemeente Gobabis.

Teen Januarie 1903 het die totale blanke bevolking van die gebied tot 5 579 gestyg, waarvan 3 391 manlik, 1 249 vroulik en 939 soldate.²⁴ Na enkele jare van vrede was daar van 1904 tot 1907 hewige gevegte teen die Namas en die Hereros, waarin sowat 2 000 blankes die

lewe gelaat het. Teen 1913 het die blanke bevolking van die gebied op 14 830 gestaan, waarvan 1 819 soldate, 6 711 siviele mans, 3 058 vroue en 3 242 kinders.²⁵

Vervolgens enkele statistieke van die bevolkingstoename in Suidwes-Afrika en Windhoek deur die jare. Hieruit kan 'n beeld gevorm word van die yl bevolking van die gebied as geheel, en die relatief klein bevolking van Windhoek, die hoofstad, vergeleke by ander stede in Suid-Afrika. Dit het 'n spesifieke invloed op die kultuur- en musieklewe van die land tot gevolg gehad.

1936:	30 677 blankes in Suidwes-Afrika
	4 812 blankes in Windhoek
1946:	37 858 blankes in Suidwes-Afrika
	6 985 blankes in Windhoek
1951:	49 794 blankes in Suidwes-Afrika
	10 310 blankes in Windhoek
1960:	73 464 blankes in Suidwes-Afrika
	19 378 blankes in Windhoek
1970:	90 658 blankes in Suidwes-Afrika
	27 420 blankes in Windhoek

9. SENDINGWERK

Nie al die verslae van ontdekkingsreisigers en verkenners aan die weskus en in die binneland van die gebied het ongemerk by die res van die wêreld verbygegaan

nie. Teen die begin van die negentiende eeu het verskeie sendinggenootskappe hul sendelinge na die gebied begin stuur. So byvoorbeeld was daar die Albrechtbroers, wat teen die begin van die eeu by Warmbad ten noorde van die Oranjerivier werksaam was.

Op 6 Oktober 1842 het die Rynse sendeling, Heinrich Kleinschmidt, hom by *Elberfeld* gevestig en op 9 Desember 1842 het dr Hugo Hahn hom by Kleinschmidt aangesluit. Jonker Afrikaner het die sendelinge vriendelik verwelkom. Kleinschmidt en sy vrou het 'n skool vir mans, vroue en kinders begin en Jonker het 'n kerk met sitplek vir ongeveer 600 mense laat bou.

In Januarie 1848 is die eerste sendingkerk in Hereroland by Otjikango ingewy.²⁶ Wesleyaanse en Rynse sendelinge het teen 1850 die grootste gedeelte van Namaland en Damaraland bearbei, terwyl daar Herero-sendingstasies by Otjikoto, Otjimbingwe en Okahandja was. In April 1866 het Keetmanshoop 'n sendingstasie van die Rynse sendinggenootskap geword. Finse sendelinge het in 1869 in Ovamboland begin werk en in 1879 het die eerste katólieke sendelinge op Omaruru gearriveer.²⁷ Die eerste Augustineum (sendingskool) is in April 1890 op Okahandja gestig en in 1895 het Pastor Olp 'n Duitse skool op Otjimbingwe geopen.

10. STIGTING VAN ONDERWYSINRIGTINGS

Die eerste skool vir blankes is in 1876 deur die sendeling Bernsmann op Otjimbingwe geopen. Die eerste staatskool in Windhoek het in 1894 geopen maar moes weens swak bywoning in 1899 weer gesluit word.

'Nachdem von Regierungsseite ein Zuschuss zu demm gehalt der Lehrkraft in Höhe von 600 Mk. garantiert worden war, wurde die Schulfrage schnell und zufriedenstellend gelöst Den Schulvorstand gelang es, in der Person von Fräulein Helen Nitze eine geprüfte Lehrkraft für die Erteilung des Unterrichts zu gewinnen Der Schulraum befand sich zunächst im Regierungsgebäude, wurde aber nach kurzer Zeit in das Schmerenbeksche Haus, gegenüber dem Proviandamt (heutigen Rathause) verlegt. Die Schülerzahl betrug anfänglich 11 (9 Mädchen und 2 Knaben).'

(Nadat van regeringskant 'n toelae van Mk 600 vir 'n onderwyser se salaris bewillig is, is die skoolkwessie gou en bevredigend opgelos Die skoolbestuur het daarin geslaag om in die persoon van mej Helen Nitze 'n opgeleide onderwyseres vir die onderrig te kry. Die klaskamer

is eers in die regeringsgebou ingerig,
maar na 'n kort tydjie na die Schmeren-
beckhuis, oorkant die proviandkantoor
(die huidige munisipale sentrum) verskuif.
Heel aan die begin was daar 11 leerlinge
(9 dogters en 2 seuns).²⁸

Die aanvraag na skole het oral in die land ontstaan.
In 1900 is daar weer 'n Duitse regeringskool in Wind-
hoek geopen en in 1901 ook een in Swakopmund. Die
volgende jaar is regeringskole op Grootfontein en
Keetmanshoop geopen. In 1906 is algemene skoolplig
vir blankes ingevoer. In dieselfde jaar is 'n kato-
lieke skool vir seuns en dogters in Windhoek geopen.
Van 1909 het die skool voortgegaan om slegs dogters
te onderrig en het as die *Höhere Töchterschule* bekend
gestaan. Vandag heet dit *Convent of the Holy Cross*.

Op 19 Januarie 1909 is die *Kaiserliche Realschule*
(keiserlike hoërskool) met 'n leerlingtal van 12 in
Windhoek geopen. Alfred Zedlitz was die eerste direk-
teur.²⁹ In 1914 het die *Realschule* reeds 71 leerlinge
gehad. In 1922 is die gebou van die *Deutsche Ober-
realschule* (Duitse Hoërskool), soos dit toe geheet het,
in Windhoek ingewy.³⁰

Tot die Eerste Wêreldoorlog het die skole uitsluitlik
vir die onderrig van Duitse leerlinge voorsiening

gemaak. Met die aankoms van die Unietroepe in 1915 het probleme oor die onderrig van hul kinders ontstaan. Die eerste Engelsmedium Primêre skool is op 7 April 1916 in die gebou van die eertydse Duitse klub met 'n leerlingtal van 49 geopen. Die eerste hoof was mnr J G Anderson wat as lid van die Unietroepe na Suidwes gekom het. Die leerlingtal het binne 14 dae na 100 aangegroei en die gebou het heeltemal te klein geword. Die *Kaiserliche Realschule* is na 'n ander gebou verskuif en die skoolgebou kon nog dieselfde jaar betrek word.³¹ Op 5 Februarie 1917 is die eerste hoërskoolleerlinge ingeskryf en dit kan as die amptelike geboortedag van die Windhoek Hoërskool (WHS) beskou word. Vanaf 1917 is Nederlands naas Engels onderrig. Die WHS was 'n dubbelmedium-skool totdat die *Centaurus* Hoërskool vir Engelssprekende leerlinge in 1960 in gebruik geneem is.

11. OPENBARE VERMAAKLIKHEID

'n Onderneming bekend as *Etablissement Rohe* het vanaf 1 Julie 1905 gereelde *Kinematograph-Vorstellungen* geadverteer. Hierdie vertonings het vir 'n paar maande voortgegaan en het toe blykbaar doodgeloop. Na 1905 is Windhoek van tyd tot tyd deur rondreisende rolprentaanbieders besoek. Aangesien Windhoek op hierdie tydstip nie oor 'n elektriese kragtoevoer beskik het nie, moes aanbieders ook hul eie elektriese opwekkers saambring.

Op 15 en 16 Januarie 1910 het mnr Wexelsen³² Windhoek met sy *Kinematographen-Teater* besoek en twee vertonings in die saal van die *Hotel Kaiserkrone* aangebied.³³ In Januarie 1912 het die *Hotel Stadt Windhuk* permanente beheer oor die *Pinschenschaumsche Kinematograph-Teater* permanent verkry en onderneem om elke week 'n nuwe program aan te bied. Daar is selfs op 21 Januarie 1912 'n rolprent van die onthulling van die *Landes-krieger-Denkmal*³⁴ geneem en 'n week later aan die Windhoekse publiek vertoon. Origens was die militêre orkes meesal vir die vermaak verantwoordelik en het dit dan ook die leidende rol in die musieklewe van Windhoek voor die Eerste Wêreldoorlog gespeel.

VOETNOTAS : HOOFSTUK I

1. Die plek waar vandag 'n replika van die oorspronklike kruis staan, is as Kaap Kruis bekend.
2. Tans Lüderitzbaai.
3. Curt von Francois: *Deutsch-Südwestafrika*, p. 1.
4. *Ibid.*, p. 2.
5. Heese, C P: *Die verband tussen onderwys en sendingwerk in Suidwes-Afrika, 1806-1870*, p. 12.
6. *Ibid.*, p. 16.
7. Mossop, dr E E: *The Journals of Wikar, Coetzé en Van Reenen*, p. 306.
8. Ongeveer 80 km suid van Windhoek.
9. Heese, C P, *op.cit.*, p. 16.
10. *Ibid.*, p. 15.
11. Bruwer, prof dr J P van S: *Suidwes-Afrika*, p. 6.
12. Lenssen, H E: *Chronik von Deutsch-Südwestafrika*, p. 244-46.
13. Bruwer, prof dr J P van S: *op cit.*, p. 11.
14. *Ibid.*, p. 11.
15. Mossolow, dr N: *Die Windhoek van weleer*, p. 79.
16. *Ibid.*
17. Curt von Francois is op 2 Oktober 1852 in Luxemburg gebore en het sy militêre loopbaan in die Kolbergse Grenadiersregiment IX begin. In die 1870/71-oorlog is hy met die ysterhruis vereer en op negentienjarige ouderdom reeds tot luitenant bevorder. Nadat hy in 1892 deur goewerneur

Leutwein opgevolg is, het hy via Kaapstad en Oos-Afrika na Duitsland teruggekeer waar hy op 28 Desember 1931 oorlede is.

Mossolow, dr N: 'Curt von Francois und die Gründungszeit Windhoeks', *Afrikanischer Heimatkalender*: 96-102. 1965-66.

18. Algemeen bekend as *Die alte Feste*.
19. Mossolow, dr N: *Die Windhoek van weleer*, p. 79.
20. Staatsargief Windhoek.
21. 'n Broer van die majoor.
22. Generaal-majoor Theodor Leutwein is op 9 Mei 1849 in Strümpfelbronn naby Freiburg in Duitsland gebore en is op 13 April 1921 in Freiburg oorlede. Hy was elf jaar goewerneur in Suidwes-Afrika. Leutwein, dr Paul: *Afrikanerschicksal*, p. 179.
23. *Afrikanischer Heimatkalender*: 14, 1932.
24. Leutwein, Theodor: *Elf Jahre Gouverneur in Deutsch-Südwestafrika*.
25. Hoefflich, K F: *Das Deutsche Sprach- und Schulproblem in Südwestafrika*, p. 101.
26. *Afrikanischer Heimatkalender*: 4, 1932.
27. *Afrikanischer Heimatkalender*: 6, 1932.
28. Fry, dr K: 'Vom Deutschen Schulwesen in Südwest-Afrika', *Afrikanischer Heimatkalender*, 45-46, 1952.
29. Von Wallberg, dr E: 'Abriss der Schulgeschichte von 1909-1939', *Festschrift für das fünfundzwanzig-jährigen bestehens der Schule 1909-1934*, John Meinert, Windhoek: 1934.

30. Die *Kaiserliche Realschule* het na die Eerste Wêreldoorlog om voor-die-hand-liggende redes as *Deutsche Oberrealschule* bekend gestaan. Vandag heet dit *Deutsche Höhere Privatschule* (DHPS of HPS).
31. Jaarblaaie van die Windhoek Hoërskool, 1925-1970.
32. 'n Franse Kanadees van Noorweegse afkoms!
33. *Windhuker Nachrichten*: 16 Jan 1910.
34. 'n Oorlogsgedenkteken opgerig ter nagedagtenis van die gesneuweldes in die oorlog van 1904/07.

HOOFSTUK II

DIE MILITÊRE ORKES VAN DIE VERDEDIGINGSMAG

1. ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS

Hoewel goewerneur Leutwein eers in 1901 'n militêre orkes aangevra het, is daar reeds so vroeg as 1899 in die koerant van konserte melding gemaak, waarby musiek-items deur die militêre orkes ingesluit is.¹ Tot en met sy finale ontbinding in 1914 het dié orkes 'n leiderde rol in die Windhoekse musieklewe gespeel en die aanvraag na sy dienste was soms sô groot, dat die orkes verdeel moes word sodat by meer as een lokaal gelyktydig opgetree kon word. Die wending van die eeu was in Windhoek, net soos in die res van die wêreld, 'n feestelike tyd. Op Tweede Kersdag 1899 en Nuwejaarsdag 1900 moes die orkes verdeel word, sodat dansmusiek by die *Höpfner-Lokal* en die *John Ludwig-saal* gespeel kon word.² Op 15 Oktober 1910 het daar 'n *Grosses Militärkonzert und Tanz* (groot militêre konsert en dans) in die *Hotel Rheinischer Hof* plaasgevind en terselfdertyd het 'n gedeelte van die orkes *Unterhaltungsmusik* (vermaaklikheidsmusiek) in die *Hotel Viktoria* gespeel.³

Die verdedigingsmag se eerste funksie was die beskerming van die kolonie en daarom was daar deur die jare kort-kort gerugte dat die orkes ontbind is, of ontbind sou word; elke keer tot groot ontsteltenis van die bevol-

king.⁴ Die orkes het egter telkens 'aan die dood ont-
kom' en sy musikale aktiwiteite met ywer voortgesit.
Dit is nie bekend uit hoeveel lede die militêre orkes
bestaan het nie. Die enigste keer wat getalle ter
sprake gekom het, was tydens 'n strykkonsert onder
leiding van Weiland.⁵

2. PLIGTE EN AKTIWITEITE

Die belangrikste plig van die militêre orkes was sy
optrede tydens parades en ander militêre seremonies
van die verdedigingsmag. Daarna het die orkes sy
dienste vryelik aan die gemeenskap beskikbaar gestel,
hetsy by godsdienstige geleenthede en liefdadigheids-
konserte, of tydens die menigte militêre konserte⁶ in
die vermaaklikheidsplekke⁷ wat gedurende die vroeë
ontwikkelingsjare van Windhoek opgeskiet het. Laas-
genoemde konserte is gewoonlik deur 'n dansparty ge-
volg wat tot in die vroeë oggendure geduur het, en soms
die volgende oggend met 'n *Frühsschoppen*⁸ voortgesit
is. Die militêre orkes het nie slegs sy dienste aan
die Windhoekse gemeenskap beskikbaar gestel nie, maar
ook die ander dorpe in die gebied besoek.⁹

Dit kom voor asof Windhoek in sy beginjare van lewens-
vreugde oorgeborrel het, ten spyte van 'n harde kli-
maat, ondanks 'n tekort aan baie van die noodsaaklike
lewensmiddele waaraan die immigrante uit Europa en

*Britisch-Südafrika*¹⁰ gewoond was, en les bes in weerwil van die inboorling-oorloë van die jare 1903 tot 1907. Aan vermaak was daar nie 'n tekort nie en wanneer daar nie genoeg volksfeeste¹¹ was nie, is daar die geleentheid vir 'n fees geskep en so 'n fees het gewoonlik die vorm van 'n musiekkonsert en dans aangeneem. 'n Goeie voorbeeld hiervan was die jaarlikse opening van die *Landesrat* (volksraad). By geleentheid is selfs die keiserin¹² en die prins-regent¹³ se verjaardae met tuinkonserte herdenk.

3. ORKESLEIERS

Die eerste leier van die militêre orkes was Jule Weiland. Hy het die pos waarskynlik tot einde 1905 bekleed, want op 11 Maart 1906 het daar 'n strykkonsert onder leiding van mnr *Kirchstein* in die *Hotel Stadt Windhuk* plaasgevind. Die orkes is kort hierna ontbind¹⁴ en het eers in 1908, na die aanstelling van Suhle, weer begin funksioneer. Tydens Weiland se ampstermyn is daar melding van twee optredes onder leiding van ene mnr Thomé gemaak, naamlik op 7 Januarie 1900 in die *Utz-Lokal*¹⁵ en tydens 'n funksie van die *Kriegerverein* in die *Höpfner-Lokal* op 20 Mei 1900 met items deur strykers van die orkes.¹⁶ Dit is nie bekend waarom Thomé hierdie twee konserte gelei het nie.

Heinrich Suhle het tydens sy dienstydperk as onder-

offisier in die Outjo-kompanie 'n blaasorkes begin en moes, weens 'n tekort aan instrumente en geld, met selfvervaardigde instrumente van bamboes klaarkom. Na 'n jaar van veel gesukkel en oneindig baie geduld en deursettingsvermoë van mnr Suhle, kon die orkes 'n eenvoudige mars speel.¹⁷ Sy moeite was egter nie tevergeefs nie. Hy is tot staf-trompetter by die kommandeur bevorder en in 1908 tot musiekleier van die militêre orkes in Windhoek, 'n pos wat hy tot einde 1912 bekleed het. Die orkes is tydens sy dienstermyn twee keer ontbind: die eerste keer van 9 Junie tot 2 Oktober 1909, en die tweede keer van 1 Junie tot 7 Augustus 1910. Die laaste konsert van die militêre orkes onder leiding van Suhle het op 18 November 1912 in die *Hotel Stadt Windhuk* plaasgevind. Terselfdertyd is aangekondig dat die orkes ontbind gaan word, en dat Suhle vanaf 1 April 1913 as kapelmeester by Tempelhof in Duitsland aangestel is.¹⁸ Daar het wel 'n berig in die *Südwestbote* verskyn dat hy die leiding van 'n nuwe militêre orkes in Windhoek sou oorneem, maar hiervan het blykbaar niks tereg gekom nie.¹⁹

Volgens koerantberigte²⁰ het die paar oorblywende musikante onder die soldate vir musiek gesorg, totdat 'n nuwe orkes onder leiding van ene mnr Kind in Desember 1913 saamgestel is.²¹ Dié groepie spelers het tot Julie 1914 gereeld konserte gehou en is uiteindelik uitmekaar na hul laaste konsert op 17 Julie 1914. Teen

hierdie tyd het gerugte van oorlog oral die rondte gedoen en het Duitsland vir 'n geruime tyd reeds sy troepe begin mobiliseer. Op 2 Augustus 1914 is oorlog verklaar.

4. BETROKKENHEID VAN DIE PERS

Die militêre orkes se gewildheid is telkens in koerantberigte weerspieël en ofskoon die beriggewing oor die kunste tussen die jare 1898 en 1918 nie altyd so volledig as in vandag se koerante was nie, lei 'n mens tog af dat die orkes 'n baie belangrike deel van die daaglikse leefwyse in Windhoek gevorm het.

Daar is altyd met die grootste waardering oor die orkes geskryf, soos byvoorbeeld na sy optrede op 'n musiek-aand van die *Schützenverein*²² op 10 Junie 1899.

' welcher übrigens die grösste Anerkennung für ihre treffliche Schulung gebührt.'

(..... wat origens die grootste waardering vir hul voortreflike onderrig verdien.)²³

Na die eerste van 'n reeks strykkonserte onder leiding van Weiland op Sondagmiddag 9 Junie 1901, is hoë waardering vir die strykmusiek uitgespreek en is mnr Kirschstein se voortreflike vioolspel geprys. Die hoop is

uitgespreek dat dié soort konserte meer gereeld aan-
gebied sou word en dat die publiek dit beter sou by-
woon.²⁴ Na die tweede strykkonsert op Sondagmiddag
1 September 1901, is daar weer eens lof en waardering
in koerantberigte uitgespreek. Die konsert is blyk-
baar goed bygewoon.²⁵ Die orkes se optrede tydens
die vieringe ter ere van die keiser se verjaardag op
27 Januarie 1905, het die volgende lof in die pers
ontlok:

'Die Musiker spielte ganz vorzüglich und
erntete wohlverdiente Beifall.'

(Die musikante het uitstekend gespeel en
welverdiende applous uitgelok.)²⁶

Gedurende die moeilike jare van die orkes se bestaan
was die pers dan ook gou byderhand om teleurstelling
uit te spreek oor stappe wat die orkes se bestaan kon
bedreig. 'n Goeie voorbeeld is die slotparagraaf uit
'n resensie van 1907. Die konsert ter sprake is ten
bate van die kerkboufonds deur lede van die burgerlike
bevolking aangebied.

'Alles in allem bot das Konzert eine er-
frischende Oase in der seit Auflösung der
Militärkapelle in Windhoek eingetretenen
musikalischen Oede ... '

(In sy geheel was die konsert 'n verfrissende oase in die musikale woestyn wat sedert die ontbinding van die militêre orkes in Windhoek ontstaan het ...) ²⁷

In die *Windhuker Nachrichten* van 9 Junie 1909 het 'n berig verskyn dat die musiekkorps van die verdedigingsmag ontbind gaan word en dat die manskappe na hul onderskeie kompanies sou terugkeer. Spyt is oor die stap uitgespreek, aangesien die korps nie net in Windhoek nie, maar ook in die res van die land baie vreugde met hul musiek gebring het. ²⁸ Volgens 'n berig van dieselfde koerant op 22 Januarie 1910, was daar sprake dat die orkes ontbind sou word. Dié feit is grootliks betreur en die hoop is uitgespreek dat daar tóg 'n plan beraam sou word om die orkes se voortbestaan te verseker.

In die aankondiging van 'n konsert deur die militêre orkes ten behoeve van die kerkboufonds, ²⁹ is die ontbinding van die orkes weereens betreur. Na die uiteindelijke ontbinding van die orkes is die feit met gelatenheid aanvaar:

' 'n nodige, maar betreurenswaardige stap.' ³⁰

Die werksaamhede van die orkes is nooit as vanselfspre-

kend aanvaar nie, maar steeds met waardering bejeen. In 1912, na die uiters besige naweek van die onthulling van die oorlogsgedenkteken en die gelyktydige vieringe ter ere van die keiser se verjaardag,³¹ het die volgende berig verskyn:

'Es sei bei dieser Gelegenheit auf die erstaunlichen Leistungen anerkennend hingewiesen, die die Schutztruppenkapelle in diesen Festtagen zu bewältigen vermöchte. Freitagabend Tafelmusik bei der Bürgerschaftsfeier, dann Zapfenstreich, dann wieder Tafelmusik, Sonnabend Vormittag Paradenmusik, dann Frühschoppenkonzert im Kriegervereinslokal, Nachmittags Konzert im Truppengarten, abends bis in den frühen Sonntagmorgen Ballmusik beim Kriegervereinsball, Sonntagsnachmittags Marschmusik beim Ausmarsch der IV Kompagnie nach dem Hotel Brüss haver, dort bis Montag früh Ballmusik -- das ist in der Tat eine Leistung, die sich sehen lassen kann! ,³²

(By hierdie geleentheid moet daar op die verbasende prestasies van die militêre orkes tydens hierdie feesdae gewys word. Vrydagaand tafelmusiek tydens die burgerfees, daarna die vlagstryking, dan weer tafelmusiek. Saterdagoggend parademusiek,

dan *Frühschoppen*-musiek in die *Kriegerverein* se lokaal. Gedurende die namiddag 'n konsert in die troepetuin, Saterdagavond tot vroeg Sondagoggend dansmusiek by die bal van die *Kriegerverein*. Sondagmiddag marsmusiek vir die opmars van die vierde Kompanie tot by die *Hotel Brüsshaber*; dansmusiek by die hotel tot vroeg Maandagoggend. Dit is inderdaad 'n uitmuntende prestasie!)

Nog 'n bewys van die groot waardering vir die werk van die militêre orkes is die positiewe trant van koerant-resensies. Nadat mnr Kind die orkes -- of dit wat daarvan oorgebly het na Suhle se verplasing -- in 1913 oorgeneem het, was die standaard seker nie al te goed nie, maar die resensent het op die goeie spel gewys, ten spyte van die 'mangelhafte' (gebrekkige) musiekopleiding van party orkeslede. Die 'briljante' fluitsolo van mnr Städler is uitgesonder en die hoop is uitgespreek dat die publiek deur goeie bywoning die orkes tot groot hoogtes sou aanspoor.³³

5. VERMAAKLIKHEIDSMUSIEK

Die belangrikste bydrae van die militêre orkes was die talle militêre konserte, stryk- en blaaskonserte wat deur die jare by die verskillende vermaaklikheidsplekke in

Windhoek aangebied is. Daar is ook van tyd tot tyd, veral in die somermaande, konserte in die park³⁴ gehou, asook sogenaamde tuin- of terraskonserte in hotelle se biertuine. Onder Weiland en Suhle se leiding het die militêre orkes van tyd tot tyd subskripsiekonserte teen 'n verminderde tarief aangebied.³⁵

Uit destydse koerantadvertensies blyk dat die militêre konserte in verskillende kategorieë ingedeel kon word:

1. *Streichkonzert und Tanz* - hoofsaaklik strykers uit die militêre orkes - toegang gewoonlik gratis.
2. *Militärkonzert* - hoofsaaklik blaasinstrumente - toegang Mk 1,00 tot Mk 1,50.³⁶
Soms word in die advertensies vermeld dat 'n dans na die konsert sal volg.
3. *Militärkonzert und Ball* - gewoonlik 'n groter orkes wat opgetree het. Die feit dat 'n 'bal' in plaas van 'n 'dans' geadverteer is, dui op 'n deftiger geleentheid - soos ook blyk uit die hoër toegangsprys, gewoonlik Mk 2,00.
4. *Grosses Militärkonzert* of *Grosses Militär-Streichkonzert* het op die volle orkes gedui. Toegangspryse was gewoonlik Mk 2,00 tot Mk 3,00. Dié konserte is ook met 'n dans afgesluit.

Die titel *Militärkonzert* of *Streichkonzert* het nie net op die instrumentale besetting van die orkes beurekking gehad nie, maar ook op die tipe musiek wat gespeel is: fanfares, marse en musiek van opgewekter aard in eersgenoemde geval, terwyl walse en meer sentimentele treffers van die tyd by laasgenoemde tipe program ingesluit is. Die militêre orkes se doel was om vermaaklikheid te verskaf aan 'n gemeenskap wat tot min vermaak toegang gehad het. Voor 1906 is daar op musikale gebied weinig deur die burgerlike deel van die bevolking tot stand gebring. Die programme het dus uit die aard van die saak, benewens ligte musiek soos marse, walse, ander populêre danse en treffers uit dié tydperk, ook heelwat operette-musiek ingesluit. Daar het min detail oor die inhoud van die programme in die koerante verskyn. 'n Goeie voorbeeld van 'n tipiese program is die advertensie van 'n *Grosses Militär-Streichkonzert* in die *Windhuker Nachrichten* van 9 Oktober 1910.³⁷

6. DEELNAME AAN GODSDIENSTIGE GELEENTHEDE, LIEFDADIGHEIDSKONSERTE EN DIE VERENIGINGSLEWE

Gedurende die eerste dekade van die eeu was daar min musiektalent onder die lede van die klein Windhoekse gemeenskap te vinde. Wanneer die geleentheid dit genoodsaak het, moes elke beskikbare musikant ingespan word. Die militêre orkes het sy dienste vryelik beskikbaar gestel vir godsdienstige byeenkomste en liefdadigheidskonserterte van die Duitse Evangeliese Kerk of die Rooms-

Katolieke Kerk. Op 12 April 1902, tydens 'n volksfees van die Evangeliese Kerk waarby fondse vir 'n kindergarten ingesamel is, was die militêre orkes vir die musiek verantwoordelik. So ook het die militêre orkes op 22 April 1910 ten behoeve van die kerkboufonds van die Evangeliese Kerk 'n militêre konsert in die *Hotel Stadt Windhuk* aangebied. Met die inwyding van die *Christuskirche* (kerk van die Evangeliese gemeente), het die optrede van die militêre orkes 'n belangrike deel van die verrigtinge gevorm.³⁸ Benewens die kerke het ook verenigings soos die *Männergesangsverein* (mannekoor), die *Turnverein*, *Schützenverein* en die *Kriegerverein* dikwels van die militêre orkes se dienste gebruik gemaak.

Tydens sy ampstermyn as leraar van die Evangeliese Kerk in Windhoek vanaf 1900 tot 1906, het Pastor Anz en sy vrou baie vir die bevordering van musiek gedoen.³⁹ Die Pastor het byvoorbeeld die soldate tweeweekliks op Sondag-aande vermaak met sogenaamde soldate-aande. Dié aande was nie slegs by die soldate nie, maar ook by die publiek baie gewild. Soms, soos op die aand van 28 Mei 1905, is so 'n geleentheid deur byna 700 mense bygewoon. Die program op die betrokke aand was as volg saamgestel:

1. Mars deur die militêre orkes.
2. Solosang: *Ich hab mich ergeben* - komponis onbekend.
3. Largo uit die opera *Xerxes* - Händel (1685-1759) - tjellosolo met harmoniumgebeleiding.

4. Gedeelte uit *Cavalleria Rusticana* - Mascagni (1863-1945) - strykkwartet met harmoniumbegeleiding.
5. Soldatekoor: *Nach der Heimat möcht ich wieder.*
6. Sangsolo: *Herr, bleib bei mir.*
7. Samesang met blaasorkesbegeleiding: *Ich hatt' ein Kameraden.*⁴⁰
(Laasgenoemde drie items : komponiste onbekend).

Te oordeel aan bostaande programsamestelling was die musiekeuse redelik populêr, met sowel 'n gewyde as 'n patriotiese inslag. Daar is geen melding van die deelnemers se name nie, maar daar kan met redelike sekerheid aanvaar word dat die musiek deur soldate verskaf is.

Die Katolieke Vrouevereniging was redelik aktief en het heelwat liefdadigheidskonserte aangebied waarby die militêre orkes gewoonlik betrek is.⁴¹ Daar word ook melding gemaak van 'n Katolieke Mannevereniging, *Constantia*,⁴² wat op 21 April 1912, ter viering van hul eerste verjaardag, 'n verskeidenheidskonsert met behulp van die militêre orkes aangebied het.⁴³

Deur die jare van sy bestaan het die militêre orkes van tyd tot tyd aan die musiekaande van die *Schützenverein* en die *Kriegerverein* deelgeneem.⁴⁴ Op 2 April 1909 het mnr Suhle se strykkwartet aan 'n konsert ten behoewe van die *Turnhalle*-boufonds⁴⁵ deelgeneem en die militêre orkes het

tydens die inwyding van bogenoemde saal 'n groot bydrae tot die verrigtinge gelewer.⁴⁶ Die *Männergesangsverein* het by drie geleenthede van die orkes se hulp gebruik gemaak.⁴⁷

7. DIE KEISER SE VERJAARDAG

Keiser Wilhelm II (1859 tot 1941) se verjaardag was 'n belangrike gebeurtenis vir die koloniste in Suidwes-Afrika en meer bepaald vir die Duitse gemeenskap. Dié gebeurtenis is elke jaar met groot toewyding op of na aan 27 Januarie gevier. 'n Duitse volksfees sonder musiek, en veral sonder blaasorkesmusiek, is ondenkbaar. Daarom het die militêre orkes gewoonlik 'n belangrike rol in die verrigtinge vervul. Die eerste berigte oor feesvieringe ter ere van die keiser se verjaardag het in die *Windhoek Anzeiger* van 2 Februarie 1899 verskyn.

Die feestelikhede het op 27 Januarie 1899 in die vesting begin met die vroeë *Morgenmusik* (oggendmusiek), en is daarna, om 06h00, met die saluut gevolg. Gedurende die dag was daar 'n feesdiens onder die bome langs die kerk, gevolg deur 'n parade by die vesting, en in die namiddag 'n feesmaal in die troepetuin. In die aand het die soldate 'n konsert aangebied waarheen die inwoners van Windhoek en die omgewing uitgenooi is.

Die konsert is met 'n feesmars geopen maar ongelukkig is

geen gegewens oor die instrumente of musikante in die pers verstrekk nie. In alle waarskynlikheid was dit die blaas-orkes van die koloniale troepe onder leiding van Jule Weiland. Na die feesmars is 'n voorrede gelewer oor die keiser en daarna het 'n toneelstuk in drie bedrywe gevolg. Dit is deur een van die soldate, ene mnr Hilzebecher, geskryf en geregisseer. Die tweede helfte van die program het uit verse, 'n matroosdans en vioolsoles bestaan. Soos meesal die geval destyds, was berigging oor konserte bra gebrekkig en is daar bitter min of niks oor die deelnemers en die musiek vermeld. Die feesvieringe is met 'n vuurwerkvertoning afgesluit.⁴⁸

Op 27 Januarie 1900 het die koloniale troepe ter viering van die keiser se verjaardag 'n konsert in die *John Ludwig*-saal aangebied. Na 'n paar musiekstukke deur die militêre orkes is daar weereens 'n toneelstuk uit die pen van Hilzebecher opgevoer. Die tweede helfte van die program

'brachte ein bunter Aufeinanderfolgende
Solovorträge verschiedener Art'

(het 'n bonte verskeidenheid van solo's gebied).⁴⁹

Die aand is met 'n vuurwerkvertoning en dans afgesluit.

In 1901 het die vieringe ter ere van die keiser se

verjaardag dieselfde patroon as in die vorige jare gevolg. Na die gebruiklike *Morgenmusik*, saluut, parade en kerkdiens, is daar op die aand van 26 Januarie 1901 'n verskeidenheidskonsert in die destyds pas-geopende *Hotel Stadt Windhuk* aangebied. Die militêre orkes, onder leiding van Weiland, het die konsert met die *Preussenmarsch* (komponis onbekend) geopen en die res van die program het uit tablo's, solo's en voordragte bestaan. Die aand is met die gebruiklike dansparty afgesluit.⁵⁰

Gedurende die volgende aantal jare is die keiser se verjaardag op die gebruiklike wyse gevier. In 1905 het die feestelikhede weereens in die *Hotel Stadt Windhuk* plaasgevind. Die militêre orkes, onder leiding van Weiland, het vir die musiek gesorg. In plaas van die gewone verskeidenheidskonsert het die feesgangers vaderlandsliedere soos *Deutschland, Deutschland über alles, Frei und unerschütterlich wachsen unsere Eichen* en *Zwischen Frankreich und der Böhmerwald*, met orkesbegeleiding saamgesing.⁵¹

In 1907 het die feestelikhede die gebruiklike patroon gevolg. In 1908 is daar geen melding van die militêre orkes se aandeel nie, waarskynlik as gevolg van die feit dat Suhle kort tevore die leiding van die orkes oorgeneem het nadat die groep vir die laaste helfte van die vorige jaar onaktief was. Die Katolieke Vrouevereniging het wel 'n musiekkonsert ter viering van die keiser se verjaardag aangebied.⁵²

In 1909, die vyf-en-twintigste jubileum van die Duitse besetting van die kolonie, het Suhle 'n mannekoor in die lewe geroep. Op 27 Januarie 1909, by geleentheid van 'n verjaardagkonsert ter ere van die keiser, het die militêre orkes opgetree. Daarbenewens het die mannekoor drie liedere voor 'n baie waardeerende gehoor gesing.⁵³

Namate die Windhoekse bevolking toegeneem het, het die feestelikhede ter herdenking van die keiserlike verjaardag ook jaarliks groter afmetinge aangeneem. 1910 was weereens 'n jubileumjaar, die vyf-en-twintigste herdenking van die aankoms van die eerste koloniale troepe. Daar is benewens die tradisionele parade en kerkdiens, verskeie konserte in die dorp aangebied. Reeds op 13 Januarie is daar 'n verskeidenheidskonsert in die Katolieke saal deur die Katolieke Vrouevereniging gehou. Die militêre orkes het ook hieraan deelgeneem.⁵⁴ Op 27 Januarie 1910 het die militêre orkes verskeidenheidskonserte in die *Hotel Stadt Windhuk* en die *Hotel zum grünen Kranze* aangebied.

Op die aand van 27 Januarie 1911, na afloop van die parade en kerkdiens in die nuwe *Christuskirche*, het die militêre orkes en mannekoor 'n gesamentlike konsert in die *Hotel Stadt Windhuk* gelewer. Die program moes tot in die laat nagtelike ure geduur het, want behalwe musiekitems deur koor en orkes, is daar ook twee eenbedrywe opgevoer.

Op Vrydag 27 Januarie 1912 is die 'Landeskrieger-Denkmal',

'n gedenkteken ter nagedagtenis van die gesneuweldes in die 1903-07 inboorlingoorloë ingewy. Terselfdertyd is die keiser se verjaardag herdenk. Dit was 'n naweek van groot feestelikhede. Na die godsdiens en onthulling van die gedenkteken om 08h30, was daar 'n parade van die koloniale troepe met musiek deur die militêre orkes. Op die middag van 27 Januarie is daar van 15h30 tot 20h00 'n tuinfees in die park gehou en hiervoor moes die militêre orkes deurentyd agtergrondmusiek verskaf. Daarna het daar 'n konsert en vuurwerkvertoning gevolg. Feestelikhede is op dieselfde aand en gedurende die res van die naweek in verskillende lokale voortgesit. Volgens *Der Südwestbote* van 31 Januarie 1912 het die militêre orkes 'n uiters bedrywige feestyd deurgebring.

Op 3 Februarie 1912 is die keiser se verjaardag in die *Hotel Stadt Windhuk* herdenk. Die militêre orkes het vir die musiek gesorg en in die tweede helfte van die program is 'n toneelstuk opgevoer. Volgens Duitse tradisie is die aand met 'n dans afgesluit.⁵⁵

Aangesien die militêre orkes aan die einde van 1912 ontbind is, kon die feestelikhede in 1913 nie so luisterryk van aard wees as dié van die vorige jaar nie. Op 27 Januarie 1913 was daar die gebruiklike kerkdiens en parade met 'n feesete die aand in die *Hotel Stadt Windhuk*. Op 1 Februarie 1913 het die koloniale troepe 'n verskeidenheidskonsert en dans aangebied. Die program het uit

solo's, verse en humoristiese voordragte bestaan. Die musiek is deur 'n orkes verskaf, saamgestel uit 'n paar oorblywende musikante onder die soldate.⁵⁶

In 1914, as gevolg van die dreigende Eerste Wêreldoorlog, was die militêre orkes minder aktief en is die keiser se verjaardag op kleiner skaal gevier.⁵⁷ In 1915 is die orkes, wat destyds onder leiding van mnr Kind gestaan het, formeel ontbind. Enkele musikante het nogtans 'n klein militêre orkessie byeengebring en 'n paar items gelewer op 'n konsert wat in die *Hotel zur Kaiserkrone* aangebied is. Die gaskunstenaar van die aand was ene mnr James Bauer.⁵⁸ Dit was die laaste berig oor verjaardagvieringe ter ere van Keiser Wilhelm II. Na sy abdikasie op 9 November 1918, die ineenstorting van die Duitse Keiser-ryk en die oorname van Suidwes-Afrika deur die Suid-Afrikaanse regering, is die era van Duits-georiënteerde prag en praal finaal beëindig.

VOETNOTAS : HOOFSTUK II

1. *Windhoeker Anzeiger*: 19 Jan & 2 Feb 1899.
Die berigte gaan oor die feesvieringe tydens die keiser se verjaardag.
Windhoeker Anzeiger: 30 Mrt 1899. 'n Advertensie dat die nuwe danssaal van John Ludwig se restaurant in Klein-Windhoek ingewy word en tydens die pouse 'n *Streich- und Blas-Conzert* (stryk- en blaasmusiekkonsert) deur die militêre orkes aangebied word.
2. *Windhoeker Anzeiger*: 21 Des 1899.
3. *Windhuker Nachrichten*: 15 Okt 1910.
4. Sien p. 29 van hierdie verhandeling.
5. *Windhoeker Anzeiger*: 29 Aug 1901. In 'n advertensie word daar van 'n orkes van agtien lede melding gemaak.
6. Tydens die sowat vyftien jaar van die militêre orkes se bestaan is daar meer as 'n honderd soortgelyke konserte aangebied.
7. Sien p. 243 van hierdie verhandeling.
8. Bierdrinkery en musiek vroeg die volgende oggend sodat daar, volgens Duitse tradisie, van die vorige aand se 'babelaas' ontslae geraak kan word.
9. *Windhuker Nachrichten*: 13 Mrt 1903. 'n Berig dat die orkes in Swakopmund tydens die inwyding van die *Mole* (breekwater) opgetree het.
10. Soos Suid-Afrika destyds bekend gestaan het.

11. Die jaarlikse *Winzerfest*, die karnaval in Mei, die *Oktoberfest* en die *Schlachtfest* vorm 'n belangrike deel van die Duitse leefwyse. Hierdie uitbundige feeste gaan gewoonlik met blaasorkesmusiek, humoristiese voordragte en baie bier gepaard.
12. Op 22 Okt 1911 in die *Hotel Stadt Windhuk*.
13. Leopold van Beiere se een-en-negentigste verjaardag op 12 Maart 1912 in die *Hotel Kronprinz*.
14. *Windhuker Nachrichten*: 14 Mrt 1907. Waarskynlik as gevolg van die inboorlingoorloë.
15. *Windhoekster Anzeiger*: 4 Jan 1900.
16. *Windhoekster Anzeiger*: 23 Mei 1900.
17. Lenssen: *Chronik von...*, p. 116.
18. *Der Südwestbote*: 17 Nov 1912.
19. *Der Südwestbote*: 13 Des 1912.
20. *Der Südwestbote*: 1 Feb 1913; 7 Sep 1913; 5 & 25 Okt 1913.
21. *Der Südwestbote*: 31 Des 1913.
22. Sien p. 183 van hierdie verhandeling.
23. *Windhoekster Anzeiger*: 6 Jul 1899.
24. *Windhoekster Anzeiger*: 20 Jun 1901. Hoewel geen kopie van die program opgespoor kon word nie, lei 'n mens uit die resensie af dat musiek van 'n ernstige aard gespeel is.
25. *Windhoekster Anzeiger*: 12 Sep 1901.
26. *Windhuker Nachrichten*: 1 Feb 1905.
27. *Windhuker Nachrichten*: 14 Mrt 1907.
28. Sien p. 42 van hierdie verhandeling.

29. *Windhuker Nachrichten*: 20 Apr 1910.
30. *Windhuker Nachrichten*: 18 Jun 1910.
31. Sien p. 36 van hierdie verhandeling.
32. *Der Südwestbote*: 31 Jan 1912.
33. *Der Südwestbote*: 31 Des 1913.
34. *Windhuker Nachrichten*: 19 Nov 1910. Parkkonserte elke Donderdagaand vanaf 24 Nov 1910.
35. *Windhoekse Anzeiger*: 14 Feb 1900. Weeklikse subskripsiekonserte op Woensdagaande tydens Februarie.
Windhoekse Anzeiger: 28 Feb 1901. Subskripsiekonserte op Woensdagaande tydens Maart.
Windhuker Nachrichten: 13 Jun 1908. Subskripsiekonserte een keer per maand van Januarie tot Junie.
36. 1 Mark = ongeveer 40c teen die huidige wisselkoers.
37. Sien p. 329 van hierdie verhandeling.
38. Sien p. 54 van hierdie verhandeling.
39. Sien p. 189 van hierdie verhandeling.
40. *Deutsch-Südwestafrikanische Zeitung*: 28 Mei 1905.
41. *Windhuker Nachrichten*: 2 Des 1909; 8 Des 1910; 2 Des 1911. Sien p. 184 van hierdie verhandeling.
42. Een van die vroeëre name van Windhoek.
43. *Windhuker Nachrichten*: 21 Apr 1912.
44. *Windhuker Nachrichten*: 6 Jul 1899; 7 Des 1899; 8 Jun 1912; 1 Sep 1912. Sien p. 183 van hierdie verhandeling.
45. Die *Turnhalle* (gimnastieksaal) word tans as konferensiesaal vir die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika/Namibië gebruik.

46. 11 tot 13 Des 1909.
47. 5 en 6 Nov 1910; 20 Nov 1911; 16 Nov 1912.
Sien p. 162 van hierdie verhandeling.
48. *Windhoek Anzeiger*: 19 Jan & 2 Feb 1899.
49. *Windhoek Anzeiger*: 31 Jan 1900.
50. *Windhoek Anzeiger*: 31 Jan 1901.
51. As gevolg van die inboorlingoorloë was daar waarskynlik nie tyd vir die soldate om 'n verskeidenheidskonsert voor te berei nie.
52. Sien p. 186 van hierdie verhandeling.
53. *Windhuker Nachrichten*: 30 Jan 1909.
54. Sien p. 188 van hierdie verhandeling.
55. *Der Südwestbote*: 7 Feb 1912.
56. *Der Südwestbote*: 5 Feb 1913.
57. Volgens *Der Südwestbote* van 30 Jan 1914 'doen die musikante hul bes'.
58. James Bauer was die leier van die *Kabarett-Bauer* wat Windhoek in Julie 1914 besoek het en daarna die land deurreis het. Die uitbreek van Wêreldoorlog I het hom waarskynlik genoodsaak om in Suidwes te bly. Erich Nachod (sien p. 112) was ook deel van laasgenoemde groep.

HOOFSTUK III

MUSIEK IN DIE KERK

Kerkmusiek in Windhoek het deur die jare om die *Christus-kirche* gesentreer en feitlik alle uitvoerings van gewyde musiek het hier plaasgevind. Vanweë die goeie akoestiek en ook weens die feit dat dit vir baie jare die enigste kerk was wat oor 'n pyporrel beskik het, is die kerk vir uitvoerings begunstig.

Die volgende kerk wat 'n pyporrel aangekoop het, was die Nederduitse Gereformeerde Moederkerk in 1963.¹

Die Rooms-Katolieke Katedraal is ook van tyd tot tyd vir konserte gebruik. Die afwesigheid van 'n pyporrel in die gebou het dié geleenthede noodwendig tot 'n minimum beperk. Feitlik slegs musiekbyeenkomste van die Katolieke Vroue-vereniging is in die gebou gehou. Die vereniging was van 1906 tot 1914 redelik aktief en het dikwels liefdadigheids-konserte gereël waarby die militêre orkes en ander musici in Windhoek betrek is.² Die oorlog het egter die eenheid van die katolieke bevolking versteur en na 1918 kon dit nie weer herstel word nie. Die kerkkoor van die Roomse Kerk het tydens die mis opgetree maar van noemenswaardige optredes buite kerkverband was daar nie sprake nie.

1. CHRISTUSKIRCHE

Pastor Heinrich Siebe het op 20 Januarie 1896 die eerste Duitse Evangeliese Lutherse Gemeente in Windhoek gestig.³ Die dienste is aanvanklik in die tuin voor die pastorie gehou.⁴ Vier kiste waaroor die Duitse vlag gedrapeer is, het as altaar gedien, terwyl die preekstoel in die skadu van 'n piesangboom gestaan het. Die sitplekke het uit meeldromme bestaan. Vir die dames, regeringsamptenare en offisiere was daar stoele beskikbaar. Die pastorie, wat destyds Mk 20 000 (tans ongeveer R8 000) gekos het, is op 3 Oktober 1896 voltooi, en het 'n kerksaal ('Betsaal') ingesluit waarin die kerkdienste voortaan gehou sou word. Die kerksaal is tydens die Hervormingsfees op 1 November 1896 ingewy. Die saal is met banke toegerus en daar was ook 'n harmonium wat deur een van die Duitse soldate bespeel is.⁵

Saam met die bevolkingsaanwas het ook die behoefte aan 'n kerkgebou gegroei, maar die planne moes keer op keer weens 'n gebrek aan finansies laat vaar word. In 1904 is die hoof-argitek van die keiserlike goewerment, Gotlob Redecker, gevra om in sy vrye tyd bouplanne vir 'n kerkgebou op te stel. Die Nama- en Herero-oorloë van 1904 tot 1907 het egter die planne verydel, sodat daar eers weer in 1907 aan verdere beplanning en geldinsameling gedink kon word.

Die eerste basaar ten bate van die kerkboufonds het die

'enorme' bedrag van Mk 10 000 (tans ongeveer R4 000) byeen-gebring. Ander insamelings het spoedig hierop gevolg, onder andere skenkings van die *Verein für das deutsch-evangelisches Leben in den Schutzgebieten und im Auslande* en die *Gustav-Adolf-Verein*. Teen die middel van 1907 was daar reeds 'n bedrag van Mk 250 000 (ongeveer R100 000) byeen. Ofskoon die kerkowerhede destyds nie besef het dat die kerk later bykans tweemaal laasgenoemde bedrag sou kos nie, is die hoeksteen op 11 Augustus 1907 gelê. Die kerk sou as vredesgedenkteken opgerig word uit dankbaarheid dat die Nama- en Herero-oorloë verby was. Die kerkgebou sou 'Christuskirche' (Kerk van Christus) heet, soos die susterkerke van die Duitse Evangeliese Lutherse Kerk in Dar-es-salaam en Tsingtao.⁶

Die *Christuskirche* is onder moeilike omstandighede gebou. By herhaalde geleenthede het materiaal uit Duitsland, byvoorbeeld die gebrandskilderde vensters, Windhoek in 'n beskadigde toestand bereik. In weerwil van vertragings, teleurstellings en soms dreigende geldnood is die kerk uiteindelik na drie jaar voltooi. Die kerkgebou is op 16 Oktober 1910 te midde van groot feestelikhede ingewy.

Die kerkgebou, in Modern-Romaanse styl, is van sandsteen uit die omgewing van Windhoek gebou. Die hoofskip is met 'n kloostergewelf oordek en die orrelruimte en syskepe in kruisgewelf, terwyl die altaarruimte in ster-gewelf daarby aansluit. Die portaal is van wit marmer en die

helder sonlig word deur gebrandskilderde vensters gedemp. Die bronsklokke in die toring is van die klokgietery Schillings in Apolda afkomstig, en die orrel is 'n geskenk van 'n anonieme weldoener. Die gebrandskilderde vensters in die altaarruimte is deur die keiser geskenk en die altaarbybel deur die keiserin. Die toringhorlosie was 'n geskenk van die stadslidmate van die gemeente.⁷

2. EERSTE ORREL IN DIE CHRISTUSKIRCHE

Die Walcker-orrel, opus 1498, is in 1909 in Ludwigsburg, Wurttemberg gebou. Mnr Körner wat uit Johannesburg na Windhoek verhuis het, het die orrel in die *Christuskirche* geïnstalleer. Sy dogter, wat hom behulpzaam was is later met die dinamiese orrelis en kantor, Hans Müller, getroud.

Spesifikasies

Die registeraksie en traktuur is pneumaties en daar is 702 sprekende pype met 'n oorwegend hoë loodinhoud. Die twaalf sprekende registers is as volg ingedeel:

Hoofwerk:	Bourdon 16'
	Salicional 8'
	Flöte 8'
	Prinzipal 8'
	Oktave 4'
	Mixtur $2\frac{2}{3}$ 3'

Swelwerk: Dolce 8'
 Lieblich Gedeckt 8'
 Viola da Gamba 8'
 Travers Flöte 4'
Pedale: Subbass 16'
 Gedeckt Bass 16'

Speelhulpe sluit die volgende in:

Swelpedaal

Crescendo pedaal

Koppels: II - I
 I - pedaal
 II - pedaal
 II 4' - I
 II 16' - I

Die enigste vaste kombinasie is 'n Tutti-knop.

Manuaalomvang: C - g'''

Pedaalomvang: C - f

Die pedaalbord is plat en die toetse korter as dié teenswoordig in gebruik. Die twee pedaalregisters is in hout en metaal uitgevoer. In die lig van die Romantiese dispoisie van die orrel is die afwesigheid van 'n tremulant opvallend en soos verwag, is die intonasie baie Romanties. Kernsteke kom op alle metaalpye voor. Die winddruk is baie hoër as by hedendaagse orrels. Die fluit op die hoofwerk is onafhanklik en gedek tot op d-kruis' en begin oorblaas van e'. Die Bourdon maak tot op f' van die pedaalpye gebruik en is daarna onafhanklik. Die Salicional en Prinzipal is onafhanklik. Die fasadepye is

aan die Prinzipal 8' register ontleen. Alle registers op die swelwerk is onafhanklik. Die Lieblich Gedeckt word vanaf c 'n roergedek en die Traversfluit is vanaf c' oorblasend.

3. DIE ORRELISTE VAN DIE CHRISTUSKIRCHE SEDERT 1907

Hans Müller, wat sy militêre opleiding as 'Schutztruppler' (lid van die koloniale beskermingsmag) in Suidwes-Afrika moes voltooi, is kort na sy aankoms in Windhoek, in September 1907, deur die Lutherse Kerk as 'orrelis' aangestel. Dit het beteken dat hy die harmonium in die kerksaal tydens die godsdiensoefeninge moes bespeel. Op 6 Julie 1911, na voltooiing van die *Christuskirche*, is hy deur die gemeente as orrelis en kantor aangestel; 'n pos wat hy tot 'n paar maande voor sy dood op 7 Oktober 1955 beklee het. Die enigste onderbreking in sy diens was die tydperk van 1939 tot 1951, toe hy weens die oorlog na Duitsland moes terugkeer en daarna deur die Russe geïnterneer is. Hans Müller het seker die grootste enkelbydrae tot die kerkmusiek in Windhoek gelewer; in sy amptelike hoedanigheid as orrelis en kantor sowel as in sy optrede as leier van die *Windhuker Männergesangsverein* (Windhoekse Mannekoor), en die *Windhuker Musikfreunde*.⁸

Na Hans Müller se repatriasie na Duitsland in 1939, het Willi Frewer as orrelis waargeneem totdat hy ook in April 1941 geïnterneer is.⁹

Mev Elsbeth Stritter, wat klavier kon speel, is deur die kerkraad gevra om die harmonium wat voor in die kerk gestaan het, te bespeel aangesien 'n orrelis nie in Windhoek te vinde was nie. Mev Stritter was egter nie lank hiermee tevrede nie en het elke Saterdag vlytig op die orrel geoefen totdat sy die instrument bemeester het en volgens haar 'bin ich noch immer daran gewesen' (is ek nog altyd daarmee besig). Sy het in 'n pioniersland, waar opgeleide musici skaars was, deur ywerige selfstudie genoeg geleer om die gemeente te begelei. Sy was van 1941 tot 1951, na Hans Müller se terugkeer, orreliste van die kerk en het verder van tyd tot tyd afgelos wanneer dit nodig was.¹⁰

In 1955, na Hans Müller se dood, is Walter König, vroeër orrelis van die Duitse Evangeliese Lutherse Kerk in Kaapstad, as orrelis en koorleier van die *Christuskirche* aangestel. Hy het laasgenoemde pos tot in 1966 bekleed. Na sy aftrede het mev Stritter weer die amp as orreliste oorgeneem, 'n amp wat sy in 1970 steeds bekleed het.¹¹

4. KERKKOOR

'n Onderwyser, mnr Otto, het in 1900 'n kerkkoor gestig.¹² Die kerkkoor het vir die eerste keer op 4 November 1900 tydens die hervormingsfees opgetree en *Die Himmel rühmen* opus 48 van Beethoven (1770-1827) en die motet van Grell (1800-1886), *Herr deine Güte reicht so weit*, gesing.

'Der kleine Chor verfügt über einige hervorragend schöne und kräftige Stimmen und erwies sich vortrefflich einstudiert.'

(Die klein koor beskik oor 'n aantal uitstekende mooi en sterk stemme en het bewys dat dit voortreflik ingestudeer is.)¹³

Die kerkkoor het egter gou weer doodgeloop en is tydelik deur mnr Rave, ook 'n onderwyser, aan die gang gekry.¹⁴

Teen 1907 het dit gelyk asof Windhoek sy musikale kinderskoene begin ontgroeï. Drie belangrike faktore was hiervoor verantwoordelik: die toename van die bevolking, die bou van die *Christuskirche* en die aankoms van Hans Müller. Die bevolking het nie slegs toegeneem nie; die samestelling het ook verander. 'n Groter persentasie vroue en kinders het 'n sosiale element by die militêre atmosfeer gevoeg. Die *Christuskirche* het in die godsdienstige behoeftes van die gemeente voorsien en het gedurende die volgende sowat 60 jaar die kern van die musieklewe in Windhoek gevorm. Daar was genoeg sitplek vir 400 tot 600 mense. Daarbenewens het die orrel en die bevredigende akoestiese hoedanighede van die gebou daartoe bygedra dat die meeste musiekkonserte daar aangebied is. Hans Müller, so te sê die vader van musiek in Suidwes-Afrika, was verantwoordelik vir die stigting van die kerkkoor wat uiteindelik 'n groot bydrae tot die ont-

wikkeling van musiek in Windhoek sou lewer.

Die kerkkoor (*Freiwillige Kirchenchor*) is in Junie 1910 spesiaal vir die inwyding van die kerk op die been gebring. Onder die bekwame leiding van Hans Müller het die koor doelgerig geoefen en kon, in samewerking met die mannekoor (*Männergesangsverein*) en die militêre orkes, op Sondag 16 Oktober 1910 vir 'n luisterryke inwyding van die kerkgebou sorg.¹⁵

Na sy aanvanklike sukses het die kerkkoor onder die energieke leiding van Hans Müller van krag tot krag gegaan. Teen 30 Julie 1914 was daar reeds sestig lede. Die kerkkoor, mannekoor en orkes (*Windhoeker Musikfreunde*), laasgenoemde in 1920 gestig, het die musieklewe van Windhoek tot die Tweede Wêreldoorlog oorheers.

5. INWYDING VAN DIE CHRISTUSKIRCHE

Na 'n diens in die kerksaal om 09h00, het die gemeentede, gelei deur die militêre orkes, onder klokkegelui na die nuwe kerkgebou gestap, waar die sleutels deur boumeester Redecker aan Pastor Hammer oorhandig is.

Tydens die inwydingseremonie is daar vir ekstra sitplekke voorsiening gemaak. Sowat 600 mense het die kerk gevul. Na die liturgie het die gemeente met begeleiding van die nuwe orrel *Ein feste Burg ist unser Gott* van

J S Bach gesing. Daarna het die koor van 25 lede van die *Männergesangverein* onder leiding van Hans Müller, Psalm 100 van J Rinck (1770-1846) gesing.

'Die Wirkung dieses etwa 25 Mann starken Chores war eine gewaltige, um so mehr als die Akustik der Kirche ganz Vorzüglich ist.'

(Die effek van hierdie koor van ongeveer 25 lede was geweldig, veral aangesien die akoestiek van die kerk voortreflik is.)¹⁶

Om 16h00 is daar 'n gewyde konsert onder leiding van Hans Müller aangebied. Die program het as volg daar uitgesien:

1. Die konsert is geopen met *Largo* uit *Xerxes* - G F Händel (1685-1789) - vir orrel, koor en orkes. Die militêre orkes is vir dié geleentheid deur ene mnr Ehle afgerig.
- 2a. *Da unten ist Frieden* - C Kloss (1863-1910).
- 2b. *Altes Weihnachtslied* - E Kremser (1838-1914) *Männergesangverein* met orkesbegeleiding.
3. *Preis und Anbetung* - C Rinck (1770-1846) - kerkkoor en 'n kinderkoor.
4. Laaste deel uit die orrelkonsert *Weihnachten* - komponis onbekend - Militêre orkes.
5. *Mein gläubiges Herze* uit Kantate 68 - J S Bach (1685-1750) - Mev Thomas, op die orrel begelei deur mnr Streiting.

6. *Die Könige* - Peter Cornelius (1824-1874) -
Mej Schmidt (sopraan).
7. *Zerreisset eure Herzen* uit *Elia* - F Mendels-
sohn (1809-1897) - Mnr Lagemann (bariton).
8. Aria uit *Trauerkantate* - Gramman (1844-1897) -
Mnr Lagemann (bariton).
Die laaste drie items is deur Müller begelei.
- 9a. Adagio uit die orrelsonate in f - F Mendels-
sohn - Hans Müller.
- 9b. Variasies op die kerslied *Stille Nag* -
Pfritschner (datums onbekend) - Hans Müller
(orrel).
- 10a. Andante uit sonate no 1 - J S Bach vir viool en
orrel - Mnr Schubert (viool) en Hans Müller
(orrel).
- 10b. *Andante Religioso* - Dreyschreh (datums onbekend)
- vir viool en orrel - Mnr Schubert (viool $\frac{3}{4}$ en
Hans Müller (orrel).
11. Die konsert is afgesluit met *Die Ehre Gottes*
opus 48 - L van Beethoven (1779-1827).

6. MOTETTEN (GEWYDE AANDKONSERTE)

Die woord *Motette* (meervoud: *Motetten*) is deur Hans Müller gebruik om die uitvoerings van gewyde musiek te beskryf wat gewoonlik op Sondagaande tydens die aanddiens plaasgevind het. Dit kan met die Engelse term *Evensong* vergelyk word. Dit was Hans Müller se taak om musiek te kies wat by die preek sou aanpas. Laasgenoemde taak was uitvoerbaar in die Lutherse Kerk aangesien daar bepaalde

Bybeltekste vir elke Sondag van die jaar voorgeskryf word.

6.1 Voor die Tweede Wêreldoorlog

Die onmiddellike sukses van die kerkkoor met die inwydingskonsert het vir genoeg inspirasie gesorg en hierna (in Augustus 1911) het die koor met 'n reeks *Motetten* begin; 'n gebruik wat as redelike stimulus van die Windhoekse musieklewe gedien het en waarmee volgehou is tot na die Tweede Wêreldoorlog.

Tot die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het Hans Müller en sy kerkkoor altesaam 126 *Motetten* van stapel gestuur. Na 'n beskeie begin is dit opmerklik hoe ambisieus die koorleier in sy musiekeuse geraak het. In 1911 kon die koor reeds dele uit Beethoven se *Mis in C*, opus 86, sing. In November 1916 is twee dele uit die Duitse Requiem van Brahms uitgevoer; op 10 Junie 1923, tydens die vyftigste *Motette*, die 42ste Psalm van Mendelssohn; op 3 November 1932 die volledige *Mis in C* van Beethoven, en teen April 1935 het die koor kans gesien om die volledige Duitse Requiem van Brahms uit te voer.

6.2 Musiekaanbiedinge tydens die Tweede Wêreld-
oorlog (Die sogenaamde *Kriegsmotetten*)

Na die uitbreek van die oorlog het die bevolking van Windhoek, veral die Duitsers, 'n tydperk van groot onsekerheid betree. Daar was petrolbeperkings en 'n verbod op openbare byeenkomste. Die mans het nie van een dag tot die volgende geweet of hulle geïnterneer gaan word nie. Hans Müller was aan die Duitse Konsulaat verbonde en moes terug Duitsland toe. Hierdie keer kon die owerhede nie beweeg word om hom te laat bly nie.

Met hul *Musikdirektor* weg en 'n verbod op musiek-konserte, was die Duitsers met hul eeu-oue musiek-tradisie letterlik verpletter maar hulle het nie lank stilgesit nie. 'n Klompie geesdriftige musici het op die idee gekom om die tradisie van die *Motetten* in die *Christuskirche* voort te sit, aangesien daar nie 'n verbod op kerkdienste was nie. Hulle het hul beywer om ten minste drie keer per jaar 'n program van kamermusiek aan te bied. Hulle moes onder moeilike omstandighede werk en kon geen bladmusiek uit Suid-Afrika of Europa kry nie. Hulle moes dus speel wat beskikbaar was. Hulle was ook nooit seker of hul deelnemers weer vir 'n volgende konsert beskikbaar sou wees en of hulle intussen geïnterneer sou word nie. So het dit soms ge-

beur dat een konsert met ses deelnemers aangebied is en 'n volgende met net drie.¹⁷

Behalwe vir die beperkte hoeveelheid bladmusiek en die onvoorspelbare interneringsprogram, het die petrolbeperkings ook 'n rol gespeel. Mev Ruthilde Hillig (destyds mev Günter) het vertel van die kere toe sy die here Kehrmann en Kellner in haar klein tweesitplek-motortjie na repetisies moes oplaai. Drie persone moes voor sit met die tjello agter in die 'Dickie seat'.

Die groep het egter nie toegelaat dat probleme hulle onderkry nie en het gereeld hulle konserte aangebied, soms ook met koormusiek daarby. Die konserte was 'n lafenis vir die kultuurhonger publiek, aangesien daar geen ander vorm van vermaak beskikbaar was nie. Die kerk was altyd stampvol en die *Kriegsmotetten*, soos dit later bekend gestaan het, was naderhand so gewild dat lede van die publiek tydens die laaste oefening op Sondagoggende toegelaat is, sodat alle belangstellendes die kans kon kry om die musiek te hoor.¹⁸

Die program van die *Kriegsmotetten* is gewoonlik met gemeentesang ingelei en afgesluit. 'n Tipiese program (dié van 24 September 1944) het as volg daaruitgesien:

Deelnemers:

Ruthilde Günter - klavier en orrel.

Willi Kehrmann - viool.

Wilhelm Kellner - tjello.

Friedrich (Fritz) von Seggern - viool en
altviool.

Gemeentesang: *'Mir nach!' spricht Christus
unser Held.*

1. Triosonate opus 2 no 5 in B-mol vir twee
viole, tjello en klavier - A Corelli
(1653-1714).
2. *Abendlied* in D opus 85 no 12 vir tjello en
klavier - R Schumann (1810-1856).
3. Trio no 4 in C vir klavier, viool en tjello
- J Haydn (1732-1809).

Skrifvoorlesing.

4. Sonate in F opus 24 (Frühlingssonate) vir
viool en klavier - L van Beethoven (1770-
1827).
5. Solfeggio in c vir orrel - C P E Bach
(1714-1788).
6. Larghetto uit die kwartet no 3 in E-mol
vir klavier, viool, altviool en tjello -
W A Mozart (1756-1791).

Gebed en seën.

Gemeentesang: *So lasst uns den dem lieben Herrn.*

Die laaste van hierdie *Kriegsmotetten* het op 2 Desem-

ber 1945 plaasgevind. Hierna het die lewe mettert tyd weer sy normale wending begin neem. Willi Frewer¹⁹ het gereeld konserte met die Windhoekse Musiekvereniging²⁰ begin aanbied, die mannekoor het weer begin optree²¹ en kunstenaars van elders het Windhoek weer besoek.²² Daar was nie meer so 'n groot behoefte aan die *Motetten* nie en die volgende is eers weer op 7 Junie 1949 in die *Christuskirche* aangebied.

6.3 Motetten na die Tweede Wêreldoorlog

Toe Hans Müller in 1951 na Windhoek teruggekeer het, was hy 'n ou en gebroke man en was sy musikale standarde nie meer wat dit vroeër was nie. Volgens mnr Willy Stritter,²³ destyds voorsitter van die kerkraad, wou *Landesprobst*²⁴ Hoefflich mnr Müller nie weer die geleentheid gee om een van sy geliefde *Motetten* aan te bied nie. Toe Hoefflich egter weens gesondheidsredes vir 'n tyd lank in Kaapstad was, het Hans Müller tog weer 'n kans gekry om sy kerkkoor in 'n *Motette* te laat optree.

Na die Tweede Wêreldoorlog het die kerkkoor nooit weer tot die hoogtes gestyg wat dit onder Müller bereik het nie. Die aksent het gaandeweg na ander kore begin verskuif omdat Müller se opvolgers waarskynlik hul keuse nie tot die gemeentelede wou beperk nie. Daar is nog die enkele *Motetten* tydens

Pase of Kersfees aangebied. Soms is die terme *Festgottesdienst* (feesgodsdienst) en *Geistliche Abendmusik* (gewyde aandmusiek) in plaas van *Motette* gebruik. Heel dikwels is, soos gedurende die oorlogsjare, alleen kamermusiek, afgewissel met skriflesing en gemeentelike sang, aangebied. Een van die weinige geleenthede waar die kerkkoor wel by die *Motetten* opgetree het, was tydens die 130ste *Motette* op 2 Augustus 1953, toe een van Hans Müller se eie komposisies, *Herr, bleib bei uns* uitgevoer is.

Die tydperk na Müller se dood tot die vroeë jare sestig kan as een van oorskakeling van die bedrywighede van Müller na dié van Ernst Scherer²⁵ beskou word. Albei het 'n belangrike rol in die musieklewe van Windhoek gespeel en veral op koorgebied veel tot stand gebring. Walter König het wel tydens sy ampstermyn as orrelis 'n kerkkoor aan die gang gehou, maar hulle het selde aan geleenthede buite die erediens deelgeneem. Een van die weinige gevalle op rekord was tydens die 50-jarige fees van die kerk se bestaan op 16 Oktober 1960, toe die kerkkoor die motet: *Jesu meine Freude* van J S Bach as deel van die aandkonsert uitgevoer het. Verder het dit blykbaar by die persoon wat vir die betrokke *Motette* verantwoordelik was, berus om 'n koor saam te stel. Willi Frewer het tydens die *Motette* op 13 Desember 1955 'n gemengde koor en 'n kinderkoor laat optree. Ernst Scherer

het, nadat hy hom in Windhoek gevestig het, die leidende figuur op koorgebied in Windhoek geword. Op 23 Desember 1956 het hy 'n gemengde koor by die sogenaamde *Weihnachtliche Feierstunde* (kersfeesvieringe) laat optree. Tydens die *Passionsmotette* in 1957 het sy *Madrigalchor* opgetree en hierna het sy *Motettenchor* (later bekend as die *Schererchor*) by die volgende *Motetten* opgetree: *Osterfest-gottesdienst* in 1957; *Festgottesdienst* op 11 Augustus 1957; *Passionsmotette* op 2 April 1958 en 15 April 1960. Hierna is daar geen rekord van Scherer se betrokkenheid by die *Motetten* nie. Die laaste berig van 'n *Motette* is dié van 11 Desember 1962 toe die Kantate no 118 van Bach deur 'n saamgestelde koor van die Gereformeerde Kerke in Windhoek onder leiding van Hans Maske²⁶ uitgevoer is.

Hoewel die term *Motette* en die hele idee van musiek by die aandiens in onbruik geraak het, is die Christuskirche nog gereeld vir gewyde konserte gebruik tot aan die begin van die jare sewentig toe die aksent na die Windhoek-teater verskuif het.

7. KERKKOOR IN SAMEWERKING MET ANDER VERENIGINGS

Afgesien van die *Motetten* het die kerkkoor deur die jare, in samewerking met die *Männergesangsverein* en die Wind-

huker Musikfreunde, 'n hele aantal groot werke, gewyd en sekulêr, uitgevoer. Gesien teen die agtergrond van die Windhoek van weleer, is dit verbasend dat hierdie werke aangepak is en werklik verstommend dat hulle wel tot uitvoering gebring is, veral as die klein bevolking van Windhoek in aanmerking geneem word.

Vervolgens 'n opsomming van die werke en die datums waarop die uitvoerings plaasgevind het:

- *Das Lied von der Glocke* - A Romberg (1742-1814) -
14 November 1911.
- *Zigeunerleben* - R Schumann (1810-1856) -
26 April 1912.
- *Tod und Auferstehung* (Oratorium) - Armin Stein
(datums onbekend) - 26 November 1916.
- *Christus der Tröster* (Oratorium) - Fritz Zierau
(datums onbekend) - 2 Desember 1917.
- *Osterkantate* - R E Zingel (1876-1944) -
24 April 1921.
- *Pfingstkantate* - L Baumert (datums onbekend) -
25 Junie 1922.
- *Psalm 42* - F Mendelssohn (1809-1847) -
10 Junie 1923.
- *Weihnachtskantate* - R Gabriel (datums onbekend) -
24 Desember 1923.
- *O Traurigkeit, O Herzeleid* (Kantate) - A Preuss
(datums onbekend) - 10 April 1925.

- Finale uit *Loreley* ('n onvoltooide opera) - F Mendelssohn (1809-1847) - 31 Augustus 1926.
- Mis in C opus 86 - L van Beethoven (1770-1827) - 3 November 1932.
- Uittreksels uit *Paulus* (Oratorium) - F Mendelssohn - 29 Maart 1933.
- *Die Christgeburt* (Oratorium) - F Nagler (1873-1957) - 29 November 1933.
- *Schicksalslied* opus 54 - J Brahms (1833-1897) - 12 Desember 1934.
- *Deutsches Requiem* opus 45 - J Brahms - 19 April 1935.
- *Nun danket alle Gott* uit die *Deutsche Konzerten* - H Schutz (1585-1672) - 29 September 1935.
- *Meinem Jesu lass ich nicht* (Kantate) - M Reger (1873-1916) - 6 September 1936.
- Uittreksels uit *Orpheus und Eurydike* - C Gluck (1714-1787) - 27 Julie 1938.

Die feit dat die *Christuskirche* vir bykans 60 jaar 'n belangrike rol in die musieklewe van Windhoek gespeel het, kan aan verskillende faktore toegeskryf word.

Die belangrikste is seker die dryfkrag van Hans Müller wat soveel met sy kerkkoor en die orkes vermag het.

Na sy dood het Ernst Scherer hierdie rol oorgeneem en bykans net soveel konserte in die *Christuskirche* as elders in Windhoek aangebied.

Soos reeds genoem was die goeie akoestiek en die feit dat die *Christuskirche* vir baie jare oor die enigste pyporrel in Windhoek beskik het, nog 'n rede waarom soveel musiek-konserte hier plaasgevind het. Nie een van die ander lokale in die stad was so geskik vir musiekkonserte as die *Christuskirche* nie en nie een het soveel sitplek gebied nie. Eers na die voltooiing van die Kunsteater en later die Windhoek-teater het die aksent daarheen begin verskuif.

Nog 'n rede waarom die kerk, veral in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog, so 'n belangrike rol in die musieklewe gevul het, was die feit dat vermaak nie so vryelik beskikbaar was as in later jare nie. Die grammofoon-plaatbedryf het eers na die Tweede Wêreldoorlog werklik tot sy reg begin kom, en so ook die filmbedryf. Mense het dus voor die oorlog nie soveel ander vorme van vermaak gehad nie en daar was meer tyd vir die beoefening en waardering van musiek.

Windhoek se bevolking voor die Tweede Wêreldoorlog was oorwegend Duits en die Duitsers se liefde vir musiek het ook tot die aktiewe rol van die kerk in die musieklewe bygedra.

VOETNOTAS : HOOFSTUK III

1. Nieuwoudt, M M dr: *Van plaaswyk tot stadsgemeente Windhoek*, 1979.
2. Sien p. 184 van hierdie verhandeling.
3. Sien p. 13 van hierdie verhandeling.
4. Die pastorietuin het later as *Truppengarten* (troepe-tuin) bekend gestaan. Vandag heet dit *Zoo Garten* of *Verwoerdpark*.
5. Siebe, Pastor R: 'Aus der Gründungszeit der Deutschen Evangelischen Gemeinde Windhuk', *25 Jahre Christuskirche in Windhuk*, 1935.
6. Anz, Pastor L: 'Die Anfänge der Windhuker evangelischen Gemeinde', *25 Jahre Christuskirche in Windhuk*, 1935.
7. Hammer, Pastor J: 'Der Bau der Christuskirche in Windhuk', *Afrikanisches Heimatkalender*, Windhoek, 1961, p. 59.
8. Sien p. 162 en p. 114 van hierdie verhandeling.
9. Gesprek met mev R Hillig. Windhoek, Mei 1980.
10. Gesprek met mev E Stritter. Windhoek, Okt 1981.
11. *Ibid.*
12. *Windhoecker Anzeiger*: 12 Sep 1900.
13. *Windhoecker Anzeiger*: 8 Nov 1900.
14. Müller, Hans: 'Ein Vierteljahrhundert evangelische Kirchenmusik in Windhuk', *25 Jahre Christuskirche in Windhuk*, 1935.
15. *Windhuker Nachrichten*: 17 Okt 1910.
16. *Ibid.*

17. Gesprek met mev Hillig. Windhoek, Mei 1980.
18. *Ibid.*
19. Sien p. 265 van hierdie verhandeling.
20. Sien p. 127 van hierdie verhandeling.
21. Sien p. 173 van hierdie verhandeling.
22. Sien p. 213 van hierdie verhandeling.
23. Gesprek met mnr W Stritter, eggenoot van mev Stritter, die orreliste. Windhoek, Okt 1981.
24. Titel van die hoof van die Lutherse Kerk in Suidwes-Afrika.
25. Sien p. 285 van hierdie verhandeling.
26. Sien p. 276 van hierdie verhandeling.

HOOFSTUK IV

MUSIEK IN DIE SKOOL

1. ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS IN SUIDWES-AFRIKA

Die eerste ontwikkelingsfase van die onderwys bestryk die tydperk 1884 tot 1914.¹ Teen 1916 was die Duitse kolonie dertig jaar oud, met 15 000 blanke inwoners en byna 1 000 kinders op skool, nadat skoolbywoning in 1912 vir blanke kinders verpligtend geword het.

Gedurende die tweede ontwikkelingsfase, van 1915 tot 1920, het Afrikaans (Nederlands) en Engels die nuwe amptelike tale geword.² Dit het groot ontsteltenis in Duitse kringe veroorsaak.³

Die derde ontwikkelingsperiode was die tydperk van oriëntering en vestiging van 1921 tot 1934, na die oorname van die bewind deur die Suid-Afrikaanse regering.⁴ 'n Onderwysdepartement is gestig en die beleid is ingevoer dat die Suidwes-Administrasie alle kostes vir die oprigting van skool- en koshuisgeboue, sowel as alle ander uitgawes verbonde aan die onderwys, sal dra. In hierdie stadium was daar slegs een staatshoërskool, naamlik dié in Windhoek. Daar was baie hindernisse in die weg van die onderwysowerhede, soos byvoorbeeld die uitgestrektheid van die land, 'n bevolking van skaars 20 000,

en 'n gebrek aan fondse weens die depressie van 1929 tot 1933. In 1928 was daar reeds 53 staatshoërskole en 45 privaatskole wat sowat 8 000 blanke kinders onderrig het.⁵ In 1934 was daar 63 staatskole en 57 privaatskole in die land.

Die vierde ontwikkelingsperiode, van 1935 tot 1948, was meer op die opvoedkunde self gerig na die vorige tydperk van organisasie. Daar was in 1948 ongeveer 7 000 blanke leerlinge in 52 staatskole, en 1 000 in 18 privaatskole.⁶

'n Periode van vinniger ontwikkeling en vernuwing het vanaf 1949 ingetree en is vandag nog aan die gang. Ekonomiese voorspoed het sneller onderwysontwikkeling moontlik gemaak en in 1960 het die blanke leerlinge tot 11 000 in laerskole en 3 000 in hoërskole toegeneem. In 1970 het die getal leerlinge tot 22 355 gestyg.⁷

2. MUSIEKONDERRIG AAN SKOLE

Om 'n goeie beeld van musiekonderrig in Windhoek te verkry, is dit wenslik om die drie oudste hoërskole in die stad te vergelyk, naamlik die *Deutsche Höhere Privatschule* of DHPS (vroeër *Realschule*), die *Convent of the Holy Cross* (vroeër *höhere Töchterschule* en die *Windhoek Hoërskool* of WHS.

2.1 Deutsche Höhere Privatschule

Van sy stigting tot die hede is daar nooit indiwiduele musieklesse by die DHPS aangebied nie. Die uitgangspunt van musiekonderrig was veel meer op groepsverband ingestel. Sover vasgestel kan word, was daar sedert die begin 'n skoolkoor, en die skoolorkes wat in 1913 gestig is, bestaan vandag nog.

In die Duitse gesinslewe is die tradisie van huis-musiek baie diep gewortel en in meeste huise kan een of albei ouers 'n instrument bespeel. Hierdie vaardigheid word gewoonlik na die kinders oorgedra. Verder was daar deur die jare altyd privaat musiek-onderwysers in Windhoek en, hoewel wisselvallig, kon heelwat kinders die geleentheid kry om instrumentale onderrig te ontvang. Daar was dus altyd 'n voedings-bron vir die DHPS se skoolorkes.

Die eerste musiekonderwyser aan die *Realschule* was Heinrich Voigt wat in 1908 deur die Koloniale Ministerie uit Berlyn gestuur is. Voigt het aan die Konservatorium in Leipzig studeer. Na sy aankoms in Windhoek, het hy baie gou sy talente laat geld en, behalwe sy musikale bedrywighede by die skool, het hy ook sy volle gewig by die openbare musieklewe ingegooi.

Op 4 Maart 1909 het hy die eerste skooloperette opgevoer. Dit was 'n eie komposisie, getitel *Nacht, Mond und Sterne* (nag, maan en sterre) en finansieel was die produksie so suksesvol dat al die onkoste van die *Kindergarten* vir 'n jaar gedek is.

Heinrich Voigt het in 1909 'n konservatorium op die been probeer bring, maar blykbaar sonder veel sukses, want hy het Windhoek in 1910 verlaat.⁸

'n Verdere voorbeeld van Voigt se entoesiasme was die stigting van 'n Mendelssohn-vereniging (koor en orkes) op 3 Mei 1909.⁹ Hy was blykbaar ook 'n talentvolle komponis en kon waarskynlik meer vir die Windhoekse musieklewe beteken het as hy nie so gou weer vertrek het nie. In die *Windhuker Nachrichten* van 4 Mei 1910 is melding gemaak van Voigt se afskeidskonsert.

Die volgende berigte oor musiekonderrig aan die *Realschule* kom uit verslae van 1914 en 1915-1919.

Die sillabus het as volg daar uitgesien:

'Singen: Der Gesangsunterricht wurde in Sexta und Quinta als Klassenunterricht en je 1 Stunde wöchentlich, als Chorgesang für Quarta bis Untersekunda in 2 Stunden wöchentlich erteilt.'

(Sang: Die sangonderrig is in *Sexta* (St. III) en *Quinta* (St. IV) as klasonderrig in een periode per week aangebied, as koorsang vir *Quarta* (St. V) tot *Untersekunda* (St. VIII) in 2 periodes per week).

Volgens die verslae was Rudolf Berger en Karl Kasch die musiekonderwysers en volgens koerantberigte wil dit voorkom asof Berger ook redelik aktief was in die openbare musieklewe.

Daar is in 1913 'n skoolorkes van 12 lede gestig. Hulle is deur een van die trompetters van die koloniale verdedigingsmag afgerig, en met behulp van 'n skenking van die *Kriegerverein* is tromme en *Pfeifen* (fluite) aangekoop.¹⁰ Die *Südwestbote* van 26 November 1913 het melding gemaak van 'n musiekkonsert van die *Realschule* ter afsluiting van die jaar se aktiwiteite. Die konsert is in die saal van die *Hotel Stadt Windhuk* aangebied en die program met 'n baie patriotiese inslag, het as volg daar uitgesien:

1. Proloog.
2. *Vater Ich rufe dich* (komponis onbekend) - koorsang onder leiding van Rudolf Berger.
3. Vioolsolo ('n verwerking van die pelgrims-koor uit *Tannhäuser*) deur 'n leerling Kurt van Dorn.

4. Die hoofwerk op die program was 'n soort oratorium ter herdenking aan die slag van Leipzig in 1813 - komponis onbekend.

Die werk is getitel *Festgesang* en het uit die volgende dele bestaan:

- (i) *Deutscher Freiheitsgruss* (Duitse vryheidsgroet).
- (ii) *Preussisches Fahnenlied* (Pruisiese vaandellied).
- (iii) *Lied zu feierlichen Einsegnung des Preussischen Freichors* (Lied by die feestelike inseëning van die Pruisiese Vrykoor).
- (iv) *Heilige Opfer* (Heilige offer).
- (v) *Yorker Marsch* (Yorkse mars).
- (vi) *Auszug ins Feld* (Uittog na die veld).
- (vii) *Des jungen Reiters Morgenlied* (Die jong ruiter se oggendlied).
- (viii) *Schwertlied* (Swaardlied).
- (ix) *An der Katzbach* (By die Katz-rivier).
- (x) *Die Leipziger Schlacht* (Die slag van Leipzig).
- (xi) *Königsgebet* (Koningsgebed).
- (xii) *Schlusschor* (Slotkoor).

Die resensent van *Der Südwestbote* was vol lof vir die hoë standaard van die musiek en die selfvertroue waarmee die kinders opgetree het.

Op 27 Januarie 1914 is die Keiser se verjaardag deur die skoliere van die *Realschule* in die nuwe skoolsaal herdenk. Behalwe gedigte en paslike toesprake deur die hoof, dr Frey, het die skoolkoor 'n vierstemmige stuk, *Du junge deutsche Eiche*, met klavier- en vioolbegeleiding gesing.¹¹

Na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, het Rudolf Berger na Duitsland teruggekeer en is sy plek in 1921 deur Hans Müller ingeneem, 'n pos wat laasgenoemde tot 1928 bekleed het.

Gedurende dié tydperk het Hans Müller 'n paar operettes met die skoliere aangebied:

- *Das Weihnachtsfest* - Julius Otto (1804-1877)
- 12 Desember 1921.
- *Schneewittchen* - komponis onbekend -
3 Desember 1924.
- *Du deutscher Wald* - Franciscus Nagler (1873-1957) - 2 Desember 1925.

Dit was die eerste keer dat laasgenoemde werk buite Europa opgevoer is.

Dit is nie bekend wie Hans Müller as musiekonderwyser opgevolg het nie. Daar word wel in koerante van 1933 tot 1935 melding gemaak van 'n jeugorkes onder

leiding van ene mnr Althausen, maar dit is nie bekend of hy musiekonderrig aan een van die skole gegee het nie. In 1934, tydens die 25-jarige feesvieringe van die skool, is die operette *Der gestiefelte Kater* van E A Hermann (datums onbekend) opgevoer. In dieselfde jaar was daar ook 'n Mozartfees met musikale aanbiedinge deur ene dr Offe.¹²

Die volgende musiekonderwyser aan die DHPS wat ook 'n belangrike rol in die openbare musieklewe gespeel het, was Wilhelm Schlüter wat in 1937 na Windhoek gekom het en altesaam veertien jaar aan die DHPS musiekonderrig gegee het. Hy was violis en het ook in Hans Müller se orkes gespeel. Hy was baie veelsydig en het, benewens die afrigting van die skoolkoor en -orkes, ook ghitaar gespeel en gesing.

Schlüter is tydens die Tweede Wêreldoorlog geïnterneer en het ook 'n bydrae gelewer tot die musikale bedrywighede in die interneringskamp by Andalusia.¹³ Gedurende sy afwesigheid het mev Ruthilde Günter (tans mev Hillig) die musiekklassie waargeneem.

Na sy terugkeer het Schlüter jeugkonserte van die Ouervereniging aangebied. Mev Emma Hoogenhout, destydse administrateursvrou, was voorsitster van die vereniging wat hom vir jeugmusiek beywer het. Daar word slegs melding van twee konserte, in 1947

en 1948 onderskeidelik, gemaak. Die program het in beide gevalle uit ensembles, solo's, kore en items deur 'n jeugorkes en 'n akkordeonorkes bestaan.

Op 14 Februarie 1952 het Schlüter sy dienste na 14 jaar beëindig en teruggekeer na Duitsland. Die musiekpos is tydelik deur dr Friedrich Hornburg, destyds leier van die mannekoor, behartig.

Die volgende musiekonderwyser aan die DHPS wat ook geweldig baie vir die openbare musieklewe beteken het, was Ernst Scherer.¹⁴ Hy was van 1958 tot 1973 aan die DHPS verbonde en het jaarliks musiekkonserte met die leerlinge aangebied. Mnr Scherer het dikwels soliste vanuit die stad by die skoolkonserte betrek. Die gehalte was blykbaar hoog en die konserte baie gewild, veral by die Duitssprekende gemeenskap.

Enkele hoogtepunte was:

Op 24 Oktober 1957 (reeds voor Scherer se amptelike aanstelling), het die kantate *Der Schulmeister* van G P Telemann vir bariton, seunskoor en klein orkes deel van die jaarlikse skoolkonsert se program gevorm. Dit het baie positiewe kritiek in die koerante uitgelok.

Tydens die feeskonsert ter viering van die vyftigjarige bestaan van die skool op 18 September 1959, het die *Struwwelpeterkantate* van Kurt Hessenberg die hoofwerk op die program gevorm.¹⁵

Een van die hoogtepunte van die musikale bedrywighede aan DHPS was waarskynlik die opvoering van Humperdinck se opera *Hänsel und Gretel* tydens die opening van die nuwe Aula in 1966.

Na die stigting van die Windhoekse Kinderkoor in 1965, het Scherer soveel aandag aan hierdie groep en hul openbare optredes en toere gewy, dat hy die skoolkoor en -orkes ietwat op die agtergrond geskuif het.

2.2 Convent of the Holy Cross

Die patroon van musiekonderrig aan die Kloosterskool was (veral na die Eerste Wêreldoorlog) geskoei op die Britse musikale tradisie van musiekeksamens en Eisteddfodau. Sover bekend is daar van die beginjare af praktiese musieklesse (hoofsaaklik klavier), teorie en harmonie gegee.

Die eerste berigte oor die musikale bedrywigheide van die *Höhere Tochtterschule* het in die *Südwestbote* van 4 Augustus 1912 verskyn. Daar is op 2 Augustus 1912 'n leerlingkonsert gehou. Dit was in die vorm van 'n verskeidenheidskonsert met klavier- en sangsolo's en 'n toneelopvoering.

Op 21 Junie 1913 het die leerlinge Humperdinck se opera *Hänsel und Gretel* met klavierbegeleiding aangebied. Op 27 November van dieselfde jaar is weer 'n verskeidenheidskonsert aangebied met klavier-, viool-, sangsolo's en 'n toneelopvoering.

Verder is daar feitlik jaarliks musikale verskeidenheidskonserte aangebied, dikwels as afsluiting van die kunswedstryd of die *Trinity College*-eksamens. Gewoonlik het die eksaminatore van die *Trinity College*-eksamens ook 'n uitvoering gegee.

Daar is vir die eerste keer in 1929 vir die *Trinity College*-eksamens ingeskryf¹⁶ en, in teenstelling met die DHPS, het die onderrig van individuele leerlinge veel meer aandag geniet. Die eerste inskrywings in 1929 het slegs bestaan uit klavier, senior harmonie en junior afdeling teorie. Dit is nie bekend hoeveel kandidate ingeskryf het nie, maar die meeste was van die klooster afkomstig met 'n paar privaatleerlinge van ene mev Taljaard daarby.

In Februarie 1931 het 34 leerlinge eksamens van *Initial* tot *A.T.C.L.* in klavier, viool, sang en teorie afgelë. Die vioolkandidate was privaatleerlinge van mnr Paul Richter. In 1933 het 52 leerlinge vir die afdelings klavier, viool, tjello en sang ingeskryf. In 1936 het die getal na 60 opgeskiet en in 1946 was daar nie minder nie as 82 inskrywings vir die afdelings klavier, viool, sang en selfs slagorkes. Die klooster het gereeld tot in die sewentigerjare vir die eksamens van *Trinity College* ingeskryf en die eksamens is ook in 'n lokaal by die skool afgeneem.¹⁷

2.3 Windhoek-Hoërskool

In die ou annale van die Windhoek-Hoërskool word nie veel van musikale aktiwiteite melding gemaak nie. In 1927 is 'n ou perdestal wat langs die skool geleë is, in 'n gimnastieksaal omskep en in dieselfde jaar is 'n klavier aangekoop. Klassang het nog nie bestaan nie en eers vanaf 1929 is daar een keer per week gesamentlike sang aangebied. Die enigste ander musiekaktiwiteit waarvan voor die Tweede Wêreldoorlog melding gemaak is, is 'n sogenaamde operaaand in 1936. Twee onderwysers het uittreksels uit Leoncavallo se *Pagliacci* op die grammofoon voorgespeel en met 'n praatjie toegelig.

Die jare na die Tweede Wêreldoorlog het ook mank ge-

gaan aan musiekonderrig, hoewel daar teen die tyd al skoolang aangebied is. Daar het egter 'n taamlike oplewing in die sestigerjare gekom, hoofsaaklik aan dr Hans Maske se ywer toe te skryf.

Dr Maske het vanaf 1961 klavieronderrig aan die WHS gegee en was die eerste persoon om iets op groot skaal aan te pak. By geleentheid van die vyftigjarige herdenkingsfees het hy 'n komiese opera van Gluck, 'Kelderspoke' (*Der bekehrte Trunkenbold*) met skoliere opgevoer. Hyself het die klavierbegeleiding waargeneem. Die opera is op 31 Julie en 2 en 5 Augustus 1967 in die Windhoekse Kunsteater opgevoer.

In 1970 het hy twee eenbedryf operas, *Die Kadi* van Gluck (1714-1787) en *The Cooper* (Die Kuiper) van Arne (1710-1778), met die skoliere en 'n aantal volwassenes in die rolverdeling opgevoer.

In 1965 is daar melding van 'n a capella-koor onder leiding van ene mej Seierlein gemaak. Die koor het *Skut erat est*¹⁸ van J S Bach tydens die inwyding van die Windhoek-Oos Nederduits Gereformeerde Kerk op 18 September 1965 uitgevoer. Hierna is daar nie weer melding van die a capella-koor gemaak nie.

Dit wil dus voorkom of die WHS op musiekgebied eers taamlik laat begin ontluik het. Dit was egter die eerste skool wat in 1962 begin het om musiek as

skoolvak aan te bied en teen 1971 was dit nog steeds die enigste.¹⁹

3. MUSIEKEKSAMENS VAN DIE UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA (UNISA)

In Maart 1948 is daar 'n uitnodiging deur die SWA-Administrasie aan skole gerig om vir die praktiese eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika in te skryf. Op 14 September 1949 is die eerste eksamens van UNISA in Windhoek afgeneem deur mnr P J Lemmer, wat tydens sy besoek ook 'n klavieruitvoering gegee het. In die volgende jare is daar, veral deur die Afrikaanse skole, vir UNISA se eksamens ingeskryf. Omdat dit al hoe duurder geword het om die eksaminators van die *Trinity College* na Suidwes-Afrika te bring, het UNISA se eksamens meer en meer steun gewen, totdat dit in die begin van die sewentigerjare die enigste eksamens geword het waarvoor leerlinge in Windhoek ingeskryf het.²⁰

4. PRIVAAT MUSIEKONDERWYS

Praktiese musiekonderrig, en by name klavieronderrig, is eers in 1960 amptelik by regeringskole ingestel. Voorheen was kinders hoofsaaklik op privaatonderrig aangewese - en die privaatonderrig wat wel bestaan het, was so wisselvallig, dat daar nouliks sprake van kontinuïteit kon wees. Daar was wel vrugbare tydvakke en by tye is daar

onderrig in 'n verbasende verskeidenheid van instrumente aangebied.

Die eerste verwysing na privaatonderig kom in die *Allgemeine Zeitung* van 27 Mei 1920 voor in 'n resensie oor 'n konsert deur sangleerlinge van mev Lena Birkenmayer. Die kritikus het onder andere te velde getrek teen mense wat hulle honde saambring, en mense wat van agter in die saal aanmerkings op die kunstenaars skree. Mev Birkenmayer het kort hierna vir vier of vyf maande na Swakopmund vertrek. Daar word nêrens weer melding gemaak van haar as sangonderwyseres nie.

In 1924 word berig van 'n leerlingkonsert deur sangleerlinge van ene mev Edwards.²¹ Dit is nie bekend hoe lank sy in Windhoek les gegee het nie. Die bariton, Jan van Zyl, wat in die Unie van Suid-Afrika as konsertsanger bekend was, het in 1931 en 1932 in Windhoek les gegee.

Mnre Kühn en Paul Richter, albei violiste en lede van die *Windhuk Trio*²², het van 1921 tot 1922 en weer van 1924 tot 1936 vioolles gegee.

Die tydperk van 1929 tot 1937 blyk baie vrugbaar te wees en verskeie musiekonderwysers was in hierdie tydperk in Windhoek aktief. Klavieronderwysers, wat gedurende hierdie jare genoem is by uitslae van *Trinity College*-eksamens en kunswedstryde, is mevv Taljaard, Bock en Erlank en mejj

Anderson en Van Doorn. Mnr Fred van Werkhoven, klavieronderwyser, was baie aktief in die openbare musieklewe tydens sy verblyf in Windhoek vanaf 1932 tot 1937. Hy was pianis, komponis en lid van die *Windhuk Trio*.

Mev Nora Isaacson het ook in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog in Windhoek klavierles gegee en soms as begeleidster by konserte opgetree. Dit is nie bekend hoe lank sy hier werksaam was nie, maar in 1931 was 'n leerling van haar, mev Lillian du Toit, die eerste om die diploma *Associate of the Trinity College of London* (A.T.C.L.) in klavier te verwerf.²³

Hans Müller het ook vir die grootste deel van sy verblyf in Suidwes-Afrika klavierlesse gegee.

Willi Frewer het vanaf sy aankoms in Suidwes-Afrika in 1936 klavierles gegee totdat hy in 1939 geïnterneer is. Na sy terugkeer in 1945, het hy voortgegaan met lesgee totdat hy sy eie musiekwinkel in 1949 geopen het.

Gedurende die oorlogsjare het die meeste musikale bedrywighede tot stilstand gekom. Mev Ruthilde Günter (tans Hillig) het vanaf 1940 klavierles gegee tot in die sewentigerjare. Sy het ook aktief aan die openbare musieklewe deelgeneem. Ander bekende klavieronderwysers na die oorlog was Walter König en mev Margarethe Giertz.

Wilhelm Kehrmann, wat in 1936 na Suidwes-Afrika gekom het, het tot in 1957 vioolles gegee en aktief aan die openbare musieklewe deelgeneem, eers as violis in die *Windhuk Trio* en vanaf 1953 as eerste violis in die Windhoekse Strykkwartet. Die tweede violis, Friedgard von Koenen, het na haar aankoms in Windhoek in 1953, privaat vioolles gegee en in 1971 'n pos as viooldosente aan die Staatskonservatorium aanvaar.

'n Leerling van Kehrmann, Rita Kapps-Matzki, tans Johnstone, het na voltooiing van haar studies in Duitsland 'n tyd lank in die SAUK-orkeste gespeel en vanaf 1964 privaatles in Windhoek gegee. Sy het in 1972 'n pos aan die Staatskonservatorium aanvaar.

Hildegard Bruhn het, in die jare na die Tweede Wêreldoorlog, klarinetlesse in Windhoek gegee.

5. GESUBSIDIEERDE MUSIEKONDERRIG AAN SKOLE

In 1960 is instrumentale onderrig aan skole in beginsel goedgekeur.²⁴ In 1961 is die eerste musiekorganiseerder in die persoon van dr E F Woehler aangestel.²⁵ Dr Woehler het geweldig baie gedoen om die standaard van musiekonderwys aan regeringskole te bevorder. Hy het ook baie in die openbare beoefening van musiek belang gestel en het, behalwe vakansiekursusse vir musiekonderwysers, ook orkeskampe vir skoliere georganiseer.

Uit die jaarverslae van die Departement van Onderwys kan 'n duidelike beeld gevorm word van die geleidelike verbetering in musiekonderwys oor 'n tydperk van ongeveer tien jaar vanaf die aanstelling van dr Woehler.

'Die algemene standaard in die laerskole toon duidelike verbetering maar ongelukkig kan dit nie van alle sekondêre en hoërskole gesê word nie. Die rede hiervoor is dat die oorheersende belang by die eksamenvakke ten gevolge het dat daar ten opsigte van skoolmusiek nie die verlangde belangstelling is nie. Die organiseerder beywer hom om belangstelling aan te wakker deur, waar moontlik, kort kursusse vir onderwysers te hou en lesings aan leerlinge te gee. Gedurende die wintervakansie is 'n vakansiekursus in Windhoek gereël wat deur meer as 100 leerlinge bygewoon is. By die Hoërskool Windhoek is die geleentheid gebied om musiek as een van die ses eksamenvakke te neem.²⁶

Oor die volgende sewe jaar het die aantal leerlinge wat musiek as vak neem, aansienlik vermeerder; vanaf 4 leerlinge in 1963 tot 83 in 1966. Dan is daar om die een of ander rede weer 'n afname, sodat die getal in 1969 op 54 te staan gekom het.²⁷

Dr Wöhler het in 1965 die eerste orkeskursus vir skoliere in Swakopmund gehou. Hierdie kursus of 'orkesweek' het 'n gereelde instelling geword en is elke jaar met 'n konsert afgesluit. Aanvanklik het musici uit Windhoek en Swakopmund as instrukteurs opgetree. Vanaf 1968 is gasdosente uit die Republiek van Suid-Afrika ingevoer, en sedert 1971 het personeel van die Staatskonservatorium die kursus gelei.

'Met die voorsiening van lokale vir klavier-onderrig by skole het die akkommodasie aansienlik verbeter en doeltreffende onderrig bevorder.

Die peil van klasmusiek in die primêre skool is goed terwyl dit in die sekondêre skool van skool tot skool wissel. Om die posisie op sekondêre vlak te verbeter is 'n geslaagde opknappingskursus vir onderwysers gehou. Verblydend is dat daar 'n groter belangstelling in skoolkonserte, musiekfeeste, skoolkore en -orkeste is.'²⁸

'Akkommodasie en uitrusting vir instrumentale musiek, klassang en musiek as eksamenvak het aansienlik verbeter. Aan die laerskole het die gehalte van klassang verbeter en vergelyk gunstig met dié van die Republiek. Die onderrig van hierdie vak aan hoërskole

het met 'n personeelprobleem te doen.

Die onderrig van musiek as klasvak vorder goed. Musikale buitemuurse bedrywighe is van 'n bevredigende kwaliteit. 'n Jeugorkesweek, gehou in Swakopmund, was 'n groot sukses.'²⁹

6. STIGTING VAN 'N KONSERVATORIUM

In die *Windhuker Nachrichten* van 20 Maart 1909 verskyn 'n berig dat *Musikdirektor* Heinrich Voigt 'n konservatorium in Windhoek gestig het.

' welches sämtliche Hauptfächer der Musik umfasst und in diesen sowohl für Beginner als Vorgeschriftene Gelegenheit zu grundlichen Ausbildung gibt.'

(..... waarvan die gesamentlike hoofvakke die musiek omvat en waar beginners en gevorderdes die geleentheid gebied word om grondige musiekonderrig te ontvang.)

Die konservatorium was in die Schmerenbekse winkel in Kaiser Wilhelmstraat, (tans Kaiserstraat) die hoofstraat, gehuisves. Benewens beginnerslesse is daar in die konservatorium ook klasse in teorie, harmonie, kontrapunt, instrumentasie, koorleiding, orkes- en ensemblespel aan-

gebied. Praktiese lesse sou in klavier, viool en sang aangebied word. Dit is nie bekend of Voigt se konservatorium ooit gefunksioneer het nie, want daar het geen verdere berigte hieroor verskyn nie en Voigt het Windhoek 'n bietjie meer as 'n jaar later verlaat.

As die belangstelling en ook die vele musiekaktiwiteite van die Windhoekse gemeenskap deur die jare in ag geneem word, is dit vreemd dat daar nie vroeër al van owerheidsweë 'n plan gemaak is om musiek op 'n georganiseerde grondslag te onderrig nie. Na die poging van Heinrich Voigt in 1909, was daar in 1948 weer melding van die stigting van 'n konservatorium.

In die *Allgemeine Zeitung* van 25 Oktober 1948 verskyn 'n berig dat mnr W Holland, vroeër dirigent van die Filharmoniese orkes in Pretoria, tans woonagtig in Swakopmund, beplan om hom in Windhoek te vestig, waar hy 'n jeugorkes wil stig en moontlik ook 'n konservatorium. Daar het egter niks van sy planne tereg gekom nie - die uiteinde-like inisiatief het eers in die sestigerjare van owerheidsweë gekom nadat daar druk van allerlei oorde toegepas is.

Die dirigent van die Windhoekse Simfonie-orkes, Willi Frewer, het dikwels by dr Woehler, destydse vakadviseur vir musiek, gekla dat hy geen voedingsbron vir sy orkes het nie en dat daar weinig jong mense in die orkes speel.

Privaatonderwys alleen kon nie 'n voedingsbron vorm nie, en daar moes 'n plan gemaak word om 'n konservatorium vir Windhoek op die been te bring. Terselfdertyd het die verskillende kore in Windhoek 'n probleem gehad om opgeleide koorleiers in die hande te kry.³⁰ Daar was aan die begin van die sestigjarige reeds vyf Nederduitse Gereformeerde gemeentes in Windhoek, bo en behalwe die kerke van ander denominasies, en daar was 'n tekort aan opgeleide orreliste. Daar was ook 'n tekort in die skole aan gekwalifiseerde klavieronderwysers en onderwysers met opleiding in skoolmusiek. Danksy al hierdie faktore het die noodsaaklikheid van 'n konservatorium steeds sterker na vore gekom.

In 1962 het dr Woehler in opdrag van die Direkteur van Onderwys, met 'n ondersoek in hierdie verband begin. Sy verslae moes na die Direkteur en uiteindelik na die Administrateur van Suidwes-Afrika gestuur word. Dit was 'n langsame proses, maar uiteindelik is die wiel aan die rol gesit en het die Staatskonservatorium, soos dit aanvanklik bekend gestaan het, in 1971 met musiekonderrig begin.³¹

'Die direkteur van die Staatskonservatorium vir Musiek³² het op 1 Februarie 1971 diens aanvaar as eerste hoof van die nuwe inrigting. Daar was boverwagte groot reaksie by die publiek sodat die organisatoriese aanvoorwerk

van veel groter omvang was as wat aanvanklik bereken was. Vir nagenoeg 300 leerlinge moes voorsien word wat betref dosente, akkommodasie en toerusting.

Naas die pos van die direkteur van die konseratorium en dié van 'n sekretaresse, is twaalf poste vir doserende personeel ingerig. Derhalwe kon die nodige onderrig verskaf word in al die strykinstrumente, al die hout- en koperblaasinstrumente, in klavier, orrel, blokfluit asook teoretiese vakke.

Voorlopige huisvesting is in Lüderitzstraat in twee gerestoureerde huise.³³

Windhoek het na ál die jare sy konservatorium gekry. Dit sou 'n verhoging in die standaard van musiek teweegbring en die influx van professionele musici sou meewerk tot die vestiging van 'n kamerorkes, kamermusiek-ensembles, 'n koor en 'n jeugorkes - alles preliminêre stappe tot die uiteindelijke totstandkoming van 'n permanente simfonie-orkes.

7. KUNSWEDSTRYDE

Die hoof van die Leutweinstraatse skool het in 1927 'n poging aangewend om kulturele en sportbedrywighede op 'n

landswye grondslag te organiseer. Die idee was om 'n sportbyeenkoms en 'n kunswedstryd oor dieselfde naweek in Windhoek te laat plaasvind. Die poging van 1927 is verydél weens 'n besoek van die Goewerneur-generaal in dieselfde naweek waarin die kunswedstryd beplan is. In 1928 is die plan verwesenlik en is 'n kunswedstryd en 'n atletiekbyeenkoms gehou.

Die kunswedstryd is in die volgende afdelings aangebied:

Elokusie : onder 10 jaar tot ope.

Musiek (klavier, viool en solosang) : 10 jaar tot ope.

Kore³⁴.

Die program van die pryswennerkonsert wat op Vrydagaand, 6 Augustus 1928 in die *Hotel zum Grüner Kranz* aangebied is, het as volg daar uitgesien:

1. Beste koor.
2. Resitasie.
3. Klaviersolo 10 jaar tot 12 jaar.
4. Resitasie.
5. Klavierduo: dr en mev Schneider.
6. Sangsolo: mev Klopper.
7. Koor: tweede beste skool.
8. Resitasie.
9. Klavier.
10. Sangsolo: mej E Smeer.

11. Resitasie.
12. Klavier ocr 16 jaar.
13. Prysuitdeling.³⁵

In 1929 is die afdelings uitgebrei en in die kunswedstryd wat op 31 Mei en 1 Junie plaasgevind het, kon in die volgende afdelings meeding word:

Klavier (toonlere en stukke): 8 tot 16 jaar.

Viool (toonlere en stukke): 8 tot 16 jaar.

Bo 18 jaar was daar afdelings vir Klavier, Orrel, Viool, Tjello, Fluit, Klarinet en vokale musiek.

In die afdeling Koorsang kon Junior- en Seniorkore meeding.

Daar was ook afdelings vir Komposisie, Letterkunde, Skilder en Ballet.³⁶

Op 24 Mei 1930 is weer 'n kunswedstryd gehou en daarna eers weer in 1934; waarskynlik as gevolg van die droogte. Hierna is jaarliks kunswedstryde op dieselfde patroon gehou tot in 1939.

Na die oorlog is die meeste musiekaktiwiteite in Windhoek weer hervat, maar om die een of ander rede het niemand die inisiatief geneem om weer die kunswedstryd aan die gang te kry nie. In 1960 het 'n skenking van die Uniefees-komitee aanleiding gegee tot die hervatting van kunswedstryde.

Die eerste is in Mei 1961 gehou en die leerplan daarvan het nie veel verskil van die vooroorlogse wedstryde nie:

1. Voordrag, musiek en sang: onder 7 tot onder 17 en ope.
2. Opstelle: St 3 tot St 10.
3. Koorspraak en volkspele: Primêr, Sekondêr en Hoër.
4. Koorsang: Primêr, Hoër en Volwasse.
5. Ballet: Junior, Middelklas en Senior.
6. Skoolkuns.
7. Joernalistiek.

Na die kunswedstryd in 1961 is besluit om die atletiekbyeenkomste en die kunswedstryde in die toekoms te skei. Vanaf 1963 is die kunswedstryde jaarliks om die beurt vir primêre en sekondêre skole aangebied. Weens organisatoriese probleme is daar in 1966 en 1967 geen kunswedstryde gehou nie en daarna slegs in 1968 en 1970.³⁷

Sedert die herlewing van die kunswedstryd in 1960, het daar geen noemenswaardige vernuwings ingetree nie en is daar 'n algemene verswakking te bespeur na die einde van die sestigerjare toe. Moontlik sou die uiteindelijke stigting van die konservatorium die nodige stimulasie bied om 'n jaarlikse kunswedstryd te laat herlewe.

8. INTERNATIONAL ARTS LEAGUE OF YOUTH (I.A.L.Y.)

In die vyftigerjare het die I.A.L.Y. in die Unie van Suid-Afrika bestaan. Die hoofdoel was om kuns en musiek onder skoliere te bevorder. Daar is jaarliks, tydens die Julie-vakansie, 'n kunsfees deur die vereniging in Durban gehou.

Die Windhoekse tak van die I.A.L.Y. is in 1955 deur mev Ruthilde Hillig gestig en het direk onder die beskerming van die SA.Kunsvereniging gestaan. Leerlinge van alle blanke skole in Windhoek kon aansluit en die groep het elke maand by die DHPS vergader. Die skoliere kon self kies watter afdeling hulle wou beoefen, byvoorbeeld Skilder, Beeldhou, Musiek, Ballet of Drama. Elke afdeling het sy eie onderwyser gehad. Mev Hillig was vir Musiek verantwoordelik en John Cranston vir Ballet. Die ledegeld was 2/6 (ongeveer 25c) per maand en in 'n stadium was die ledetal 90.

Die organisasie het hom ten doel gestel om jaarliks die kunsfees in Durban by te woon en daar is gereeld konserte gehou om fondse in te samel. In 1956 is 'n konsert aangebied by geleentheid van die herdenking van Mozart se geboortedag 200 jaar tevore. Uittreksels uit *Die Zauberflöte* is voorgedra en 'n groep skoliere is gekies om dit in Durban voor te dra. In November van dieselfde jaar is nog 'n konsert deur die vereniging aangebied.

Hierdie keer was die tema 'Alle nasies sing en dans'. Volksliedere en volksdanse van verskillende lande is uitgevoer.

In 1957 is 'n jeugkonsert in die saal van die Windhoek Sportklub aangebied en leerlinge van al die musiekonderwysers in die stad het deelgeneem. Die hoogtepunt van die konsert was die optrede van die dogterskoor van die I.A.L.Y., onder leiding van Ernst Scherer.

Na mev Hillig se uittrede in 1958, is die leiding deur mev Margarethe Giertz en daarna deur mev Böhm oorgeneem. Sonder mev Hillig se lewendige organisasie en aansporing het sake nie so vlot verloop nie en het die vereniging teen die einde van 1958 doodgeloop.³⁸

9. MUSIEKBIBLIOTEEK

'n Onontbeerlike bestanddeel van die musiekonderwys is bladmusiek. Musiekskole en konservatoriums dwarsoor die wêreld het gewoonlik hul eie musiekbiblioteke, waaruit onderwysers en leerlinge kennis kan put. Omdat die musiekonderwys in Windhoek vir soveel jare op private basis geskied het, was die gebrek aan bladmusiek 'n ernstige leemte; ook die Windhoekse Simfonie-orkester, die Mannekoor en Gemengde Koor het die gemis aan 'n musiekbiblioteek baie sterk gevoel.

Onder inisiatief van mev Hillig is in November 1963 'n veldtog van stapel gestuur om 'n musiekbiblioteek tot stand te bring. Mev Hillig het begin deur aan alle musici en persone wat bladmusiek besit, te skryf met die versoek om skenkings aan die biblioteek in die vorm van stukke wat nie meer gebruik word nie, of duplikate van werke waarvan persone meer as een besit het. Daar is nie veel musiek op dié manier bekom nie maar tog is 'n aantal waardevolle stukke musiek geskenk, soos byvoorbeeld 'n hele stel klavierpartiture deur mnr James McLachlan, 'n Kaapse musiekinspekteur, wat by een van die Windhoekse kunswedstryde beoordeel het.

Mev Hillig het ook aan verskeie oorsese musiekuitgewers geskryf. Dit was 'n eksperiment wat met 'n mate van huiwering en sonder groot verwagting aangepak is. Die resultaat was verstommend: gratis eksemplare van allerhande verskillende soorte musiek het van oral ingestroom.

Die *British Council*, 'n raad ter bevordering van Britse kuns en kultuur, het 'n groot hoeveelheid Engelse musiek, waaronder heelwat kosbare uitgawes, geskenk. Dit het musiek van ou Engelse komponiste tot twintigste eeuse komponiste soos Britten ingesluit. Die *British Council* het katalogusse gestuur en mev Hillig kon uitsoek wat sy wou.

Nadat die Britte so 'n mooi voorbeeld gestel het, is aan

die konsuls van ander Europese lande geskryf en geeneen wou vir die ander terugstaan nie. Nie alleen die groter lande het gereageer nie, maar ook kleiner lande soos België wou deur hul bydraes bewys dat hulle ook komponiste van naam opgelewer het.

Mev Hillig en ander musiekkollegas het ook in 1963 en 1964 met hulle leerlinge konserte ter stywing van die biblioteekfonds aangebied.

In 1966 het daar 'n waardevolle skenking uit 'n onverwagte oord gekom. Suster Marianne Steinbrink, gebore in 1916 in Erfurt, Duitsland, het in 'n motorongeluk naby Otjiwarongo die lewe gelaat. Sy was 'n groot bewonderaar van Beethoven se musiek en was lid van die Beethoven-vereniging in Bonn wat haar in staat gestel het om baie waardevolle en unieke items oor Beethoven te bekom. Sy het 'n hele leeftyd en meeste van haar spaargeld gebruik om materiaal oor Beethoven te versamel.

Haar testament het bepaal dat haar versameling aan die Beethoven-vereniging nagelaat sou word. Die vereniging het egter meeste van die items reeds in hulle besit gehad en het dus die aanbod van die hand gewys. Mev Hella von Bach, vrou van senator Von Bach en eksekutrise van die boedel, het die kunsvereniging genader en laasgenoemde was natuurlik baie in hul skik oor die aanbod en het onmiddellik planne beraam om die versameling aan te koop. Danksy

die ruimhartigheid van die Ernst Behnsen-stigting is die versameling aangekoop en in die musiekbiblioteek geplaas.

Hierdie unieke Beethoven-versameling is waarskynlik een van die puikste private versamelings in Suider-Afrika. Dit bevat 200 boeke oor Beethoven, byna 100 uitstaande Beethoven plate en 'n boeiende reeks faksimilees van Beethoven se komposisies, sketse en briewe. Twee van laasgenoemde is uiters waardevol. Die een is 'n reeks van 13 briewe van Beethoven aan sy voormalige leerling, die gravin Von Brunswick (later gravin Deym) oor die tydperk van 1804 tot 1807. Hierdie liefdesbriewe was onbekend vir meer as een en 'n half eeu en is in 1957 vir die eerste keer gereproduseer deur die *Beethoven-Haus* in Bonn. Slegs 'n beperkte aantal is gedruk en Suster Marianne was gelukkig om 'n eksemplaar te bekom. 'n Ander imposante artikel is 'n memorandum in faksimilee, deur Beethoven aan die Appélhof in Wenen geskrywe, om voogdyskap oor sy nefie Karl te verkry. As gevolg van sekere omstandighede het hierdie dokument eers 80 jaar na Beethoven se dood aan die musiekwêreld bekend geword.

Die plaaslike Beethoven-versameling is gekatalogiseer volgens die bibliografies-tegniese prosedure van die *Beethoven-Haus* in Bonn. Mev Lisa Gebhardt, hoofbibliotekaresse van die Windhoekse openbare biblioteek, het mev Hillig daarmee gehelp.

Die versameling bied nie slegs literatuur in Duits nie, maar ook oorspronklike werke in Engels en vertalings van sommige van die prominente bronne. In 1970 en 1971 is 'n jaarlikse skenking deur die SA Kunsvereniging aan die biblioteek gemaak om Engelse, en moontlik ook Afrikaanse titels by dié werke te voeg.

Die name van sommige beroemde vriende en tydgenote van Beethoven wat hulle eie herinneringe bygevoeg het, of wat kontemporêre informasie versamel het, behoort ook genoem te word, sodat 'n mens 'n idee kan kry van die buitengewone standaard van die versameling. Daar is byvoorbeeld historiese eerste uitgawes, vroeë uitgawes of herdrukke van biografieë deur Anton Schindler, sekretaris en vriend van Beethoven; deur Wegeler en Ries, twee jeugvriende; Carl Czerny en Ignaz Seyfried, leerlinge van Beethoven; Alexander Thayer, Amerikaanse konsul in Triest sedert 1865, joernalis, bibliotekaris en versamelaar van kontemporêre bronne. Daar is jaarboeke en bloemlesings uitgegee deur beroemde navorsers wat gespesialiseer het in die studie van Beethoven se lewe en werk, byvoorbeeld Nottebohm, Frimmel, Sandberger, Mies en Schmidt-Goerg. Lesbes word die versameling afgerond met die onskatbaar waardevolle katalogus van Beethoven se volledige werke deur George Kinsby, die publikasie waarvan in 1955 die musiekwêreld uiteindelik met 'n volwaardige naslaanwerk, wat ooreenstem met die Köchel register van Mozart se werke, verryk het.

In 1968 is 'n uitstalling van die meeste van hierdie skatte in die kunsgalery van die SA Kunsvereniging gehou. Lesing-besoeke is vir skoolkinders georganiseer, met die boeke, foto's en faksimilees op die uitstalling as verwysingsraamwerk. In 1970 is die Beethoven-versameling ook gebruik tydens SWARUK³⁹ se viering van die komponis se tweehonderdste verjaardag-herdenking.

Hoewel die Beethoven-versameling die belangrikste aanwinst is, vorm dit slegs 'n gedeelte van die biblioteek wat deur die onophoudelike ywer van mev Hillig steeds uitgebrei word. Sy het tot dusver ongeveer 3 200 stukke bladmusiek versamel met behulp van 133 skenkers wie se name op 'n ererol verskyn. Die rakke is gevul met *Tutors* en tegniese studies vir verskillende instrumente.

'n Groot gedeelte van die biblioteek word gewy aan twintigste eeuse musiek vir kinders. Tydens 'n besoek aan die biblioteek in 1967, was mnr Hennie Joubert, Hoof van Musiek aan die Universiteit van Suid-Afrika, so getref deur die kontemporêre versameling dat hy mev Hillig genooi het om 'n aantal lesings te lewer tydens 'n musiekkursus van UNISA in Pretoria en Durban.

Ander waardevolle versamelings in die musiekbiblioteek is 'n pragtige Poolse uitgawe van Chopin se werke, met kritiek deur Paderewski, *Urtext*-uitgawes van J S Bach se klawerbordwerke, en volledige uitgawes van Schumann en

Haydn se klavierwerke. Twee afdelings wat dikwels deur kinders gebruik word, is die versamelings blokfluit- en Kersfeesmusiek. 'n Vroeë uitgawe van Beethoven se klaviersonates deur André en Offenbach, dateer uit die eerste helfte van die negentiende eeu.

Daar is ook 'n baie amusante deel met sogenaamde *Curiosa* - kostelike illustrasies en gekleurde titels uit die begin van die eeu. Mev Hillig noem dit *Schmunzelecke* (glimlaghoekie). Gebruik van die biblioteek is vry en daar is ook 'n platespeler beskikbaar. Bekende musici wat reeds die biblioteek besoek en met waardering daarvan melding gemaak het, is onder meer Hans Richter-Haaser, John Antoniadis, Walter Swanson, die Kontarsky-broers, Dinorah Varsi en andere.⁴⁰

VOETNOTAS : HOOFSTUK IV

1. Sien hoofstuk I van hierdie verhandeling.
2. *Witboek van die S.W.A.A. vir 1970*, p. 30.
3. Von Wallberg, dr E: 'Abriss der Schulgeschichte von 1909-1931', *Festschrift des fünfundzwanzigjährigen bestehens der Schule 1909-1934*. Windhoek: John Meinert, 1934.
4. *Witboek van die S.W.A.A. vir 1970*, p. 30.
5. Wellington, John H: *South West Africa and its human issues*.
6. *Witboek van die S.W.A.A. vir 1970*, p. 31.
7. *Ibid.*, p. 33.
8. Sien p. 272 van hierdie verhandeling.
9. *Windhuker Nachrichten*: 28 Apr 1909.
10. *Der Südwestbote*: 28 Sep 1913.
11. Zedlitz, Alfred (samesteller): *Erster Jahresbericht der Kaiserliche Realschule zu Windhuk (Deutsch Süd-west-afrika)*.
12. Jaarblad, *Deutsche Oberrealschule*, 1935.
13. Sien p. 125 van hierdie verhandeling.
14. Sien p. 285 van hierdie verhandeling.
15. Kurt Hessenberg se suster was vir 26 jaar aan die DHPS verbonde.
16. Gesprekke met die prinsipale in 1979.
17. *Ibid.*
18. Waarskynlik is die titel foutief want die enigste werke van J S Bach waarvan die titels naastenby hiermee ooreenstem is *Sicut erat in principio* - slot-

koor uit Kantate 191 *Gloria in excelsis Deo* en
Sicut locutus est ad patres nostros uit die
Magnificat.

Schmieder, Wolfgang: *Thematisch-Systematisches
Verzeichnis der Werke Johann Sebastian Bach*, Leip-
zig: 1961, Breitkopf & Härtel.

19. Jaarblaaie: Windhoek Hoërskool 1925-1970.
20. Gesprekke met dr E Woehler, voormalige vakadviseur vir musiek. Windhoek, Mei 1982.
21. *Landeszeitung*: 14 Mei 1924.
22. Sien p. 199 van hierdie verhandeling.
23. *Windhoek Advertiser*: 27 Mei 1931.
24. Jaarverslag: S.W.A. Departement van Onderwys, 1960.
25. *Ibid.*, 1961.
26. *Ibid.*, 1962, p. 16.
27. *Ibid.*, 1963-69.
28. *Ibid.*, 1969.
29. *Ibid.*, 1970.
30. Gesprek met dr E Woehler, voormalige vakadviseur vir musiek. Windhoek, Mei 1982.
31. *Ibid.*
32. Mnr Johann Potgieter, Dienstermyn: 1 Feb 1971 tot 31 Des 1978.
33. Jaarverslag: S.W.A. Departement van Onderwys, 1971.
34. Van Wyk, Jacobus T: *Aspekte van die onderwysontwikkeling in Suidwes-Afrika, 1915-1960*.
35. *Suidwes-Afrikaner*: 3 en 10 Aug 1928.
36. *Windhoek Advertiser*: 5 Jun 1929.

37. Notules van die kunswedstrydkomitee vanaf 1960 tot 1970.
38. Gesprekke met mev Hillig. Windhoek, Mei 1980.
39. Sien p. 224 van hierdie verhandeling.
40. *South West Africa Annual*: 18 Oktober 1971 en gesprekke met mev Hillig. Windhoek, Mei 1980.

HOOFSTUK V

DIE ROL VAN DIE ORKES IN WINDHOEK SE MUSIEKLEWE

1. FAKTORE WAT TOT DIE STIGTING VAN 'N ORKES GELEI HET

Soos uit hoofstuk II blyk, het die militêre orkes die Windhoekse musieklewe voor die Eerste Wêreldoorlog oorheers. Namate die bevolking toegeneem en die bevolkingssamestelling verander het, het daar al hoe meer musiekaktiwiteite vanuit die burgerlike bevolking van Windhoek gekom. Iedereen wat 'n instrument kon speel of met 'n goeie stem geseën was, is by die konserte wat van tyd tot tyd aangebied is, betrek. Na 'n beskeie begin in 1907, het die getal musici stadig maar seker aangegroei, totdat die *Windhuker Musikfreunde* uiteindelik in 1920 op die been gebring is.

'n Klein groepie geesdriftiges het op Dinsdag 5 Maart 1907 'n musiekkonsert ter stywing van die kerkboufonds in die saal van die *Hotel Stadt Windhuk* aangebied. Die deelnemers was mnr Gustav Lange (viool), mev Haverlandt en Linder (klavier), mnr A Passarge (bariton) en 'n gemengde koor onder leiding van mnr W Rave. Die program het bestaan uit sangsolo's, sangduo's, 'n mannekwartet, koorstukke, klavierduo's, vioolsolo's en trio's vir viool, klavier en harmonium.¹

Teen 1909 het die getal instrumentiste, klavier uitgeslote, aansienlik aangegroei. Die volgende persone het op Donderdag, 4 Maart 1909 aan 'n musiekkonsert ter stywing van die Kindergarten se fondse deelgeneem:²

Mnr Heinrich Voigt	(klavier)
Pastor Heyse	(klavier)
Mnr H Wertenbruch	(tenoor)
Mnr A Passarge	(bariton)
Mnr A Schubert	(viool)
Mnr R Stinzing	(viool)
Mnr A Brill	(altviool)

Die konsert is in die saal van die *Hotel Stadt Windhuk* aangebied.

By 'n konsert op Vrydag, 2 April 1909 ter stywing van die *Turnhalle*-boufonds in die saal van die *Hotel Brüssshaver*, was daar, behalwe klavierspelers, nie minder nie as ses instrumentiste. Benewens viool en altviool, was daar vir die eerste keer ook 'n fluitspeler en 'n tjellis betrokke.³ In 1910 is daar ook van 'n klarinetspeler melding gemaak.⁴

2. HANS MÜLLER SE AANDEEL

Die getal instrumentiste het so vinnig aangegroei dat Hans Müller op 14 April 1911 gedeeltes uit die *Mis in C* opus 85 van Beethoven, met koor, orkesinstrumente en orrel

kon uitvoer.⁵ Tydens die veertiende *Motette* op 16 November 1913, het Hans Müller die *Tantum Ergo*⁶ van Schubert met vrouekoor, orrel en orkes aangebied.⁷ Daar word ook melding gemaak van 'n konsert ten behoeve van die Rooikruis-vereniging op Saterdag, 20 Maart 1915. Hans Müller het by dié geleentheid ook 'n klein orkessie saamgestel.⁸

Te midde van moeilike omstandighede, het hy dit ook reggekry om op Sondag, 2 Desember 1917 'n gewyde konsert aan te bied, en vir dié geleentheid weereens 'n klein orkessie saam te stel.

'Unter den heutigen Zeitläuften muss es naturgemäss ungeheuer schwierig gewesen sein, die dazu notwendigen Kräfte, insbesondere die zahlreichen Solistinnen und Solisten, welche mitwirkten, heranzuziehen, und ein Orchester zusammenzustellen, welches die an es gestellte hohe Aufgabe in so wundervoller Volkommenheit lösen konnte, wie es gesehen ist.'

(Onder die huidige omstandighede moes dit natuurlik ontsettend moeilik gewees het om die kragte, veral die talle soliste wat meegewerk het, bymekaar te kry en 'n orkes saam te stel wat die hoë eise wat aan hulle

gestel is met sulke wonderlike volmaaktheid die hoof kon bied.)⁹

Op 26 Mei 1918 het Hans Müller dit weer reggekry om 'n orkes byeen te bring en volgens die koerant was die konsert 'n skitterende sukses.

'Das gestriche Konzert in der *Kaiserkrone*, welches von Windhuker Musikfreunden veranstaltet wurde, kann als ein glänzender Erfolg bezeichnet werden. Der Saal war bis auf den letzten Platz besetzt.'

(Gister se konsert wat deur vriende van die musiek in Windhoek in die *Kaiserkrone* aangebied is, kan as 'n skitterende sukses bestempel word. Die saal was stampvol.)¹⁰

Uit die resensie het dit geblyk dat die konsert onder besonder moeilike omstandighede aangebied is. Bladmusiek was normaalweg moeilik verkrygbaar en in die oorlogsjare heeltemal buite die kwessie! Hans Müller moes feitlik al die orkesmateriaal uit klavierreduksies vir die beskikbare instrumente herorkestreer.

'Neben Klavier und Harmonium ein ansehnlicher Streicherchor und dann in Schuchterner Einsamkeit ein paar nicht immer stimmende Pauken, dass

wars, was zur Verfügung stand.

Klarinette vor allem dazu, dann etwa Flöte und noch ein Horn hätten bereichert und sattere Färbung gespendet. Doch seien wir dankbar, dass genügend Streicher sich fanden!'

(Naas klavier en harmonium was 'n aansienlike groep strykers beskikbaar en dan in skugtere eensaamheid 'n paar pouke wat nie altyd in stem was nie. 'n Klarinet en miskien nog 'n fluit en 'n horing sou die klank meer verryk en versadig het. Nogtans is ons dankbaar dat daar genoeg strykers gevind kon word.)¹¹

Dit is merkwaardig hoe ambisieus Hans Hüller in die programkeuse was. Die beperkte aantal instrumente het hom nie afgeskrik nie en die twee hoofwerke op die program was Schubert se Onvoltooide Simfonie en Beethoven se Leonore-ouverture. Dit is ook verbasend hoe kundig die resensent in sy kritiek op die konsert was. Hy het onder andere op tempo-aanduidings in die Schubert-komposisie gewys wat nie noukeurig uitgevoer is nie, en ook die steurende rubato gekritiseer. Verder het hy Hans von Bulow se gesegde, 'Im Anfang war der Rhythmus' (In die begin was daar ritme) aangehaal, en uit sy bespreking van die Leonore-ouverture kan afgelei word dat hy 'n deeglike

kennis van musiek gehad het.¹² As die powere gehalte van sommige hedendaagse resensies in ag geneem word, is bogenoemde resensie des te meer merkwaardig.

Die volgende geleentheid waarvoor Hans Müller gevra is om 'n orkes byeen te bring, was die aanbieding van 'n blyspel *Das Konzert* van Hermann Bahr. Die stuk is op 30 Augustus 1918 in die *Hotel zur Kaiserkrone* onder spel-leiding van Erich Nachod opgevoer. Dit was die Suid-Afrikaanse premiëre van hierdie stuk, wat eers in 1909 geskryf en aan Richard Strauss, die toe nog lewende komponis, opgedra is. Die aand is geopen met die ouverture tot die opera *Die Nurnberger Puppe* van A Adam. Voor die derde bedryf is herinneringe uit *Der Rosenkavalier* van Richard Strauss in die vorm van 'n wals deur die orkes gespeel. Die verwerking van beide stukke is deur Hans Müller onderneem. Die orkes het bestaan uit Hans Müller (klavier), H Jatow en W Bieger (viool) en Wilhelm Kirst en Eduard Zimmer (tjello).¹³

Hans Müller het die gemis aan 'n orkes, wat op georganiseerde wyse konserte aanbied, sterk gevoel en hy het die ondersteuning van die Windhoekse publiek gehad. Intussen het 'n kollega, Erich Nachod, ook gereeld saam met 'n klompie instrumentiste musiek gemaak. Ook hy het die gemis aan 'n orkes gevoel en het hom in die rigting beywer.

3. ERICH NACHOD SE AANDEEL

Erich Nachod, pianis en resident-komponis van die Tivoli-teater in Dresden, het Windhoek in Julie 1914 met 'n groep musici besoek en hom hier gevestig. Hy en 'n groepie vriende, H Jatow en W Bieger (viool), Eduard Zimmer en Wilhelm Kirst (tjello) het gereeld saam musiek gemaak en nou en dan konserte aangebied. Hul gewildheid het algaande toegeneem en in Junie 1918 het hulle besluit om op Sondagaande *Volksstümmliche* (populêre) konserte aan te bied.

Die eerste konsert was op 9 Junie 1918 en die program het as volg daar uitgesien:

1. *Marche Militaire* in D opus 51 - Franz Schubert (1797-1828).
2. *Melodie, Menuetto en Rondino* - J C Dancla (1822-1895).
- 3a. *Ständchen* D957 - Franz Schubert (vir tjello en klavier deur Nachod verwerk).
- 3b. *Elegie* opus 118 vir tjello en klavier - L van Beethoven (1770-1827) (verwerker onbekend).
4. *Potpourri* uit die opera *Don Giovanni* - W A Mozart (1756-1791) (saamgestel deur Erich Nachod).
5. *Canto Amoroso* - G Sammartini (1693-1750).
6. *Cavatina* vir viool en klavier - J Raff (1822-1882).

7. *Frauenherz* opus 166 - Joseph Strauss (1827-1870).
8. *Mon Bijou*-wals - C Lepaige (datums onbekend).
9. Potpourri uit *Der Zigeunerbaron* - Johann Strauss II (1825-1899) (saamgestel deur Erich Nachod).

Die programme van die daaropvolgende konserte was min of meer in dieselfde trant en, hoewel lig van aard, is daar nooit minderwaardige komposisies gespeel nie. Die verkryging van bladmusiek was 'n groot probleem. Mnr Nachod het die verwerkings en instrumentasies self gedoen en moes soms van die stukke feitlik heeltemal oorskryf om by die ensemble aan te pas. Die konserte was baie gewild en is goed bygewoon. Hulle is in die *Hotel Kaiserkrone* aangebied en die toegangsgeld was Mk 1,00 (ongeveer 45c).¹⁴ Van 9 Junie tot 6 Oktober 1918 het hulle altesaam 13 konserte aangebied en sou seker daarmee voortgegaan het, as die Spaanse griep nie uitgebreek en sy tol ook onder die Windhoekse bevolking geëis het nie. Twee lede van die groep, mnre Nachod en Kirst, het aan die griep gesterf en die konserte is voorlopig gestaak.

Hans Müller en ongeveer 20 medewerkers het kragte saamsnoer en op 9 en 10 April 1919 'n konsert ter nagedagtenis aan mnre Nachod en Kirst in die *Hotel Kaiserkrone* aangebied. Uittreksels uit die vorige konserte van mnr Nachod is voorgedra.¹⁵ Die musici het besluit dat die tyd ryp

was vir die stigting van 'n musiekvereniging, maar hul planne is voorlopig in die wiele gery deur die repatriasie van meeste van die amptenare in die Duitse regeringsdiens. Hans Müller sou ook gerepatrieer word aangesien hy 'n amptenaar van die Duitse konsulaat was. Hy was egter ook amptenaar van die Duitse kerk en na dringende onderhandelinge het die owerhede besluit dat hy kon aanbly.

4. STIGTING VAN DIE VEREINIGUNG WINDHUKER MUSIKFREUNDE

Meer as 'n jaar het verloop voordat musici weer in die rigting van 'n musiekvereniging begin dink het. Mnre Ramdohr, Jatow, Zimmer, Busch en Müller het in Mei 1920 byeengekom en besluit om 'n ensemble op die been te bring, wat hom sou beywer vir die uitvoering van goeie musiek. Die vereniging sou bekend staan as *Die Vereinigung Windhuker Musikfreunde (WMF)*.¹⁶

Die WMF se eerste probleem was die aankoop van bladmusiek en instrumente. Eers is 'n harmonium van die firma R Müller in Kaapstad aangekoop en daarna 'n altviool. Dit is moontlik gemaak deur 'n lening van die hotelbaas Pinsenschaum en skenkings van verskillende privaat persone. Bladmusiek, musiekstaanders en 'n lamp is deur mnre Jatow, Zimmer en Hans Berker geskenk. Oefeninge sou in die *Hotel Stadt Windhuk* plaasvind. Die orkes het reeds in die eerste halfjaar uit 9 viole, 'n altviool, 2 tjellos, harmonium en klavier bestaan. Hans Müller is tot musiekleier verkies.¹⁷

Die priestermars uit *Athalie*¹⁸ opus 74 van Mendelssohn, en die eerste drie dele uit Beethoven se Sewende Simfonie, was die eerste orkeswerke wat deur die groep ingestudeer is. Die WMF het sy eerste konsert op 15 Oktober 1920 in die *Hotel Kaiserkrone* gehou en daar is op hierdie dag as die vereniging se amptelike stigtingsdatum besluit. Die konsert is baie goed deur die publiek ondersteun.¹⁹

Die program was opvallend in Engels, Duits en Nederlands gedruk,²⁰ en die volgende werke is aangebied:

- Priestermars uit *Athalie* - F Mendelssohn-Bartholdy (1809-1847).
- Ouverture uit *Le Nozze di Figaro* KV 492 (Die huwelik van Figaro) - W A Mozart (1756-1791).
- Pryslied uit *Die Meistersinger von Nürnberg* (Die Meestersangers van Nürnberg) - Richard Wagner (1813-1883).
- *Fackeltanz* (Fakkeldans) no 1 - G Meyerbeer (1791-1864).
- *Fantasie* uit *Margaretha* - C Gounod (1818-1893).
- Menuet uit die Simfonie in D (nie bekend watter een) - J Haydn (1732-1809).
- Ouverture uit *La Fille du Régiment* (Die Regimentsdogter) - G Donizetti (1797-1848).
- *Walzertraum* (Walsdroom) - S Translateur (datums onbekend).

- Potpourri uit *Der Zigeunerbaron* - J Strauss II (1825-1899) (deur Müller saamgestel).
- *Dorfkinder-walzer* uit die opera *Der Zigeunerprimas* - E Kálmán (1882-1953).

Die gedrukte program het 3 sjielings (ongeveer 30c) gekos en ook as toegangskaartjie gedien.

In weerwil van 'n skaarste aan bladmusiek, het die vereniging steeds probeer om musiek van goeie gehalte te speel. Meeste van die verwerkings is deur Hans Müller self gedoen. Daar is altyd gepoog om aan die einde van elke konsert iets aan te bied wat in die algemene musieksmaak sou val. Die laaste item op die program was gewoonlik 'n populêre mars of wals. Die vereniging het ook by twee geleenthede van Hans Müller en Paul Richter se komposisies gespeel. Tydens die vyftiende konsert op 11 Augustus 1922 is die *Südwestermarsch* van Paul Richter uitgevoer en die program vir die sewe-en-dertigste konsert op 16 September 1926 het die *Alte Truppe Marsch* van Hans Müller ingesluit.

In 1923 het die vereniging slagwerk, kornette en 'n fluit aangekoop.²¹ Die WMF se vyf-en-twintigste konsert op 23 November 1923 is vir die eerste keer 'Simfoniekonsert' genoem en daar was toe reeds 18 spelers in die orkes. Vir die eerste keer is 'n volle simfonie aangepak, naamlik die Simfonie in G (*mit dem Paukenschlag*) van Joseph Haydn.

Die tweede helfte van die konsert het bestaan uit:

- Ouverture tot die Opera *Carmen* G Bizet (1838-1875).
- *Schatzwalzer* (skattewals) - Johann Strauss II (1825-1899).
- Serenade no 2 in E - Franz Drdla (1868-1944).
- Walse op motiewe uit *Die Czardasfürstin* - E Kalman (1882-1953).

Die laaste werk op die program, titel onbekend, is eenvoudig as 'slotmars' aangegee. Die konsert is in die *Hotel Kaiserkrone* aangebied.

Op Vrydag, 25 Junie 1930, in die tiende bestaansjaar van die vereniging, is die vyftigste konsert in die Teatersaal van die *Hotel Grossherzog* aangebied. Die saal was aansienlik groter as dié van die *Hotel Kaiserkrone* en het ook oor 'n groter verhoog beskik. Die volgende werke is uitgevoer:

- Simfonie no 8 in F opus 39 - L van Beethoven (1770-1827).
- Balletmusiek uit *Rosamunde* D797 - Franz Schubert (1797-1828).
- Twee dele uit die vioolkonsert in d - F Mendelssohn-Bartholdy (1809-1847) (solis: Paul Richter).
- Ouverture uit *Oberon* J 306 - C M von Weber (1786-1826).

Die orkes het toe reeds uit 19 lede bestaan, soos volg verdeel:

5 eerste viole

5 tweede viole

altviool

tjello

fluit

klarinet

trompet

skuiftrompet

pouke

klavier

harmonium.²²

Weens die afwesigheid van 'n kontrabas en die karige besetting van blasers, moes die klavier en harmonium gebruik word om 'invulwerk' te doen. Dit het Hans Müller egter nie vir groter werke laat terugdeins nie. Die grammofoonplaat-bedryf het nog in sy kinderskoene gestaan en die enigste manier om orkeswerke na die afgeleë Windhoek te bring, was deur die WMF - al was die gehalte soms gebrek-kig.

Hoewel die publiek die konserte altyd goed ondersteun het, het die vereniging tog moeilike tye beleef. In die depressiejare was geld skaars en in 'n resensie van die konsert van 15 Mei 1931, het die resensent geskryf dat die

publiek, wat altyd kla dat daar so min in Windhoek aangebied word, die konsert swak ondersteun het. Die resensent het verder oor die jeug gekla wat slegs na ligte musiek wil luister en die volgende voorstel gemaak:

'Mann sollte einmal leichtere Stücke einiger Meister-Komponisten spielen, aber den Namen des wahren Komponisten auf dem Programm durch den eines modernen Jazz-Impressario ersetzen. Es wäre interessant, dann die Wirkung der Musik auf unsere heutige flatterhafte Jugend zu beobachten.'

('n Mens behoort eenkeer ligter stukke van 'n paar meesterkomponiste te speel maar die naam van die ware komponis op die program met dié van 'n Jazz-impressario te vervang. Dit sou interessant wees om dan die uitwerking van die musiek op ons hedendaagse ligsinnige jeug waar te neem.)²³

Weens die moeilike depressiejare, het die WMF nie meer so gereeld selfstandige konserte aangebied nie. Na 'n Wagner-aand op 27 September 1933, het die vereniging slegs in samewerking met die kerkkoor en die mannekoor opgetree, en eers op 10 September 1937 weer 'n selfstandige konsert aangebied. Die program was lig van aard en Hans Müller en sy orkes is geesdriftig terugverwelkom.

'Es hat sich von Neuem ein Orchester von nicht unbeträchtlichen technischen Können zusammengefunden.'

(Daar is weer opnuut 'n orkes met nie onbelangrike tegniese vermoëns saamgestel.)²⁴

Die sestigste konsert van die WMF is in samewerking met die kerkkoor en die *Deutsche Liedertafel*²⁵ op 22 Julie 1938 aangebied. Die program was baie ambisieus:

1. Simfonie in B-mol - J C Bach (1735-1782).
2. Fluitkonsert in G, KV 313 - Mozart (1756-1791).
3. Uittreksels uit *Orpheus und Eurydike* - Gluck (1714-1787) ter herdenking van laasgenoemde se 150ste geboortedag.

Die soliste was mev Emma Kazmaier (sopraan) as *Eurydike*, mev L Schluter as *Amor* en mej B Steck as *Orpheus*.

Die reaksie op hierdie konsert was baie positief en die hoop is uitgespreek dat dieselfde patroon in die toekoms gevolg sou word.

'Nicht einfach ist es, Musikbegeisterte und -liebhaber in einem solch disziplinierten Orchester und Chor zusammenzufassen.'

(Dit is nie eenvoudig om ervare musici en amateurs in so 'n gedissiplineerde orkes en koor saam te vat nie.)²⁶

Die laaste gesamentlike optrede van die *WMF* voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, was op 6 Februarie 1939. Die geleentheid was 'n liederaand deur 'n besoekende Duitse alt, Gerta Breyne, en sy is deur die *WMF* en die *Liedertafel* bygestaan. Die program is aan Romantiese komponiste gewy:

1. Andante uit die Derde Simfonie in F opus 90 - J Brahms (1833-1897) (verwerk Müller).
2. Vier liedere (nie bekend watter) - J Brahms.
3. *Rhapsodie* opus 53 vir altsolo, mannekoor en orkes - J Brahms.
4. *Serenade* - Widow (datums onbekend) uitgevoer deur Wilhelm Kehrman (viool), Karl Hatterscheidt (tjello) en Hans Müller (klavier).
5. Vier Afrikaanse liedere, onder andere *Segelied* van Eyssen en *Die Kokkewiet* van Lemmer deur Gerta Breyne.
6. Drie liedere (nie bekend watter) - F Liszt (1811-1886).
7. Twee Schubert liedere, *Nacht und Träume*, D 827 en *Im Abendrot* met orkes (verwerk deur Max Reger).

Die laaste selfstandige konsert van die *WMF* is op 29 Junie

1939 gehou. Die hoofwerk was C F Abel se Simfonie in E-mol. (Die enigste konsert deur die jare wat nie deur Hans Müller gelei is nie, was die vier-en-veertigste, op 17 Oktober 1928. Müller was op verlof in Duitsland en Paul Richter het die leiding waargeneem).

Tydens sy bestaan is die volgende groot werke deur die vereniging uitgevoer:

- *Eine kleine Nachtmusik* KV 525 - W A Mozart (1756-1791) - 14 Augustus 1921.
- Simfonie no 94 in G (*Paukenschlag*) - Joseph Haydn (1732-1809) - 23 November 1923.
- Simfonie no 8 in b, D 759 - Franz Schubert (1797-1828) - 27 September 1929.
- Simfonie no 8 in F opus 93 - L van Beethoven (1770-1827) - 25 Junie 1930.
- Vioolkonsert in e opus 64 - F Mendelssohn-Bartholdy (1809-1847) - 25 Julie 1930.
- Simfonie no 41 in C KV 551 (*Jupiter*) - W A Mozart - 16 Oktober 1931.
- *Concerto Grosso* in g - G F Händel (1685-1759) - 4 Mei 1932.
- Simfonie no 11 (Militêre Simfonie) - J Haydn - 29 Julie 1932.
- Konsert in G KV 313 vir sluit en orkes - W A Mozart - 22 Julie 1938.
- Simfonie in E-mol - K F Abel (1723-1787) - 29 Junie 1939.

Die volgende groot werke is deur die jare in samewerking met die *Männergesangsverein* aangebied:

- Pelgrimskoor uit *Tannhäuser* - R Wagner (1813-1883)
- 28 Oktober 1920.
- *Die Allmacht* - Schubert/Liszt - 12 Junie 1922.
- *Deutsche Messe* D 950 - F Schubert (1797-1828) -
1 Mei 1932.
- Kantate: *Dir Seele des Weltalls* KV 429 -
W A Mozart (1756-1791) - 8 Oktober 1937.
- Altrapsodie opus 53 - J Brahms (1833-1897) -
6 Februarie 1939.

In medewerking met die kerkkoor van die *Christuskirche*, is die volgende groot werke aangebied:

Voor die amptelike bestaan van die vereniging:

- *Das Lied von der Glocke* - A Romberg (1742-1814) -
14 November 1911.
- *Zigeunerleben* - R Schumann (1810-1856) -
26 April 1912.
- Oratorium: *Tod und Auferstehung* - A Stein
(datums onbekend) - 26 November 1916.
- Oratorium: *Christus der Tröster* - F Zierau (datums
onbekend) - 2 Desember 1917.

Na die stigting van die vereniging:

- *Osterkantate* - P E Zingel (1876-1944) -
24 April 1921.
- *Pfingstkantate* - L Baumert (datums onbekend) -
25 Junie 1922.
- Psalm 42 - F Mendelssohn-Bartholdy (1809-1847) -
10 Junie 1923.
- *Weihnachtskantate* - P Gabriel (datums onbekend) -
24 Desember 1923.
- Koraalkantate: *O Traurigkeit O Herzeleid* -
A Preuss (datums onbekend) - 10 April 1925.
- Finale uit *Die Loreley* - F Mendelssohn-Bartholdy -
31 Augustus 1926.
- Mis in C opus 86 - L van Beethoven (1770-1827) -
3 November 1932.
- Uittreksels uit *Paulus* - F Mendelssohn-Bartholdy -
29 Maart 1933.
- Oratorium: *Die Christgeburt* - F Nagler (1873-1957) -
19 November 1933.
- *Schicksalslied* opus 54 - J Brahms (1833-1897) -
12 Oktober 1934.
- *Deutsches Requiem* opus 45 - J Brahms -
19 April 1935.
- Kantate: *Meinem Jesu lass ich nicht* - Max Reger
(1873-1916) - 6 September 1936.
- Uittreksels uit *Orpheus und Eurydike* - C W Gluck -
(1714-1787) - 22 Julie 1938.

Die *WMF* het deur die jare heelwat bladmusiek aangekoop en volgens rekords in 1924 het die vereniging al 'n aansienlike biblioteek opgebou.²⁷ Naas die 65 simfonieë en suites, 6 orrelkonserte van Händel, 7 klavier- en vioolkonserte van Bach, Viotti, Mendelssohn, Brahms en Hermann Goetz. Verder was daar 32 ouvertures, voorspele en *Zwischenaktsmusiken*. Die vereniging kon ook spog met 95 kamermusiekwerke van verskillende komponiste, asook 39 konsertstukke en liedere.

Op 23 September 1939 het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek en hierdie keer kon die owerhede nie oorreed word om Hans Müller te laat aanbly nie. Hy het sy dirigentstok aan Willi Frewer oorhandig. Ten spyte van die feitlik daaglikse internering van Duitsers, het die kerkkoor en die *WMF* aanhou oefen, en op 22 Maart 1940 het hulle daarin geslaag om Schubert se *Stabat Mater* uit te voer. Frewer is egter ook in 1941 geïnterneer en daar het dus 'n einde gekom aan die aktiwiteite van die *WMF*. Die owerhede het in elk geval alle openbare uitvoerings verbied.

5. MUSIEK TYDENS DIE OORLOGSJARE

Met soveel van die Suidwesters in die interneringskamp by Andalusia²⁸, het musiekaktiwiteite tydens die oorlogsjare letterlik daarheen verskuif. So is daar byvoorbeeld onmiddellik 'n mannekoor gevorm. Geen koor in Windhoek het

ooit so 'n groot ledetal gehad nie, naamlik 125. Daar is ook 'n simfonie-orkes gevorm en aangesien daar meer tyd was vir oefen, is werke aangepak wat nooit in Windhoek uitgevoer is nie, soos byvoorbeeld Beethoven se Vyfde Simfonie. Daar is ook kamermusiekgroepe gestig, en menige Suidwester het daar vir die eerste keer werklik met musiek kennis gemaak. Heelparty van die jonger mans het in die kamp begin les neem en daar is ook klasse in harmonie aangebied. Hierdie ondervinding is later vrugbaar in die Windhoekse Simfonie-orkes gebruik. Daar was drie dirigente wat die musikale aktiwiteite in die kamp gelei het, naamlik Willi Frewer en Hermann Schlüter uit Windhoek en dr Silbernagl uit Johannesburg.

Die volgende program dien as 'n goeie voorbeeld van die musiekaktiwiteite in die kamp:

"KONZERTABEND DES GROSSEN SALONORCHESTERS

Sonntag den 28 November 1943

Darbietungsfolge:

1. Ouvertüre zur Oper 'Der Barbier von Sevilla' -
Rossini.
2. Zwei Ungarische Tänze (Nr 5 und 6) -
J Brahms.
3. Fantasie aus der Operette 'Der
Zigeunerbaron' - J Strauss.
4. Ouvertüre zu der Offenbachschen Oper
'Orpheus in der Unterwelt' - C Binder."

(KONSERTAAND VAN DIE GROOT SALONORKES

Sondag 28 November 1943

Programvolgorde:

1. Ouverture tot die opera *Die barbier van Seville* - Rossini
2. Twee Hongaarse danse (no 5 en 6) - J Brahms
3. Fantasia uit die operette *Die Sigeunerbaron* - J Strauss II
4. Ouverture tot Offenbach se opera *Orfeus in die onderwêreld* - C Binder)

Die here Von Weber en Hoffmann (viool), Haacke (altviool) en Bresele (tjello) het oor ses Sondae (vanaf 12 September tot 17 Oktober 1943) 'n reeks Mozart strykkwartette uitgevoer, naamlik die ses strykkwartette wat *circa* 1772 gekomponeer is en die ses wat aan Haydn gewy is, dit wil sê twee elke Sondagaand.²⁹

6. WINDHOEK MUSIC SOCIETY

In 1946 het Willi Frewer en sy kollegas na Windhoek teruggekeer en reeds aan die begin van 1947 is in die *Vetro-pole*-hotel weer 'n orkes en koor onder die naam *Windhoek Music Society* (WMS) saamgestel. Die strewe was om alle bevolkingsgroepe te betrek en voortaan sou die klem minder op kamermusiek en meer op simfoniese werke val. Op 29 Oktober 1947 het die eerste konsert van die WMS in die

spoorwegsaal plaasgevind. Die program was in Afrikaans, kunstig met die hand geskryf en versier, en soos volg be-
woord:

- '1. Ouverture uit Sigeunerbaron operette -
Orkes.
- 2a. Die Wyn, die Vrou, die Lied Liriese)
)
sopraan)
)
- 2b. Annen Polka Elsa Louw).
3. Lentestemme, verwerking vir twee klaviere
- Ruthilde Günter
- Willi Frewer.
- P O U S E
4. Verhale uit Weense Woude - Orkes.
5. Keurspel van Strauss-walse, gerangskik vir
koor en orkes.'

Een jaar later, op 21, 22, 23 en 24 Junie 1948 het die WMS sy eerste volskaalse uitvoering in die Spoorwegaal gehou. Daar is reeds swaarder op die orkes geleun en minder van klavier gebruik gemaak. Die program was in Duits en was (moontlik as gevolg van 'n gebrek aan fondse) gewoon getik en afgerol. Die feit dat die konsert vir vier aande aangebied kon word, dui op die 'musiek-honger' wat oor vyf jaar ontstaan het. Die program was as volg:

- Simfonie vir strykers - Abel (1723-1787).
- Simfonie in G (*Paukenschlag*) - Haydn (1735-1805).
- Lente uit *Die Jahreszeiten* - Haydn.
- Klavierkonsert no 4 in G opus 58 - Beethoven(1770-1827).

Soliste: Willi Frewer - klavier

Elsa Louw - sopraan

Alwyn van Heerden - tenoor

John van Schalkwyk - bas.

Dirigent:Willi Frewer.

Gas-dirigent (Beethoven klavierkonsert): Dr Max

Weiss.³⁰

Die jaar 1949 het op 'n hoë noot begin met 'n konsert in die Spoorwegsaal op 12, 13 en 14 April. Hierdie keer was die program in Engels, vir die eerste keer gedruk, en as volg bewoord (letterlik vertaald):

- Simfonie no 1 in D, D 82 - Schubert (1797-1828).
- Vioolkonsert in D KV 211 - Mozart (1756-1791).
- Hallelujakoor uit die *Messias* - G F Händel (1685-1759).

Dirigent: Willi Frewer.

Solis: Willi Kehrmann (viool).

Gemengde koor van die *WMS*.

Die plaaslike resensente het, net soos die publiek, die orkes met trots as Windhoek se troetelkind bejeën en as die resensies soms 'n bietjie oor-entoesiasties was, is

dit seker verstaanbaar.

Een resensent het as volg geskryf:

'Weereens het die Windhoekse Musiekvereniging gisteraand voor 'n reusegehoor in die spoorwegaal opgetree Windhoek kan spog met so 'n orkes want ten spyte van sy klein bevolking heers daar so 'n mate van entoesiasme en toewyding onder die spelers dat as 'n mens jou oë sluit dit net soos 'n groot orkes klink Een groot kenmerk van die vertolking ... was die beheersdheid waarmee hulle gespeel het: geen onnodige swierigheid of lawaai nie.'³¹

Op 24 November 1949 het die WMS 'n Kerskonsert in die Spoorwegaal aangebied. 'n Aantal sangsolo's en koor-items is aangebied en die orkes het drie bydraes gelewer:

1. Voorspel tot die vyfde bedryf van die opera *Koning Manfred* - Reinecke (1824-1910).
2. Simfonie no 8 in b, D 759 - Schubert (1797-1828).
3. Larghetto, tweede deel uit die Vioolkonsert in D opus 61 - Beethoven (1770-1827).

Solis: Willi Kehrmann.

Die program wat op 5 Julie 1950 in die konsertsaal van die *Hotel Continental* aangebied is, het veel meer ambisieus daar uitgesien:

1. Simfonie no 33 KV 319 - W A Mozart (1756-1791).
2. Klavierkonsert no 5 in E-mol opus 73 - L van Beethoven (1770-1728) (solis: Willi Frewer, dirigent: dr Max Weiss).
3. Simfonie no 11 in E-mol (Militêre Simfonie) - J Haydn (1732-1809).
4. Feesouverture - A Leutner (datums onbekend).

Die program vir dié konsert het vir die eerste keer werklik professioneel daar uitgesien. Dit was in Engels en elke werk was van keurige programnotas voorsien. Hierna sou die programme om die beurt in Afrikaans, Engels en Duits uitgegee word.

In hierdie stadium was die orkes 32 sterk en is die instrumente as volg bespeel:

Eerste viool

Tweede viool

W Kehrmann (leier)

M Küsters

Dr W Kiwi

J Meinert

R Wehner

A Reichelt

H Herle

Mev H Frahm

L Bermann

E Holtz

S Gorelick

Eerste viool . (vervolg)

W Kuhlfeldt

J Lochner

Altviool

F von Seggern

H Kius

W Schlüter

Klarinet

W Kazmaier

W Botscheider

Trompet

W Weidemann

Tjello

J Wecke

O Kuhn

Mev D Gunther

Skuiftrompet

H Normund

Kontrabas

H van der Kley

G Fainsinger

Franse horing

R Andrae

O Tückmantel

Fluit

A Böck

Dr H Wolf

W König

Harmonium

H Neuhaus

Pouke

H Kuhn

Die WMS het algaande meer bedrywig geraak. Die doelwit was twee simfoniekonserte per jaar maar weens die gebrek aan 'n vaste en blywende groep amateurspelers was dit nie altyd moontlik nie. Naas die simfonie-konserte het hulle

in samewerking met die gemengde koor, ook opgetree by die *Motetten* wat in die *Christuskirche* aangebied is, asook by ander geleenthede soos die Bach-gedenkfees op 16 September 1950 en die inwyding van die *20th Century* bioskoop op 28 Januarie 1952. In 1951 is geen eie konserte aangebied nie, maar die orkes het wel by die kerskonsert op 13 Desember 1951 saam met die Madrigaalkoor³² opgetree. Aan die einde van 1953 het die ledetal van die orkes tot 38 gestyg en kon hulle met die byvoeging van 'n hobo- en fagotspeler spog.

Die konsert op 29 Oktober 1952 in die *Hotel Continental* is aan Schumann gewy en het die mees ambisieuse werke tot dusver ingesluit, onder andere die Simfonie in d, opus 120, en die Klavierkonsert in a, opus 54, met Helga Ste-wien as soliste. Die feit dat Windhoekers trots was op hul orkes, blyk weereens uit die gunstige koerantresen-sies:

'Bewundernswert, was hier von einem Laien-
orchester - denn die wenigsten dieser
Musiker haben ein Konservatorium besucht -
geleistet wurde.'

(Bewonderenswaardig wat hier deur 'n ama-
teurorkes - want slegs enkeles van die
musici het 'n konservatorium besoek -
gelewer is.)³³

Verdere positiewe gedagtes het van die resensent van die *Advertiser* gekom:

'I doubt if there is another town of this size anywhere with an orchestra of comparable standard.'³⁴

7. WINDHOEKSE SIMFONIE-ORKES

Willi Frewer het in 1949 'n musiekwinkel begin en sy deelname aan hierdie musikale bedrywighede moes dus tot die aande beperk word. Sy dubbele betrokkenheid by die koor en orkes het te veel begin raak en die twee is geskei sodat hy sy volle aandag voortaan aan die orkes kon wy. Die orkes sou voortaan as die Windhoekse Simfonie-orkes (WSO) bekend staan. Die gemengde koor is deur Walter König oorgeneem.

In die volgende aantal jare het die WSO gereeld in die openbaar opgetree. Sewe van die Beethoven-simfonieë is uitgevoer, benewens sy vyf klavierkonserte, asook simfonieë van Mozart, Haydn, Schubert en Schumann, en viool-konserte van Bruch, Mozart, Mendelssohn en Schumann. Soliste soos Helga Stewien (klavier), Gerald Fainsinger (viool), Hildegard Bruhn (klarinet), Willi Kehrmann, Rita Kapps-Matzki, Rolf Klein (viool) en Irmgard Orth-Magura (klavier) word met die ontwikkelingsgeskiedenis van die orkes verbind. Baanbrekers soos Rolf Wehner (viool)

en Alfons Böck (fluit), wat sedert die stigting in 1920 aan die orkes verbonde was, het onder die bekendste musici in Windhoek getel.

Die werksaaamhede van die WSO het nie altyd so maklik verloop nie en 'n gebrek aan fondse het ontwikkeling dikwels gestrem. Eienaardig genoeg het die WSO nooit finansiële ondersteuning vanuit owerheidsweë gekry voor 1966, die laaste jaar van sy bestaan nie. Een van die talle artikels wat van tyd tot tyd in hierdie verband in die koe-rante verskyn het, het as volg gelui:

'Windhoek has one of the greatest tourist attractions in its unique amateur orchestra and at the moment when the entire country is realising the value of the tourist trade, nothing is being done to assist this group of musicians who could draw thousands of visitors to SWA. There is no subsidy or grant for them and no encouragement except from the music lover who fills the hall at their concerts.'³⁵

Ten spyte van die opdraende stryd finansieel, en die gedurige wisseling van spelers, was 1953 tog 'n vrugbare jaar en is daar nie minder nie as drie simfoniekonserte aangebied. Die eerste, met 32 spelers, het op 30 April 1953 in die saal van die *Hotel Continental* plaasgevind.

Die volgende program is aangebied:

1. Ouverture: *Die Geschöpfe des Prometheus*
opus 43 - L van Beethoven (1770-1827).
2. Vioolkonsert in g opus 26 - Max Bruch (1838-1920) (solis: Gerald Fainsinger).
3. Simfonie in G no 94 (*Paukenschlag*) - J Haydn (1732-1809).

Die resensies was weereens positief:

' ... the orchestra which reached a high standard last night and can certainly claim to be one of the most important cultural assets to the territory.'³⁶

Teen 31 Augustus 1953, die datum van die volgende konsert, het die ledetal tot 37 aangegroei. Spelers het soms honderde kilometers afgelê om in die orkes te kan speel, soos in die geval van mnr K Haacke, die altviolis, wat 250 kilometers ver van sy plaas aan die Nossobrivier gekom het.³⁷ Die volgende werke is uitgevoer:

1. Ouverture uit *Così fan Tutte* KV 588 -
W A Mozart (1756-1791).
2. Klavierkonsert in D KV 537 - W A Mozart
(soliste: Irmgard Orth, 15 jaar oud).
3. Simfonie no 6 in F opus 68 (Pastorale) -
L van Beethoven (1770-1827).

Aangesien die klimaat van Windhoek hom uitstekend daartoe leen, is die volgende program op 17 November 1953 in die buitelug aangebied:

1. *Eine kleine Nachtmusik* KV 525 - W A Mozart (1756-1791).
2. *Romanze in F* opus 51 - L van Beethoven (1770-1827) (soliste: Rita Kapps, 12 jaar oud).
3. Ouverture uit *Rosamunde* D 797 - F Schubert (1797-1828).
4. Simfonie no 11 (Militêre) - J Haydn (1732-1809).

In 1954 is twee konserte aangebied en die ledetal van die orkes het tot 30 lede gekrimp, waarvan die twee hobo's en fagot nie werklike spelers was nie, maar kunsmatig op die *Solo-vox* voortgebring is. Die eerste konsert het op 13 Mei 1954 in die saal van die *Hotel Continental* plaasgevind en die volgende werke is aangebied:

1. *Egmont*-ouverture opus 84 - L van Beethoven (1770-1827).
2. Trompetkonsert in E-mol opus 22 no 1 - J Haydn - (1732-1809) (solis: Gerald Fainsinger).
3. Simfonie no 4 in B opus 60 - L van Beethoven.

Die resensent in die *Allgemeine Zeitung* het die volgende mening uitgespreek:

'Die plastisch reine, besinnliche und Schwungvolle Darbietung möchte man als die beste Leistung ansehen, die uns das Windhoek Symphonie-Orchester bislang bescherte.'

(Die buigsame rein, roerende en lewendige aanbieding kan 'n mens as die beste prestasie beskou wat die WSO in 'n lang tyd aangebied het.)³⁸

Die eerste twee werke op die program is deur Dr Weiss gedirigeer.

Die tweede konsert in 1954 het op 18 November in die Sport Klub Windhoek (SKW) plaasgevind. Die volgende werke is uitgevoer:

1. Ouverture uit *Oberon* J 306 - C M von Weber (1786-1826).
2. Klavierkonsert no 3 in c opus 37 - L van Beethoven (1770-1827) (soliste: Helga Stewien).
3. Simfonie in D no 101 (*Die Uhr*) - J Haydn (1732-1809).

Die resensent van die *Advertiser* het as volg geskryf:

'Mr Willi Frewer ... is a popular conductor

who recently drew attention of Mr Gideon Roos, director of the SABC, who through *The Advertiser* made enquiries about the Windhoek Orchestra.³⁹

In 1955 is slegs een konsert aangebied en wel op 14 Mei in die saal van die *Hotel Continental*. Twee simfonieë is uitgevoer:

1. Die Vyfde Simfonie in B-mol D 485 - F. Schubert (1797-1828).
2. Die Eerste Simfonie in C opus 21 - L van Beethoven (1770-1827).

Die resesent kon kwalik meer byvoeglike naamwoorde vind om die konsert te beskryf!

'Sicher ... führte der Dirigent, Herr Frewer das Orchester zu einer prägnanten, reinen und empfindungsreiche - ausdrucksvollen Darstellung.'

(Die dirigent, mnr Frewer, het die orkes met vertroue na 'n sfeervolle, rein en gevoelryk - uitdrukingsvolle uitbeelding gelei.)⁴⁰

Die hoogtepunt van die orkes se werksaamhede in 1956 was

die uitvoering van die Mozart Requiem as deel van die vieringe ter ere van Mozart se tweehonderdste verjaardag. Die WSO en die gemengde koor het saamgewerk en die Requiem op Sondag, 29 April 1956 met groot sukses in die *Christus-kirche* uitgevoer. Die soliste was Ann Hamman (sopraan), Ruthilde Hillig (alt), Attie Visser (tenoor) en E Berker en F Norie (bas).

'Windhoek darf mit recht stolz sein auf diese Aufführung, die eine Feierstunde in wahrste Sinne des Wortes war. Mann nennt Deutschland das Land der Chöre: Es kann aber ohne Übertreibung gesagt werden, dass manche grosse Stadt Windhoek um seine solche Darbietung beneiden würde.'

(Windhoek kan met reg op hierdie uitvoering trots wees. Dit was 'n gewyde uur in die ware sin van die woord. Duitsland word die land van kore genoem: daar kan egter, sonder om te oordryf, gesê word dat menige groot stad Windhoek so 'n uitvoering sou beny.)⁴¹

Die hoop is deur drie van die resensente uitgespreek dat die Requiem herhaal sou word, maar dit was byna onmoontlik, aangesien die volgende simfoniekonsert net om die draai was.

Dit is verbasend wat Willi Frewer in sy vrye tyd kon regkry want die volgende konsert van die WSO was ook 'n uitvoering om Mozart (1756-1791) se tweehonderdste geboortedag te herdenk. Die konsert het op 24 Mei 1956 in die saal van die *Continental Hotel* plaasgevind en die volgende werke is uitgevoer:

1. Ouverture uit *Don Giovanni* KV 527.
2. Simfonie no 41 in C KV 551.
3. Vioolkonsert no 5 in A KV 219 (solis: G Fainsinger).
4. Ouverture uit *Le Nozze di Figaro* (Die huwelik van Figaro) KV 492.

Sommige van die resensies was weereens in die oortreffende trap:

'In diesem Klankkörper herrscht fühlbar
freiwillige, künstlerische Disziplin ...
Herr Frewer dirigierte mit feinstem
Stilgefühl, das vom Orchester mit
idealer Anpassung aufgenommen wird.'

('n Mens kan aanvoel dat in hierdie
klankliggaam vrywillige, kunstige dis-
cipline heers ... mnr Frewer het met die
fynste gevoel vir styl gedirigeer en dit
is met ideale aanpassing deur die orkes
oorgeneem.)⁴²

'Die moedige Willi Frewer is op 'n groepie amateurs aangewese en Donderdag hê hulle ook soos amateurs gespeel.'⁴⁵

Die mening van 'n ander resensent:

'Dit was egter duidelik dat die orkes nie heeltemal op sy gemak met Schumann is nie.'⁴⁶

In 1957, die jaar waarin die WSO sy tienjarige bestaan gevier het, is daar, ironies genoeg, geen konserte aangebied nie. In 1958 is die WSO met die SA Kunsvereniging⁴⁷ geaffilieer, waarskynlik om die gebrek aan fondse gedeeltelik die hoof te bied. Na 'n pouse van meer as een en 'n half jaar, het die volgende konsert op 21 Mei 1958 in die Spoorwegsaal plaasgevind. Die volgende werke is aangebied:

1. Ouverture uit *Iphigenie in Aulis* - C W Gluck (1714-1787).
2. Vyfde Simfonie in B-mol D 485 - F Schubert (1797-1828).
3. Eerste Simfonie in C opus 21 - L van Beethoven (1770-1827).

Die orkes is goed ondersteun en grootliks verwelkom na die lang stilswye.

'Wenn es Herrn W Frewer, dem Dirigenten des Windhoecker Orchesters, in einer Zeit, in der die Liebhaberorchester aller Länder durch dem starken Einfluss von Radio, Grammophon und Tonband im Zurückgehen sind, gelungen ist, mit einer derartigen Leistung aufzuwarten, wie es gestern abend in ausverkauften Saal des Eisenbahnerklubs der Fall war, so ist dies mehr als Lobenswert.'

(As mnr W Frewer, die dirigent van die Windhoekse orkes, in 'n tyd waarin die amateurorkeste dwarsdeur die wêreld nadelig getref word deur die sterk invloed van die radio, die grammofoon en die bandopname, desondanks werk van die gehalte lewer soos gisteraand in die uitverkoopte saal van die Spoorwegklub, is dit meer as lofwaardig.)⁴⁸

Die tweede konsert van 1958 het weer in die Spoorwegsaal plaasgevind en wel op 26 Augustus. Die program:

1. Ouverture: *Die Geschöpfe des Prometheus*
opus 43 - L van Beethoven (1770-1827).
2. *Haffner*-simfonie in D no 35 KV 385 -
W A Mozart (1756-1791).

3. Ouverture uit *Rosamunde* D 797 - F Schubert (1797-1828).
4. Tweede Simfonie in D opus 36 - L van Beethoven.

Een resensent het gemeld dat daar nuwe gesigte in die orkes is.⁴⁹ 'n Ander resensent het opgemerk dat die orkes se klank baie sedert die vorige konsert verbeter het, en veral Willi Frewer se goeie dirigeer-tegniek aangeprys.

' ... und es war bemerkenswert, wie er seine Spieler auch "in der linken Hand halte" ... '

(... en dit was opmerklik hoe hy sy spelers 'in die linkerhand gehad het' ...)⁵⁰

Die WSO kon in 1959 slegs een konsert bied en wel op 8 September in die saal van die *Hotel Continental*.

Die program:

1. Ouverture uit *Der Schauspieldirektor* KV 486 - W A Mozart (1756-1791).
2. Klarinetkonsert in A KV 622 - W A Mozart (soliste: Hildegard Bruhn).
3. Variasies vir twee klaviere op 'n tema van Haydn opus 56B - J Brahms (1833-1897) (soliste: Willi Frewer en Helga Stewien).
4. Scherzo uit *A Midsummer Night's Dream* opus 61 - F Mendelssohn (1809-1847).

5. Eerste deel (allegro vivace) uit die Simfonie
no 4 opus 90 (Italiaanse) - F Mendelssohn

Die konsert, en in besonder die werk vir twee klaviere, het groot byval gevind. Volgens die resensent van *Die Suidwester* het Willi Frewer, ten spyte van slegs 35 spelers, daarin geslaag om goeie klank uit die orkes voort te bring.

'Die volume wat die dirigent uit sy spelers ontlok het, was verbasend en tegnies was dit uitstekend afgerond.'⁵¹

Die jaar 1960 was 'n besondere jaar vir die WSO. Die hoogtepunt was 'n halfuur-lange uitsending van die orkes oor die Afrikaanse diens van die SAUK op Sondag, 10 April; 'n gebeurtenis wat met trots deur die plaaslike pers aangekondig is.⁵²

Die bouwerk aan die Kunsteater was byna voltooi en intussen is 'n fonds gestig om 'n vleuelklavier aan te koop.⁵³

Die WSO het sy deel bygedra en die konsert op 28 Junie 1960 in die *Hotel Continental* is ten behoeve van die vleuelfonds aangebied. Die volgende werke is uitgevoer:

1. Ouverture uit *Don Giovanni* KV 527 - W A Mozart
(1756-1791).

2. Ouverture uit *Peter Schmoll* J 8 - C M von Weber (1786-1826).
3. Balletmusiek uit *Margarethe* - C Gounod (1818-1893).

Een van die resensente het daarop gewys dat die individualiteit in 'n orkes plek maak vir 'n onselfsugtige bydrae tot die algehele klankbeeld van 'n nuwe klankliggaam - die orkes. Hierdie klanksamehorigheid is een van die grootste probleme waarmee enige orkes rekening moet hou - selfs beroepsorkeste.

'Des te meer verdien die WSO alle lof vir die wyse waarop amateurs wat nie eens baie gereeld kan oefen nie, daarin slaag om klank en samespel van gehalte te lewer.'⁵⁴

Tydens die amptelike opening van die Kunsteater op 3 Oktober 1960, het die WSO 'n belangrike rol gespeel en die verrigtinge is geopen met die ouverture tot die opera *Semiramis* van Rossini.⁵⁵

Nadat daar vir meer as 'n jaar fondse ingesamel is vir 'n konsertvleuel, is die droom uiteindelik bewaarheid en kon die nuwe Bechstain-vleuel feestelik ingewy word met 'n simfoniekonsert op 22 November 1960. Die ledetal het intussen tot 31 gekrimp maar dit het die orkes nie verhin- der om 'n ambisieuse program aan te bied nie.

1. Ouverture uit *Der Schauspieldirektor* KV 486 - W A Mozart (1756-1791).
2. Vyfde Simfonie in B-mol D 485 - F Schubert (1797-1828).
3. Klavierkonsert no 1 in C opus 15 - L van Beethoven (1770-1827) (soliste: Helga Stewien).
4. Leonore-ouverture no 3 opus 72b - L van Beethoven.

Die konsert was uiters geslaagd en die orkes kon vir die eerste keer in 'n goed-toegeruste teater, met goeie akoestiek en beligting, speel. Gaandeweg is daar tog hoëre eise aan die orkes gestel en een resensent het daarop gewys dat die vervanging van hobo en fagot op die *Solo-vox* tog steurend is, al speel die res van die blasers suiwer.⁵⁶

'n Ander resensent het geskryf van 'a loss of interest' in die Schubert-simfonie en 'some string section confusion' in die Leonore-ouverture.⁵⁷

In 1961 het die WSO twee konserte aangebied; op 18 Augustus in die Kunsteater en 'n Adventskonsert op 28 November in die *Christuskirche*. Die program vir 18 Augustus het as volg daar uitgesien:

1. Ouverture uit *Die Zauberflöte* KV 620 - W A Mozart (1756-1791).
2. Agste Simfonie in b D 759 (Onvoltooide) - F Schubert (1797-1828).
3. Violkonsert in e opus 64 - F Mendelssohn (1809-1847) (solis: Gerald Fainsinger).

4. Ouverture uit *Euryanthe* J 291 - C M von Weber
(1786-1826).

Die resensente van sowel die *Allgemeine Zeitung*⁵⁸ as die *Advertiser*⁵⁹ was vol lof vir die hoë standaard van die orkes en albei het van die gehoor se geesdrif melding gemaak.

Die WSO het, as deel van die Adventskonsert op 28 November 1961, Händel se Orkeskonsert no 25 (Watermusiek) in sy geheel uitgevoer. Volgens die resensent van die *Allgemeine Zeitung*,⁶⁰ Dr Max Weiss, het Willi Frewer se moeilikhede lank voor die eerste oefening begin, want groot gedeeltes van die partituur moes oorgeskryf word om by die WSO aan te pas. Ten spyte van die hitte was die konsert 'n groot sukses.

In 1962 het die WSO twee simfoniekonserte aangebied en aan 'n Kerskonsert deelgeneem. Die eerste simfoniekonsert het op 22 Mei 1962 in die Spoorwegsaal plaasgevind en, ten spyte van ontevredenheid oor die Kunsteater, wat blykbaar die aand leeggestaan het, is die konsert goed ondersteun. Die volgende werke is uitgevoer:

1. *Concerto Grosso* opus 6 no 6 - G F Händel
(1685-1759).
2. Klarinetkonsert no 1 in f opus 73 - C M von Weber (1786-1826) (soliste: Hildegard Bruhn).

3. Eerste Simfonie in D, D 82 - F Schubert
(1797-1828).

Dr Max Weiss het 'n besonder waarderende resensie geskryf en die orkes, wat intussen tot 30 lede gekrimp het, vir hul goeie samespel geprys, ten spyte van die feit dat 'n groot groep van hulle ook nog meegewerk het aan die Johannes-passie van Bach in Maart.⁶¹ Dr Weiss het die klarinetkonsert as hoogtepunt van die aand uitgesonder.

'Dass Windhoek eine Virtuosin im Klarinet-
tenspiel besitzt, ... ist ein ganz beson-
derer Glücksfall.'

(Dit is besonder gelukkig dat Windhoek
'n klarinetvirtuose besit.)⁶²

Die konsert op 14 Augustus 1962 het weer in die Kunsteater plaasgevind en by dié geleentheid was daar weer 32 spelers in die orkes. Die volgende werke is uitgevoer:

1. Ouverture - Adagio - Menuetti - Allegro uit
The Water Music - G F Händel (1685-1759).
2. Vioolkonsert no 4 in D KV 218 - W A Mozart
(1756-1791) (solis: Rolf Klein).
3. Derde Simfonie in E-mol opus 97 - R Schumann
(1810-1856).

Die agttienjarige violis, Rolf Klein, 'n leerling van Friedgard von Koenen, het sy debuut as solis gemaak en is met luide applous en goeie resensies beloon.

'Kleins Spiel war bravourös, manchmal -
für Mozart - etwas su forsch, aber auch
warm und formschön '

(Klein se spel was vol bravura, meestal -
vir Mozart - ietwat te fors, maar ook
warm en skoon in vorm ...)⁶³

Op 11 Desember 1962 het die WSO vir die grootste gedeelte van die Kerskonsert in die *Christuskirche* gesorg. Die orkes het twee selfstandige werke uitgevoer:

1. Ouverture in D vir strykers - C W Gluck
(1714-1787).
2. Simfonie no 26 in d (*Weihnachtssymphonie*) -
J Haydn (1732-1809).

Verder het die orkes die begeleiding by twee geleenthede verskaf: 'n uitvoering van Bach se Kantate no 118 deur 'n gemengde koor van die Gereformeerde Kerke, onder leiding van Hans Maske, en by die eerste uitvoering van twee kersliedere deur dr Weiss, verwerk vir bariton en strykorke.

In sy strewe na 'n hoër standaard kon die WSO nie meer so

dikwels optree nie. Vanaf 1963 is slegs een keer per jaar 'n simfoniekonsert aangebied. Maar dit was nie die enigste rede nie - finansies het 'n groot rol gespeel. Daar was in die verlede by herhaling in koerantresensies genoem dat die spelers geen betaling ontvang het nie. Die feit is ook beklemtoon dat die orkes geen finansiële hulp vanuit owerheidsweë kry nie. Die eerste finansiële ondersteuning het eers in 1966 gekom - ironies genoeg die laaste jaar van die orkes se bestaan.

Na 'n stilte van tien maande, het die WSO op 26 Oktober 1963 'n simfoniekonsert in die Kunsteater aangebied. Die ledetal het intussen tot slegs 20 gekrimp en Willi Frewer het uit desperaatheid van twee gasspelers gebruik gemaak. Mnr Kreiner, 'n tjellis het uit Karibib, sowat 200 kilometer vanaf Windhoek, gekom en mnr Haacke, 'n alt-violis, sowat 250 kilometer ver van sy plaas aan die Nos-sobrivier. Die omstandighede was alles behalwe ideaal maar dit het Willi Frewer nie daarvan weerhou om 'n interessante program aan te bied nie.

1. *Spielmusik für Streicher* opus 61 - Kurt Hesen-
senberg (1908-).
2. *Concerto Grosso* in F opus 6 no 9 - G F Händel
(1685-1759).
3. Konsert vir klawesimbel no 6 in F - J Haydn
(1732-1809) (soliste: Helga Stewien).
4. Serenade vir strykers opus 48 - P Tschaikowsky
(1840-1893).

Vir die eerste keer het die orkes 'n moderne werk aangepak en verbasend genoeg is die komposisie van Hessenberg baie goed ontvang.⁶⁴

Die program van die simfoniekonsert op 6 Junie 1964 was as volg:

1. Brandenburg-konsert no 3 in G BWV 1048 -
J S Bach (1685-1750) .
2. Kontrapunt in a vir strykkorke - Max Weiss
(1901-1972) (eerste uitvoering van die werk,
opgedra aan die WSO) .
3. Serenade no 6 vir strykers - W A Mozart (1756-
1791) .
4. Tafelmusiek-suite vir kamerorke - G P Telemann
(1681-1787) (derde deel no 1, in 1733 gekomponeer) .
5. Serenade vir strykkorke opus 20 - E Elgar
(1857-1934) .
6. Concertino vir slagwerk-solo, klavier vierhandig
en strykkorke (1958) - A Rosenstengel (datums
onbekend) (solis: dr F Hornburg; klavier:
Ruthilde Hillig en Helga Stewien).

Willi Frewer het hom al hoe meer begin verlaat op werke vir strykkorke en kamerorke, aangesien blasers òf nie beskikbaar was nie, òf nie aan sy standarde voldoen het nie.

Vir dié geleentheid moes twee hobospelers uit Kaapstad ingevoer word. Nadat die WSO vir jare slegs musiek uit die

Klassieke en Romantiese tydperke gespeel het, was dit 'n welkome afwisseling in spyse wat deur publiek en resensente met entoesiasme en waardering ontvang is.⁶⁵ Die *Kontrapunt* van dr Weiss is ook later deur die Kaapse Stadsorkes onder leiding van Eric Chisholm uitgevoer. Die bogenoemde program, op een uitsondering na, is op 10 Oktober 1964 onder beskerming van die Swakopmundse tak van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging in Swakopmund uitgevoer. Die konsert is ook op 31 Oktober 1964 in Karibib aangebied.

1965 was 'n besondere jaar vir die WSO. Windhoek het sy vyf-en-sewentigste bestaansjaar gevier en toevallig het dit met die vyf-en-veertigste jubileum van die WSO saamgeval. Op 2 Oktober 1965 is 'n jubileumkonsert in die nuwe grootsaal van die Sportklub Windhoek aangebied. Die orkes is vir dié geleentheid met spelers uit Swakopmund, Karibib, Gobabis, Tsumeb en Kaapstad aangevul tot veertig lede. Die feesprogram is in sy geheel in drie tale uitgegee, en van baie keurige programnotas voorsien deur dr Weiss (Duits), Helga Stewien (Engels) en dr Hans Maske (Afrikaans). Dit het 'n boodskap van die burge-meester van Windhoek, mnr Sam Cohen, en 'n voorwoord deur die erepresident van die orkes, mnr Rolf Wehner, ingesluit. Die volgende werke is uitgevoer:

1. Simfonie no 7 in A opus 92 - L van Beethoven
(1770-1827).

2. Konsert no 2 in E-mol op 74 vir klarinet en orkes - C M van Weber (1786-1826) (solis: Herbert Klein).
3. Konsert in d vir twee klaviere (1932) - F Poulenc (1899-1963) (soliste: Willi Frewer en Helga Stewien; dirigent: dr Max Weiss).
4. Ouverture uit *The Merry Wives of Windsor* - O Nicolai (1810-1849).

Die solis in die klarinetkonsert, Herbert Klein, is 'n broer van Rolf Klein, die violis wat in 1962 as solis saam met die orkes opgetree het. Hy was 'n leerling van Hildegard Bruhn, en het kort voor die konsert uit Duitsland teruggekeer, waar hy hom as klarinettis bekwaam het. Herbert Klein, sy broer Rolf, die violiste Rita Kapps-Matski, en die pianiste Irmgard Orth-Magura, wat almal by geleentheid as soliste saam met die orkes opgetree het, is almal Windhoekers wat as kinders begin lesneem het by lede van die orkes. Dit was een van die redes vir Willi Frewer se ideaal van 'n konservatorium in Windhoek; sodat hy meer van die opkomende geslag in sy orkes kon opneem en nie van ingevoerde musici gebruik hoef te maak nie.⁶⁶

1966 was weer eens 'n feesjaar. Die WSO het vir die eerste keer finansiële ondersteuning van die SWA Administrasie gekry en ter vyfjarige viering van die Republiek van Suid-Afrika is drie simfoniekonserte aangebied, naamlik

in Swakopmund op 11 Julie, op Otjiwarongo op 12 Julie en in Windhoek op 14 Julie 1966.

Die konsert in Windhoek is aangebied in die nuwe Aula van die DHPS. Danksy die R2 000 subsidie van die SWA Administrasie en 'n R500 skenking van 'n Johannesburgse miljoenêr, kon die orkes vergroot word tot 48 lede, waarvan byna die helfte beroepsmusici uit die Republiek van Suid-Afrika. Die program was andermaal luuks, drietalig en op glanspapier gedruk. Die volgende werke is uitgevoer:

1. Ouverture uit *Der Freischütz* J 277 - C M von Weber (1786-1826).
2. Konsert in D KV 314 vir fluit en orkes - W A Mozart (1756-1791) (soliste: Eva Tamassy uit Stellenbosch).
3. Simfonie no 5 in e opus 64 - P Tschaikowsky (1840-1893).

Die versterking met beroepsmusici het plaaslike spelers sô geïnspireer dat die eindresultaat 'n reuse sukses was. Dr Max Weiss het geskryf:

'Das Ergebnis übertraf auch hochgespannte Erwartungen und Willi Frewer als Dirigent hat sich dabei selbst übertroffen.'

(Die resultaat het hoë verwagtinge oorskry

en Willi Frewer het homself as dirigent oortref.)⁶⁷

'n Redelike oorsigtelike en 'louwarm' resensie in die *Windhoek Advertiser* van 15 Julie 1966 het 'n paar dae later 'n taamlik bitsige aanval deur 'Music Lover' uitgeloek. Laasgenoemde het gemeen dat daar met veel meer lof oor die konsert geskryf kon word en dat dit beskou kon word as

'without doubt the most successful orchestral concert ever organised through local effort.'⁶⁸

Ironies genoeg was hierdie musikale hoogtepunt die laaste konsert van hierdie aard wat die WSO aangebied het. Willi Frewer, die dryfkrag agter die orkes, se gesondheid het begin verswak en heelparty van die orkesspelers het Windhoek verlaat. Finansies was 'n groot probleem. Die merendeel orkeswerke kon nie sonder spelers van buite uitgevoer word sonder om standaard drasties in te boet nie. Om gasspelers in te voer was onekonomies: daar kon eenvoudig nie soveel geld ingesamel word nie. Die orkes het nooit amptelik ontbind nie, maar nooit weer as simfonie-orkes opgetree nie.⁶⁹ Ernst Scherer het 'n klein groepie spelers saam met sy kore gebruik en die groep het 'n paar keer onder die naam *Windhoekse Kamerorkes* opgetree. Die dae van simfoniekonserte, met plaaslike talent, was getel

en die einde van 'n era van amateurmusici het aangebreek. Alle hoop was op die stigting van 'n konservatorium gevestig, wat hopelik 'n nuwe tydvak in die musieklewe van Windhoek sou inlei.

VOETNOTAS : HOOFSTUK V

1. *Windhuker Nachrichten*: 28 Feb 1907 en 14 Mrt 1907.
2. *Windhuker Nachrichten*: 27 Feb 1909.
3. *Windhuker Nachrichten*: 27 Mrt 1909.
4. *Windhuker Nachrichten*: 16 Jul 1910.
5. *Der Südwestbote*: 19 Apr 1911.
6. Schubert het altesaam 6 *Tantum Ergos* geskryf. Dit is nie bekend watter een uitgevoer is nie.
7. *Der Südwestbote*: 23 Nov 1913.
8. *Der Südwestbote*: 15 Mrt 1915.
9. *Der Kriegsbote*: 4 Des 1917.
10. *Der Kriegsbote*: 27 Mei 1918.
11. *Der Kriegsbote*: 7 Jun 1918.
12. *Ibid.*
13. *Der Kriegsbote*: 29 Aug 1918.
14. *Der Kriegsbote*: Jun tot Okt 1918.
15. *Der Kriegsbote*: 10 Apr 1919.
16. Notules van die *WMF* aanwins no A 13, Windhoekse Staatsargief.
17. *Ibid.*
18. Geleentheidsmusiek vir 'n drama van Racine met dieselfde titel.
19. *Landeszeitung*: 16 Okt 1920.
20. Gewoonlik is programme in Duits gedruk.
21. *Allgemeine Zeitung*: 28 Jan 1923.
22. Notules van die *WMF*, aanwins no A 13, Windhoekse Staatsargief.

23. *Allgemeine Zeitung*: 23 Mei 1931.
24. *Allgemeine Zeitung*: 15 Sep 1937.
25. Sien p. 202 van hierdie verhandeling.
26. *Allgemeine Zeitung*: 27 Jul 1938.
27. Notules van die *WMF*, aanwins no A 13, Windhoekse Staatsargief.
28. Tans Jan Kempdorp.
29. Uit die Jochen Voigts-skenking, aanwins no A 17, Windhoekse Staatsargief.
30. Sien p. 273 van hierdie verhandeling.
31. *Die Suidwester*: 14 Apr 1949.
32. Sien p. 233, voetnota no 20.
33. *Allgemeine Zeitung*: 30 Okt 1952.
34. *Windhoek Advertiser*: 30 Okt 1952.
35. *Windhoek Advertiser*: 15 Apr 1953.
36. *Windhoek Advertiser*: 1 Mei 1953.
37. *Allgemeine Zeitung*: 1 Sep 1953.
38. , *Allgemeine Zeitung*: 14 Mei 1954.
39. *Windhoek Advertiser*: 19 Nov 1954.
40. *Allgemeine Zeitung*: 25 Mei 1955.
41. *Allgemeine Zeitung*: 30 Apr 1956.
42. *Allgemeine Zeitung*: 25 Mei 1956.
43. *Die Suidwester*: 26 Mei 1956.
44. *Ibid.*
45. *Die Suidwester*: 28 Jul 1956.
46. *Die Suidwes-Afrikaner*: 31 Jul 1956.
47. Sien p. 213 van hierdie verhandeling.

48. *Allgemeine Zeitung*: 22 Mei 1958.
49. *Windhoek Advertiser*: 29 Aug 1958.
50. *Allgemeine Zeitung*: 27 Aug 1958.
51. *Die Suidwester*: 12 Sep 1959.
52. *Allgemeine Zeitung*: 8 Apr 1960.
Die Suidwester: 9 Apr 1960.
53. Sien p. 217 van hierdie verhandeling.
54. *Allgemeine Zeitung*: 30 Jun 1960.
55. Sien p. 218 van hierdie verhandeling.
56. *S.W. Bulletin*: 1 Des 1960.
57. *Windhoek Advertiser*: 24 Nov 1960.
58. *Allgemeine Zeitung*: 21 Aug 1961.
59. *Windhoek Advertiser*: 31 Aug 1961.
60. *Allgemeine Zeitung*: 30 Nov 1961.
61. Sien p. 295 van hierdie verhandeling.
62. *Allgemeine Zeitung*: 23 Mei 1962.
63. *Allgemeine Zeitung*: 15 Aug 1962.
64. *Allgemeine Zeitung*: 29 Okt 1963.
Windhoek Advertiser: 28 Okt 1963.
Die Suidwester: 2 Nov 1963.
65. *Allgemeine Zeitung*: 9 Jun 1964.
Die Suidwes-Afrikaner: 9 Jun 1964.
Windhoek Advertiser: 10 Jun 1964.
66. Gesprekke met dr E Woehler. Windhoek, Okt 1981.
67. *Allgemeine Zeitung*: 15 Jul 1966.
68. *Windhoek Advertiser*: 22 Jul 1966.
69. Gesprekke met orkeslede soos Fritz von Seggern, Friedgard von Koenen en Rita Johnstone. Windhoek, Mrt 1982.

HOOFSTUK VI

MUSIEK-, SANG- EN KULTUURVERENIGINGS

1. DIE WINDHOEKSE MANNEKOOR

Die algemene Duitse musieksmaak in die negentiende eeu het voorkeur aan militêre orkeste en mannekore gegee, waarskynlik as gevolg van Duitsland se vele militêre aktiwiteite, nie alleen in Europa nie maar ook in die verskillende Duitse kolonies. Die militêre orkes was wel in Windhoek se beginjare baie gewild, maar daar was nouliks genoeg stemme beskikbaar om 'n mannekoor op die been te bring. Lede van die *Kriegerverein* het in 1899 'n mannekoor gestig, maar dit het net tot in 1902 bestaan. In 1901 het daar in die *Turnverein* 'n kwartet, die sogenaamde *Sängerriege*¹ ontstaan. Dit het egter in 1906 doodgeloop.²

Die Windhoekse Mannekoor of *Windhuker Männergesangsverein* (MGV), soos dit destyds bekend gestaan het, is op 4 April 1907 gestig met aanvanklik slegs tien lede. Otto Busch is as die eerste voorsitter gekies en die leiding is deur 'n trompetter in die Keiserlike Verdedigingsmag, *Vize-wachtmeister* Haffkemeier, waargeneem. Hy is kort na die stigting deur sersant Bernard Schinkoethe opgevolg. Op 21 Augustus 1908, byna 'n jaar na sy aankoms in Suidwes, is Hans Müller tot leier verkies.³

Volgens die vroeë notules wil dit voorkom of daar gedurende die eerste maande meer bier gedrink is as wat daar geoefen is, maar Hans Müller het gou die koordissipline opgeskerp sodat daar na sy oorname met ywer geoefen is. Op 25 Desember 1908 het die vereniging, toe al agtien sangers sterk, vir die eerste keer tydens die Kersfeesvieringe opgetree. Op 31 Julie 1909 kon die koor al 'n redelike program, wat onder andere die Nederlandse Volksliedere van E Kremser ingesluit het, in die openbaar uitvoer. By hierdie geleentheid was daar al dertig sangers in die koor, 'n getalsterkte wat min of meer tot in 1925 gehandhaaf is.⁴

Reeds na hul eerste optrede het die koorlede geld vir 'n eie wapen begin insamel. Hoewel dit maar opdraend gegaan het, kon hulle uiteindelik op 7 Mei 1910 die wapen van die Godesbergse vlagfabriek bestel. Die wapen het 950 *Gold Mark* (vandag ongeveer R6 000) gekos. Dit was baie kunstig met die hand geborduur en plek-plek byna 2½ cm dik.⁵ Intussen is nog konserte ter stywing van die wapenfonds gehou, en op 5 en 6 November 1910 is die wapen met groot feesvieringe in gebruik geneem. Dit was nie slegs 'n fees van die mannekoor nie, maar 'n fees waarvan die hele Windhoek deelgeneem het. Daar was versierings in die strate, vlae het oral op huise se dakke gewapper, en daar was oral bedrywighede om hierdie eerste groot sangfees in Suidwes te vier. Verskeie hoogwaardigheidsbekleërs en voorsitters van ander verenigings, soos die *Turnverein* en die *Kriegerverein*, het toesprake gelewer.

Die wapen is amptelik deur die waarnemende goewerneur, mnr E Bruckner, onthul en daarna deur pastor P Coerper ingeseën. Die *Windhuker Nachrichten* van 11 November 1910 het 'n spesiale blad net aan die fees gewy en die kulturele en nasionale betekenis van die koor in Suidwes beklemtoon. Daar is nêrens melding gemaak van die musiek wat tydens die fees gesing is nie; blykbaar was die feit dat daar inderdaad in so 'n jong land 'n koor gestig is met die belofte wat dit vir die toekoms ingehou het, genoeg rede vir feesvieringe op groot skaal.

In die volgende klompie jare het die vereniging meer dikwels met ander sangverenigings in Duitsland begin skakel en op 22 April 1912 het die *MGV* lid van die *Deutsche Sängerbund* geword.⁶

Op 5 April 1914 is die sewende herdenkingsjaar met groot sukses gevier en is daar met 'n fondinsameling vir 'n vleuelklavier begin. Die koor het op 30 Mei 1914 by die skou opgetree en uit dankbaarheid vir hul uitstekende sang het die skoukomitee 'n bedrag van Mk 300 (ongeveer R135) vir die vleuelfonds geskenk.⁷

Die *MGV* en die kerkkoor het op 20 Julie 1914 vir die eerste keer bymekaargekom om aan 'n gesamentlike uitvoering te werk. Die eindresultaat is egter nooit bereik nie, want op 2 Augustus 1914 het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek. Die vereniging het op 5 Augustus 1914 vir die laaste keer

bymekaargekom aangesien meeste lede van die verdedigingsmag vir mobilisering opgeroep is. Die vleuelfonds, wat reeds op Mk 800 gestaan het, is aan die Rooikruis geskenk.

Na die oorgawe van die Duitse soldate by Khorab is die aktiewe lede van die verdedigingsmag by Aus geïnterneer, en is die reserviste en burgermaglede toegelaat om terug te keer huis-toe. Op 21 September 1915 het 21 sangers weer vir die eerste keer bymekaargekom om te oefen. Op 21 November 1915 het die *MGV* by die 22ste *Motette* in die *Christuskirche* opgetree in 'n diens ter nagedagtenis van die gesneuweldes. Dit het as volg daar uitgesien:

1. *Totenklage* (orrelsolo) - F Wermann (1840-1906).
2. *Pilger auf Erde* (Kantate vir mannekoor) - Peter Cornelius (1824-1874).
3. *Tröstet euch* (baritonsolo uit die *Trauerkantate*) - K Grammann (1844-1897).
4. *Zum Gedächtnis* (koor) - Hans Müller (1885-1955).
5. *Mag euch die Liebe weinen* (baritonsolo) - A Winterberger (1834-1914).
6. *Da unten ist Friede* (koor) - E Kloss (1863-1910).⁸

Van 1916 tot 1918 het die koor vyf keer opgetree en 'n aansienlike bedrag vir liefdadigheid ingesamel. Teen die einde van 1918 het die eerste van 'n reeks rampe die koor getref. Sewe van die lede het in die Spaanse griepiepidemie

gesterf. Op 24 November 1918 is daar 'n wydingsdiens in die kerkhof ter ere van die tweehonderd slagoffers van die griep in Windhoek gehou. Die mannekoor het by die geleentheid opgetree. Vanaf April 1919 is die lede van die verdedigingsmag (*Schutztruppe*) gedeporteer en die vereniging het sodoende heelwat lede verloor. Die klein klompie wat oorgebly het, het hulle egter nie lank laat ontmoedig nie. Hoewel hulle 'n paar maande nie eers aan sing wou dink nie, het hulle weer op 8 September 1919 begin oefen en tydens 'n Kerskonsert op 29 Desember 1919 opgetree.⁹

In 1920 het die vereniging heelwat aktiewe lede bygekry en is daar besluit om 'n konsertvleuel aan te koop. Aandele ter waarde van £300 is teen £1 stuk verkoop en in dieselfde jaar nog, kon 'n Blüthner-vleuel aangekoop word.¹⁰

Op 1 Mei 1921 het die mannekoor vir die eerste keer na die oorlog met groot sukses 'n selfstandige konsert in die *Zoogarten* gehou. In dieselfde jaar het hulle ook saam met die kerkkoor, die *WMF* en skoolkinders van die Duitse skool by laasgenoemde se skoolbasaar¹¹ opgetree. Een van die hoogtepunte van die konsert was 'n komposisie van Hans Müller, *Rheintreue*, wat vir die eerste keer uitgevoer is.

Die volgende twee jaar was die mannekoor redelik aktief. Op 22 en 24 Mei 1922 het die vereniging sy vyftiende bestaansjaar met 'n konsert gevier. *Die Allmacht* van Schubert, in 1870 verwerk deur Liszt, was die hoofwerk op

die program. Op 30 Julie van dieselfde jaar het die koor ook by die inwyding van die nuwe geboue van die *Realschule* opgetree. Teen die begin van 1922 het die mannekoor drie erelede, 34 aktiewe en 65 passiewe lede gehad.¹²

In 1923 het die mannekoor in samewerking met die *WMF* nie minder nie as vier konserte aangebied. Die eerste was op 18 April 1923 in die *Turnhalle* ter herdenking van die ses-tiende bestaansjaar van die koor. Volgens egte Duitse tradisie is die konsert met 'n bal afgesluit. Behalwe orkeswerke deur die *WMF* het die mannekoor die volgende werke uitgevoer:

1. *Sängergelöbniß* vir mannekoor en orkes -
G Döring (datums onbekend).
2. *An das Vaterland* vir mannekoor - M Zenger
(1837-1911).
3. *Deutsches Volksgebet* vir mannekoor - F Janoske
(datums onbekend).
4. *Pilgerchor* uit *Tannhäuser* vir mannekoor en or-
kes - R Wagner (1813-1883).
5. *Wenn mein Mädel winkt* vir mannekoor - G Wohl-
gemuth (1863-1937).
6. *Wein Weib und Gesang* vir dubbelkwartet, viool,
tjello en klavier - J Strauss II (1825-1899)
(deur Hans Müller verwerk).
7. *Mädel lass das Stricken* vir mannekoor - E Bezler
(datums onbekend).

8. *Horch was kommt vir mannekoor - Volkslied*
(verwerk deur P Wolfram).

Na die oorlog was daar nog steeds hongersnood in dele van Duitsland, en op 23 Mei 1923 het die mannekoor, in samewerking met die *WMF*, 'n konsert ten behoeve van die nood in die Ruhrgebied gehou. Die mannekoor het 'n paar liedere uit die vorige konsert herhaal en verder volksliedere en liedere van patriotiese aard gesing. Die bywoning van die konsert het blykbaar 'veel te wense oorgelaat' en 'n bedrag van slegs £25 is ingesamel.¹³

Op 14 September 1923 het die *MGV* 'n feeskonsert in die *Hotel Kaiserkrone* aangebied ter viering van Hans Müller se vyftiende jaar as dirigent van die koor. Hulle is bygestaan deur die *WMF* en soliste Paul Richter (viool) en Eduard Zimmer (tjello).

Behalwe kamermusiek en orkeswerke op die program, het die mannekoor die volgende bydraes gelewer:

1. *Schottischer Bardenchor* - F Silcher (1789-1860).
2. *Jungkönig Lenz* -
Gesellen-Wanderlied - H Jüngst
(1853-1923)
Fahrende Leut -
3. *Pilgerchor uit Tannhäuser* - R Wagner (1813-1883).
4. *Schifferlied* (dubbelkwartet) - F Silcher.

5. *Zwei Rosen* (dubbelkwartet) - Hans Müller
(1885-1955).
6. *Landerkennung* vir baritonsolo, mannekoor en orkes - E Grieg (1843-1907).
7. *Mein Mädel hat einen Rosenmund* - volkslied -
verwerk deur E Gebhardt.
Pappelmäulchen - volkslied - verwerk deur
G Wohlgemuth.
8. *Am Wörter See* vir mannekoor en orkes - T Koschat
(1845-1914).

Hans Müller het by die geleentheid 'n geskenk van die mannekoor ontvang, asook 'n lourierkrans met 'n inskripsie van die burgemeester waarin hy bedank is vir sy aandeel in die musieklewe van Windhoek.¹⁴

Op 19 Oktober 1923 het die *WMF* 'n konsert in die *Hotel Kaiserkrone* aangebied en die mannekoor het by die geleentheid 'n paar stukke uit hul vorige konsert herhaal.

Die volgende twee jaar het minder goed verloop en die vereniging het heelwat lede verloor. In 1926 het vooruitsigte verbeter en op 14 Junie 1926 kon die vereniging weer 'n konsert in samewerking met die *WMF* aanbied. Die belangrikste bydrae van die mannekoor was *Die Allmacht* van Schubert/Liszt wat ook in 1922 uitgevoer is. Origens is volksliedere van populêre aard uitgevoer.

Die *MGV* se twintigjarige fees op 14 en 15 Junie 1927 was weer 'n groot geleentheid van besondere betekenis, want op 15 Junie 1927 is die *Südwestafrikanische Sängerbund* gestig. Die program wat in samewerking met die *WMF* aangebied is, het uit 'n verskeidenheid a capella-kore, kore met orkes, instrumentale- en orkeswerke bestaan. Die twee hoofwerke op die program was:

1. *Huldigungschor* (gebaseer op *Die Ruinen von Athen* van Beethoven) vir mannekoor en orkes - W. Moldenhauer (datums onbekend).
2. Inleiding tot die derde bedryf en *Matrosenchor* uit *Der Fliegende Holländer* vir mannekoor en orkes - R Wagner (1813-1883).¹⁵

In dieselfde jaar het die mannekoor Okahandja besoek, en het die Windhoekse, Swakopmundse en Okahandja mannekore vir die eerste maal gesamentlik by die vyf-en-twintigjarige fees van die Swakopmundse mannekoor opgetree.¹⁶

Hans Müller se twintigste jaar as dirigent van die mannekoor is op 16 Mei 1928 met 'n konsert, in samewerking met die kerkkoor, herdenk. Terselfdertyd was dit ook 'n afskeidsfees vir die tien afgevaardigdes na die tiende fees van die *Deutsche Sängerbund* in Wenen. Die groep het op 26 Mei 1928 onder leiding van Hans Müller vertrek en tydens sy afwesigheid het ene mnr Block as dirigent waargeneem.¹⁷

Teen hierdie tyd het daar al Duitse mannekore oor die hele Suider-Afrika bestaan. Die resultaat was 'n federasie van meer as 400 sangers, in 13 kore, van so ver as Kaapstad tot by Lobito in Angola. Na die besoek aan die fees van die *Deutsche Sängerbund* in Wenen was die groep so begeesterd, dat daar onmiddellik met voorbereidings begin is vir 'n sangfees van al die kore in Suider-Afrika. Die fees is met groot welslae in Windhoek gehou tydens die Paasnaweek van 1930. Dit was die grootste sangfees wat ooit in die geskiedenis van Suidwes-Afrika plaasgevind het.¹⁸

Die daaropvolgende jare, tot met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, is deur depressie en droogte in Suidwes gekenmerk. Dit het die aktiwiteite van die *MGV* in so 'n mate beïnvloed dat dit soms gelyk het asof die groep sal moet ontbind. Deur middel van die radio en grammofoonplate het die publiek in aanraking met die komposisies van kontemporêre komponiste begin kom. Daar het in die openbare voorkeur, wat koormusiek betref, 'n geleidelike verandering wêreldwyd begin intree, en mense wou nie slegs na die Klassieke en Romantiese komponiste luister nie. Hans Müller, 'n romantikus, kon hom nie heeltemal hierby aanpas nie. Dit het onvermydelik die koor gekortwiek, want mannekore kan alleen hul vitaliteit behou as hulle in kontak met musikale ontwikkeling bly. Daar het egter altyd 'n paar lede getrou gebly en probeer om die tradisie van die koor voort te sit. Die tweede reis van die koor

na die elfde fees van die *Deutsche Sängerbund* in Frankfurt in 1932, moes weens die slegte ekonomiese posisie van Suidwes afgestel word. Die *MGV* se wapen is egter na Frankfurt gestuur en sangers van Bad Nauheim het dit namens Suidwes deur die strate van Frankfurt gedra.

Weer eens het 'n aantal krisisjare gevolg, en hierdie keer was die krisis polities van aard. Die politieke veranderinge in Duitsland en die sterker-wordende invloed van die Nazi's, het ook die Duitsers in Suidwes beïnvloed. Die een groep het Hitler en sy ideologieë aangehang, terwyl die ander groep dit heftig geopponeer het. Daar het gevolglik 'n skeuring in die geledere van die *MGV* gekom. Hans Müller, uit hoofde van sy amp in die Duitse konsulaat, het hom by Hitler geskaar. Hy en die sangers, wat dieselfde politieke beskouinge gehad het, het weggebreek en die *Deutsche Liedertafel* gevorm. Die *MGV* het bly voortbestaan en albei groepe het nog soos vroeër gesing, in weerwil van die politieke verskille. Die uitbreek van die oorlog het 'n einde aan die aktiwiteite van beide groepe gemaak. Die verslae van hierdie jare het verdwyn en miskien is dit goed so, want, ten spyte van politieke verskille, het die sanggees bly voortbestaan en kort na die oorlog kon die vereniging weer met sy aktiwiteite voortgaan.

Na die oorlog was die sangers in alle windstreke versprei. Sommige het na die Unie van Suid-Afrika verhuis nadat hulle

tydens die oorlog daar geïnterneer is, en ander is in 1944 na Duitsland gerepatrieer. Hans Müller is saam met die personeel van die Duitse konsulaat na Duitsland teruggestuur en aan die einde van die oorlog deur die Russe geïnterneer.

Aanvanklik was daar in Windhoek nie sprake van samesang nie, maar nadat Hans Müller in Maart 1951 teruggekeer het, het 'n klompie sangers uit beide vooroorlogse kore hulle weer by hom geskaar. Op 10 September 1951 het 18 sangers weer 'n permanente koor onder die naam *Windhoeker Männerchor* gevorm. Erich Rütz is as voorsitter verkies en Walter Heinrich, 'n nuwe intrekker in Windhoek, as sekretaris-penningmeester.

Hans Müller was van die mannekoor se stigting tot die Tweede Wêreldoorlog die stukrag agter die vereniging. Na die oorlog was dit Walter Heinrich, 'n sakeman, wat hom onvermoeid vir die koor se belange beywer het. Hy was sekretaris-penningmeester tot in 1963 en is toe as voorsitter verkies, 'n pos wat hy tot in 1970 bekleed het. Heinrich was ook sekretaris van die *Deutsche Sängerbund* in Suidwes vanaf 1957, en voorsitter vanaf 1961 tot 1970. Hy was geen musikus nie; slegs sanger en liefhebber van musiek, wat deur sy ywerige organisasie die koor in die jare na die Tweede Wêreldoorlog feitlik gedra het.

Die *Windhoeker Männerchor* het moeisaam begin werk en nuwe

lede gewerf, sodat die getal op die eerste herdenkingsfees van die herstigting op slegs 26 lede te staan gekom het. Eers is die saal van die *Hotel Westfälischer Hof* as oefenlokaal gebruik, en later het die koor die nuutgeboude saal van die Sport Klub Windhoek betrek. Die eerste herdenkingsfees het op 10 September 1952 in die saal van die *Hotel Kaiserkrone* plaasgevind. Terselfdertyd is ook die 25ste stigtingsjaar van die *SWA Sängerbund* herdenk. Die volgende program is in samewerking met die Windhoekse Simfonie-orkester aangebied:

1. *Eröffnungsmarsch* (openingsmars, komponis onbekend) - orkester.
- 2a. Tweede deel uit die Vyfde Simfonie in c opus 67 - L van Beethoven (1770-1827) - orkester.
- 2b. *Die Himmel Rühmen* opus 48 vir tenoorsolo, koor en klavier - L van Beethoven.
- 2c. Andante Cantabile uit die Eerste Simfonie in C opus 21 - L van Beethoven.
3. *Gedenkstunde* (herdenkingsuur)
- 3a. *Wie's daheim war* vir mannekoor - G Wohlgemuth (1863-1937).
- 3b. *Heimatgebet* vir tenoor-, bassolo, koor en klavier - Hugo Kann (datums onbekend).
4. *Alt-Wiener Tanzweisen* - Fritz Kreisler (1875-1962) - orkester.
5. *Zwei Volkslieder* (twee volksliedere):

- a. *Nun leb wohl du kleine Gasse* - F Silcher
- b. *Ach du klarblauer Himmel* - (1789-1860).
- 6. *Kaiserwalzer* - J Strauss II (1825-1899) - orkes.
- 7. *Zwei heitere Chöre* (twee vrolike kore):
 - a. *Tandaradei* - Hans Müller (1885-1955).
 - b. *Der Spielmann* - F Krämer (datums onbekend).
- 8. *Zum Ausklang* (ten slotte):
 - a. *Bundeslied* - C F Zelter (1758-1832)
 - b. *Das Südwesterlied* - H A Kleinwerner (1912-1981)
(koorverwerking deur Hans Müller).

Die ou verbintenisse met oorsese kore is langsaam weer herstel. Eerstens is daar kontak gemaak met die *Adolphina* in Hamburg, die *Mannheimer Liedertafel* en die sanggroep van *Linker Niederrhein*. Die kring van vriendskaplike kore het gou weer aangegroei, sodat daar in 1967 'n groep van 150 kore van oor die hele wêreld met mekaar in verbinding was.

In September 1954 het Hans Müller op sewentigjarige leeftyd besluit om die amp van koorleier as gevolg van swak gesondheid neer te lê. Hy het 'n afskeidskonsert in die saal van die *Hotel Continental* gehou. By die geleentheid het die WSO onder leiding van dr Max Weiss ook opgetree en die volgende werke is uitgevoer:

Die program was gedruk, smaakvol versorg en van programnotas voorsien.

1. Simfonie in B-mol, KV 319 - W A Mozart (1756-1791).
2. Twee mannekore op tekste van Goethe:
 - a. *Auf ihr Brüder, ehrt die Lieder* - J Butz (datums onbekend).
 - b. *Feiger Gedanken bängliches Schwanken* - Hans Müller (1885-1955).
3. *Heimattreue* - H Wagner-Schönkirch (1872-1940).
4. *Landerkennung* vir baritonsolo, mannekoor en orkes - E Grieg (1843-1907) (bariton: Walter Kazmaier).
5. Ouverture uit *Der Freischutz* - C M von Weber (1786-1826).
6. *Heini von Streier* vir mannekoor, viool en klavier - E S Engelsberg (1825-1879) (soliste: Gerald Fainsinger, viool en Helga Stewien, klavier).
7. Twee mannekore:
 - a. *Wenn's Schwälbele zwitschert* - R Trunk (1879-1968).
 - b. *Schwarzbraun ist die Haselnuss* - volkslied - verwerk deur B Stürmer.
8. *Geschichten aus dem Wienerwald* vir mannekoor en orkes - J Strauss II (1825-1899) (verwerk deur V Kehldorfer).

So het Hans Müller dan 47 jaar van sy musieklewe in Windhoek afgesluit. Die musiekonderwyser aan die DHPS,

Wilhelm Schlüter, het tydelik die leiding waargeneem tot-dat iemand anders gevind kon word.

Op 2 April 1955 het dr Friedrich Hornburg, 'n musiekwetenskaplike uit Duitsland, deur bemiddeling van mnr Heinrich, die amp oorgeneem. Hy sou dit vir die volgende twaalf jaar bekleë en 'n nuwe bloeitydperk het vir die mannekoor aangebreek. Dr Hornburg het dikwels van kontemporêre komponiste soos Paul Zoll (1907-), Walter Rein (1893-1955), Armin Knab (1881-1951) en andere gebruik gemaak. Hoewel die koor aanvanklik langtand aan die werke van hierdie komponiste geoefen het, het hulle gou aan die idioom gewoond geraak, soos die programme van die volgende konserte sal bewys.

Nog een van die hoogtepunte van die mannekoor se bestaan was 'n besoek aan die 14de fees van die *Deutsche Sängerbund* in Stuttgart. Die mannekoor het 'n vliegtuig van *United Air Travel* gehuur en op 30 Julie 1956 het 56 sangers en ondersteuners van die koor na Stuttgart vertrek, waar die verwelkoming oorweldigend was. Oral waar die groep hulle begeef het, is hulle deur hul volksgenote op die hande gedra. Hulle het tydens een van die vele fees-konserte opgetree en het ook op die Duitse televisiediens verskyn.¹⁹

Intussen is 'n vrouekoor gestig. Hulle eerste optrede in Windhoek het met die opening van die Stuttgartse fees

op 2 Augustus 1956 saamgeval. Met die toevoeging van vrouestemme kon die mannekoor die aard van hul repertorium uitbrei en voortaan kon die vereniging as mannekoor, vrouekoor of gemengde koor optree. Die kore het voortaan as die *Windhoeker Chorgemeinschaft*²⁰ bekend gestaan.

Dr Hornburg het ook die leiding van die vrouekoor waargeneem en die ledetal het spoedig tot veertig aangegroei.

Aan die einde van 1956 het Hubert Pinschenschaum die voorsitterskap vir 'n tyd lank oorgeneem. Beide kore se getalle het steeds gestyg en daar is hard geoefen vir die komende vyftigjarige fees in 1957. Danksy 'n skenking van die Duitse konsulaat kon baie nuwe musiek bestel word. Met werke van R Trunk, W Schrey, K Lissmann, Walter Rein en ander eietydse Duitse komponiste, het beide kore die kritiese Windhoekse publiek begeester en van die vyftigjarige fees 'n groot sukses gemaak.

Die feesvieringe ter herdenking van die vyftigjarige bestaan van die mannekoor het oor drie dae, van 7 tot 9 November 1957, gestrek. Die feeskonsert is op 7 November in die saal van die *Hotel Continental* gehou en die volgende program is aangebied:

Mannekoor

- *Kling auf mein Lied* - B A Weber (1766-1821).
- *Der Hainbuchenbaum* - R Trunk (1879-1968).
- *Auf der Lippischen Heide* - K Lissmann (1902-).

Vrouekoor:

- *Mein Liebster hat mein Herz* - B Stürmer .
- *Das Lied der Verlassenen* - (1892-1958) .
- *Windfreude* - Paul Zoll (1907-) .
- *Löwenzahn* - Armin Knab (1881-1951) .

Walter Kazmaier (bariton) en Ernst Scherer (klavier):

- *Wohin* D 795 no 2 - F Schubert.
- *Die Forelle* D 550 - (1797-1828) .

Mannekoor - vier volksliedere:

- *Schwarzbraun Äuglein* - B A Weber.
- *Der Berg'sche Führmann* - W Schrey (datums onbekend) .
- *Pferden zu vieren Traben* (verw) - Paul Zoll.
- *Sarie Marais* (verw) - F Hornburg (1911-1969) .

Mannekoor:

- *Muss i denn* (verw) - F Silcher (1789-1860) .
- *Wanderschaft* - C F Zöllner (1800-1860) .
- *Jetzt kommen die lustigen Tagen* - W Sendt (1901-1952) .

Vrouekoor:

- *Bei dem Schein des Mondes* -
- *Ihren Schäfer zu erwarten* - Paul Zoll.
- *Lässt sich Amor bei Euch schauen* -

Walter Kazmaier en Ernst Scherer:

- *Eifersucht und Stolz* D 795 no 15 - F Schubert.
- *Morgenruss* D 795 no 8

Vrouekoor:

- *Der Jäger Abschied* -
- *Abschied* - Armin Knab.
- *Der Vögel Abschied* -

Mannekoor:

- *Ich weiss ein Fass in einem tiefen Keller* -
H H Ehrhard (datums onbekend).
- *Rüdesheimer Wein* - J Pauli (datums onbekend).
- *Aus der Traube in die Tonne* - K Lissmann.

Op Vrydagaand 8 November 1957 is 'n feesbal gehou en op Saterdagmiddag was daar *Volksliedsingen* in die Zoogarten. By laasgenoemde geleentheid het die Windhoekse Blaasorkes, onder leiding van Gerald Fainsinger, en die DHPS skoolkoor, onder leiding van dr Hornburg, saam met die mannekoor opgetree. Saterdagagaand was die groot feesaand in die saal van die Sportklub Windhoek en by dié geleentheid het die Walvisbaaise en Swakopmundse mannekore, die Windhoekse Madrigaalkoor onder leiding van Walter König, die *Motettenchor* onder leiding van Ernst Scherer, en verskeie soliste as gaste, saam met die mannekoor opgetree.

Gedurende die volgende aantal jare was daar altyd genoeg geleenthede waar die Koorvereniging kon optree, soos byvoorbeeld tydens die koorfeeste van die *SWA Sangerbund* en met eie aanbiedinge soos die jaarlikse *Winzerfest*, wat op die eerste Vrydag in Maart plaasvind en as een van Windhoek

se eie tradisies beskou word. Dan het die vereniging ook dikwels by aanbiedinge van die Afrikaans-Duitse Kultuurunie (ADK), die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (ATKV) en ander openbare geleenthede opgetree.

In 1961 het 'n groepie sangers die vyftiende fees van die *Deutsche Sängerbund* ter herdenking van laasgenoemde se honderdjarige bestaan in Essen bygewoon. Die vereniging het ook by koorfeeste in 1961 en 1963 in Swakopmund en Otjiwarongo respektiewelik opgetree.

In 1965 het die stad Windhoek sy vyf-en-sewentigste bestaansjaar gevier, waarmee saamgeval het die *Windhoeker Chorgemeinschaft* se vyfde koorfees. Benewens die manne- en vrouekoor, het kore van Tsumeb, Walvisbaai en Swakopmund aan die fees deelgeneem en die groot verskeidenheid koorwerke, van madrigale tot eietydse koorkomposisies het uitbundige geesdrif by gehore ontlok. Die jaar daarna het die vyfjarige Republiekfeesvieringe plaasgevind en kon die vereniging saam met Engelse en Afrikaanse kore aan die verrigtinge deelneem.

Onder leiding van Walter Henrich, wat in 1963 die voorsitterskap oorgeneem het, is daar in 1967 'n groot fees vir die sestigjarige bestaan van die mannekoor gereël. Die tema van die fees was 'Humor in lied en woord' en vir die geleentheid is selfs 'n komediant uit Duitsland ingevoer om die verrigtinge op te luister. By drie volgepakte

konserte het die vereniging weer eens bewys dat hulle 'n tradisie van koorsang geskep het wat onontbeerlik deel is van elke Duitser se leefwyse.²¹

Tydens die laaste paar jaar onder dr Hornburg se leiding is daar nie meer volskaalse uitvoerings aangebied nie, deels omdat sy gesondheid aan die kwyn was, en deels omdat hy 'n perfeksionis was wat nie sou toelaat dat die koor optree as hulle nie hul allerbeste kon lewer nie. Hy is in April 1969 oorlede en 'n musiekonderwyser aan die DHPS, mnr Hermann Krüger, het die leiding vir die res van die jaar waargeneem. In 1970 het, weens persoonlike verskille onder die koorlede, weer 'n skeuring in die vereniging gekom. Die *Windhoeker Chorgemeinschaft* het bly voortbestaan maar het, by gebrek aan 'n leier, nie veel vermag nie. Deur die inisiatief van Heinrich is die *Deutsche Männerchor Windhoek* in 1971 opnuut gestig, met die direkteur van die Staatskonservatorium, Johann Potgieter, as eerste dirigent.²²

2. VERENIGINGS WAT VIR 'N KORTER TYD BESTAAN HET OF SLEGS VAN TYD TOT TYD VIR MUSIEKAANBIEDINGS GESORG HET

2.1 Voor die Eerste Wêreldoorlog

Tot die Eerste Wêreldoorlog het die Windhoekse bevolking grootliks vir hul musikale vermaak op die militêre orkes staatgemaak. Verskeie verenigings

het van tyd tot tyd vir hul lede *Unterhaltungsabende* (vermaaklikheidsaande) gereël, en die programme het gewoonlik uit musikale items bestaan, afgewissel met voordragte en soms met danse.

2.1.1 Die Schutzenverein

Daar is slegs by twee geleenthede melding gemaak van konserte wat deur die *Schutzenverein* gereël is. Laasgenoemde vereniging is blykbaar gestig om na die belange van die koloniale troepe en hul gesinne om te sien. Op 10 Junie 1899 was daar 'n musiekaand in die *John Ludwig*-saal. Eers is 'n Polonaise deur die mans alleen gedans, aangesien daar blykbaar geen vroue aanwesig was nie. Daarna het verskeie danse, voordragte en liedere mekaar afgewissel. Na die verrigtinge het die aanwesiges met begeleiding van die militêre orkes huistoe gestap.²³ Die ander geleentheid waarvan melding gemaak word, was 'n gesinsaad van die *Schutzenverein* op 8 Junie 1912. Weer eens is die aand se verrigtinge met musiek en voordragte opgeluister. Mnr Suhle se strykkwartet het ook opgetree.

2.1.2 Die Kriegerverein

Die *Kriegerverein* was ook 'n vereniging vir

lede van die militêre verdedigingsmag en het by 'n paar geleenthede, met behulp van lede van die militêre orkes, musikale verskeidenheidskonserte gereël. Die eerste hiervan het op 10 Desember 1899 plaasgevind en die trompettekoor van die militêre orkes het opgetree.²⁴ Dit is nie bekend wat hulle gespeel het en wat verder op die program was nie. Die volgende verskeidenheidskonsert waarvan melding gemaak word, het op 20 Mei 1900 plaasgevind en by hierdie geleentheid het die militêre orkes se strykers opgetree. Daar is eienaardig genoeg, net soos in die geval van die *Schutzenverein*, nooit weer voor 1912 melding gemaak van enige musikale aktiwiteite van die *Kriegerverein* nie. Op 1 September 1912 het die vereniging hul vyftiende verjaardag in samewerking met die militêre orkes gevier.

2.1.3 Katholische Frauenverein (Katolieke Vrouevereniging)

Namate die samestelling van die Windhoekse bevolking stelselmatig van 'n militêre na 'n burgerlike verander het, het daar ook ander verenigings ontstaan wat na die kulturele belange van hul lede omgesien het. Die uitgangspunt was nie soseer kulturele opheffing nie maar vermaak, en daarom het die konsertprogramme vir so-

veel verskeidenheid as moontlik gesorg. Daar is nie net musiekitems aangebied nie, maar soms ook voordragte en toneelstukke.

Die Katolieke en Evangeliese Kerke in Windhoek het nie alleen in die sielsbehoefte van hul lidmate probeer voorsien nie, maar ook deur middel van konserte in die kulturele behoeftes. Hulle het probeer om ten minste onskuldige vermaak aan te bied in 'n nuwe dorp, waar die enigste afleiding in die talle kroë van hotelle te verkry was.

Die *Katholische Frauenverein* het vanaf 1906 een of twee keer per jaar verskeidenheidskonserte gereël waarby gewoonlik die kerkkoor van die gemeente betrek is. Die eerste sogenaamde *Unterhaltungsabend* het op 8 November 1906 in die Katolieke Sendingkerk plaasgevind. Die volgende program is aangebied:

1. Klaviersolo - Sigeunerkoor uit *Il Trovatore* - G Verdi (1813-1901).
2. Koor van die *Katholische Frauenverein* - *Der Schutzgeist* - W A Mozart (1756-1791).²⁵

Die aand is verder met koorsang en vioolsolo's met klavierbegeleiding afgewissel. Die berig-

gewing oor die werke op die program en die deelnemers daaraan, is baie gebrekkig. Die name van deelnemers is byvoorbeeld heeltemal weggelaat.²⁶

Die volgende konsert van die *Katholische Frauenverein* is op 25 April 1907 gehou. Vierstemmige liedere is met sangsolo's, strykkwartette en vioolsolo's afgewissel. Een van die deelnemers het blykbaar siek geword, maar gelukkig was ene mnr Rabe uit Swakopmund beskikbaar en hy het arias uit *Der Waffenschied* van Lortzing (1801-1851) en die Kunslied *An die Musik* D 547 van Schubert (1797-1828) gesing.

Die program van die konsert op 9 Desember 1912 moes heel interessant gewees het, want daar is van koorsang, klavier-, siter-, ghitaar- en luit-solo's melding gemaak. Daar was ook 'n duo vir luit en viool op die program. Ongelukkig is daar geen besonderhede oor die deelnemers of die komposisies nie.

Op 30 Januarie 1908 het die *Katholische Frauenverein* 'n konsert ter viering van die keiser se verjaardag in die Katolieke Saal gereël. Volgens berigte was die saal reeds vroeg volgepak. Benewens die saamsing van volksliedere, was daar verskillende solo's vir viool, klavier, siter en

luit. Volgens 'n koerantberig het die konsert groot byval gevind.

'Besondere Erwähnung aus dem reichhaltigen Programm verdienen vor allem die "Landsknechtlieder" für Bariton-solo und Männerquartet mit Klavierbegleitung, die laute Bewunderung hervorriefen.'

(Uit die vrugbare program verdien veral die 'Landsknechtlieder' vir baritonsolo, en die mannekwartet met klavierbegeleiding, wat luide bewondering uitgelok het, besondere vermelding.)²⁷

Op 18 Junie 1908 het die *Katholische Frauenverein* weer 'n verskeidenheidskonsert gereël. Daar is melding van sang-, viool- en ghitaar-solo's gemaak.

Die *Katholische Frauenverein* het op 2 Desember 1909 hul tweede verjaardag gevier en terselfdertyd die nuwe saal van die Katolieke Kerk ingewy. Die militêre orkes het opgetree en daar is ook berig dat ene mnr Golding *Die beide Grenadiere* van Schumann gesing het.

Op 13 Januarie 1910 het die *Katholische Frauenverein* 'n vroeë viering van die keiser se verjaardag in die Katolieke saal gereël. Dit was 'n baie gewilde konsert wat 'n vol saal getrek het. Naas die militêre orkes onder leiding van mnr Suhle en die mannekoor onder leiding van Hans Müller, het verskeie soliste ook opgetree. Die program het as volg daar uitgesien:

1. Graaf Waldersee-mars (komponis onbekend) - Militêre orkes onder leiding van mnr Suhle.
2. Proloog en toespraak ter ere van die keiser.
3. Bydraes deur die mannekoor onder leiding van Hans Müller.
4. Tenoorsolo - mnr Wertenbruch.
5. *Die Musik der armen Leute* - mnre Müller en Gerding.
6. *Spinnerlied* - R Wagner (1813-1883) en Wals in F - F Chopin (1810-1849) - H Voigt, klavier.
7. Fantasie in g opus 77 - L van Beethoven (1770-1827) - mnr Winninger.
8. *Circus Renz* - 'n Galop vir Tubaphon deur sersant Streiting.

Die volgende konsert van die *Katholische Frauenverein* waarvan melding gemaak is, was 'n feesaand op 2 Desember 1911. Die militêre orkes

het die *Fahnenmarsch* van Franz von Blon (1861-1945), Ouverture uit *Dichter und Bauer* van Franz von Suppé (1819-1895) en werke van Verdi en Gounod gespeel. Die aand is met twee eenbedrywe afgesluit.

Die laaste berig oor die *Katholische Frauenverein* se musikale aktiwiteite het op 12 Augustus 1913 verskyn. Die program het bestaan uit sang- en instrumentale solo's, koorsang en 'n toneelstuk.

2.1.4 Deutsche Evangelische Gemeinde (DEG)

Die eerste musikale aktiwiteite van die *DEG* was die sogenaamde 'Soldate-aande' wat Pastor Anz gedurende sy dienstermyn van 1900 tot 1907 gereël het. Dit is hoofsaaklik gereël om die jong soldate besig te hou in die lig van 'n paar berigte in die koerante, waarin gekla is oor die raserigheid en katterkwaad van die *Militärbambusen* (soldate). Die soldate-aande is elke tweede Sondag gehou en het uit samesang, voordragte, sang- en instrumentale solo's bestaan.

Die soldate-aand wat op 28 Mei 1905 gehou is, was blykbaar baie gewild, en is deur sowat 700 mense bygewoon. Die volgende program is aangebied:

1. Mars deur die militêre orkes.
2. Solosang - *Ich hab mich ergeben* - komponis onbekend.
3. *Largo* uit die opera *Xerxes* -
G F Händel (1685-1759) - tjellosolo met
harmoniumbegeleiding.
4. Gedeelte uit *Cavalleria Rusticana* - P Mascagni (1863-1945) - strykkwartet met harmonium.
5. Soldatekoor - *Nach der Heimat möchte ich wieder* - komponis onbekend.
6. Sangsolo - *Herr bleib bei mir* - komponis onbekend.
7. Samesang met orkesbegeleiding - *Ich hatt' ein Kameraden* - komponis onbekend.

Dit is nie bekend wie die verwerkings van die musiek in bogenoemde program gedoen het nie.

Die volgende berigte oor musikale aktiwiteite van die DEG het oor die konsert ten behoeve van die kerkboufonds gehandel.²⁸ Gemeentelede het saamgespan en op 5 Maart 1907 'n konsert ten behoeve van die boufonds in die saal van die *Hotel Stadt Windhuk* aangebied. Die program het as volg daar uitgesien:

1. Klavierduo:
Mars uit *Tannhäuser* - R Wagner (1813-1883).
2. Twee liederen vir gemengde koor:
 - a) *O Täler weit, o Höhen* - F Mendelssohn (1809-1847).
 - b) *Aus der Jugendzeit* - R Radecke (1829-1893).
3. Sangsolo:
Archibald Douglas - Edward Lowe (1619-1682).
4. Violsolo met klavierbegeleiding:
Intermezzo uit *Cavalleria Rusticana* - P Mascagni (1863-1945).
5. Duo vir mansstemme:
 - a. *Sonntagsmorgen* - F Mendelssohn.
 - b. *Wanderers Nachtlied* - Anton Rubinstein (1829-1894).
6. Trio vir viol, klavier en harmonium:
Frühlings Erwachen - C P E Bach (1714-1788).
7. Mannekwartet:
Sturmbeschwörung - R Dürrner (1810-1859).
8. Trio vir viol, klavier en harmonium:
 - a. *Das Veilchen* KV 476 - W A Mozart (1756-1791).
 - b. *Die Himmel Rühmen* opus 48 - L van Beethoven (1770-1827).
9. Sangsolo:
Resitatief en aria uit *Le Nozze di Figaro* KV 492 - W A Mozart.

10. Vioolsolo met klavierbegeleiding:
Tyrolienne - Gustav Lange (1830-1889).
11. Klavierduo:
Spaanse danse - M Moszkowski (1854-1925).
12. Gemengde koor:
Zigeunerleben - R Schumann (1810-1856).

Later die jaar, op 8 Augustus 1907, is 'n afskeidsgeselligheid in die *Hotel Stadt Windhuk* vir Pastor en mev Anz gehou. Die geselligheid is met 'n musiekkonsert afgesluit. Die kerk-koor onder leiding van mnr Rave het 'n aantal koorstukke gesing. 'n Mannekwartet onder leiding van mnr Rave het ook opgetree. Daar was ook items deur mev Linder (klavier) en mnr Range (viool). Mnre Busch en Passarge het 'n aantal ballades gesing en is deur mev Anz op die klavier begelei.

Die enigste ander musikale bedrywighede van die *DEG* was die jaarlikse en soms twee keer-jaarlikse gesinsaande, ook bekend as *Unterhaltungs-Abende* (vermaaklikheidsaande). So 'n 'aand' is op 10 November 1907 gehou. Die kerkkoor, onder leiding van mnr Rave, het opgetree. Daar was ook werke vir viool en harmonium deur mnre Just en Range, en sangsolo's deur mev Lange en die eggenote van die nuwe pastor, mev Hammer.

In 1908 was daar geen verwysing na enige buitekerklike aktiwiteite van die *DEG* nie. Op 21 April 1909 het weer 'n gesinsaad van die *DEG* in die *Hotel Stadt Windhuk* plaasgevind. Die eerste helfte van die program het uit 'n lesing bestaan, en die tweede helfte het die vorm van 'n musiekkonsert aangeneem. Mevv Hartung en Voigt en mnr H Voigt en Pastor Heyse het klaviersolo's en -duo's gespeel, terwyl mnr Henze vir fluitsolo's en mnr Haase vir vioolsolo's gesorg het - albei begelei deur Hans Müller. Die mannekoor onder leiding van Hans Müller het ook opgetree.²⁹ Op 9 September van dieselfde jaar het die *DEG* weer 'n *Unterhaltungsabend* gehou en dié keer het die mannekoor én die Mendelssohnvereniging opgetree.³⁰

Op 29 Maart 1910 het die *DEG* weer 'n gesinsaad gereël, met die Mendelssohn-vereniging as gaste en 'n buitelandse besoeker, prof D Hausleiter, as gasspreker. Die volgende program is aangebied:³¹

1. *Kommandeur von Estorff-marsch* - Hans Müller (1885-1955) .
2. *Ouverture uit Les Huguenots* - G Meyerbeer (1791-1864) .
3. *Aria uit die opera Der Evangelimann* - W Kienzl (1857-1941) .

4. Toespraak: Reisindrukke uit *Britisch-Südafrika* - Prof Hausleiter.
5. *Seht, er kommt mit Preis gekrönt* uit *Josua* - G F Händel (1685-1759).
6. *Largo* uit *Xerxes* - G F Händel.
7. Twee liedere vir bariton:
 - a. *Winterlied* - komponis onbekend.
 - b. *Im Regen und im Sonnenschein* - Henning van Koss (datums onbekend).
8. *Ave Maria* vir klavier en orkes verwerk - Bach/Gounod - (verwerker onbekend).
9. *Auf deinen Höhen* - Skotse volkslied.
10. Samesang: *So nimm denn meine Hände* - (komponis onbekend).

Die laaste berig oor 'n gesinsaand van die *DEG* het in *Der Südwestbote* van 20 Oktober 1912 verskyn. Die program deur die kerkkoor en verskeie soliste was so gewild dat dit 'n maand later herhaal moes word.

2.1.5 Mendelssohn Verein

Danksy die inisiatief van Heinrich Voigt, musiekonderwyser aan die Realschule, is die Mendelssohn-vereniging in die lewe geroep. Ongelukkig het die vereniging na sy vertrek in 1910 doodgeloop. Op 28 April 1909 het 'n advertensie in

die *Windhuker Nachrichten* verskyn, waarin die komitee van die *Mendelssohn Verein*, A Brill, A Zedlitz, H Voigt, J Hammer en R Schnittker, almal wat in die bevordering van klassieke musiek belangstel, hartlik na 'n stigtingsvergadering op 3 Mei 1909 uitnooi. Daar is beoog om op Maandagaande in die saal van die *Hotel Stadt Windhuk* te oefen en periodiek konserte aan te bied. Die vereniging sou uit 'n koor en orkes bestaan met as eerste doelwit 'n konsert by geleentheid van die honderdste herdenking van Mendelssohn se geboortedag (3 Februarie 1809) - waarskynlik dan ook die rede waarom die musiekvereniging na Mendelssohn vernoem is.

Die konsert het toe op 28 Mei 1909 in die *Hotel Stadt Windhuk* onder leiding van Heinrich Voigt plaasgevind en die program is aan Mendelssohn gewy: ³²

1. Klavierduo: Vivace non Troppo uit die Skotse simfonie opus 56
- Mevv Gutsche en Haverlandt.
2. Liedere met klavier:
opus 34 no 2 *Auf Flügeln des Gesanges* en
opus 34 no 3 *Frühlingslied* - Hildegard Freyin von dem Busche-Hünnefeld.
3. Twee klaviere:
Konsert no 1 in g opus 25 - mnre Voigt en Heyse.

4. Trio vir viool, altviool en klavier:
Lied ohne Worte opus 53 - mnre A Schubert,
A Brill en mev Brill (verwerker onbekend).
5. Klaviersolo:
Frühlingslied opus 62 en *Jägerlied* opus 19
- mev E Hartung.
6. Liedere vir gemengde koor:
Der Frühling naht mit Brausen opus 48
O Täler weit o Höhen opus 59.
7. Trio:
Hebe deine Augen auf uit *Elias* opus 70 -
mevv A Voigt, A Brill en Hildegard Freyin
von dem Busche - Hünnefeld.
8. Klaviersolo:
Rondo Capriccioso opus 14 in E - Heinrich
Voigt.
9. Altviool en klavier:
Lied ohne Worte opus 109 - mnr en mev Brill.
10. Klaviersolo:
Capriccio opus 16 no 2 in e - mev Gutsche.
11. Twee viole, altviool en klavier:
Troumars uit *A Midsummer Night's Dream*
opus 61 - mnre Schubert, Voigt, Brill en
Heyse.

Die *Mendelssohn Verein* se tweede konsert is op
1 Oktober 1909 in die *Hotel Stadt Windhuk* gehou
en hierdie keer was daar geen werke van Mendels-

sohn op die program nie, waarskynlik omdat die vorige program uitsluitlik aan hom gewy is. Die program het bestaan uit klavier-, viool- en sangsolo's, klavierduo's en koorsang onder leiding van Heinrich Voigt. 'n Komposisie van Voigt vir klavierduo, twee viole en altviool, is vir die eerste keer uitgevoer, soos volg getitel:

*Mit Schwert und Pflug in Deutsch-Südwest.
Jubiläumsmarsch zur Erinnerung an 25 Jahre
Deutscher Kolonialmacht (1884-1909).*³³

Die kortstondige bestaan van die *Mendelssohn Verein* het met 'n afskeidskonsert aan Heinrich Voigt op 27 April 1910 in die *Hotel Stadt Windhuk* ten einde gekom. Die hoofwerk op die program was die Kwartet in g van Mozart, uitgevoer deur mnre Schubert (viool), Brill (altviool) en Voigt (klavier). Die program is aangevul deur die *Mendelssohn Verein* se koor onder leiding van Heinrich Voigt met aantal volksliedere onder die titel *Tragödie*. Die konsert is met byvoeglike naamwoorde in die oortreffende trap beskryf.

' ... eine der schönsten musikalischen Darbietungen, welche unsere Stadt erlebt hat; es ist eine Freude wahrzunehmen wie viele her-

vorragende, tüchtige musikalische Kräfte wir in Windhuk haben.'

(... een van die mooiste musikale aanbiedinge wat ons stad beleef het; dit is 'n vreugde om waar te neem hoeveel uitstekende, deeglike musikale kragte ons in Windhoek het.)³⁴

Intussen het heelwat nuwe talent in Windhoek aangekom, onder andere mnre Schumann (viool), Streiding (tjello), mev Erdmann (alt) ('n nuwe aankomeling uit Kaapstad), mej Flora Mälzer (sopraan) en mej Grete Müller van Gobabis (alt), wat kort tevore uit Duitsland teruggekeer het. Laasgenoemde se pragtige stem het hoë lof verwerf.³⁵

2.1.6 Teatervereniging

Oor die doen en late van die Teatervereniging is nie veel bekend nie. Uiteraard sou die vereniging hom vir toneelopvoerings beywer het. Daar is egter in die *Windhuker Nachrichten* van 21 Augustus 1909 berig dat die vereniging elke eerste Sondag in die maand *musikalisch-deklamatorische*

konserte sou aanbied, met ander woorde, verskeidenheidskonserte wat ook musiek sou insluit.

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het die musikale aktiwiteite van bogenoemde verenigings beëindig en na die oorlog het die mannekoor en die *Windhuker Musikfreunde* die musiek-toneel oorheers. Voldoende ander vermaak, soos bioskoop-vertonings (reeds vanaf 1912), en *Unterhaltungsmusik* by meeste van die hotelle, was ook beskikbaar. Derhalwe was dit vir die kerke en ander verenigings, wat voor die oorlog bestaan het, nie meer nodig om in die vermaak van die inwoners van Windhoek te voorsien nie. Ander instansies en verenigings het daarvoor gesorg.

2.2 Verenigings wat tussen die Eerste- en Tweede Wêreldoorlog bestaan het

2.2.1 Windhoek Trio

Daar is vir die eerste keer in 1921 melding gemaak van die *Windhoek Trio* wat bestaan het uit mnre Paul Richter (viool), Gerhard Kühn (tjello) en Thürich (klavier).³⁶ Dié here sou op Saterdag 10 September 1921 'n uitvoering van klassieke musiek in die *Hotel Rheinischer Hof* gee. Hulle het ook beplan om op Sondagmiddae ligte musiek

in die *Cafe Alte Römer* te speel. Dit is bekend dat die *Windhoek Trio* tot 1936 bestaan het, en dat Fred van Werkhoven vanaf sy aankoms in Windhoek in 1932 as pianis saam met die groep opgetree het. Dit is nie bekend of die oorspronklike pianis, mnr Thürich, Windhoek verlaat het, of om welke rede Van Werkhoven sy amp as pianis oorgeneem het nie. Daar is ongelukkig geen inligting oor die programme van die *Windhoek Trio* nie. Al wat wel bekend is, is dat hulle van tyd tot tyd kamermusiek-uitvoerings gegee en ligte musiek by die *Rheinischer Hof* en soms by die *Cafe Zoo* gespeel het.

2.2.2 Verskillende verenigings waarvan daar net een keer melding gemaak is

Tussen die twee wêreldoorloë het ook ander verenigings wat hulle vir die musiek beywer het, in Windhoek bestaan. Baie min is oor hulle bekend, behalwe eenmalige koerantberigte. So word byvoorbeeld melding gemaak van die *Windhoekse Musiek- en Kunsklub*, wat op 14 September 1931 deur die destydse administrateur, mnr A J Werth, gestig is. Dan word berig van 'n konsert deur die Windhoekse Blaasorkes, onder leiding van ene Friedrich Scherrer, op 30 November 1932. In 1938 het ook een berig oor 'n *Spoorwegmusiekver-*

eniging verskyn. Daar is ongelukkig niks verder omtrent bogenoemde verenigings bekend nie.

2.2.3 Frewer, Kehrmann en Hatterscheidt-trio

In die jare tussen die twee wêreldoorloë het meeste van die Windhoekse hotelle en *Cafés* van tyd tot tyd *Unterhaltungsmusik* of sogenaamde *Terras-konserte* aangebied. Die *Cafe Zoo* het in 1935 die dienste van drie professionele musici uit Duitsland verkry. Willi Frewer, Wilhelm Kehrmann en Karl Hatterscheidt het op 17 Februarie 1935 in Windhoek arriveer om 'n kontrak as musikante aan die *Cafe Zoo* op te neem. Aangesien die grammofoonplaat-bedryf destyds nog in sy kinderskoene gestaan het, was *Unterhaltungsmusik* deur 'n klein orkes, kwartet of trio aan die orde van die dag. Ter wille van verskeidenheid moes die musikante so veelsydig as moontlik wees, en enigiets van klassieke musiek, operettes en walse, tot Jazz kon speel - en natuurlik soveel instrumente as moontlik. Wilhelm Kehrmann kon viool, saksofoon en klarinet speel, terwyl Willi Frewer se vaardighede nog verder gestrek het, naamlik klavier, akkordeon, klarinet, saksofoon en tjello. Karl Hatterscheidt was die veelsydigste en kon agt instrumente bespeel, naamlik tjello, klavier, akkordeon, klarinet, saksofoon,

trompet, skuiftrompet en slagwerk. Nadat hulle kontrak van agtien maande verstreke was, het die groep deur die Unie van Suid-Afrika getoer, en ook by die Rykskou in Johannesburg opgetree. Na hul terugkeer het hulle die bestuur van die swembadkafee oorgeneem tot aan die einde van 1937. Die volgende jaar is hulle uitmekaar: mnr Kehrmann het na Duitsland teruggekeer en mnr Hatterscheidt het na Rhodesië verhuis. Willi Frewer het in Windhoek agtergebly en sy loopbaan as onderwyser en uitvoerende musikus voortgesit.

2.2.4 Die Windhoeker Liedertafel

Die *Liedertafel* het in 1935 om politieke redes van die mannekoor afgestig. Saam met die *Windhoeker Musikfreunde* en die kerkkoor het hulle as die *Windhoeker Musikverein* (Windhoekse Musiekvereniging) bekend gestaan en vanaf 1935 tot die uitbreek van die oorlog van tyd tot tyd konserte aangebied waarin koorsang, orkes- en instrumentale items mekaar afgewissel het.

2.3 Verenigings na die Tweede Wêreldoorlog

Na die Tweede Wêreldoorlog is die aanbieding van musiek hoofsaaklik deur drie instansies beheer. Direk na die oorlog het Willi Frewer die WSO gevorm en tot

1965 gereeld simfoniekonserte aangebied. Die SA Kunsvereniging het sedert 1948 gereeld konserte aangebied. Hul vernaamste doelstelling was om buitenlandse kunstenaars in te voer. Die Suidwes-Afrikaanse Streeksraad vir Uitvoerende Kunste (SWARUK) het eers in 1966 tot stand gekom en veel later musiekkonserte begin aanbied.

Die enigste twee verenigings in die klein, wat hulle nog vir die aanbieding van musiek beywer het, was die Kehrmann-kwartet wat self gespeel het, en die Windhoekse Afrikaanse Musiekvereniging (WAM), wat hulle hoofsaaklik vir die aanbieding van Suid-Afrikaanse kunstenaars beywer het.

2.3.1 Die Windhoekse strykkwartet of Kehrmann-kwartet

Die kwartet het sedert 1946 bestaan, eers as stryktrio met klavier, en sedert 1951 as volwaardige strykkwartet. Die jare 1953 tot 1960 was eintlik die tydperk waarin die kwartet op sy aktiefste was en die meeste konserte aangebied het.

In 1945 het die groep bestaan uit:

Willi Kehrmann - eerste viool

Fritz von Seggern - tweede viool of alt-
viool (na gelang van die werke wat ge-
speel is)

Wilhelm Kellner - tjello

Ruthilde Günter - klavier.

Die groep het meesal vir eie genot gespeel en hier
en daar by spesiale geleenthede in die openbaar
opgetree.³⁷

In 1951 het Gerald Fainsinger hom by die groep
aangesluit en vir die eerste keer kon die groep
as strykkwartet funksioneer. Kellner het intus-
sen na Swakopmund verhuis, en Karl Hatterscheidt
het sy plek ingeneem. Die samewerking tussen
Fainsinger en Kehrmann was blykbaar nie altyd wat
dit moes wees nie, en hul benadering tot vioolspel
was blykbaar ook heel verskillend.³⁸

Vanaf 1953 was die groep soos volg saamgestel:

Willi Kehrmann - eerste viool

Friedgard von Koenen - tweede viool

Fritz von Seggern - altviool

Karl Hatterscheidt - tjello.

Die kere wat werke met 'n klavierparty uitgevoer
is, het Ruthilde Günter as pianiste opgetree.

Die groep was aanvanklik as die Windhoekse Strykkwartet bekend, en later meer algemeen as die Kehrmann-kwartet. Hul eerste konsert is op 1 Junie 1953 op 'n plaas buite Windhoek gehou en daar het selfs 'n resensie hieroor in die *Allgemeine Zeitung* verskyn.³⁹ Die volgende werke is uitgevoer:

1. Strykkwartet opus 125 no 1 in E-mol, D 87 - F Schubert (1797-1828).
2. Klavierkwintet opus 44 in E-mol - R Schumann (1810-1856).
3. Andante uit die Strykkwartet in E-mol - C Ditters von Dittersdorf (1739-1799).
4. Strykkwartet opus 96 in F - A Dvořák (1841-1904).

Dieselfde program is 'n bietjie meer as 'n maand later, op 8 Julie 1953, in die saal van die *Sportklub Windhoek* herhaal. Die uitvoering is met geesdriftige resensies begroet en die wens is uitgespreek dat die groep meer dikwels gehoor sou word.⁴⁰

Kort hierna, op 23 Julie 1953, het die kwartet opgetree tydens 'n volksliedere-aand wat deur die Gemengde Koor onder leiding van Walter König aangebied is. Die kwartet het twee werke gespeel,

naamlik Divertimento no 1 in D van Mozart, en die Strykkwartet in E-mol van C Ditters von Dittersdorf. Volgens 'n resensent sou selfs die Divertimento alleen die konsert die moeite werd gemaak het.⁴¹

In 1954 het die kwartet vyf keer opgetree. Die eerste geleentheid was by die inwyding van die nuwe seunskoshuis van die DHPS op 12 Maart 1954. Twee werke van Corelli is uitgevoer en die program is aangevul deur die skoolkoor onder leiding van mnr Schlüter. Die enigste selfstandige konsert van die kwartet het op 5 Mei 1954 in die *Sportklub Windhoek* plaasgevind en die volgende werke is uitgevoer:

1. *Les Chanteurs de Noël* - A Glazunov (1865-1936).
2. Strykkwartet opus 18 no 1 - L van Beethoven (1770-1827).
3. Klavierkwintet opus 81 - A Dvořák (1841-1904).

Die resensies was weer eens baie positief en die bywoning goed.⁴² Die derde optrede van die jaar was op 17 Julie 1954 in samewerking met die Rhodes Kamerkoor uit Grahamstad. Die kwartet het die begeleiding by die Mis no 2 in

G, D 167 van Schubert verskaf.

Op 7 Oktober 1954 het die kwartet 'n program met Anne Hamman (sopraan), A Timberg (tenoor) en Margot Scherz (klawesimbel) gedeel. Dit kan beskou word as 'n baie interessante program, veral aangesien Windhoekers vir die eerste keer op so 'n vlak met klawesimbelmusiek kon kennis maak. Die volgende werke is uitgevoer:

1. Concerto in D (*Eine kleine Tanzsuite für Streichquartett und Cembalo*) - G P Telemann (1681-1767).
2. Klawesimbelsolo (titel onbekend) - J B Lully (1632-1687).
3. a. *My mother bids me bind my hair* -
b. *Schlaf in deiner engen Kammer* (Duo vir sopraan, tenoor, viool, tjello en klawesimbel) - J Haydn (1732-1809).
4. Konsert in G vir viool en klawesimbel Hob. XVIII, 6 - J Haydn.
5. Italiaanse konsert BWV 971 - J S Bach (1685-1750).
6. a. *Herr in den Höhen, höre mein Flehen* -
b. *Amarilli* - A Stradella (1642-1682).
7. Strykkwartet in C KV 157 - W A Mozart (1756-1791).
8. Klawesimbelkonsert in A BWV 1055 - J S Bach.

Die resensie in die *Allgemeine Zeitung* van 8 Oktober 1954 was positief, hoewel daar oor die lengte van die program gekla is.

Die laaste konsert van 1954, op 2 Desember in die St Georges skoolsaal, is weer eens met Anne Hamman, A Timberg en Helga Stewien (klawesimbel) gedeel. Die jeugdige Irmgard Orth (klavier) het ook by die geleentheid opgetree. Die kwartet het 'n divertimento van Mozart, 'n Schubert kwartet en die bekende *Eine kleine Nachtmusik* van Mozart gespeel.

Die eerste konsert in 1955 is op 29 Maart in die *Sportklub Windhoek* gehou en die volgende program is aangebied:

1. Strykkwartet KV 546 in C - W A Mozart
(1756-1791).
2. Klaviertrio opus 49 in d - F Mendelssohn
(1809-1847).
3. Strykkwartet opus 51 no 2 in a - J Brahms
(1833-1897).

Die tweede konsert van die jaar, op 14 September 1955 in die *Sportklub Windhoek*, was so gewild dat dit 'n maand later, op 3 Oktober 1955 in die Merensky-saal van die DHPS herhaal is. Die vol-

gende program is aangebied:

1. Strykkwartet opus 29 in a, D 804 -
F Schubert (1797-1828).
2. Strykkwartet KV 575 in D - W A Mozart
(1756-1791).
3. Strykkwartet opus 51 in E-mol - A Dvořák
(1841-1904).

Die eerste konsert in 1956 het op 27 Maart in die saal van die *Hotel Continental* plaasgevind. Dié keer het die klarinetspeelster, Hildegard Bruhn, ook aan die program deelgeneem. Die volgende werke is uitgevoer:

1. Strykkwartet opus 20 no 4 - J Haydn (1732-1809).
2. Strykkwartet opus 18 no 6 in B-mol -
L van Beethoven (1770-1827).
3. Kwintet vir klarinet en strykkwartet
KV 581 in A - W A Mozart (1756-1791).

Die saal was volgepak en die resensente besonder entoesiasties:

'Der Kammermusikabend, den das Kehrmann Quartett gestern Abend im vollbesetzten Saal des Hotels 'Continental' gab, war für Windhoek ein schönes musikalisches Geschenk ... das Kehrmann Quartett versteht es prachtig, sich miteinander und andere musikalisch zu unterhalten'.

(Die kamermusiekaand wat gisteraand deur die Kehrmann-kwartet in die volgepakte saal van die *Hotel Continental* aangebied is, was 'n mooi musikale geskenk vir Windhoek ... die Kehrmann-kwartet verstaan pragtig hoe om met mekaar en met andere, musikaal te gesels.)⁴³

'The Quartette is becoming increasingly popular in Windhoek and each concert they show more polish and perfection. Their next concert is eagerly awaited'.⁴⁴

Die volgende konsert van die Kehrmann-kwartet het op 7 Augustus 1957 in die *Hotel Continental* plaasgevind en die program het as volg daar uitgesien:

1. Kwartet in d, opus posthumus, D 810 - F Schubert (1797-1828).
2. *Komplimentier* - kwartet opus 18 no 2 in G - L van Beethoven (1770-1827).
3. Kwartet opus 12 in E-mol - F Mendelssohn (1809-1847).

Een van die resensente het vir 'n ander saal gepleit, waar daar minder geraas van buite gehoor kon word. Die feit dat daar op dieselfde aand ook 'n ander konsert plaasgevind het, is betreur.⁴⁵

Die konsert op 22 Oktober 1958, in die *Sam Cohen*-saal, is vir die eerste keer deur die SA Kunsvereniging geborg en aangebied. Hildebard Bruhn het weer eens meegewerk. Die volgende program is aangebied:

1. Strykkwartet KV 590 in F - W A Mozart (1756-1791) .
2. Strykkwartet opus 64 no 5 in D - J Haydn (1732-1809) .
3. Kwintet vir Klarinet en Strykers opus 115 in b - J Brahms (1833-1897) .

Die saal was weer eens volgepak en die resensente vol waardering.⁴⁶ Dit was die laaste optrede van die kwartet in Windhoek vir 'n baie lang tyd, aangesien mnr Hatterscheidt, die tjellis, na Swakopmund verhuis het.

Op 24 Januarie 1959 het die kwartet in Swakopmund onder die beskerming van die Swakopmundse Kunsvereniging opgetree. Hul laaste vollengte konsert was op 27 Mei 1960, ook in Swakopmund.

Die Kehrmann-kwartet het hierna nie weer selfstandige konserte in Windhoek aangebied nie, deels omdat hulle hul tjellis kwyd was, en deels omdat hulle gevoel het dat hulle nie kon meeding met die

buitelandse kunstenaars wat die SA Kunsvereniging ingevoer het nie. Die kwartet het nog vir eie genot gespeel en van tyd tot tyd by spesiale geleenthede opgetree, soos byvoorbeeld by die Beethoven-fees op 27 Julie 1970. Hulle het soms met die tjellis, Jochen Wecke saamgespeel, en in 1965, in samewerking met 'n tjellis van Karibib, mnr W Kreiner, 'n konsert daar aangebied.

As 'n mens terugkyk op die werke wat die Kehrmannkwartet deur die jare aangebied het, is dit verbasend waartoe die groepie in staat was, veral as in ag geneem word dat hulle almal in ander betrekings gestaan het en dié werk in hul vrye tyd moes doen. Bowendien het almal ook nog in die WSO gespeel, wat heelwat tyd in beslag geneem het.⁴⁷

2.3.2 Die Windhoekse Afrikaanse Musiekvereniging (WAM)

Die Windhoekse Afrikaanse Musiekvereniging is laat in 1969 gestig met die spesifieke doel om die Afrikaners nader by die kultuur te betrek. Die Duitsers was al jare aktief op musiek- en kultuurterrein en daar het 'n besef ontstaan dat die Afrikaners meer musiek- en kultuurbewus gemaak moes word. Verder moes Afrikaanse kunstenaars ook die geleentheid gegee word om op te tree.

Die Windhoekse Afrikaanse Musiekvereniging se eerste komitee het as volg daar uitgesien:

Voorsitter: Chris Norwie

Bestuur: Herman Basson

Advokaat P Fourie

Mev Van der Merwe

Mev Liebenberg

Carina Moller

Monica Basson

Die eerste aanbieding van die Windhoekse Afrikaanse Musiekvereniging was 'n toer van Doris Brasch deur SWA, in samewerking met SWARUK.

Sy het 'n program spesiaal vir kinders aangebied en is deur Gordon Beasley begelei. In 1970 is 'n aantal gratis konserte in Windhoek aangebied waarin Windhoekers geleentheid gekry het om op te tree. So byvoorbeeld het Elsa Louw (sopraan) en Monica Basson (mezzo-sopraan) in 1970 opgetree.

Die Windhoekse Afrikaanse Musiekvereniging het nie lank bestaan nie, want SWARUK het in elk geval in die behoefte voorsien waarvoor hulle hul aanvanklik beywer het. Die Vereniging het in 1974 doodgeloop.⁴⁸

2.3.3 SA Kunsvereniging (Windhoek tak)

Die SA Kunsvereniging (Windhoek-tak) is in 1947 in Windhoek gestig. Die vereniging het besluit om hom nie slegs op die bevordering van die beelddende kunste toe te lê nie, en kon dus vir 'n hele aantal jare 'n groot leemte in die musieklewe van Windhoek vul. Die vereniging het hom veral op die aanbieding van oorsese kunstenaars toegelê, hoewel plaaslike groepe nie heeltemal oor die hoof gesien is nie.

Die eerste aanbieding wat deur die Kunsvereniging geborg is, was 'n toer in 1948 deur Suidwes van die danseres, Marsha Arsenieva en die danser, John Cranston. Hulle is deur Boris Igneff begelei. Die groep het altesaam vyf konserte in Suidwes gegee. Daar was onmiddellik so 'n geweldige belangstelling in ballet dat daar 'n balletskool gestig is. Reeds by die stigting is meer as 100 leerlinge ingeskryf. Die skool het onder die leiding van John Cranston gestaan, wat hom na die toer in Windhoek gevestig het en vir baie jare werk van onskatbare waarde gedoen het.

In dieselfde jaar het die violis, Jaap Emner, deur Suidwes getoer en die Suid-Afrikaanse komponis, Arnold van Wyk, het twee konserte gelewer.

Teen die einde van die jaar het die ledetal van die

Kunsvereniging al op 175 gestaan en teen Desember 1949 het dit tot 350 gegroei. Die violis, Jaap Emmer, het weer 'n toer deur Suidwes onderneem, en is aanvanklik deur Gordon Beasley en later op die toer deur Helga Neuhaus (later Helga Stewien) begelei. Hy het ook twee konserte met orrelbegeleiding in die *Christuskirche* aangebied.

Gedurende die res van 1949 het die Kunsvereniging die volgende konserte aangebied:

April en Mei 1949: Die Suid-Afrikaanse kontralto, Beatrice Gibson, met uitvoerings in Windhoek, Swakopmund, Okahandja, Mariental en Lüderitz. Hierina het Erna Sack twee konserte in Windhoek gegee, en het Heinrich Schlussnus deur Suidwes getoer. Die balletskool van John Cranston en Lou van Yck kon al met 'n leerlingtal van meer as 200 spog.

Die hoogtepunt van 1950 se werksaamhede was 'n viooluitvoering op 9 Maart deur die beroemde Yehudi Menuhin.

In 1952 het die ledetal van die Kunsvereniging op 508 te staan gekom. Vir die eerste keer is plaaslike talent deur die Kunsvereniging aangebied met die borg van 'n konsert van al die musiekleerlinge in Windhoek. Hierna, met die klem nog steeds op kindermusiek, is 'n konsert en lesing vir kinders deur die pianis, Noel Newton-Wood, en sir Eric McLagan aangebied.

Die Rhodes universiteitskoor onder leiding van Georg Gruber het in 1958 deur Suidwes getoer. Hul repertorium het motette, klassieke koorwerke, korale, solo's, volksliedere en 'n operette van Offenbach, *Mariage aux lanternes* (Troue by lantorn-
lig) ingesluit. Die koor het drie konserte in Windhoek aangebied.

Die bekende Duitse tenoor, Walter Hesse, 'n Windhoeker van geboorte, het in dieselfde jaar twee konserte in Windhoek gegee. Hy is deur Helga Stewien begelei. Die Nasionale Balletskool (soos dit later bekend gestaan het) het drie konserte aangebied. Die hoogtepunt van die jaar se musieklewe was 'n besoek van die Suk-trio van Praag, met Josef Suk (viool), Milos Sudlo (tjello) en Jan Panenka (klavier). Hulle het konserte in Windhoek en Swakopmund gegee.

Die Rhodes Universiteitskoor het Windhoek in 1959 vir die derde keer besoek. Hierdie keer het hulle 'n interessante versameling instrumente saamgebring, naamlik Glockenspiele, metallofone en psalteriums. Die hoogtepunt van hul program in Windhoek was die *Catulli Carmina* van Carl Orff en die Kersfeeskantate van Georg Gruber. Mimi Coertze, begelei deur José Rodriguez Lopez het in dieselfde jaar twee konserte in die saal van die

Spoorweginstituut gegee.

Plaaslike kunstenaars is ook in 1959 deur die vereniging geborg. In Oktober het die Kehrman-kwartet met Hildegard Bruhn in die *Sam Cohen*-saal opgetree. Die Schererkoor het onder beskerming van die vereniging twee kerskonserte in die *Christuskirche* gegee. Die nuutgekoopte klavesimbel is by dié geleentheid deur Helga Stewien ingewy. Die program van die kerskonserte het ook 'n ensemble ingesluit, wat werke van Corelli en Palestrina op die oorspronklike instrumente gespeel het.

Die eerste konsert in 1960 is deur die WSO onder leiding van Willi Frewer aangebied, en die opbrengs daarvan is vir die aankoop van 'n nuwe klavier aangewend. Die klavier, 'n Bechstein, is later die jaar aangekoop en is deur die WSO en Helga Stewien as soliste ingewy.⁴⁹ Die Duitse Ensemble, Lukas David (viool) en Hilde Findeisen (klavier) het konserte in Windhoek en Swakopmund aangebied.

Die Kunsteater is op 30 Oktober 1960 geopen met die Neutrakerballet van Tshaikowsky. Die produksie is deur die balletskool van die Universiteit Kaapstad aangebied, met Patricia Miller en David

Poole in 'die hoofrolle. Die WSO het 'n ouverture by die geleentheid gespeel.⁵⁰

'n Oorsig oor die aanbiedinge van die Kunsvereniging oor die volgende tien jaar gee 'n duidelike beeld van die onskatbare bydrae wat gemaak is tot die musieklewe van Windhoek.

1961:

- Die Münchense Kamerorkes.
- Koeckert Kwartet (lede van die Berlynse Simfonie-orkes).
- Jean-Pierre Rampal (fluit) begelei deur Robert Veyrou-Lacroix.
- Weense Oktet.
- Die Britse pianis, Dennis Matthews.

1962:

- Stuttgart Kamerorkes onder leiding van Karl Munchinger.
- Windhoekse Simfonie-orkes onder leiding van Willi Frewer, solis Gerald Fainsinger⁵¹.
- Erick Friedman (viool) en Geoffrey Parsons (klavier).
- Universiteit van Kaapstad se Balletgroep onder leiding van Dulcie Howes. *Sylvia* van Delibes (1836-1891) is opgevoer met Penelope Hill en David Poole.

- *The Mikado* van Gilbert en Sullivan onder leiding van Ernst Scherer, die eerste plaaslike opera-opvoering.
- Ernst Wallfisch (altviool) en Aldin Motard (klavier).
- Klavieruitvoering deur die Amerikaanse pianiste, Ruth Slenczynska.
- Sheila Frewen se balletskool met 8 aanbiedinge van *Guys and Dolls* van Frank Loesser (1910-1969) en *Orpheus in der Unterwelt* van Offenbach (1819-1880) onder leiding van Ernst Scherer.
- Afskeidskonsert van John Cranston. Tweede bedryf uit *Coppelia* van Delibes en die SWA Premiere van *Exodus* met musiek van Ernest Gold.
- Koorkompetisie van kleurlingkore.
- Windhoek Simfonie-orkester onder leiding van Willi Frewer, solis, Rolf Klein (klarinet).⁵²

1963:

- Hongaarse Strykkwartet.
- Shura Cherkassy (klavier).
- Ruth Slenczynska (klavier).
- Maria Stader (sopraan) en Hans Erismann (klavier).
- Die opera *Don Giovanni* van Mozart (1756-1791) deur die opera-ensemble van die Universiteit Kaapstad.

1964:

- Moura Lympany (klavier).
- Ghitaarduo: Ida Presti en Alexandre Lagoya.
- In 1964 is die orkesput van die teater vergroot sodat 30 spelers kon inpas.
- *Tosca* van Puccini (1858-1924) is deur die operaskool van die Universiteit van Kaapstad opgevoer. Die hoofsangere was Désirée Talbot, Gregorio Fiasconaro en Ernest Dennis. Die opera is deur Erik Chisholm gedirigeer.
- Windhoek Simfonie-orkes onder leiding van Willi Frewer⁵³.
- Schererkoor onder leiding van Ernst Scherer.
- Nasionale Balletskool: leerlingkonsert onder leiding van Jane Mansfield.
- Koorkompetisie van kleurlingkore.
- Löwenguth Strykkwartet.
- Windhoek Simfonie-orkes onder leiding van Willi Frewer.
- Klavier duopaar uit Hamburg: Ingeborg en Reiner Küchler.
- Edith Peinemann (viool) en Helmuth Barth (klavier).
- Jorg Bolet (klavier).

1965:

- Endres Kwartet uit München.
- Die opera *Zar und Zimmermann* van Lortzing

- (1801-1851) onder leiding van Ernst Scherer.
- Alfredo Campoli (viool) en Jean Claude Ambrosini (klavier).
 - *Giselle* van Adam (1803-1856) deur die Kaapstadse Balletskool met Phyllis Spira en Gary Burne.
 - *Peter Pan and Wendy* opgevoer deur die Nasionale Balletskool.
 - Rikie Venter (sopraan) en Hans Maske (klavier) met 'n uitvoering van liedere en arias.
 - *Spotlight on Ballet* onder leiding van Sheila Frewen.
 - Alicia de la Rocha (klavier).

1966:

- Hans Richter-Haaser (klavier).
- Des Lindberg en Dawn Silver met 'n *Folk Singing*-aand.
- Doris Brash en Bob Borowsky.
- Kompetisie deur kleurlingkore.

1967:

- Die Kehr-trio onder leiding van prof Gunter Kehr (viool), Erich Sichermann (altviool), Bernhard Braunholz (tjello) en Hans Moehring (fluit).
- *Il Barbiere di Siviglia* (Die barbier van Seville) van Rossini (1792-1868) deur die

Operaskool van die Universiteit Kaapstad.

Die regisseur was Gregorio Fiasconaro en die dirigent, Pierre de Groote. Die hoofsangere: Désiree Talbot, Albie Louw, Helmut Holzappel, Ernest Dennis, Robert Garcia en Hilda Sandak-Lewen. Die orkes van 20 lede het vier Windhoekers ingesluit.

- Kamermusiekuitvoering deur Eva Tamassy (fluit), Toni Thecke (fagot), Harald Strebel (klarinet) en Helga Stewien (klavier).
- Tweeklavier-uitvoering deur die Kontarskybroers.
- Aaron Rosand (viool) en Eileen Fissler (klavier).

1968:

- Endres Kwartet.
- *An Evening of Ballet* deur die Nasionale Balletskool.
- Die *Neutraker Suite* van Tschaikowsky (1840-1893) en *The Rake's progress* van Gavin Gordon (1901-) deur die Balletskool van die Universiteit Kaapstad.
- Hans Richter-Haaser (klavier).
- Ingrid Haebler (klavier).

1969:

- Juliana de Villiers (klavier).

- OVS Musiekgroep onder leiding van Jack de Wet met Suzanne de Villiers (viool), Jan Repko (viool), Frederik Fourie (tjello), Albie van Schalkwyk (klavier) en Dolf van Niekerk (klarinet).
- OVS Jeugkoor onder leiding van Dirkie de Villiers.
- Koeckert kwartet.
- Heinz Holliger (hobo) en Edith Picht-Axenfeld (klavier).
- Edith Peinemann (viool) en Helmut Barth (klavier).

1970:

- Aaron Rosand (viool) en Eileen Fissler (klavier).
- John Antoniadis (klavier).
- Hongaarse Strykkwartet.
- Kehrman-kwartet ter viering van die Beethoven-fees.
- Twee eenakter operas onder leiding van Hans Maske met volwassenes en leerlinge van die WHS. *Die Kadi* van Gluck (1714-1787) en *The Cooper* (Die Kuiper) van Arne (1710-1778).
- John Ogdon (klavier).
- Kim Borg (bas) en Erik Werba (klavier).
- Irmgard Seefried (sopraan) en Erik Werba (klavier).

- Hans Richter-Haaser (klavier) met 'n uitvoering vir die Beethoven-jaar.⁵⁴

Dit is nodig vir 'n stad of gemeenskap om plaaslike talent te bevorder, maar dit is ook nodig om in kontak te bly met musiekontwikkeling in die buitewêreld. Deur internasionaal-bekende kunstenaars na Windhoek te bring, het die Kunsvereniging daarin geslaag om hierdie kontak te bewerkstellig en Windhoekers 'n idee te gee van musiekgebeure in die res van die wêreld.

2.3.4 Die Suidwes-Afrikaanse Streeksraad vir die Uitvoerende Kunste (SWARUK)

Na die ontbinding van die Nasionale Toneel-Organisasie (NTO) en die stigting van streeksrade vir die uitvoerende kunste in die vier provinsies van die Republiek in 1963, was dit nie lank voordat die stigting van 'n streeksraad in Suidwes 'n noodsaaklikheid geword het nie. Die inisiatief het van die destydse administrateur, mnr Wennie du Plessis uitgegaan, en die eerste samesprekings in die verband het op 25 Junie 1966 plaasgevind. Na skakeling met die ander provinsies om advies in te win, is die SWA Administrasie by die bedrywighede van SWARUK betrek, hoofsaaklik om finansiële hulp te verleen.

Tydens die loodsvergadering van SWARUK op 25 September 1966 in die saal van die Wetgewende Vergadering, is die samestelling van 'n raad, bestuur en uitvoerende komitee van SWARUK goedgekeur. Die eerste uitvoerende komitee van die raad het uit die volgende persone bestaan:

Sy edele mnr W du Plessis (voorsitter),
mnr J J Klopper (onder-voorsitter),
mnre K Dahlmann, P L Hattingh, G Isaacson,
mev O Levinson en dr J T van Wyk. Mnr C A
de Wet is tot sekretaris/tesourier verkies.

Na hierdie samestelling het die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika 'n bedrag van R25 000,00 vir die eerste boekjaar 1966/67 bewillig vir die bevordering van die uitvoerende kunste. Algaande het dit begin blyk dat die stigting van SWARUK 'n uitstekende besluit was, te oordeel aan die geweldige toename in belangstelling en geesdrif aan die kant van die publiek en plaaslike kunstenaars.

Anders as die streeksrade in die Republiek, het SWARUK in die eerste jare nie veel van die werklike organisasie van konserte behartig nie, maar slegs finansiële ondersteuning verskaf, aangesien die enigste uitvoerende beamppte die sekretaris/tesourier was. SWARUK het eers in 1971 oor 'n

eie kantoor beskik toe mnr R Engelbrecht by die vorige sekretaris/tesourier oorgeneem het. Eers in 1973, nadat meer personeel aangestel is, en na die heropening van die herboude Windhoek-Teater, is daar begin om konserte aan te bied en te organiseer op dieselfde grondslag as die ander kunsrade.

In die begin was daar noue samewerking met die SA Kunsvereniging, en waar laasgenoemde vroeër buitelandse kunstenaars op eie stoom aangebied en gefinansier het, is dit nou in samewerking en met geldelike ondersteuning van SWARUK behartig. Vroeër is die finansiering van musiekkonserte uitsluitlik deur verenigings soos die WSO, die Windhoekse Koorvereniging of indiwidue verskaf en was dit nie altyd moontlik om finansieel kop bo water te bly nie. Daarom kon daar uiters twee of drie produksies per jaar aangebied word. Die SA Kunsvereniging het natuurlik hul deel bygedra, maar hoofsaaklik om buitelandse kunstenaars na Suidwes te bring. Gevolglik was daar baie plaaslike talent wat weens 'n gebrek aan finansies nie soveel kon optree as wat hulle werklik wou nie. Met die stigting van SWARUK is hierdie probleem algaande die hoof gebied en het ingevoerde sowel as plaaslike kunstenaars hul regmatige aandeel in die Windhoekse musieklewe gekry. Veral na die

stigting van die konservatorium in 1971 het meer en meer musici hulle in Windhoek gevestig en het die finansiële en organisatoriese hulp van SWARUK al hoe noodsaakliker geword.

Sedert die opening van die Kunsteater in 1960 en die Aula van die DHPS in 1966 het die musikale aksent van die stad na hierdie twee teaters verskuif en word die meeste musiekkonserte daar aangebied met die uitsondering van gewyde konserte in die *Christuskirche*.

Hier volg 'n opsomming van musiekaanbiedinge onder beskerming van SWARUK, of SWARUK in samewerking met die SA Kunsvereniging vanaf 1966 tot einde 1970:

1966:

- Schererkoor met Rikie Venter as solis het op 8 Desember 'n Kerskonsert aangebied.
Dit was die eerste aanbieding van SWARUK.

1967:

- Konsert deur die Windhoekse Kinderkoor onder leiding van Ernst Scherer op 9 en 10 Junie.
Die koor het ook 4 konserte onder beskerming van SWARUK op die platteland aangebied.
- Die Pro Arte Ensemble uit Kaapstad op 20 Julie.

1968:

- Weense Seunskoor op 5 en 6 Augustus.
- Berlynse Filharmoniese Oktet op 27 Junie.
SWARUK in samewerking met SA Kunsvereniging
- Windhoekse Simfonie-orkester onder leiding van Ernst Scherer op 19 Oktober.
- Windhoekse Kinderkoor onder leiding van Ernst Scherer op 1 en 2 November in Windhoek en vier konserte op die platteland.

1969:

- Eerste Keulense akkordeonorkes op 25 Februarie.
- OVS Jeugkoor onder leiding van Dirk de Villiers op 16 Julie en vier konserte op die platteland.
- Engelgesin op 11 Augustus.
- Mehlemer-kwartet op 27 Oktober en 12 en 14 November plus nege konserte op die platteland.
SWARUK in samewerking met die *SWA Sängerbund*.
- Windhoekse Kinderkoor onder leiding van Ernst Scherer op 5 Desember.

1970:

- Windhoekse Kinderkoor. 'n Toer deur Wes-Kaapland geborg deur SWARUK.
- Doris Brash en Gordon Beasley op 11 April.
SWARUK in samewerking met Windhoekse Afrikaanse Musiekvereniging.

- Hongaarse Strykkwartet op 20 Junie. In samewerking met SA Kunsvereniging.
- Beethoven-gedenkfees met die Kehrmann-kwartet op 27 Julie.
- John Ogdon (klavier) op 31 Augustus.
- Wes-Duitse Horingtrio op 9 September in samewerking met die SA Kunsvereniging.
- Kim Borg (bas) en Erik Werba (klavier) op 16 September in samewerking met die SA Kunsvereniging.
- Orreluitvoering deur Chris Swanepoel op 20 September in samewerking met die Windhoekse Afrikaanse Kultuurraad.
- Windhoekse Kinderkoor onder leiding van Ernst Scherer. Toer deur die OVS deur SWARUK geborg.
- Hans Richter-Haaser (klavier) op 14 Oktober in samewerking met die SA Kunsvereniging.
- Windhoekse Kinderkoor op 16 en 17 Oktober en twee uitvoerings op die platteland.
- Irmgard Seefried (sopraan) en Erik Werba (klavier) op 2 November in samewerking met die SA Kunsvereniging.

SWARUK het ook sy deel bygedra tot die bevordering

van opera en ballet in Windhoek. Hier volg 'n opsomming van die produksies wat in geheel of gedeeltelik deur SWARUK geborg is:

1967:

- *Il Barbiere di Siviglia* van Rossini. In samewerking met die SA Kunsvereniging. Ses opvoerings deur die Operaskool van die Universiteit Kaapstad.

1968:

- 'n Aand van Ballet in samewerking met die Nasionale Balletskool en die Kinder- en Poppeteater.

1969:

- *Im Weissen Rössl* van Ralph Benatsky in samewerking met die Windhoekse Koor- en Operagroep. Elf opvoerings met Ernst Scherer as dirigent en Fortunat von Oertzen as regisseur.
- 'n Ballettoer op die platteland in samewerking met die Nasionale Balletskool en die Kinder- en Poppeteater.

1970:

- Opera-aand in samewerking met SUKOVs en die Windhoekse Afrikaanse Musiekvereniging op 11 en 12 September.

- *Mantis Moon*, 'n ballet op musiek van Hans Maske, in samewerking met 'Klein-teater' en SUKOVŠ. Vyf opvoerings met die eerste op 5 Junie.
- *Where the rainbow ends* in samewerking met die Nasionale Balletskool en die Kinder- en Poppeteater. Vyf opvoerings met die eerste op 22 Julie.⁵⁵

Vanaf sy stigting tot einde 1970 kon 'n mens jaarliks sien hoe SWARUK se musiekaanbiedinge vermeerder het en geleidelik 'n kettingreaksie laat ontstaan het om die Windhoekse musieklewe te verryk. Hoe meer die publiek toegang tot kulturele aanbiedinge verkry, veral op die gebied van die uitvoerende kunste, hoe groter word die konsertbywonende publiek.

VOETNOTAS : HOOFSTUK VI

1. *Riege*: 'n groep gimnaste.
2. Müller, Hans: 'Windhuks Musikleben in drei Jahrzehnten'. *Erstes Südwestafrikanisches Bundes-Sängerfest, Windhuk 19. bis 21. April 1930.*
3. Müller, Hans: *Festschrift zur Feier des 15 jährigen Stiftungsfestes am 22. und 24. Mai 1922.*
4. Müller, Hans: 'Aus den Anfangsjahren des Windhoeker Männerchors', *Lyra und Aloë, Mitteilungsblatt Windhoeker Männerchor/Windhoeker Frauenchor*, no 53, 1967.
5. Gesprekke met mnr Walter Heinrich. Windhoek, Feb. 1982.
6. Müller, Hans: *Festschrift zur Feier des 15 jährigen Stiftungsfestes am 22. und 24. Mai 1922.*
7. Müller, Hans: 'Aus den Anfangsjahren des Windhoeker Männerchors'.
8. Program van die 22ste *Motette*, aanwins no A 13, Staatsargief Windhoek.
9. Müller, Hans: 'Aus den Anfangsjahren des Windhoeker Männerchors'.
10. *Ibid.*
11. Die skoolbasaar van die DHPS is 'n jaarlikse instelling en veel meer as net 'n skoolbasaar. Dit is 'n hele naweek van feesvieringe waaraan die hele Duitse gemeenskap van Windhoek deelneem. Gewoonlik vorm 'n konsert en dans deel van die feesvieringe.
12. Müller, Hans: *Festschrift zur Feier 15 jährigen Stiftungsfestes am 22. und 24. Mai 1922.*

13. *Allgemeine Zeitung*: 25 Mei 1923.
14. *Allgemeine Zeitung*: 17 Sep 1923.
15. *Allgemeine Zeitung*: 25 Jun 1927.
16. Müller, Hans: 'Aus den Anfangsjahren des Windhoeker Männerchors'.
17. *Ibid.*
18. Müller, Hans (samesteller): *Erstes Südwestafrikanisches Bundes-Sängerfest, Windhoek 19. bis 21. April 1930.*
19. Gesprekke met mnr Walter Heinrich. Windhoek, Feb. 1982.
20. Die *Windhoeker Chorgemeinschaft* moet nie met die *Windhoeker Gemischter Chor* verwar word nie. Laasgenoemde koor was 'n vertakking van die *Windhoek Music Society* wat deur Willi Frewer na die Tweede Wêreldoorlog op die been gebring is en in 1949 deur Walter König oorgeneem is. Hulle was op 'n stadium as die Windhoekse Madrigaalkoor bekend en het later met Scherer se *Motettenchor*, ook bekend as die Schererkoor, geamalgameer.
21. *Lyra und Aloë, Mitteilungsblatt Windhoeker Männerchor/Windhoeker Frauenchor*, no 54, Windhoek, 1967.
22. Gesprekke met Walter Heinrich. Windhoek, Feb 1982.
23. *Windhoeker Anzeiger*: 6 Jul 1899.
24. *Windhoeker Anzeiger*: 7 Des 1899.
25. Daar is geen werk van Mozart onder hierdie titel bekend nie. Daar kan dus aangeneem word dat *Der Schutzgeist* òf 'n vertaling van 'n Latynse titel is, òf 'n verwerking van 'n ander komposisie van Mozart, òf deel daarvan.

26. *Windhoek Anzeiger*: 15 Nov 1906.
27. *Windhuker Nachrichten*: 1 Feb 1908.
28. *Windhuker Nachrichten*: 28 Feb 1907 en 14 Mrt 1907.
29. *Windhuker Nachrichten*: 28 Apr 1909.
30. *Windhuker Nachrichten*: 8 Sep 1909.
31. *Windhuker Nachrichten*: 23 Mrt 1910.
32. *Windhuker Nachrichten*: 26 Mei 1909.
33. *Windhuker Nachrichten*: 25 Sep 1909.
34. *Windhuker Nachrichten*: 4 Mei 1910.
35. *Ibid.*
36. *Landeszeitung*: 8 Sep 1921.
37. Gesprekke met Fritz von Seggern en Friedgard von Koenen. Windhoek, Feb 1982.
38. *Ibid.*
39. *Allgemeine Zeitung*: 25 Jun 1953.
40. *Allgemeine Zeitung*: 9 Jul 1953.
Windhoek Advertiser: 10 Jul 1953.
41. *Allgemeine Zeitung*: 24 Jul 1953.
42. *Allgemeine Zeitung*: 6 Mei 1954.
Windhoek Advertiser: 7 Mei 1954.
43. *Allgemeine Zeitung*: 28 Mrt 1956.
44. *Windhoek Advertiser*: 29 Mrt 1956.
45. *Allgemeine Zeitung*: 8 Aug 1957.
46. *Windhoek Advertiser*: 24 Okt 1958.
Allgemeine Zeitung: 23 Okt 1958.
47. Gesprekke met Fritz von Seggern en Friedgard von Koenen. Windhoek, Feb 1982.
48. Gesprek met Chris Norwie. Windhoek, Feb 1982.

49. Sien p. 147 van hierdie verhandeling.
50. *Ibid.*
51. Sien p. 275 van hierdie verhandeling
52. Sien p. 151 van hierdie verhandeling.
53. Sien p. 153 van hierdie verhandeling.
54. Jaarverslae van die SA Kunsvereniging, 1948-1970.
Laasgenoemde word bewaar in die kantore van die Kuns-
vereniging, John Meinertstraat, Windhoek.
55. *SWARUK Gedenkalbum*, in 1976 uitgegee ter viering van
die vereniging se tienjarige bestaan. Laasgenoemde
word bewaar in SWARUK se kantore, John Meinertstraat,
Windhoek.

HOOFTUK VII

BESOEKENDE KUNSTENAARS

1. VOOR DIE EERSTE WÊRELDOORLOG

Die eerste besoek aan Windhoek van beroepsmusici, was dié van die Cherniavski-broers Leo, 17 jaar (viool), Jan, 13 jaar (tjello) en Mischel, 11 jaar (klavier) in Oktober 1909. Hulle was die seuns van die destyds beroemde Russiese musiekdirekteur van Odessa, M Cherniavski. Die seuns is deur die alt Melanie Hooton vergesel. Hulle het ook deur *Britisch-Süd-Afrika*, soos Suid-Afrika destyds bekend gestaan het, getoer.

Die pers het 'n konsert nog nooit voorheen so geadverteer nie, en dit is vooruitgegaan met 'n reeks prikkel-artikels en berigte en artikels oor die groep se optredes in London, Australië en Kaapstad. Die toegangsgeld was hoog; Mk 20,00 (ongeveer R5,00) vir bespreekte en Mk 10,00 vir onbespreekte plekke. Hoewel die konserte in Swakopmund en Lüderitz-bucht goed ondersteun is, was die bywoning in Windhoek teleurstellend. Selfs toe die derde konsert teen halfprys aangebied is, kon die saal nie gevul word nie. Ongelukkig is niks oor die program wat aangebied is bekend nie.

Die eerste opera-uitvoering in Windhoek het op 27 en 28 November 1909 in die saal van die *Hotel Stadt Windhuk*

plaasgevind. Llewellyn se operageselskap het Windhoek besoek en die eerste aand is *Faust* van Gounod opgevoer. Die tweede aand is *Cavalleria Rusticana* van Mascagni en uittreksels uit *Il Trovatore* van Verdi en *Carmen* van Bizet aangebied. Die deelnemers is as volg beskryf:²

- Mej Lisa Jordan (sopraan)

'Sowohl an Stimme als Erscheinung eine der ersten Primadonnen der englischen Oper.'

(Een van die voorste primadonnas van die Engelse opera in sowel stem as optrede).

- Mej Katie McIndoe (alt)

'Ein 17 jährige ganz vortreffliche Sängerin, wurde in Australien, dem Lande der Melba, Von Herrn Llewellyn entdeckt.'

('n Sewentienjarige, heel voortreflike sangeres; is in Australië, land van Melba, deur mnr Llewellyn ontdek.)

- Mnr Bruckshaw (tenoor)

'Einer der ersten englischen Operntenöre, bekannt als vortrefflicher Faust-Darsteller.'

(Een van die voorste Engelse opera-tenore; bekend as voortreflike Faust-vertolker.)

- Mnr Llewellyn (bariton)

'Bekannt als einer der besten Darsteller des Mephistopheles, sowohl in der eng-

lischen als italienischen Oper.'

(Bekend as een van die beste vertolkers
van Mephistopheles, sowel in Engelse as
Italiaanse opera.)

- Dirigent: Mnr H B Coulshard.

Dit is nie bekend watter begeleiding gebruik is nie.

Die toegangsgeld was Mk 10,00 (ongeveer R4,00)

Die volgende besoekende kunstenaars was die Tiropoolse
sangerpaar, mnr Brodtrager (tenoor) en sy stiefsuster,
mej Hiebl (sopraan), wat Windhoek van 1 tot 5 Junie 1910
besoek het. Die konserte het in die saal van die *Hotel
Stadt Windhuk* plaasgevind en die toegangsgeld was Mk 5,00
vir bespreekte en Mk 3,00 vir onbespreekte plekke. Aan-
vanklik was die ondersteuning hier, soos by die Cherniav-
ski-broers, nie goed nie. Die resensent het die sangpaar
egter so aangeprys dat nog twee optredes bygevoeg moes word.

'Fräulein Hiebl schmettert wie eine Lerche'

(Mej Hiebl sing soos 'n lewerik).

Die resensent het die paar se sang met die onbesoedelde
berglug van Tiroom vergelyk en het dit verfrissend gevind
na die 'Zweifelhafte Leistungen' (twyfelagtige voordragte)
waarna Windhoekers in die laaste tyd moes luister. Hy
het blykbaar na die Wiegmann-kabaret van 'n paar maande
vroeër verwys.³

Op 12 en 13 April 1914 is sogenaamde tafelkonsertere by die *Hotel Stadt Windhuk* aangebied deur twee besoekende kunstenaars, mnr E van Toonk (viool) en Otto Reding (klavier). Die resensent het sy verbasing uitgespreek dat die items uit *Lohengrin*, *Tannhäuser*, *La Traviata* en ander operas minder byval gevind het as die potpourris uit *Die Fledermaus*, moderne danse en destydse Duitse treffers. Gevolglik is daar 'n uitsluitlik ligte konsert op 15 April aangebied.⁴

2. VOOR DIE TWEDE WÊRELDOORLOG

Die Eerste Wêreldoorlog het veroorsaak dat daar vir 'n hele aantal jare geen besoeke van buitelandse kunstenaars aan Windhoek was nie. Die eerste kunstenaar van buite Suidwes-Afrika wat weer 'n besoek aan Windhoek gebring het was Walter Spiethoff, professor aan die Stellenboschse konservatorium. Hy het op 14 en 17 Januarie 1921 'n uitvoering van poësie en lieder, met luitbegeleiding, gelewer.

Op Maandag, 9 Oktober 1922 het mnr Schönlein 'n viooluitvoering gelewer. Hy is aan die klavier deur sy vrou begelei. Die konsert het baie goeie kritiek uitgelok maar slegs 'n honderd mense het dit bygewoon.⁵ Die egpaar se konsert is op 11 Oktober in die *Hotel Rheinischer Hof* herhaal. Hulle het ook die res van Suidwes besoek.

Die volgende besoekende kunstenaar het eers in 1931 weer na Windhoek gekom. Dr H Boss het op 27 September 1931 'n

orreluitvoering in die *Christuskirche* gegee. Hy het werke van Bach, Mendelssohn en Liszt uitgevoer.

Die eksaminators van die *Trinity College*-eksamens het tydens hul besoeke gewoonlik ook konserte gegee. Op 31 Julie 1931 het Adolf Mann 'n klavieruitvoering gegee en in Julie 1935 het mnr Anderson-Tyrer (klavier) en sy vrou, Nanette Evans (viool) opgetree.

Op 25 Augustus 1935 het Margot Scherz van Duitsland 'n orreluitvoering gelewer. 'n Jaar later, op 24 Julie 1936, het die tjelliste, Joyce Hornyansky, Windhoek besoek. Sy is deur Fred van Werkhoven in 'n program van tjellosolo's begelei. Nog 'n jaar later het Joyce Hornyansky Windhoek weer besoek; hierdie keer met 'n uitvoering van kamer-musiek, waarin sy bygestaan is deur Helga Bassel en Muriel Hall. Die konsert het op 3 Julie 1937 in die *Hotel Kaiserkrone* plaasgevind.

Op 7 Oktober 1938 het Hildegard Keefer uit Stuttgart 'n liederuitvoering gelewer. Sy is deur die *Windhuker Musikfreunde* begelei. Sy het liedere van Schubert, Brahms, Wolf en Strauss gesing asook 'n aantal opera-arias, naamlik die toneel van Agathe, *Wie nahte mir der Schlummer* uit *Der Freischutz* van Weber en 'n aria uit *Madame Butterfly* van Puccini. Sy het blykbaar vir 'n ruk in Windhoek ver-toef want daar was ook 'n berig van 'n liederaand op 9 Desember 1938.

Die laaste besoekende kunstenaar voor die Tweede Wêreld-ooglog was Gerta Breyne (alt) wat tydens die 125ste *Motette* as solis opgetree het. Laasgenoemde konsert het op 29 Januarie 1939 plaasgevind en werke van Geilsdorf, Reger en Wolf is uitgevoer.⁶ Na die oorlog het organisasies soos die SA Kunsvereniging en later SWARUK hulle beywer om buitelandse kunstenaars na Windhoek te bring. Die frekwensie van besoeke was natuurlik veel hoër as vroeër aangesien daar fondse beskikbaar was en die reëlings getref is deur organisasies wat daarvoor toegerus was.⁷

VOETNOTAS : HOOFSTUK VII

1. *Windhuker Nachrichten*: 13 Okt 1909.
2. *Windhuker Nachrichten*: 6 Nov 1909.
3. Die *Wiegmann Ensemble* het Windhoek in Maart en April 1910 besoek. Dit was blykbaar vermaak uit die hoogste rakke maar volgens 'n berig in die *Windhuker Nachrichten* van 13 April 1910 was die program vol 'Grosstadtluft' (met ander woorde, 'n bietjie gewaagd, en sou 'n program waarna die hele gesin kon kyk, in die toekoms verwelkom word.
4. *Der Südwestbote*: 15 Apr 1914.
5. *Allgemeine Zeitung*: 11 Okt 1922.
6. *Allgemeine Zeitung*: 6 Feb 1939.
7. Sien p. 213 tot p. 231 van hierdie verhandeling.

HOOFSTUK VIII

LOKALE WAARIN MUSIEKKONSERTE AANGEBIED IS

1. HOTELLE, KLUB- EN SKOOLSALE

Tydens die eerste klompie jare van Windhoek se bestaan was daar heelwat kleiner ondernemings wat as restaurante of biersale handel gedryf het en dan van tyd tot tyd in hulle eetsale konserte aangebied het. Die oudste hiervan was die *Ludwigslust*-restaurant in Klein-Windhoek, want volgens koerantberigte is die nuwe danssaal al op 30 Maart 1899 ingewy. Soortgelyke ondernemings was die *Utz*- en die *Höpfner-lokal* waarvan vroeg in 1900 in die koerant melding gemaak is.¹ Die *Keetz*-restaurant het ook konserte aangebied en die eerste berigte hieroor het in 1901 verskyn.²

Die oudste van die hotelle en vir jare ook een van die gewildstes, was die *Hotel Stadt Windhuk* waarvan die eerste keer op 26 Januarie 1901 melding gemaak is. Die hotel se eetsaal, wat ook as konsertsaal gedien het, het sitplek vir sowat 150 tot 200 mense gebied, en het ook oor 'n verhoog met 'n pragtige gordyn beskik.³ Daar is blykbaar tot 19h30 saans geëet. Daarna is die stoele gerangskik en kon die konsert gewoonlik om 20h30 begin. Dit is blykbaar as gevolg van hierdie reëling dat konserte vandag nog om 20h30 in Windhoek begin. Daar is ook verhoogstukke in die *Hotel Stadt Windhuk* aangebied en dit is as die 'elite'-

hotel beskou aangesien die offisiere van die beskermingsmag daar kom ontspan het.

In 1905 is daar vir die eerste keer melding gemaak van die '*Etablissement*' *Rohe* (blykbaar ook 'n restaurant) wat van tyd tot tyd konserte aangebied en later ook bioskoopvertonings gehou het.⁴

Berigte oor die *Hotel Kaiserkrone*, vroeër *Gasthaus zur Kaiserkrone* genoem, het vir die eerste keer op 2 November 1905 verskyn. Laasgenoemde hotel was naas die *Hotel Stadt Windhuk*, vir jare die gewildste konsertlokaal in Windhoek en bestaan vandag nog. Die nuwe saal, waarin konserte deur die jare gehou is, is op 16 Oktober 1909 ingewy.⁵ Dit het sitplek vir 120 tot 150 mense gebied en is ook vir bioskoopvertonings gebruik.

In 1909 en 1910 het heelwat nuwe hotelle tot stand gekom, soos die *Hotel zum Grünen Kranz* wat op 5 Desember 1909 ingewy is, die *Hotel Kronprinz* en die *Hotel Rheinischer Hof* waarvan vir die eerste keer op 13 Maart 1910 melding gemaak is. Berigte oor die *Bräuerei Schmidt* het vir die eerste keer op 8 Mei 1910 in die koerant verskyn en ons lees vir die eerste keer in die koerant van 15 Oktober 1910 oor die *Hotel Viktoria*. Die *Hotel zum Grünen Kranz* was die vergaderplek van die manskappe van die koloniale beskermingsmag en die militêre orkes het dikwels daar opgetree. Die saal het 'n klein verhoog gehad en het sitplek vir ongeveer 120

mense gebied.⁶

Die *Hotel Grossherzog* is op 26 April 1929 ingewy en daar het gereeld musiekkonserte en bioskoopvertonings plaasgevind. Die saal het oor 'n verhoog beskik en het sitplek vir ongeveer 350 mense gebied. Die eerste konsert wat deur die SA Kunsvereniging geborg is, het hier plaasgevind. Daar is soms ook kamermusiek in die kleiner eet-saal aangebied. Al die bogenoemde hotelle het van tyd tot tyd konserte aangebied tot die Tweede Wêreldoorlog. Die gereeldste konserte het egter in die *Hotel Stadt Windhuk* en die *Hotel Kaiserkrone* plaasgevind.⁷

Na die oorlog is die saal van die Spoorweginstituut dikwels vir konserte gebruik. Dit beskik oor 'n redelike ruim verhoog en kon sowat 400 mense huisves. Die *Hotel Continental* wat eers veel later opgerig is, is veral in die jare vyftig en die jare sestig vir konserte gebruik. Die verhoog is ongeveer dieselfde grootte as dié van die Spoorweginstituut en die saal kan ook ongeveer 400 mense huisves. Die enigste nadeel van hierdie saal is dat baie van die hoofstraat se geraas daarheen deurdring. Dit is ook na aan die hotel se kombuis en dié geraas was steurend by konserte. Die saal van die *Sportklub Windhoek* is ook een of twee keer vir konserte gebruik, maar was nie baie geskik nie, aangesien die nagalm baie lank is en steurend op die akoestiek inwerk.⁸

Die Merensky-saal van die DHPS het oor 'n verhoog beskik en

kon sitplek aan ongeveer 250 mense bied. Dit is by 'n paar geleenthede vir konserte gebruik. Die *Sam Cohen*-saal wat aan die Joodse gemeenskap behoort het, is ook nou en dan vir konserte gebruik. Dit beskik oor 'n klein verhoog en bied sitplek aan ongeveer 250 mense.

Laasgenoemde vyf sale bestaan vandag nog, maar word nie meer vir musiekkonserte gebruik nie.

Die gewildste sale na die Tweede Wêreldoorlog was dié van die *Hotel Continental* en die Spoorweginstituut. Nie een van hierdie sale het egter aan al die vereistes van 'n doeltreffende konsertsaal voldoen nie en eers met die oprigting van die Kunsteater is daar vir die eerste keer aan professionele en artistieke standaarde voldoen.

2. KUNSTEATER

Die SA Kunsvereniging het deur die jare talle memorandums aan die SWA Administrasie gestuur om 'n kunssentrum, dit wil sê 'n teater en kunsgalery, te bepleit. Sir Ernest Oppenheimer het 'n tjek van £20 000 geskenk op voorwaarde dat die Administrasie dieselfde bedrag skenk. In 1957 het die Administrasie die erf waarop die teater uiteindelik gebou is aan die Kunsvereniging geskenk.

Daar was groot verdeeldheid oor die voorgenome projek in die geledere van die kunsvereniging. Die kunstenaar,

Otto Schroeder, en sy volgelinge was ten gunste van 'n veeldoelige lokaal waarin kunsuitstallings en teateraanbiedings gehou kon word. Die destydse presidente van die kunsvereniging, mev Olga Levinson, was egter van mening dat twee aparte lokale opgerig moes word; elkeen spesifiek vir sy doeleindes ontwerp. Na haar mening het die teater voorkeur geniet aangesien dit 'n groter gedeelte van die publiek sou bedien.

Daar is op 'n stadium voorgestel dat 'n klein teatertjie met sowat 240 sitplekke gebou moet word en die res van die geld vir die oprigting en instandhouding van kunsgalerye aangewend word. Hierteen het mev Levinson weer eens heftig beswaar gemaak. Sy het aangedring dat die teater ten minste 450 sitplekke moes hê. Insgelyks moes die kunsgalery later ook groot genoeg wees om uitstallings van formaat te huisves.

Toe die planne vir 'n teater uiteindelik opgestel is, was die beraamde koste ongeveer £45 000. Sir Ernest Oppenheimer is weer genader en hy het 'n verdere £2 000 geskenk. Die kunsvereniging het £500 bygedra en die Administrasie het, soos ooreengekom, £2 500 bygedra. Tenders is uitgegee, maar tot die ontsteltenis van die kunsvereniging se komitee was die laagste tender £54 000. Mnr Bartsch, argitek van die Administrasie, het bietjie geskaaf en gebeitel en uiteindelik die bedrag na £47 000 afgebring. Uiteindelik kon daar met die bouwerk voortgegaan word. Toe dit bekend

geword het wat die teater sou kos en hoeveel daarvan aan die verhoog bestee sou word, was daar weer eens heftige ontevredenheid onder die geledere van die kunstenaars. Briefwisseling in die pers het gevolg, maar gelukkig was die argitek, mnr Brian Mills, iemand met teaterondervinding en hy het saamgestem dat 'n doelmatige verhoog nie vir minder geld gebou kon word nie.

Daar is uiteindelik in 1959 met die bouwerk begin en die teater kon op 3 Oktober 1960 ingewy word. Die verhoog was ongeveer 9 meter diep en by die verhoogopening ongeveer 10 meter breed. Daar was ook 'n area van 5 meter diep voor die verhoog uitgebou, en dit is vir musiekkonserte gebruik. Daaronder was die orkesput van 3 meter by 10 meter. Daar was altesaam 413 sitplekke met die orkesput oop, en 385 wanneer die voorste gedeelte van die verhoog gebruik is. Op die boonste verdieping was daar kleedkamers vir die kunstenaars. Die voorportaal het voorsiening vir 'n kaartjiesloket en kleedkamers gemaak. In 1971 is die teater heeltemal herbou, daar is ingrypende veranderinge aan die verhoog gemaak en die sitplekgetal is ook verhoog.⁹ Die herboude teater is tans as 'Windhoek Teater' bekend.

3. DIE AULA VAN DIE DEUTSCHE HÖHERE PRIVATSCHULE

Die enigste ander saal in Windhoek wat aan konsertvereistes voldoen, is die DHPS Aula wat in Junie 1966 as deel van die nuwe skoolkompleks voltooi is. Die Wes-Duitse regering

het destyds DM 3 000 000 (ongeveer R1 200 000) tot die bou van die skool bygedra en dit is moeilik om presies vas te stel hoeveel die Aula alleen gekos het.

Omdat dit 'n veeldoelige saal is wat nie alleen vir musiek-konserte en toneelopvoerings nie, maar ook vir skoolfunksies en danse gebruik word, is die vloeroppervlakte van die ouditorium horisontaal en nie skuins soos in meeste teaters nie. Die kelderoppervlakte bestaan uit 'n aantal klaskamers met onder andere 'n kuns- en musieklokaal. Die grondvloer bevat die verhoog en kleedkamers, die ouditorium en voorportaal. Die eerste vloer bestaan uit 'n galery met 50 sitplekke en 'n filmprojeksiekamer.

Die Aula bied sitplek vir 720 mense. Die verhoog is egter 12 meter breed en voor 14 meter, met 'n diepte van 9 meter. Die verhoogopening by die gordyn is 10 meter breed en daar is 'n area voor die gordyn van 2 x 9,50 meter. Die orkesput is 2,20 meter breed en strek die volle breedte van die verhoog. Die Aula beskik oor volle beligtingsfasiliteite en klankapparaat en dit is dus moontlik om toneelopvoerings sowel as opera en operette daar aan te bied.¹⁰

Nadat Windhoek vir baie jare met die eetsale van hotelle tevrede moes wees, is daar uiteindelik twee teaters in die stad wat beide met vrug vir musiekaanbiedings gebruik kan word.

VOETNOTAS : HOOFSTUK VIII

1. *Windhoecker Anzeiger*: 4 Mrt 1900.
2. *Windhoecker Anzeiger*: 6 Mrt 1901.
3. Gesprek met mev R Hillig. Windhoek, Mei 1980.
4. *Windhuker Nachrichten*: 19 Aug 1905.
5. *Windhuker Nachrichten*: 20 Okt 1909.
6. Gesprek met mev Hillig. Windhoek, Mei 1980.
7. *Ibid.*
8. *Ibid.*
9. Levinson, Olga: *Our first thirty years; the history of the South African Association of Arts (SWA)*.
John Meinert, Windhoek, 1979.
10. Gesprekke met die skoolhoof en sekretaris van die
DHPS. Windhoek, Feb 1982.

HOOFSTUK IX

HOOFFIGURE IN DIE MUSIEK

Voordat organisasies soos die SA Kunsvereniging (Windhoek tak) en SWARUK musiek begin organiseer het, het die inisiatief hoofsaaklik van indiwidue uitgegaan. Die persoon wat voor die Tweede Wêreldoorlog die leiding op musiekgebied geneem het, was Hans Müller. Na die oorlog het die inisiatief van Willi Frewer uitgegaan. Daar was deurentyd ook ander persone in 'n mindere en meerdere mate betrokke, maar die twee hooffigure was beslis Müller en Frewer.

1. HANS MÜLLER

Hans Müller is op 14 Desember 1885 in Dresden gebore en het aldaar sy skoolopleiding en latere opleiding as orrelis en sangonderwyser ontvang. Sy elementêre opleiding in klavier en viool het hy by verskillende onderwysers gehad. Van sy twaalfde tot sy een-en-twintigste jaar het hy in die koor van die *Frauenkirche* in Dresden gesing. Sy onderwysers was Kantor Bruchmann en P Schoene.

Na skool het hy opleiding by die volgende persone ontvang: klavier, orrel en harmonie by *Kirchenmusikdirektor* P Schoene; sang en orrel by *Kirchenmusikdirektor* O Hoernig; viool, instrumentasie en ensemblespel by prof W Seifhardt; komposisie by Kantor Max Penner; orrel by die

orrelis Jansen, dosent aan die Dresdense Konservatorium, en kamermusiek en tjello by mnr Jahn aan die Dresdense Staatsopera.

Voor sy vertrek na Suidwes was hy in Dresden by die volgende musiekaktiwiteite betrokke:

Van 1902 tot 1906 as orrelis by die veldhospitaal van die Dresdense garnisoen.

Van 1904 tot 1906 was hy vaste begeleier vir die operasanger, Fricke aan die Dresdense opera.

In 1905 het hy die leiding van 'n gemengde koor in een van Dresden se voorstede oorgeneem.

In die somer van 1906 was hy repetiteur van die Berlynse Apollo-ensemble.

Hy het in 1907 na Suidwes vertrek waar hy sy militêre diens as een van die *Schutztruppe* moes voltooi en het op 4 September 1907 in Swakopmund geland. Kort na sy aankoms in Windhoek het hy die amp as orrelis en kantor van die Evangeliese Gemeente oorgeneem. Van 1907 het hy die leiding van die mannekoor oorgeneem. Hy het as orrelis en koorleier vir die volgende veertig jaar die leiding op musiekgebied in Windhoek geneem en het deur moeisame en onselfsugtige arbeid die fondament vir andere gelê. Soos reeds genoem, was Hans Müller van 1919 tot 1921 as musiekonderwyser aan die Duitse afdeling van die regeringskool verbonde en van 1921 tot 1928 aan die *Deutsche Oberschule*

(Duitse Hoërskool).

Net voor die inwyding van die *Christuskirche* het Hans Müller die kerkkoor gestig en hulle spoedig tot groot hoogtes gelei. Soos in Hoofstuk III beskryf is, het hy die sogenaamde *Motetten* (gewyde aandkonserte) ingevoer en teen die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog is daar reeds 126 van hierdie konserte gehou. Die 130ste *Motette* wat in 1953 plaasgevind het, was een van die laaste geleenthede waarop Hans Müller met sy kerkkoor opgetree het.

In 1922 het die Evangeliese kerkraad in Berlyn-Charlottenburg sy werksaamhede met die titel van *Kirchenmusikdirektor* (kerkmusiekdirekteur) erken.

Hans Müller se grootste liefde was koorsang en op hierdie gebied het hy die meeste in Suidwes tot stand gebring. Die hoogtepunt van sy aktiwiteite was die stigting van die Suidwes-Afrikaanse Sangerbond wat voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog uit 13 verenigings in Suidwes, Suid-Afrika en Angola bestaan het.

Hans Müller het nie slegs op koorgebied uitgemunt nie. Hy was sedert 1911 leier van 'n orkes, wat eers as 'n klein ensemble begin het. Vanaf 1920 het dit as die *Windhuker Musikfreunde* bekend gestaan. Hy was die besielende krag agter die groep en die ledetal het algaande vermeerder tot 18 lede in 1930, toe daar vir die eerste keer van getalle

melding gemaak is.¹ Die orkes het deur die jare talle konserte selfstandig, en met medewerking van ander groepe. op die planke gebring. Kort voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die orkes sy twee-en-sestigste konsert aangebied. Dit was ook die laaste optrede van die orkes onder leiding van Hans Müller.

Hans Müller se aktiwiteite het voorlopig tot 'n einde gekom met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, aangesien hy as amptenaar in die Duitse konsulaat na Duitsland gerepatrieer is. Aan die einde van die oorlog is hy deur die Russe in Buchenwald en Torgau geïnterneer en het eers in 1951 weer na Windhoek teruggekeer. Hy was 'n gebroke man, want hy het albei sy seuns in die oorlog verloor. Desnieteenstaande het hy tog sy pos as orrelis en kantor weer opgeneem en sy dienste weer aan die mannekoor beskikbaar gestel. Hy het ook die leiding van die nuutgestigte Sangvereniging waargeneem. Laasgenoemde het grotendeels uit sangers van die kerkkoor bestaan.

Tydens sy leeftyd het talle eerbewyse Hans Müller te beurt geval. Hy was ereleier van vyf sangverenigings en sangerbonde, en erelid van nog 17. Hy het ook van 11 verenigings eretoekennings gekry vir sy bevordering van Duitse koorsang in Suidwes-Afrika.

Hans Müller het as komponis in Windhoek en Suidwes vir homself naam gemaak, en sy koor het dikwels van sy eie kompo-

sisies gesing. Die 38 werke wat hy nagelaat het, sluit komposisies van 'n verskeidenheid genres in:

Lys van komposisies:²

Opus 1: Drei Weihnachtslieder für eine Singstimme und Klavier (1905):

- a. Die Glocken rieseln Weit und breit.*
- b. Wer bläst durch die Strassen.*
- c. Markt und Strassen steh'n verlassen.*

Opus 2: Drei Lieder für eine Singstimme und Klavier (1906):

- a. In weissen Dolden blüht der Flieder.*
- b. Warum im Lenz die Blumen blühen.*
- c. Nach trüben Regentagen.*

Opus 3: Zwei heitere lieder für eine Singstimme und Klavier:

- a. Pechvogel.*
- b. Storchenbotschaft.*

Opus 4: Kommandeur von Estorff-Marsch (Blasorchester).

Opus 5: Zwei geistliche Lieder für eine Singstimme und Orgel:

- a. Herr, schicke, was du willst.*
- b. Wo find ich Trost.*

Opus 6: Drei Männerchöre:

- a. Hüttchen klein, Hüttchen traut.*
- b. Es schläft die Welt.*
- c. Ein geheimnisvoller Zauber.*

Opus 7: Zwei vaterländische Männerchöre:

- a. Du deutsches Land so schön.*
- b. Ein deutsches Heldenlied.*

Opus 8: Zehn Lieder für eine Singstimme und Klavier:

- a. Widmung.*
- b. Über den Bergen.*
- c. Heilige Nacht.*
- d. O glücklich wer ein Herz gefunden.*
- e. Ich liebe dich.*
- f. Hand in Hand.*
- g. Mein Kind, wär' ich König.*
- h. Es muss ein Wunderbares sein.*
- i. Zauberblick.*
- j. Wer berührt mich wundersam.*

Opus 9: Drei Südwestlieder für Männerchor:

- a. Reiterlied.*
- b. Heil dir und Gruss.*
- c. Gruss an Windhoek.*

Opus 10: 'Frühlingsstürme' für Männerchor.

Opus 11: 'Herr, unser Herrscher', Motette für Solostimme und gemischten Chor.

Opus 12: Zwei Männerchöre zum Volkstrauertag:

a. Zum Gedächtnis.

b. Für uns (1928).

Opus 13: Zwei Männerchöre:

a. Zwei Rosen.

b. So sind die Mädchen.

Opus 14: Operette: 'Johannisnacht'.

Opus 15: Gefolgschaftslieder:

a. Wir schreiten in die neue Zeit.

b. Kameraden sind wir in grosser Zeit (1942).

Opus 16: Drei Lieder für eine Singstimme und Klavier:

a. Ich denke dein (1926).

b. Irgend etwas Silberweisses (1927).

c. Mein Sonnenland (1944).

Opus 17: 'Pfingstlied', geistliches Lied für eine Singstimme und Klavier (1930).

Opus 18: Musik zu Devrients 'Lutherfestspiel'.

Opus 19: 'Trauungsgesang' für eine Solostimme und gemischten Chor.

Opus 20: *Drei Gedichte von Erich Langer - dreistimmiger Frauenchor (1925):*

- a. *Zum ersten Mal.*
- b. *Weit draussen am Wege.*
- c. *Es ist eine Himmlische Stelle.*

Opus 21: *Südwest Marsch.*

Opus 22: *'Eine heitere Sängerfahrt', Potpourri für Männerstimmen.*

Opus 23: *Faschingsrevue.*

Opus 24. *'Rheintreue' - gemischter Chor mit Orchester.*

Opus 25: *Zwei geistliche Lieder für gemischten Chor:*

- a. *Zum Jahreswechsel.*
- b. *Zur Konfirmation (1927).*

Opus 26: *'Ruf an die Jugend' - Männer-, Frauen- und gemischter Chor (1934).*

Opus 27: *Zwei geistliche Lieder für gemischten Chor:*

- a. *Herr Gott, ich schaue auf an dir.*
- b. *Befiehl du deine Wege (1934).*

Opus 28: *Zwei geistliche Duette:*

- a. *Wo du hingehst (mit obligato Violine).*
- b. *In ihm sei's begonnen.*

Opus 29: Zwei vaterländische Lieder für Männerstimmen:

- a. Volksfrühling (1934).*
- b. Zur Ostmark flog der deutsche Aar (1938).*

Opus 30: Sängersprüche.

Opus 31: Kanons.

Opus 32: Drei heitere Chöre für gemischten Chor:

- a. Geküsst.*
- b. Heut' kommt ja mein Schatz.*
- c. Sängermarsch.*

Opus 33: Zwei Männerchöre (1947):

- a. Tandaradei.*
- b. Abendstimmung.*

Opus 34: 'Südwesterland' für Männerchor.

Opus 35: Kinderchöre:

- a. Die Weihnachtspost.*

Opus 36: Ernste Gesänge für Männerchor:

- a. Feiger Gedanken bängliches Schwanken.*
- b. Herr, schicke, was du willst.*

Opus 37: Zwei geistliche Lieder für gemischten Chor:

- a. Auf Gott und nicht auf meinen Rat (1951).*
- b. Herr, bleib bei uns (1953).*

Opus 38: Chöre für festliche Gelegenheiten.

(Opus 1: Drie Kersliedere vir sangstem en klavier (1905):

- a. Die klokke lui wyd en syd.
- b. Wie speel blaasorkesmusiek in die strate.
- c. Die mark en strate is verlate.

Opus 2: Drie liedere vir sangstem en klavier (1906):

- a. Die Seringboom bloei in wit trosse.
- b. Waarom die blomme in die lente bloei.
- c. Na droewige reëndae.

Opus 3: Twee vrolike liedere vir sangstem en klavier:

- a. Ongeluksvoël.
- b. Ooievaarsboodskap.

Opus 4: *Kommandeur von Estorff*-mars (blaasorkes).

Opus 5: Twee gewyde liedere vir sangstem en orrel:

- a. Heer, stuur wat U wil.
- b. Waar vind ek troos.

Opus 6: Drie mannekore:

- a. Hoedjie klein, hoedjie lief.
- b. Die wêreld slaap.
- c. 'n Geheimsinnige towenaar.

Opus 7: Twee vaderlandse mannekore:

- a. O Duitse land so skoon.
- b. 'n Duitse heldelied.

Opus 8: Tien liedere vir sangstem en klavier:

- a. Toewyding.
- b. Oor die berge.
- c. Heilige nag.
- d. O gelukkig diegene wat 'n hart gevind het.
- e. Ek het jou lief.
- f. Hand aan hand.
- g. My kind, was ek maar 'n koning.
- h. Dit moet iets wonderliks wees.
- i. Towerblik.
- j. Wie raak my so wonderlik aan.

Opus 9: Drie Suidwesliedere vir mannekoor:

- a. Ruiterlied.
- b. Wees gegroet.
- c. Groet aan Windhoek.

Opus 10: 'Lentestorms' vir mannekoor.

Opus 11: 'Heer, ons heerser', Motet vir solostemme en
gemengde koor.

Opus 12: Twee mannekore vir *Volkstrauertag* ('n gedenkdag
by treurige geleenthede in Duitsland):

- a. Ter gedagtenis.
- b. Vir ons (1928).

Opus 13: Twee mannekore:

- a. Twee rose.
- b. So is die meisies.

Opus 14: Operette *Johannisnacht* ('n Duitse gedenkdag wat na die oes gevier word).

Opus 15: Lojaliteitsliedere (liedere met 'n politieke inslag):

- a. Ons stap in die nuwe tyd.
- b. Ons is kamerade in opwindende tye.

Opus 16: Drie liedere vir sangstem en klavier:

- a. Ek dink aan jou (1926).
- b. Enige iets silwerwit (1927).
- c. My sonneland (1944).

Opus 17: 'Pinksterlied', gewyde lied vir sangstem en klavier (1930).

Opus 18: Musiek vir Devrient se *Lutherfestspiel*.

Opus 19: 'Huwelikslied', vir 'n solostem en gemengde koor.

Opus 20: Drie gedigte van Erich Langer - driestemmige vroue-koor (1925):

- a. Vir die eerste maal.
- b. Ver buite in die pad.
- c. Dit is 'n hemelse plek.

Opus 21: Suidwesmars.

Opus 22: 'n Vrolike uitstappie vir sangers', potpourri
vir mansstemme.

Opus 23: 'n Revue vir maskerbal.

Opus 24: 'Getrou aan die Ryn' - gemengde koor en orkes.

Opus 25: Twee gewyde liedere vir gemengde koor:

a. By die jaarwisseling.

b. By aanneming (1927).

Opus 26: 'Oproep aan die jeug' - manne-, vroue- en ge-
mengde koor (1934).

Opus 27: Twee gewyde liedere vir gemengde koor:

a. Here God, ek hef my oë op na U.

b. Wys my U weg (1934).

Opus 28: Twee gewyde duo's:

a. Waar U gaan, sal ek gaan (met vioolobligaat).

b. In Hom is die begin.

Opus 29: Twee vaderlandse liedere vir mansstemme:

a. Volkslente (1934).

b. Die Duitse adelaar vlieg na Ostmark (1938).

Opus 30: Sangerspreuke.

Opus 31: Kanons.

Opus 32: Drie vrolike liedere vir gemengde koor:

- a. Gesoen.
- b. Vandag kom my skat.
- c. Mars vir sangers.

Opus 33: Twee mannekore (1947):

- a. 'Tandaradei' (kan vertaal word met 'Tra-la-la').
- b. Aandstemming.

Opus 34: 'Suidweslied' vir mannekoor.

Opus 35: Kinderkore:

- a. Die Kersfeespos.

Opus 36: Ernstige liedere vir mannekoor:

- a. Onsekere gedagtes, bange huiwering.
- b. Heer, stuur wat U wil.

Opus 37: Twee gewyde liedere vir gemengde koor:

- a. Op God en nie op my raad (1951).
- b. Heer, bly by ons (1953).

Opus 38: Kore vir feestelike geleenthede.)

In die sel in Torgau het Hans Müller 'n spreuk geskryf wat later die leuse van die Windhoekse mannekoor sou word:

'Spreng die Enge, weite das Herz,
Schwing im Lied dich Himmelwärts.'

(Maak wyd oop jou hart en breek weg uit die noute,
Sweef in 'n lied tot die hemelse bloute.)

Hans Müller is op 7 Oktober 1955 in die ouderdom van 69 jaar oorlede.³

2. WILLI FREWER

Die ander toonaangewende figuur in die Windhoekse musieklewe was Willi Frewer. Hy het na die Tweede Wêreldoorlog 'n baie belangrike rol in die Windhoekse musieklewe gespeel en veral baie vermag om die Windhoekse Simfonie-orkester op te bou.

Willi Frewer is op 19 Desember 1911 in Essen, Duitsland gebore. Hy was een van die twaalf kinders van 'n handarbeider aan die Krupp-staalfabriek. Hy het reeds op vierjarige ouderdom by 'n vriend se huis begin klavierspeel aangesien die Frewer-gesin nie 'n instrument besit het nie. Op negejarige ouderdom het hy al sy eie sakgeld verdien, deur klavier in die bioskoop te speel. Hy het ook Sondagse orrel in die kerk gespeel, hoewel sy voete nie

eers by die pedaalbord kon bykom nie.

Frewer het sy musiekopleiding aan die *Volkswangschule* in Essen by musiekpedagoë soos Otto Busch, Max Fiedler en Fritz Lehmann ontvang.

Op 17 Februarie 1935 het Willi Frewer saam met Willi Kehrmann en Karl Hatterscheidt in Windhoek gearriveer, nadat hulle 'n kontrak met die bestuur van die *Cafe Zoo* gesluit het, om daar as musikante op te tree.⁴ Na die verstryking van hul kontrak van agtien maande, het die trio deur die Unie van Suid-Afrika getoer en weer aan die einde van 1937 na Windhoek teruggekeer. In 1938 is Willi Frewer met mej Weiss, dogter van die eienaar van die *Cafe Zoo* getroud. Sy twee kollegas het Windhoek verlaat, maar hy het besluit om hom daar te vestig en musiekonderrig te gee.

Na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het Frewer die kerkkoor en die orrelpos van die *Christuskirche* oorgeneem nadat Hans Müller gerepatrieer is. Hy het ook die leiding van die *Liedertafel* en die orkes van die *Windhoeker Musikfreunde* oorgeneem. Gedurende dié jare het hy baie pionierswerk op die platteland gedoen deur kamermusiek en kerkuitvoerings aan te bied. Hy het in 1940 'n kamermusiekaand in Mariental gehou en uitvoerings van huismusiek by die DHPS en op die plaas Waldburg, naby Windhoek, van stapel gestuur. Op 3 en 11 November 1940 het hy twee *Motetten* in

samewerking met die kerkkoor aangebied. Hy het sy eerste groot konsert vroeg in 1941 op die planke gebring, waartydens *Stabat Mater*, 'n jeugwerk van Schubert, uitgevoer is. In November 1941 het hy in die St Georges skool 'n liefdadigheidskonsert ten behoeve van die kinders in gebombardeerde London georganiseer. Hy het dus, ten spyte van die verbod op musiekuitvoerings, tog die musiekbelangstelling in Windhoek wakker gehou. Hy is egter skaars 'n week na die St Georges konsert geïnterneer en is na die Unie van Suid-Afrika gestuur.

Willi Frewer het byna vyf jaar in die interneringskamp te Andalusia deurgebring en het 'n leidende rol in die musieklewe van die kamp gespeel. Dit is daar dat hy eintlik 'n belangstelling in dirigerings begin ontwikkel het.

In 1946, na sy terugkeer in Windhoek, het Frewer weer begin om musiekonderrig te gee. In Augustus 1947 het hy, in samewerking met mnr Kehrmann, wat hom intussen weer in Windhoek gevestig het, sy eerste na-oorlogse konsert in die saal van die Spoorweginstituut gehou. Die program het uit kamerstukwerke bestaan en was soos volg saamgestel:

1. Toccata en fuga in d - Bach/Tausig.
2. Violkonsert in A KV 219 - W A Mozart (1756-1791).
3. Konsert-etude in E - F Chopin (1810-1849).
4. Violsonate no 4 in D - G F Händel (1685-1759).
5. Arabeske - F Liszt (1811-1886).

6. Konsert-etude in G-mol opus 10 no 5 -
 F Chopin.
7. Sonate in A opus 47 (*Kreuzersonata*) - L van
 Beethoven (1770-1827).

In die begin van 1947 is daar in die *Metropole Hotel* weer 'n orkes en koor onder die naam *Windhoek Music Society* tot stand gebring. Die strewe was om alle taalgroepe te betrek, en voortaan sou die klem meer op simfoniese- en minder op kamermusiek val. Hierna het Willi Frewer en sy orkes en koor van krag tot krag gegaan. Hy het 'n leidende rol in die Windhoekse musieklewe gespeel, totdat sy gesondheid vanaf 1967 so verswak het dat hy nie die veeleisende pas kon volhou nie. Hy was die stukrag agter die Windhoekse Simfonie-orkes en hulle sou waarskynlik nooit enige hoogtes sonder sy energieke leiding bereik het nie.

Frewer was 'n byna fanatiese harde werker. Hy het meer as een musiekwinkel in Windhoek besit. Die eerste het hy in 1949 by *Ausspannplatz* geopen, die tweede 'n jaar later in die *Continental*-gebou en die derde in 1954 in die *Talas*-gebou. In 1956 het hy ook 'n tak in Keetmanshoop geopen. Die instandhouding van vier ondernemings moes baie tyd in beslag geneem het. Hierbenewens het hy ook nog klaviere gestem. Sy konsertaktiwiteite kon dus slegs na ure plaasvind. Hy was ook baie lief vir jazz en ligte musiek en het gereeld by die jaarlikse karnaval sy deel bygedra. Hy het soggens al van sesuur af klavier en saksofoon geoefen en soms deur

die nag gewerk om verwerkings vir die karnaval gereed te kry. Hy was nie slegs 'n besielende dirigent nie, maar ook 'n vaardige pianis, en het dikwels as solis met die orkes opgetree. Hy het ook gekomponeer, en het behalwe twee kort marse, 'n werk vir marionetteteater gekomponeer. Dit is getitel *Die Zaubergeige* (Die Towerviool).

Op 10 Februarie 1960 is Willi Frewer deur die Windhoekse Mannekoor met die *Silberne Ehrenadel* vereer, uit dankbaarheid vir dit wat hy gedurende 25 jaar vir die musieklewe in Windhoek beteken het.

Na sy laaste simfoniekonsert in 1966 het Willi Frewer se gesondheid in so 'n mate verswak, dat hy nie meer so aktief soos vroeër aan die musieklewe kon deelneem nie. Hy het ook probleme gehad om telkens die nodige orkeslede te werf.

Frewer en sy seun Freddy het van 6 tot 11 September 1968 die musiekblyspel *Prairie Saloon* van Lothar Olias in die Kunsteater opgevoer. In 1969 was hy vir Ernst Scherrer behulpsaam in die produksie van die musiekblyspel *Im Weissen Rössl* (The White Horse Inn) van Ralph Benatzky wat in Oktober in die DHPS-Aula opgevoer is.

Hy het in die orkes gespeel en van die musiek vir twee klaviere verwerk. Hy en Helga Stewien het laasgenoemde verwerkings tydens die dekorverskuiwings uitgevoer.

Op 7 November 1969, kort voor sy dood, het die laaste groot

eer Frewer te beurt geval. Die Duitse regering vereer Duitsers wat buitengewone dienste in die buiteland lewer, met die oorhandiging van die sogenaamde *Bundesverdienstkreuz*. Aangesien Frewer nie meer 'n Duitse burger was nie, kon hy dus nie die medalje ontvang nie. Hy is egter vereer met die oorhandiging van 'n faksimilee-uitgawe van Bach se Mattheuspassie. Die inskripsie op die buiteblad lui:

'Herr Willi Frewer hat jahrzehntenlang im Südlichen Afrika erfolgreich musikalisch gewirkt und dadurch ungezählten Menschen Freude bereitet.

Dafür gebührt ihm Dank. Besonders danken möchte ich Herrn Frewer für die Mittlerdienste die er in Würdigung deutschen musikalischen Schaffens geleistet hat.

Seine alte Heimat hat ihn nicht vergessen.
Das soll dieses Erinnerungsgeschenk bezeugen.'

(Mnr Willi Frewer het jare lank in suidelike Afrika suksesvolle werk op musiekgebied verrig en daardeur ontelbare mense vreugde verskaf.

Daarvoor verdien hy dank. Ek wil mnr Frewer veral bedank vir die dienste wat hy in die be-

lang van Duitse musikale skeppinge gelewer het.

Sy vroeëre vaderland het hom nie vergeet nie.

Hierdie herinneringsgeskenk is die bewys daarvan.)

Die inskripsie is deur die Duitse konsul onderteken en daar het ook die volgende pragtige kwotasie verskyn:

' "Wäre die Sprache nicht unstreitig das Höchste, was wir haben, so würde ich Musik noch höher als Sprache und als ganz Zuoberst sitzen." -- Goethe, Schriften zur Natur und Wissenschaftslehre.'

('As die spraak nie onteenseglik die hoogste was wat ons besit nie, sou ek die musiek nog hoër as spraak, en selfs heel bo-aan plaas.' -- Goethe, Geskrifte oor die Natuur en Wetenskap.)⁵

Willi Frewer is op 22 Desember 1969 op 58-jarige ouderdom na 'n skielike hartaanval oorlede.⁶

Naas die twee hooffigure op musiekgebied in Windhoek, was daar deur die jare ook andere wat in 'n mindere of meerdere mate hul deel tot die musiekbeoefening en -ontwikkeling in Windhoek bygedra het.

3. HEINRICH VOIGT

Die enigste persoon, behalwe Hans Müller, wat voor die Tweede Wêreldoorlog 'n noemenswaardige bydrae op musiekgebied gelewer het, was Heinrich Voigt. Hy sou waarskynlik nog meer verrig het as hy nie vir so 'n kort tydjie in Windhoek vertoef het nie. Hy was van die begin van 1909 in Windhoek woonagtig en het vroeg in 1910, waarskynlik in Mei, weer na Duitsland vertrek. In die kort tyd het hy 'n konservatorium probeer stig en was ook een van die stigterslede van die Mendelssohn-vereniging, wat ter bevordering van musiekkonserte in die lewe geroep is. Voigt was ook een van die eerste musici wat in Windhoek gekomponeer het. Sy eerste komposisie in Suidwes was 'n operette, en was getitel: *Nacht, Mond und Sterne* (Nag, maan en sterre). Dit is op 4 Maart 1909 ten behoeve van die *Kindergarten* opgevoer. Tydens Voigt se verblyf in Windhoek, het hy nog 'n komposisie die lig laat sien: *Mein Deutschland*, vir vierstemmige mannekoor. In September 1909 het hy 'n lied ter ere van die vyf-en-twintigjarige jubileum van die Duitse besetting van Suidwes gekomponeer. Dit was getitel: *Mit Schwert und Pflug in Südwest*, opus 21.⁷

Na die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n hele aantal persone behalwe Willi Frewer wat hulle vir die musiek in Windhoek beywer het, onder andere dr Max Weiss, Gerald Fainsinger, dr Hans Maske, Ernst Scherer, dr Friedrich Hornburg en Ruthilde Hillig.

4. DR MAX WEISS

Dr Max Weiss is op 11 September 1901 in Augsburg, Duitsland, gebore. Hy het reeds op kleuterouderdom vioolles by sy vader, en klavierles by sy moeder geneem. Sy moeder was self 'n leerling van die komponis Cyril Kistler. Op skool het hy musiek as een van sy vakke gekies en het verder nog privaatonderdig in verskillende instrumente, en musiekteorie gehad. Hy het reeds op skool 'n aantal koorwerke, 'n Latynse en 'n Duitse mis vir vierstemmige vroue-koor, met solis en orrelbegeleiding geskryf. Hy het ook daarin geslaag om hierdie werke uit te voer. Verder was hy dirigent van die skool se musiekkklub-orkes.

Aan die universiteit het Weiss in die Regte studeer, en het later ook sy doktorsgraad in bogenoemde studierigting ontvang. Hy het deelydse klasse in Musiekgeskiedenis en kontrapunt gevolg en ook aan 'n vereniging vir 'literatuur en verhoogkuns' behoort. Laasgenoemde vereniging het dikwels minder bekende musici en studente die kans gegee om op te tree, en hierdie vereniging het dit moontlik gemaak dat 'n hele aantal van Weiss se komposisies uitgevoer is. 'n Oratorium uit sy pen is in 1925 in Augsburg uitgevoer.

Weiss het in 1935 besluit om na Suidwes-Afrika te kom, en het op 25 Maart 1935 in Walvisbaai geland. Sy samewerking met Willi Frewer het in 1939 begin. Weiss was vir jare lank die president van die Windhoekse Simfonie-orkes en het

by 'n hele aantal geleenthede die orkes gedirigeer. Die laaste keer was in 1965, tydens die uitvoering van Francis Poulenc (1899-1963) se konsert vir twee klaviere.⁸ Hierna moes Weiss weens gesondheidsredes sy amp as president neerlê. By sy afskeid is hy as lewenslange ere-president van die orkes verkies.

Weiss se *Kontrapunt vir strykkorke* is op 6 Junie 1964 deur die Windhoekse Simfonie-orke uitgevoer, en later deur die Kaapstadse Stadsorke onder leiding van Eric Chisholm. Weiss was dikwels gasdirigent van die Windhoekse Blaas-orke, het heelwat marse vir laasgenoemde geskryf. Hy is tydens die 75-jarige feesvieringe van die stad Windhoek gevra om 'n mars vir die geleentheid te skryf. Die mars heet: *Curt von Francois Festmarsch*, en dit is deur 'n firma in Stellenbosch met 'n medalje en 'n geldprys bekroon. Laasgenoemde mars is in 1966 vir die eerste keer deur die Suid-Afrikaanse Polisie-orke tydens 'n toer deur Suidwes uitgevoer.

Weiss was vir 'n aantal jare die resensent van die *Allgemeine Zeitung* en het by geleentheid ook vir die ander koerante resensies geskryf. Hy het op die komitee van die SA Kunsvereniging (Windhoek-tak) en SWARUK gedien, en was vir ses jaar lank stadraadslid. Hy was vir 'n kort tyd onder-burgemeester en het ook as burgemeester waargeneem. Hy is op 15 Mei 1972 op 70-jarige ouderdom oorlede.⁹

5. GERALD FAINSINGER

Gerald Fainsinger is in 1914 in Bultfontein in die O.V.S. gebore. Hy het sy skoolopleiding aan die Selborne College in Oos-Londen ontvang en het later aan die Universiteit van die Witwatersrand Elektriese Ingenieurswese studeer. Hy het op skool reeds vioolles by Franz Moeller, dirigent van die munisipale orkes, begin neem, en het homself leer trompet speel. Hierbenewens kon hy ook tjello en kontra-bas speel, en het later in die Windhoekse Simfonie-orkes dikwels afgelos wanneer daar 'n tekort aan tjello- of kontrabasspelers was.

Fainsinger is in Junie 1950 in Windhoek as assistent elektriese ingenieur van die stad aangestel. Hy is later tot ingenieur bevorder en het nog later sy eie onderneming begin. Hy was tydens sy verblyf in Windhoek aktief by die musieklewe betrokke. Hy en Hans Herle het in 1953 die Windhoekse Blaasorkes begin. Hulle vernaamste oogmerk was die stimulering van die Duitse blaasmusiek-tradisie in Windhoek. Die Windhoekse Blaasorkes het gereeld jaarliks by die karnaval gespeel, en verder by ander feeste soos die *Winzerfest* en die *Oktoberfest*. Die orkes het van tyd tot tyd in die *Cafe Zoo* opgetree en by geleentheid ook op die platteland gespeel. Daar is heelwat van die instrumente wat die geïnterneerdes in die kamp in Andalusia gemaak het, in die orkes gebruik, onder andere die pouke. Die blaasorkes het aanvanklik as amateurs begin, maar het later taam-

lik by die karnaval verdien. Die geld is alles in die fondse van die Windhoekse Simfonie-orkes inbetaal.

Fainsinger het as violis in die Windhoekse Simfonie-orkes gespeel, maar wanneer nodig ook trompet en, soos reeds genoem, selfs tjello of kontrabas. Hy het ook as solis in viool- en trompetkonserte opgetree.¹⁰ In 1974 het hy Windhoek verlaat en 'n pos as viooldosent by die O.V.S. Onderwysdepartement aanvaar. Hy woon tans in Johannesburg.¹¹

6. DR HANS MASKE

Hans Maske is op 24 Augustus 1927 in Bielefeld, Duitsland, gebore. Kort hierna het sy ouers na Suid-Afrika geëmigreer. Hy was tot standerd 2 in Aberdeen, Kaapprovinsie, op skool en daarna in die Duitse skool in Kaapstad tot standerd 6. Hierna was hy in die Nassou-Hoërskool tot standerd 10. Sy vader het geweier om hom musiek te laat studeer en in 1948 het hy die BA-graad aan die Universiteit van Kaapstad behaal.

Hierna het hy al sy spaargeld getrek en van die huis wegge-loop om in Londen te gaan musiek studeer, onder andere by Arnold Bax. By sy terugkeer het hy vir die B.Mus-graadkursus ingeskryf en die graad in 1952 behaal. Daarna het hy by die SAUK gaan werk tot die einde van 1952. In 1953 en 1954 het hy die M.Mus-graad behaal. In 1963 het hy sy

doktorsgraad in die musiek, deur die Rhodes Universiteit, met 'n verhandeling oor Frescobaldi verwerf.

Ná 1954 het Maske vir 'n tyd lank vir die *Hollandsch Algemeen Uitgevers Maatschappij* (HAUM) in Kaapstad gewerk.

Daarna was hy musiekonderwyser op Kraaifontein van Oktober 1955 tot Junie 1956, en Williston van Julie 1956 tot Junie 1961. In Julie 1961 is hy as musiekonderwyser aan die Windhoek Hoërskool aangestel, en was daar werksaam tot in 1975, toe sy gesondheid sodanig verswak het dat hy nie meer met sy werk kon voortgaan nie.

Tydens sy verblyf in Windhoek het Maske 'n waardevolle bydrae tot die Windhoekse musieklewe gemaak, nie alleen deur sy onderwys nie, maar ook deur die konserte wat hy aangebied het of waarvan hy deel was. Hy was van 1961 tot 1968 orrelis en koorleier van die Nederduits Gereformeerde Kerk Windhoek-Oos en het 'n plaat met die kerkkoor gemaak van koormusiek uit die sestiende eeu. Op 11 Desember 1962 was hy leier van 'n saamgestelde koor van die Gereformeerde Kerke, in 'n Kersfeeskonsert in die *Christuskirche*. Die Kantate no 118 van J S Bach is uitgevoer.¹² Op 15 Oktober 1965 het hy die sopraan Rikie Venter¹³ in 'n liederuitvoering in die Kunsteater begelei. Sy het 'n lieder siklus uit sy pen, getiteld: *Vyf gemengde liedere*, vir die eerste keer uitgevoer.

Op 2 Augustus 1967 het Maske met leerlinge van die Windhoek

Hoërskool die opera *Der bekehrte Trunkenbold* van C W Gluck in die Kunsteater opgevoer. Op 21 Desember 1968 is sy *Concertino Gioventù* (konsert vir die jeug) tydens die afsluitingskonsert van die *Musikwoche* (musiekweek) in Swakopmund, deur die orkes uitgevoer. Op 23 April 1970 het 'n besondere eer hom te beurt geval toe sy ballet *Mantis Moon* deur SUKOVŠ in Bloemfontein opgevoer is. Dit is ook van 3 tot 7 Junie 1970 in Windhoek opgevoer. Op 30 Mei van dieselfde jaar het die Vrystaatse Jeugkoor en -Orkes sy *Ossewa* vir die eerste keer uitgevoer en later dieselfde jaar het die Vrystaatse Jeugorkes sy *Sinfonietta* in vyf verskillende stede uitgevoer. Op 14 en 15 Augustus 1970 het Hans Maske weer twee operas met leerlinge van die Windhoek Hoërskool in die Kunsteater opgevoer, naamlik *Die Kadi* van Gluck en *The Cooper* van Arne.

Maske het musiekresensies en -artikels onder die skuilnaam 'Hansliek' in die *Suidwes-Afrikaner* geskryf. Hy was 'n baie vrugbare komponis en het die volgende meer as 80 werke nagelaat:

- *Berei in die woestyn* (geleentheidsmusiek) op tekste van N P van Wyk Louw vir SATB en klavier, pouke, slagwerk en strykers (1970).
- *Boating in spring* (teks: Chi Wu-Chien) vir sopraan en klavier (1945).
- *Du bist wie eine Blume* (Jy is soos 'n blom) (teks: Heine) vir sopraan en klavier (1947). In 1953 opnuut gekomponeer.

- *Buch der Ehe* (Boek van die huwelik) (10 liedere) vir bariton en klavier:
 - 1. *Soyez amoureuses* (Wees liefderik) (Gauguin).
 - 2. *Das ist die ware Liebe* (Dit is die ware liefde) (Goethe).
 - 3. *Heimweh* (Heimwee) (Eichendorff).
 - 4. *Wo du hingehst* (Waar u gaan) (Rut 1, vs 16 en 17).
 - 5. *Wenn ich sag' dass ich dich liebe* (As ek sê dat ek jou liefhet) (Wilhelm Pleyer).
 - 6. *Empfängnis* (Ontvangenis) (Hans Carossa).
 - 7. *Von Kindern* (Van kinders) (Goethe).
 - 8. *Nach dem Tode* (Na die dood) (Paula von Preradovic).
 - 9. *Trost* (Troos) (Theodor Storm).
 - 10. *Annabel Lee* (E A Poe).
- *Concertino Gioventù* (Konsert vir die jeug) vir twee solo-viole, klavier en strykers (1968).
- *Concerto Dei Tre Rè* (Konsert van die Drie Konings) vir twee solo-viole, klavier, pouke, en strykers (1975).
 - I allegro molto
 - II andante
 - III allegro molto
- *Concerto Malgache* (Malgassiese konsert) vir klarinet, slagwerk en strykers (1970).
 - I *Sous les arbres d'Ambohimanga* (Onder die bome van Ambohimanga)
 - II Kabary
 - III Mpilalao

- *Congolaise* vir orkes (1953):
2 fluïte, 2 hobo's, 3 klarinette, 2 fagotte, horing,
trompet, skuïftrompet, klavier, pouke, slagwerk en
strykers.
- *Concerto* vir silofoon en orkes (1953):
2 fluïte, 2 hobo's, 2 klarinette, 2 fagotte, 3 horings,
3 trompette, 3 skuïftrompette, klavier, pouke, slag-
werk en strykers.
- *Drei Lieder* (Drie liedere) (Hans Anton Aschenborn)
(1971):
 1. *Der Kameldornbaum* (Die kameeldoringboom) SATB
 2. *Der Ausgewiesene* (Die uitverkorene) SATB
 3. *Der Ochsentrek* (Die ossetrek) SATB en klavier.
- *Drie slampamperliedjies* (C Louis Leipoldt) SATB (1975):
 1. Kriekie wat op die solder sanik
 2. Ou boetie slaan jou kop nie teen die prikkels
 3. Klim op, klim op.
- *Frühlingssehnsucht* (Lenteverlange) (Walter von der
Vogelweide) SATB (1969).
- *Für und für* (Vir ewig en altyd) (Detlev von Lilien-
cron) vir sopraan en klavier (1966).
- *Helddedag-kantate* (Jan F E Cilliers) vir solo-alt, SATB
en orkes:
3 fluïte, 3 hobo's, 3 klarinette, 3 fagotte, 4 horings,
3 trompette, 3 skuïftrompette, pouke, slagwerk en
strykers (1954):
 1. Die ossewa
 2. Dood van 'n held

3. Kruger
 4. Die kampsuster
 5. Unielied.
- *Homesickness* (Tu Fu) vir sopraan en klavier (1944).
 - *Ich schaute in dem Garten* (Ek het in die tuin gekyk) (Max Dautendey) vir sopraan en klavier (1968).
 - *I'll come when thou art saddest* (Emily Brontë) vir sopraan en klavier (1948).
 - *In die veld* (C M van den Heever) vir sopraan en klavier (1947).
 - *Juwelenlied* (Juwelelied) (Friedrich Schnack) vir bariton en orrel (1956).
 - *Karoo Sketches* vir orkes:
3 fluite, 2 hobo's, 3 klarinette, 2 fagotte, 3 horings,
3 trompette, 3 skuiftrompette, 1 tuba, klavier, pouke, slagwerk en strykers (1947-48):
 1. *A town garden*
 2. *A farm garden*
 3. *Dust*
 - *Klarinetsonate* vir klarinet en klavier (1973):
 1. *Mouvement*
 2. *Pan im Schiff*
 3. *Böcksprünge des Pan*
 - *Kleiner Marsch* (Klein mars) vir klavier (1969).
 - *Kleiner Marsch* (Klein mars) vir klavier duo (1969).
 - *Krokos* (Boerneef) vir sopraan en klavier (1966):
 1. *Van al my land se Tafelberge*
 2. *Laat bokspring die kram*

3. Dit is by en bly nou emal so
 4. Gisteraand om duske tyd
 5. Dissie witperd van Calvinie
- *Leben des Vaters* (Lewe van die vader) (Walter Bauer) vir bariton en klavier (1969)
 - *Liefderente* (C Louis Leipoldt) vir bariton en klavier (1955).
 - *Mantis Moon*, ballet vir orkes:
2 fluite, 2 hobo's, 2 klarinette, 2 fagotte, 4 horings,
2 trompette, 3 skuiftrompette, pouke, slagwerk en
strykers (1969).
 - *Marschall Niel* (Maarskalk Niel) (Detlef von Lilien-
cron) vir sopraan en klavier (1945).
 - *Nokturne* vir klavier (jaar onbekend).
 - *Olivier*, skoolopera vir solostemme, SATB en orkes:
1 fluit, 1 hobo, 2 klarinette, 1 fagot, 3 horings,
1 trompet, 2 skuiftrompette, slagwerk en strykers.
 - *On the mountains* (Alcman) vir sopraan en klavier (1947).
 - *Die ossewa* (Jan F E Cilliers) vir SATB, slagwerk en
strykers (1969).
 - *The pool of K'un Ming* (Tu Fu) vir sopraan en klavier
(jaar onbekend).
 - *Preludio* vir viool en klavier (1969).
 - *Republiek lied* (Jan F E Cilliers) vir SATB (1966).
 - *Requiem* (R L Stevenson) vir sopraan en klavier (1944).
 - *Satara*, oerwoudnokturne vir orkes:
1 fluit, 1 hobo, 1 klarinet, 1 fagot, 1 trompet,
1 skuiftrompet, klavier, pouke en strykers (1951).

- *Schneeglöckchen* (sneuklokkie) (op eie teks) vir sopraan en klavier (1948).
- *Sechuana Dances* vir mannekoor en orkes:
 - 1 fluit, 1 hobo, 1 klarinet, 1 fagot, 1 horing,
 - 1 trompet, 1 skuiftrompet, 2 klaviere, slagwerk, strykers, TTB (1951):
 - 1. Chotzuala-gobina
 - 2. Tumêlô-gobina
 - 3. Linjalo-gobina
 - 4. Ndoa-gobina
- *Die see het juwele* (C Louis Leipoldt) vir sopraan en klavier (1954).
- *Seliger Tod* (Salige dood) (Uhland) vir bariton en klavier (1969).
- *Sigaretdans* vir klavierduo (jaar onbekend).
- *Sinfonietta* vir orkes:
 - klavier, slagwerk en strykers (1969):
 - I Maestoso
 - II Adagio
 - III Allegro molto
- *Sonnet* (I D du Plessis) vir bariton en klavier (1953).
- *Suite* vir strykorkes (1955):
 - I Maestoso
 - II Presto
- *The Swing* (R L Stevenson) SATB (1973).
- *The Moon* (R L Stevenson) SATB (1973).
- *Tibetanisches Tempelleben* (Tibetaanse tempellewe) (Max Dauthendey) vir sopraan en klavier (1948).

- *Trio vir kamerorkes* (1954):
 - I Commodo
 - II Andante
- *Twee kort liedjies* (Ina Rousseau) vir SATB (1975):
 - 1. Luister na al die slimmighede
 - 2. Die somerdag is vol dingetjies.
- *Die vlakke* (Jan F E Cilliers), kantate vir koor en orkes:
 - 3 fluite, 3 hobo's, 3 klarinette, 3 fagotte, 3 horings, 3 trompette, 3 skuiftrompette, klavier, pouke, slagwerk, strykers, SATB (1951):
 - 1. Stadig
 - 2. Moderato
 - 3. Lento
- *Die Vögel* (Die voëls) (Ibsen) vir sopraan en klavier (1943):
 - 1. *Eine Vogelweise* ('n Voëlwysie)
 - 2. *Der Eidervogel* (Die eend)
 - 3. *Ein Schwan* ('n Swaan)
 - 4. *Die Sturmschwalbe* (Die stormswawel).
- *Vom Scheiden* (Van skeiding) (Prinz Emil von Schoenrich-Carolath) vir sopraan en klavier (1969).
- *Vooraf gesing* (N P van Wyk Louw) vir SATB (1975).
- *Vyf gemengde liedere* (jaar onbekend):
 - 1. *Der Bohrturm* (Die boortoring)
 - 2. *Strassenlied* (Straatlied)
 - 3. *Siamesiches Strassenlied* (Siamese Straatlied)
 - 4. 'n Handvol gruis uit die Hantam.
 - 5. *Regenzeit* (Reëntyd).

- *Výprava*, 'n kwintet vir blasers (1973):
 1. Ausfahrt
 2. Alla marcia - andante
 3. Adios F.W.
 4. Moderate - presto.
- *Wiegenlied* (Wiegelied) vir sopraan en klavier (jaar onbekend).
- *Wys my die plek* (C Louis Leipoldt) vir bariton en klavier (1956).
- *You smile upon your friend today* (A E Housman) vir bariton en klavier (1969).

Verder is daar 'n aantal onvoltooide werke, en werke nog in outografiese vorm:

- 'n Werk vir orkes.
- 'n Werk vir strykkorke.
- *Naturszene* (Natuurtoneel) opus 6 no 3.
- *Berglied* (Schiller) opus 6 no 4 (onvoltooid).

Hans Maske was twee keer getroud en het twee seuns by sy eerste vrou en drie seuns by sy tweede vrou gehad. Hy is op 13 Januarie 1976 aan kanker oorlede.¹⁴

7. ERNST SCHERER

Ernst Scherer is op 28 Maart 1925 in Freiburg in die Schwarzwald, Duitsland, gebore waar hy ook studeer het en hom as *Kapellmeister* bekwaam het. Hy was 'n leerling van musiekdirekteur Schlenning en K Bossler. Hy het in Frei-

burg heelwat ervaring as opera-repetiteur opgedoen en was 'n vaardige pianis. Hy het Suidwes in 1954 saam met 'n groep musikante besoek en was so beïndruk met die land dat hy besluit het om hom in Suidwes te vestig. Hy het aanvanklik privaatles aan die *Convent of the Holy Cross* gegee en was orrelis van die Katolieke kerk. Hy het sy inkomste verder aangevul deur saans in een van die hotelle klavier te speel.

In 1957 is Scherer as musiekonderwyser aan die DHPS aangestel. Hy het tydens sy verblyf in Windhoek geweldig baie vir die musieklewe beteken, nie slegs by die skool nie, maar boweal in die openbare musieklewe. Hy was leier van die Windhoekse Madrigaal- en Motetkoor, later genoem die Schererkoor, en die Windhoekse kinderkoor wat in 1967 in opdrag van die Administrateur van SWA gestig is. Die koor het uit ongeveer 70 Windhoekse skoolkinders bestaan en het, behalwe konserte in Windhoek, ook die plateland deurreis en toere na die Vrystaat en Kaapland onderneem. Die hoogtepunt van hul werksaamhede was 'n Europese toer in 1972. Hy het ook waardevolle musiekopvoedingswerk by die Döbra-Sendingskool net buite Windhoek verrig en het 'n aktiewe koor daar op die been gebring. As musiekonderwyser aan die DHPS het hy jaarliks met die skooliere musiekkonserte van hoogstaande gehalte aangebied.

Scherer het 'n belangrike bydrae tot die openbare musieklewe in Windhoek gemaak en het tydens sy verblyf werke van

buitengewoon hoë standaard uitgevoer met die Schererkoor, lede van die Windhoekse Simfonie-orke en plaaslike soliste, sowel as met soliste uit die Republiek van Suid-Afrika.

Scherer se eerste optrede as koorleier in Windhoek was tydens 'n kerskonsert in die *Christuskirche* op 23 Desember 1956. Hy het as leier van die Windhoekse gemengde koor opgetree. Die koor het bekende kersliedere soos *Vom Himmel hoch, da komm ich her* en *In dulci jubilo* gesing. Die jaar 1957 moes vir hom besonder veeleisend gewees het, en hy het altesaam ses konserte met die Madrigaalkoor gehou. Op Goeie Vrydag 1957 het hy die Madrigaalkoor in die *Christuskirche* gedirigeer, met 'n aantal koorwerke uit die Mattheuspassie van Bach. Vir laasgenoemde geleentheid het hy 'n klein kamerorkes met lede van die Windhoekse Simfonie-orke saamgestel. Helga Stewien het die orrel bespeel en Attie Visser (tenoor) het die rol van evangelis gesing.

In 1957 het Scherer 'n motetkoor gestig en vir die eerste keer met die groep op Pinkstersondag opgetree. Die hoofwerk op die program was die Hallelujakoor uit *Die Messias* van Händel. Die volgende optrede van die motetkoor was by die vyftigjarige herdenkingsfees van die *Christuskirche* op 11 Augustus 1957. Die kantate *Nimm von uns Herr, die schwere Straf* van Buxtehude, het die hoofwerk gevorm. Op 24 Oktober van dieselfde jaar het die Motetkoor hul eerste

vollengte konsert in die saal van die *Hotel Continental* aangebied. Hulle is deur die bariton Walter Heinen, die lede van die Windhoekse Strykkwartet, 'n kamerorkes bestaande uit lede van die Windhoekse Simfonie-orkes, en 'n seunskoor van die DHPS bygestaan. Die koor het madrigale en Duitse volksliedjies gesing en die orkes het die eerste twee dele uit Corelli se *Concerto Grosso* in D gespeel. Die hoofwerk op die program was *Der Schulmeister* (Die skoolmeester), 'n kantate vir bariton, seunskoor en klein orkes, van G P Telemann.

Hierdie eerste selfstandige konsert met sy koor is met geesdrif deur die pers ontvang en het 'n tydperk van byna vyftien jaar ingelei waarin Scherer, veral op die gebied van koormusiek, 'n indrukwekkende bydrae tot die musieklewe van Windhoek gelewer het.

'It is fortunate for Windhoek that someone with the enthusiasm and abilities of Ernst Scherer has come to the scene in time to rescue us from the musical doldrums. With the symphony orchestra at its lowest ebb for many years and the brass band marking time with intermittent rehearsals, last Thursday evening's choir concert could not have come at a more opportune time.'¹⁵

Op 9 November 1957 het Scherer met die Motetkoor en die Madrigaalkoor by die finale konsert tydens die feesvieringe van die mannekoor opgetree, en op 9 Desember het hy met die Motetkoor, soliste en 'n kamerorkes, 'n Kerskonsert in die *Christuskirche* aangebied. Die soliste was Attie Visser (tenoor), Walter Heinen (bariton), Walter König (orrel) en Karl Hatterscheidt (tjello). In die eerste deel van die program is die *Missa Papae Marcelli* van Palestrina uitgevoer terwyl die koor in die tweede helfte tradisionele kersliedere gesing het.

In 1958 het Scherer vyf verskillende konserte met die Motetkoor, die Schererkoor¹⁶ en leerlinge van die DHPS aangebied. Op 2 April 1958 het hy met die Motetkoor, soliste en 'n kamerorkes *Die sieben Worte Jesu am Kreuz* van Heinrich Schutz en die *Kreuzstabkantate* van J S Bach in die *Christuskirche* uitgevoer. Die gewildste konsert van die jaar het op 10 en 17 September 1958 in die *Merensky*-saal en op 22 September 1958 in die *Sam Cohen*-saal plaasgevind. Die program het uit internasionale volksliedjies bestaan. Dié soort program was baie gewild in Windhoek en die opskrif van die resensie in een van die koerante het as volg gelui:

'Scherer conducts choir into Windhoek hearts.'¹⁷

Oorspronklik sou net een konsert plaasgevind het, maar deur middel van effektiewe publisiteit en vanweë die gewildheid

van sy vorige uitvoerings is die konsert uiteindelik voor drie vol sale aangebied. 'n Soortgelyke program, wat ook 'n aantal kersliedere ingesluit het, is op 27 Desember 1958 in Swakopmund aangebied. Onder beskerming van die SA Kunsvereniging (Windhoek-tak) het hy 'n kersprogram met die Schererkoor, soliste en 'n kamerorkes op 1 Desember 1958 in die *Sam Cohen*-saal en op 4 Desember 1958 in die *Merensky*-saal aangebied. Die program is met instrumentale werke en tradisionele kersliedere van oor die hele wêreld afgewissel. Hy het ook twee konserte gedurende die jaar met die DHPS skoolorkes en -koor aangebied. Die konserte het op 26 Julie en 6 Desember 1958 plaasgevind.

Scherer het daarvan gehou om dinge self te doen. Hy het self die meeste van die verwerkings vir koor, of koor en orkes gemaak, self die soliste afgerig, en self die orkes en koor se musiek met hulle ingestudeer. 'n Resensent het hiervan melding gemaak:

'Ernst Scherer is a talented young man. He likes doing things himself. But he is burning up energy at an alarming rate.'¹⁸

Ter viering van die vyftigjarige bestaan van die DHPS, het Scherer op 18 September 1959 'n konsert met die skoliere gehou. Die hoofwerk op die program was die *Struwwelpeterkantate* van Kurt Hessenberg.

Op 10 en 13 November 1959 het Scherer met die Schererkoor,

soliste en instrumentaliste 'n konsert, getitel 'Koor-musiek uit vyf eeue' aangebied. Die program het werke van Dowland tot Distler ingesluit. Die glansende resensies het Scherer se gewildheid en die waardering vir sy werk weerspieël.

'Gestern Abend führte uns Ernst Scherer mit seinem Chor nebst fünf solisten - Anne Hamman - Sopran, Hildegard Bruhn - Blockflöte, Ruthilde Hillig und Helga Stewien - Klavier und Cembalo, Peter Bryant - Ghitarre -- durch die Chormusik der letzten 500 Jahre.

Es ist erstaunlich und beglückend zugleich, mit welcher Energie hier ein Chordirigent seinem musikalischen Grundsatz bis zum äussersten treu bleibt, niemals eine Aufführung dem Zufall zu überlassen, niemals aufzuführen be- nicht das Allerletzte in den Proben versucht worden ist ...

Das Interesse und die Begeisterung für sein schon populär gewordenen Chorabende füllte auch diesmal, trotz empfindlicher Novemberhitze, den letzten Platz in der Sam Cohen-Halle ...

Blumen und Geschenke wurden Herrn Scherer und den Solisten überreicht. Damit wurde von allen Seiten unserer Bevölkerung Sympathien und Bewunderung ... nicht zuletzt für den so

hochqualifizierten Chor -- zum Ausdruck gebracht.¹⁹

(Gisteraand het Ernst Scherer met sy koor en vyf soliste, Anne Hamman (sopraan), Hildegard Bruhn (blokfluit), Ruthilde Hillig en Helga Stewien (klavier en klawesimbel) en Peter Bryant (ghitaar) ons deur die koormusiek van vyf eeue geneem.

Dit is verstommend en terselfdertyd verblydend dat die koordirigent met soveel energie aan die musikale grondbeginsels getrou bly. Hy laat niks aan die toeval oor nie en sal nooit uitvoer voordat die allerlaaste nie in die repetisie probeer is nie ...

Die belangstelling en die begeestering vir sy reeds gewilde kooraande het gesorg dat die *Sam Cohen*-saal ook hierdie keer, ten spyte van die Novemberhitte, tot die laaste sitplek gevul was ...

Daar is geskenke en blomme aan mnr Scherer en die soliste oorhandig. Daardeur wou alle lae van ons bevolking hul meelewing en bewondering, ook vir 'n hoogstaande koor, tot uitdrukking bring.)

Op 7 Desember 1959 het Scherer ook 'n kerskonsert in die

Christuskirche aangebied. Die Schererkoor, soliste, instrumentiste, en die kinderkoor van die DHPS het opgetree. Hy het vroeg in Desember met die Schererkoor 'n besoek aan Swakopmund gebring.

In 1960 is twee groot werke ingestudeer: die *Stabat Mater* van Pergolesi vir 15 April 1960, en *Die Messias* van Händel, ter viering van die vyftigste bestaansjaar van die *Christuskirche*, op 14 en 15 Oktober 1960. Vir laasgenoemde uitvoering het Scherer 'n aantal soliste uit die Unie ingevoer. Die deelnemers was:

Joy van Niekerk (sopraan) uit Stellenbosch, Anne Hamman (alt) van Windhoek, Alfred Geale (tenoor) uit Kaapstad en prof Georg Kempf (bas) uit Johannesburg.²⁰ Die instrumentiste was almal lede van die Windhoekse Simfonie-orkester.

Die twee uitvoerings van *Die Messias* was volgens die pers 'n reuse-sukces. Dit was die eerste uitvoering van die werk in Windhoek. Een resensent was veral beïndruk met Scherer se opvatting van die werk:

'Ernst Scherer's conception of Händel's "Messiah", in the style of Baroque chamber music in which it was written, is in striking contrast to what is fast becoming the traditional English one, which envisages it

as a vehicle for massed choirs and Goossen's orchestration -- trombones, triangles and all. Some of us may even have forgotten the smaller scale of the original. Mr Scherer must have reminded us, forcibly and agreeable, of it.²¹

Op 21 April 1960 het Scherer Okahandja met sy koor besoek.

Windhoek het sy eerste 'tuisgemaakte' opera in 1961 beleef, met die opvoering van *The Mikado* van Gilbert en Sullivan in die nuwe Kunsteater, van 27 tot 29 April. Die soliste was uitsluitlik Windhoekers wat bygestaan is deur die Schererkoor en lede van die Windhoekse Simfonie-orke. Peter Bryant en Fiorella Holmes het die regie gesamentlik behartig. Die enigste professionele sangeres was Anne Hamman, beter op radio en verhoog in die Unie as Beatrice Willis bekend. Sy het Windhoek kort hierna verlaat en haar in Johannesburg gevestig. Sy het die rol van Yum-yum vertolk.²²

Scherer was glad nie met die Gilbert en Sullivan-operas bekend nie, en het op aandrang van vriende na die plate geluister. Hy was onmiddellik beïndruk, maar moes baie probleme die hoof bied. Die belangrikste hiervan was die Engelse dialoog, aangesien meeste van die soliste en die koor Duitssprekend was.

Die resensies was baie positief en een resensient het as volg geskryf:

'Ernst Scherer hat mit der musikalischen Einstudierung, mit seinen Solisten und mit dem Chor, sowie dem Orchester, das sich fast ausschliesslich aus Mitgliedern des Windhoeker Symphonie-Orchesters zusammensetzt, eine reizvolle Aufgabe übernommen. Das fast nur von Amateuren Dargebotene ist mehr als beachtlich. Das Publikum ging begeistert und interessiert mit.'²³

(Ernst Scherer het met die musikale instudering van sy soliste en koor, sowel as die orkes, wat uitsluitlik uit lede van die Windhoekse Simfonie-orkes bestaan, 'n genotvolle resultaat bereik. Dit is merkwaardig wat die amaterus bereik het. Die publiek was begeesterd en geïnteresseerd.)

In 1962 het Scherer weer met onvermoeide ywer twee groot werke aangebied. *Orpheus in der Unterwelt* (Orfeus in die onderwêreld) van Jacques Offenbach is agt keer in Windhoek, en twee keer in Swakopmund opgevoer. Op 28 en 29 Maart 1962 het hy J S Bach se Johannespassie in die *Christuskirche* uitgevoer. 'n Kamerorkes bestaande uit lede van die Windhoekse Simfonie-orkes, die kinderkoor van

die DHPS en die Schererkoor is deur die volgende soliste bygestaan:

Wolfgang Zimmer (seunssopraan) van die DHPS, Annÿ Lamprechts (alt) van Stellenbosch, Alfred Geale (tenoor) van Kaapstad, David Gamsu (bas) en Walter Kazmaier (bas), beide van Windhoek.

Dit was beslis ambisieus van Scherer om 'n werk van hierdie formaat aan te pak en om, in die Bach-tradisie, van 'n seunssopraan gebruik te maak. Die gebruik van seunssopraane as soliste in Bach-werke is in Duitsland aan die orde van die dag, maar dit moes harde werk gekos het om die ongeoefende stem van Wolfgang Zimmer reggeskaaf te kry vir die moeilike arias in dié werk. Te oordeel aan sommige koerantresensies, was die uitvoerings uiters suksesvol.²⁴

Dit is interessant hoe die musieklewe in Windhoek mettertyd, en veral na die Tweede Wêreldoorlog, deur die verskillende taalgroepe gedeel is. Die Duitsers het die openbare musieklewe oorheers, maar algaande het daar groter deelname van die anderstaliges gekom, soos die resensent van een van die koerante tereg na die uitvoering van die Johannespassie opgemerk het:

'Trafen sich hier doch im nachzuschaffenden
Werk Katholiken und Protestanten, Christen
und Juden, deutsch-, englisch- und afrikaans-

sprachiche Mitbürger, Erwachsenenchor und Schulchor, Alte und Junge überhaupt, Südwester und Suidafrikaner, Menschen um des Glaubens und solche um des Kunstgenusses willen.²⁵

(Hier was Katolieke, Protestante, Christene en Jode; Duits-, Afrikaans- en Engelssprekendes; 'n volwasse- en 'n skoolkoor; oud en jonk; Suidwesters en Suid-Afrikaners; mense ter wille van die geloof en mense ter wille van die kunsgenot bymekaar.)

Later van tyd het Scherer eerder op een of twee groot uitvoerings per jaar begin konsentreer, in plaas van deelname aan 'n hele aantal konserte, en na die twee enorme werke in 1962 het die koor byna 'n jaar nie van hulle laat hoor nie. Op 3 Desember 1963 het hy 'n program van *Negro Spirituals* (Geestelike Negerliedere) aangebied, wat natuurlik vanweë die ligter aard van die liedere geweldig in die smaak van die algemene publiek geval het. Die konsert is in Swakopmund herhaal.

Op 19 en 22 Junie 1964 het Scherer *Die Schöpfung* (Die Skepping) van Joseph Haydn in Windhoek, en op 20 Junie in Swakopmund uitgevoer. Die deelnemers was:

Die Schererkoor, 'n kamerorkes en soliste: Anita

Botha (sopraan) van Windhoek, Alfred Geale (tenoor) van Kaapstad en Walter Kazmaier (bas), wat intussen na Swakopmund verhuis het.

Op 8 en 9 Desember 1964 het Scherer 'n Kerskonsert in die *Christuskirche* aangebied en hy is bygestaan deur die Scherkerkoor, die skoolkoor van die DHPS en enkele instrumentiste. Die eerste helfte van die program is aan instrumentale werke en koorwerke van bekende komponiste, waaronder J S Bach en Kurt Thomas, gewy. Die tweede helfte is met internasionale kersliedere gevul.

In 1965 het Scherer weer eens twee groot werke aangepak. In April is die operette *Zar und Zimmermann* van A Lortzing sewe keer in Windhoek en twee keer in Swakopmund opgevoer. Daar is slegs van plaaslike talent gebruik gemaak. Scherer was baie ambisieus en het in dieselfde jaar ook die Duitse Requiem van Brahms uitgevoer. Hy het slegs van orrelbegeleiding en pouke gebruik gemaak. Die soliste was Anita Botha (sopraan) en Aubrey Hindle (bariton). Te oordeel aan resensies wat na die konsert in die pers verskyn het, was die resensente ook van mening dat hy 'n bietjie oor-ambisieus was om 'n werk van hierdie formaat sonder 'n orkes uit te voer. Resensies in die *Allgemeine Zeitung* en *Windhoek Advertiser* was redelik positief maar die resensent van die *Suidwes-Afrikaner* (Hans Maske) het heelwat punte gevind om te kritiseer en hy het sy resensie as volg afgesluit:

'Dit spyt my dat hierdie goedbedoelde berig nie heeltemal positief is nie, waar 'n mens tog soveel bewondering het vir die vaardigheid van die dirigent en sy mense.'

Hy het egter bemoedigend bygevoeg:

'Vir Windhoek was dit nog altyd skitterend.'

Hierdie versigtige kritiek wat daarop gemik was om nie gevoelens te kwets nie, suggereer Scherer se gewildheid in Windhoekse musiekkringe van destyds.

Teen die einde van 1965 is Scherer deur die destydse Administrateur van SWA, mnr Wennie du Plessis, versoek om 'n kinderkoor uit die verskillende taalgroepe in Windhoek saam te stel. Die koor het vir die eerste keer tydens die Kerskonsert in 1965 opgetree.

Op 8 en 9 Desember 1965 het Scherer 'n Kerskonsert in die *Christuskirche* gehou en dit op dieselfde lees as dié van die vorige jaar geskoei. Die volgende kunstenaars het opgetree:

Anita Botha en Rikie Venter (sopraan), Sabine Ernsting (alt), Aubrey Hindle (bariton) en Roland Meissner (bas); die Windhoekse Kinderkoor, die Schererkoor en lede van die Windhoekse Simfonie-orke.

Die Windhoekse Kinderkoor het op 16 en 22 Junie 1966 tydens die inwydingsplegtighede van die nuwe DHPS Aula opgetree met 'n program van volksliedjies in die drie landstale.

Die konsert was getitel: 'Südwest singt'. Die Kinderkoor is deur die volgende kunstenaars bygestaan:

Rikie Venter en Anita Botha (sopraan), Helga Stewien (klawesimbel en klavier), 'n instrumentale groep van die DHPS, lede van die Windhoekse Blaasorkes en die Schererkoor.

Nog een van die musikale hoogtepunte in Scherer se loopbaan was die opvoering van die opera *Hänsel und Gretel* van Humperdinck in die DHPS-Aula op 12, 14 en 15 November 1966, en in Swakopmund op 18 en 19 November 1966. Fortunat von Oertzen was vir die regie verantwoordelik en het ook die rol van die heks vertolk. Eppies Kamfer en Rikie Venter het onderskeidelik die rolle van Hänsel en Gretel vertolk. Daar bestaan twee uitgawes van die opera, naamlik dié vir groot orkes en 'n vereenvoudigde weergawe vir kleiner besetting. Scherer het uit sy pad gegaan om die opera met plaaslike talent op te voer en moes geweldig baie verwerkings doen totdat hy eindelik 'n bevredigende vermenging van die twee weergawes verkry het, in 'n partituur wat ongeveer vier-vyfdes van die oorspronklike bevat het. Hy het nie al die blasers tot sy beskikking gehad nie en moes van die DHPS se Ahlborn-orrel gebruik maak vir sekere effekte, soos byvoorbeeld die hobo. Nogtans was die opera

'n reuse-sukkes, die resensente vol lof en die aanbiedings goed ondersteun.

Op 17 Junie 1967 het die Windhoekse Kinderkoor sy eerste vollengte konsert in die DHPS-Aula aangebied en later die jaar ook met die konsert na Okahandja, Otjiwarongo, Kari-bib en Swakopmund gereis. Scherer het op 5 Desember 1967 weer eens die tradisionele Kerskonsert in die *Christus-kirche* aangebied. Die tema van die program was: *Die Weihnachtsgeschichte in Volkslied und Hirtenmusik* (Die Kersverhaal in volkslied en herdersmusiek).

Sedert *The Mikado* in 1961, het Scherer die tradisie van 'n jaarlikse opera- of operette-aanbieding probeer behou. In 1968 het die keuse op *The Beggar's Opera* van Pepusch geval. Die produksie het van 19 tot 23 Julie 1968 in die DHPS-Aula plaasgevind. Met 'n program getitel *Festliches Barock* het Scherer hom vir die eerste keer in 1968, met die Windhoekse Kamerorkes, aan 'n uitsluitlik instrumentale program gewaag. Die konsert het op 19 Oktober 1968 plaasgevind en die program het as volg daar uitgesien:

- *The fairy queen* uit *A Midsummernight's dream* - Henry Purcell.
- Suite in a vir fluit en strykers - G P Telemann.
- Concerto grosso in D opus 6 - G F Händel.

- Brandenburgkonsert no 5 in D BWV 1050 - J S Bach.

Op 2 November van dieselfde jaar het die kinderkoor, na afloop van 'n plattelandse toer, weer 'n program van volksliedjies aangebied. Dit is 'n medium waarin Scherer hom tuis gevoel het en die meeste van die verwerkings het hy self gedoen.

Op 15 Oktober 1969 het die eerste opvoering van die operette *Im weissen Rössl* van Ralph Benatsky in die Kunstteater plaasgevind en dit is altesaam 12 keer herhaal. Die soliste was almal Windhoekers en verder het die Schererkoor, lede van die Nasionale Balletskool, 'n volksdansgroep van die DHPS en lede van die Windhoekse Simfonie-orkester opgetree. Op 5 en 6 Desember van dieselfde jaar het die Windhoekse Kinderkoor twee konserte in Windhoek gegee. Die program het uit 'n verskeidenheid madrigale en internasionale volksliedjies bestaan. Dieselfde program is tydens die Desembervakansie in 1969 op 'n toer deur Wes-Kaapland aangebied.

In 1970 het Scherer nie 'n opera of operette opgevoer nie. Die Windhoekse Kinderkoor het deur die O.V.S. getoer en op 16 en 17 Oktober in Windhoek gesing. Dieselfde program is ook in Swakopmund en Walvisbaai uitgevoer.

Scherer het nog tot in 1973 waardevolle werk in Windhoek gelewer. Hy is aan die einde van 1973 terug Duitsland

toe en het hom in sy geboortestad, Freiburg, gevestig waar hy tans nog woon en werk.²⁶

8. DR FRIEDRICH HORNBURG

Friedrich Hornburg is op 28 Mei 1911 in Berlyn gebore, waar hy ook studeer het. Hy het hom op Musiekwetenskap toegelê en het sy doktorsgraad verwerf met 'n verhandeling oor die musiek van die 'Tiv', 'n stam in Nigerië. Sy meestersgraad het hy deur UNISA behaal, met 'n verhandeling oor die musiek van die Arabiere. Hy was ook lid van die Musiekwetenskaplike Vereniging in Duitsland.

Hornburg het op 2 April 1955 deur die toedoen van Walter Heinrich na Suidwes gekom. Die DHPS het hom in die pos van koshuissuperintendent aangestel en hy het die leiding van die Windhoekse Mannekoor oorgeneem. Die Windhoekse Simfonie-orkester was gelukkig om soms van sy dienste as violis gebruik te kon maak, en hy het by een geleentheid ook slagwerk in die orkester gespeel.²⁷ Hy het ook van tyd tot tyd aan Ernst Scherer se produksies deelgeneem. Die Windhoekse Mannekoor het veel by sy waardevolle leiding gebaat, maar hy moes die tuig 'n jaar voor sy dood, weens swak gesondheid neerlê. Hy is op 17 April 1969 oorlede.²⁸

9. RUTHILDE HILLIG (née CORDES)

Ruthilde Cordes is in Leipzig gebore.

Haar ouers was pioniers in Suidwes en haar vader was die eerste stadsklerk van Swakopmund. Hy was baie lief vir musiek en het die eerste opelugkonserte met grammofoon-musiek in die vroeë 1920's in Swakopmund gehou. Terwyl sy op skool was in Swakopmund, het Ruthilde haar eerste klavierlesse by onderwysers uit Duitsland en Switserland ontvang. In skoolvakansies het sy spesiaal na Windhoek gegaan om by Hans Müller les te neem. Sy het haar hoërskoolopleiding in Duitsland ontvang, en ook daar die 'Abitur' (dertiende skooljaar) voltooi. In Dresden het sy aan die Onderwyskollege studeer, waar sy musiek as hoofvak gekies het. Terselfdertyd het sy privaat klavierlesse by proff Kurt Schöne en Werner Kunad geneem. Sy het ook in verskillende studentekore gesing, onder andere by Fritz Jöde, en sy het ook tydens haar studiejare, ondervinding in kamermusiek opgedoen.

In 1936 het Ruthilde Cordes na Suidwes teruggekeer en na die uitbreek van die oorlog aan die DHPS Musiek gegee. Sy is in 1940 getrou en het as mev Günter begin privaatles gee. Met die verloop van 40 jaar van lesgee het sy een van Windhoek se mees prominente klavieronderwyseresse geword. Sy het in 1981 weens gesondheidsredes daarmee opgehou. Sy het deur die jare talle jeugkonserte gereël, en het ook die *International Arts League of Youth* in Windhoek gestig.

Tydens die oorlog het mev Günter by 'n kamermusiekgroep

aangesluit wat talle konserte in die *Christuskirche* aangebied het.²⁹

In 1948 het sy Suidwes met die violis Jaap Emner deurreis. Sy het in die Windhoekse Simfonie-orke gespeel en in verskillende kore onder leiding van Willi Frewer, Max Weiss en Ernst Scherer gesing. Sy is in 1953 weer getroud met Heinz Hillig, 'n onderwyser aan die DHPS.

Aangesien daar lank reeds die behoefte bestaan het, het mev Hillig in 1964 namens die SA Kunsvereniging (Windhoek-tak) met 'n musiekbiblioteek begin.³⁰ Sy was aktiewe lid van die Kunsvereniging en het van tyd tot tyd op die bestuur gedien. In 1970 is sy as voorsitster van die musiekkomitee van SWARUK verkies.

Mev Hillig woon tans nog in Windhoek, waar sy steeds 'n positiewe bydrae tot die bevordering van musiek lewer.³¹

VOETNOTAS : HOOFSTUK IX

1. Notules van die *Windhuker Musikfreunde*. Staatsargief, Windhoek.
2. Lys van komposisies in Hans Müller se handskrif. Staatsargief, Windhoek.
3. *Mitteilungen des Windhoeker Männerchors* No 8:
Okt 1955, asook dokumente deur Hans Müller nagelaat. Staatsargief, Windhoek.
4. Sien p. 201 van hierdie verhandeling.
5. Dokumente en aandenkinge deur Willi Frewer nagelaat en tans in die besit van Freddy, een van sy seuns.
6. Gesprekke met Freddy Frewer. Windhoek, Aug 1980.
7. *Windhuker Nachrichten*: 10 Mrt 1909; 20 Mrt 1909; 28 Apr 1909; 15 Mei 1909; 15 Sep 1909; 6 Okt 1909; 4 Mei 1910.
8. Sien p. 155 van hierdie verhandeling.
9. Dokumente en aandenkinge deur dr Weiss aan sy vrou nagelaat, en gesprekke met laasgenoemde en sy dogter. Windhoek, Mei 1980. Die dokumente en aandenkinge is tans in mev Weiss se besit.
10. Sien p. 136, 137 en 141 van hierdie verhandeling.
11. Gesprek met Gerald Fainsinger. Johannesburg, Mrt 1980.
12. Sien p. 63 van hierdie verhandeling.
13. Rikie Venter word vandag as een van die voorste koloratuursoprane in Suid-Afrika gereken en het vir TRUK gesing voordat sy in 1978 'n kontrak in Wuppertal aanvaar het. Sy woon tans in Engeland.

14. Dokumente deur Hans Maske nagelaat, en gesprekke met sy tweede vrou. Kaapstad, Apr 1980. Die dokumente en aandenkinge is in besit van mev Maske.
15. *Windhoek Advertiser*: 29 Okt 1957.
16. Die Schererkoor is in April 1957 gestig. Waarskynlik het dit die Madrigaalkoor vervang. Later sou ook die Motetkoor ophou bestaan en slegs die Schererkoor bly funksioneer.
17. *Windhoek Advertiser*: 16 Sep 1958.
18. *Windhoek Advertiser*: 12 Nov 1959.
19. *Allgemeine Zeitung*: 11 Nov 1959.
20. Prof Kempf is 'n broer van die bekende pianis, Wilhelm Kempf.
21. *Windhoek Advertiser*: 18 Okt 1960.
22. *Windhoek Advertiser*: 21 Apr 1961.
23. *Allgemeine Zeitung*: 28 Apr 1961.
24. *Allgemeine Zeitung*: 29 Mrt 1962.
25. 'Südwestler Kulturspiegel', rubriek in *Der Kreis*: Apr 1962.
26. Jaarblaaie van die DHPS vanaf 1957 tot 1970. Verdere informasie is afkomstig uit 'n versameling konsertprogramme en aandenkinge van Helga Stewien, en gesprekke met laasgenoemde, Ruthilde Hillig en Walter Heinrich. Windhoek, Sep 1982.
27. Sien p. 153 van hierdie verhandeling.
28. 'Lyra und Aloë'. *Mitteilungsblatt der Chorgemeinschaft* No 61: Jun 1969.
29. Sien p. 58 van hierdie verhandeling.

30. Sien p. 96 van hierdie verhandeling.
31. Gesprekke met mev Hillig. Windhoek, Jun 1982.

OPSOMMING / SLOT

Vanaf die hoeksteenlegging op 18 Oktober 1890 van die fort (*Alte Feste*), die eerste gebou in Windhoek, het die dorp vinnig ontwikkel. Die blanke inwonertal het in 1936 op 4 812 gestaan en in 1970 op 27 420. Die Duitse bewind het in 1914 op 'n end gekom en daarna is Suidwes onder Suid-Afrikaanse beskerming geplaas.

Die militêre orkes van die *Schutztruppe* (koloniale beskermingsmag) het die musieklewe tot 1914 oorheers. Vanaf 1907 het die samestelling van die bevolking van 'n oorwegend militêre, na 'n burgerlike begin verander.

Omdat Windhoek se bevolking aanvanklik meesal uit Duitsers bestaan het, is die musieklewe tot die Tweede Wêreldoorlog deur laasgenoemde taalgroep oorheers. Na die oorlog het anderstaliges geleidelik meer betrokke geraak.

Die *Männergesangsverein* (mannekoor) is in 1907 gestig en het, behalwe tydens die Tweede Wêreldoorlog, tot in 1971 'n aktiewe rol in die Windhoekse musieklewe gespeel.

Die kerkkoor van die Duitse Evangeliese Lutherse Kerk is in 1910 spesiaal vir die inwyding van die *Christuskirche* gestig en het tot in die vroeë vyftigerjare gereeld aan die sogenaamde *Motetten* (gewyde aandkonserte) deelgeneem. Die *Christuskirche* het deur die jare die middelpunt van die

kerkmusiek in Windhoek gevorm.

'n Orkes, die *Windhuker Musikfreunde*, is in 1920 gestig en het tot in 1939 die Windhoekse musieklewe oorheers.

Hans Müller was die leier van die mannekoor, kerkkoor en orkes. Hy was ook orrelis van die *Christuskirche* en het tot die Tweede Wêreldoorlog, die grootste bydrae tot die musiek in Windhoek gelewer.

Na die Tweede Wêreldoorlog het Willi Frewer as dirigent van die Windhoekse Simfonie-orkes, 'n leidende rol in die Windhoekse musieklewe gespeel.

Vanaf 1956 het Ernst Scherer met sy kore 'n groot bydrae tot die openbare beoefening van musiek gelewer. Hy het tot 1971 gereeld kooruitvoerings gehou, en operas en operettes opgevoer.

Voor die Tweede Wêreldoorlog het die *Windhuk Trio* wat van 1921 tot 1936 bestaan het, en die Frewer-, Kehrmann- en Hatterscheidt-trio wat van 1935 tot 1937 bestaan het, veel tot die bevordering van kamermusiek in Windhoek bygedra. Na die oorlog het die Windhoekse Strykkwartet, wat van 1953 tot 1970 bestaan het, 'n belangrike bydrae tot die musieklewe in Windhoek gelewer.

Hoewel musiekaanbiedinge deur die jare in hoeveelheid en

omvang toegeneem het, het die aksent steeds op amateur-musici geval, dit wil sê persone wat in ander beroepe gestaan het en musiek in hul vrye tyd beoefen het. Die inisiatief het van indiwidue soos Hans Müller en Willi Frewer uitgegaan. Staatsgesubsidieerde musiekaanbiedinge het nie voor die totstandkoming van die Suidwes-Afrikaanse Raad vir die Uitvoerende Kunste (SWARUK) en die Staatskonservatorium bestaan nie. Die SA Kunsvereniging (Windhoek tak) het wel musiekkonserte gesubsidieer, maar die doelwit was die invoering van buitelandse musici, en nie soseer die bevordering van plaaslike talent nie.

Musiekonderrig het op privaatbasis geskied en in die drie oudste skole is nie veel meer as skoolsang aangebied nie. In 1960 is klavieronderrig amptelik by regeringskole ingestel. Die *Deutsche Höhere Privatschule* het deur die jare altyd 'n skoolkoor en -orkes gehad en het gereeld konserte met die leerlinge gehou. Die *Convent of the Holy Cross* het in 'n mindere mate ook konserte gehou, maar aktief aan die musiekeksamens van die *Trinity College* deelgeneem. Die Windhoek Hoërskool het nie veel voor die sestigerjare op musiekgebied gedoen nie. Vanaf 1960 is klavierlesse in skooltyd gegee en in 1962 is musiek as skoolvak ingestel.

Vanaf 1928 is daar, op 'n paar uitsonderings na, elke twee jaar 'n kunswedstryd in Windhoek gehou.

Kunstenaars vanuit Suid-Afrika en die buiteland het Windhoek

sedert so vroeg as 1899 besoek. Weens Windhoek se geografiese geïsoleerdheid, was dit aanvanklik seidsame gebeurtenisse en die besoekende kunstenaars het konserte meesal op hul eie inisiatief en koste georganiseer en aangebied. Met die toename in lugverkeer in die jare vyftig het die besoeke toegeneem en sedert organisasies soos die SA Kunsvereniging en SWARUK Konserte begin borg het, het Windhoek gereelde besoeke van gaskunstenaars ontvang.

Gewyde musiek is in die *Christuskirche* uitgevoer, terwyl wêreldlike musiek in die sale van hotelle, klubs en skole aangebied is totdat die Kunsteater op 3 Oktober 1960 ingewy is.

Die uitgerekte stryd met die Verenigde Volkere-Organisasie en tydperke van politieke onsekerheid het ook 'n sterk invloed op Windhoek se musieklewe gehad. Dit is waarskynlik om hierdie rede dat musici deur die jare gekom en gegaan het, maar min hulle vir 'n lang tyd in Windhoek gevestig het. Dit was een van die groot probleme waarmee die Windhoekse Simfonie-orkes deur die jare te kampe gehad het en wat veronderstel was om opgelos te word met die stigting van die Staatskonservatorium in 1971.

Die volgende persone het 'n besondere bydrae tot die musiek in Windhoek gelewer:

Hans Müller (1885-1955), Willi Frewer (1911-1969),
Heinrich Voigt (datums onbekend), dr Max Weiss (1901-
1972), Gerald Fainsinger (1914-), dr Hans Maske
(1927-1976), Ernst Scherer (1925-), dr Friedrich
Hornburg (1911-1969) en mev Ruthilde Hillig.

SUMMARY / CONCLUSION

On 18 October 1890 the foundation stone of the first building in Windhoek, the fort (*Alte Feste*) was laid, and from that date the town grew rapidly. There were 4 812 White inhabitants in 1936 and 27 420 by 1970. After German rule ended in 1914, South West Africa was placed under South African administration.

The military orchestra of the *Schutztruppe* (colonial protection force) dominated the musical scene until 1914. From 1907 onwards, the military population of Windhoek was gradually replaced by a civilian community.

Because the Windhoek community consisted mostly of German speaking members, the musical activities were dominated by Germans until the Second World War. After the war, other language groups became more involved.

The *Männergesangsverein* (male choir) was founded in 1907 and played an active role in Windhoek's musical life until 1971, except during the Second World War.

The Church Choir of the German Evangelical Lutheran Church was started in 1910 for the inauguration of the *Christuskirche*. The choir regularly took part in performances in the church, the so-called *Motetten* (sacred evening concerts) until the early fifties. Over the years, the

Christuskirche formed the centre of Church Music in Windhoek.

An orchestra, the *Windhuker Musikfreunde*, was started in 1920 and dominated the city's musical scene until 1939.

The male choir, church choir and the orchestra were led by Hans Müller. He was also organist at the *Christuskirche* and made the greatest single contribution to music in Windhoek before the Second World War.

After the Second World War, music in the city was dominated by the Windhoek Symphony Orchestra under Willi Frewer.

From 1956, Ernst Scherer contributed much to music in Windhoek with his choirs, which gave regular choir performances and took part in operas and operettas until 1971.

Before the Second World War, the *Windhuk Trio*, which existed from 1921 to 1936, and the Frewer, Kehrmann and Hatterscheidt trio, which existed from 1935 to 1937, contributed much towards the furthering of chamber music in Windhoek. After the war, between 1953 and 1970, a contribution to the city's musical life was made by the Windhoek String Quartet.

The range and number of musical presentations increased yearly, but these were given mostly by amateur musicians, people who actually followed a different profession, and only prac-

tised their love of music in their spare time. Here the initiative was taken by individuals like Hans Müller and Willi Frewer. There were no state-subsidized musical presentations before the establishment of the South West African Performing Arts Council (SWAPAC), or before the existence of the State Conservatoire. The SA Arts Association (Windhoek branch) did subsidize musical concerts, but the objective was not so much the promotion of local talent as the presentation of musicians from overseas.

Music lessons were given privately and the three oldest schools offered little more than singing until 1960, when piano lessons were officially introduced into government schools. The *Deutsche Höhere Privatschule* always had a school choir and orchestra, and pupils regularly gave concerts. To a lesser extent, the *Convent of the Holy Cross* also held concerts, but it did enter pupils for the *Trinity College* exams. Windhoek High School offered little in the field of music before 1960 when piano lessons were introduced during school-time. Music was offered as a school subject from 1962.

Every second year from 1928, with a few exceptions, an Eisteddfod was held in Windhoek.

Musicians from South Africa and overseas have visited Windhoek since 1899. At first these visits were rare, and the artists organised and presented concerts on their own ini-

tiative and at their own cost. With the increase in air travel in the fifties, visits from artists became more frequent. After organisations such as the Arts Association and SWAPAC began sponsoring concerts, Windhoek enjoyed regular visits from South African and foreign artists.

Sacred music was performed in the *Christuskirche*, while secular music was performed in the halls of hotels, clubs, and schools until the Arts Theatre was opened on 3 October 1960.

Prolonged clashes with the United Nations Organisation, and periods of political uncertainty strongly influenced Windhoek's musical life. It is perhaps for this reason that musicians came and went throughout the years and that very few decided to settle in Windhoek. This was one of the major problems of the Windhoek Symphony Orchestra which was to have been resolved with the foundation of the State Conservatoire in 1971.

The following people made a particular contribution to music in Windhoek:

Hans Müller (1885-1955), Willi Frewer (1911-1969), Heinrich Voigt (dates unknown), Dr Max Weiss (1901-1972), Gerald Fainsinger (1914-), Dr Hans Maske (1927-1976), Ernst Scherer (1925-), Dr Friedrich Hornburg (1911-1969) and Mrs Ruthilde Hillig.

BRONNE

1. ARGIVALE BRONNE

1.1 Amptelike bronne

1.1.1 Ongepubliseerd

Notules van die *Windhuker Musikfreunde*. Aanwins no A 13, Staatsargief, Windhoek.

Programme van konserte in die interneringskamp te Andalusia. Jochen Voigts-skenking, aanwins no A 17, Staatsargief, Windhoek.

1.1.2 Gepubliseerd

Festschrift, Männergesangverein, Windhoek:

John Meinert, 1927. Aanwins no A 13, Staatsargief, Windhoek.

Jaarverslae, S.W.A. Departement van Onderwys, 1960 en 1971.

Mitteilungen des Windhoekker Männerchors, no 8, Okt 1955. Aanwins no A 13, Staatsargief, Windhoek.

Müller, Hans (samesteller): *Erstes Südwestafrikanisches Bundessängerfest*, Windhuk 19. bis 21.

Apr 1930. Aanwins no A 13, Staatsargief, Windhoek.

_____: *Festschrift zur Feier des 15 Jährigen Stiftungsfestes am 22. und 24. Mai 1922.* Windhoek: John Meinert, 1922. Aanwins no A 13, Staatsargief, Windhoek.

_____: 'Windhuks Musikleben in drei Jahrzehnten', *Erstes Südwestafrikanisches Bundessängerfest, Windhuk 19. bis 21. April 1930.* Aanwins no A 13, Staatsargief, Windhoek.

Programme van *Motetten*, 1911 tot 1927. Aanwins no A 13, Staatsargief, Windhoek.

Witboek van die Administrasie van Suidwes-Afrika vir 1970. Staatsargief, Windhoek.

1.2 Private bronne

1.2.1 Ongepubliseerd

Notules van die Windhoekse Kunswedstrydvereniging, 1960-1970. Privaatversameling van die vereniging.

Persoonlike dokumente en dagboek van dr Hans Maske. Privaatversameling van mev I Maske, Kaapstad.

Persoonlike dokumente van dr Max Weiss. Pri-
vaatversameling van mev C Weiss, Swakopmund.

Persoonlike dokumente van Willi Frewer. Pri-
vaatversameling van Freddy Frewer, Windhoek.

1.2.2 Gepubliseerd

Jaarblaaie, *Deutsche Oberrealschule* 1930-1935.
Privaatbesit van die *Deutsche Höhere Privat-
schule*, Windhoek.

Jaarblaaie, Windhoek Hoërskool, 1925-1970.
Privaatbesit van die Windhoek Hoërskool.

Jaarverslae van die SA Kunsvereniging (Windhoek-
tak), 1948-1970. Windhoek: John Meinert.
Privaatbesit van die vereniging.

Konsertprogramme van die Windhoekse Simfonie-
orkes, Schererkoor en besoekende kunstenaars,
1947-1966. Privaatversameling van Helga Ste-
wien, Windhoek.

Konsertprogramme van die Windhoekse Strykkwartet
(Kehrmann-kwartet). Privaatversameling van
Friedgard von Koenen, Windhoek.

*Lyra und Aloë, Mitteilungsblatt Windhoeker Män-
nerchor/Windhoeker Frauenchor*, Jul 1964-Apr 1968.
Windhoek: John Meinert. Privaatversameling van
Walter Heinrich, Windhoek.

Müller, Hans: 'Aus den Anfangsjahren des Windhoeker Männerchors', *Lyra und Aloë, Mitteilungsblatt Windhoeker Männerchor/Windhoeker Frauenchor*, no 53. Windhoek: John Meinert, 1967. Privaatversameling van Walter Heinrich, Windhoek.

2. PERIODIEKE PUBLIKASIES

2.1 Koerante

Allgemeine Zeitung: 6 Aug 1919 - 30 Jul 1939 & 10 Jun 1943 - 30 Des 1970.

Der Kriegsbote: 22 Jul 1916 - 31 Jul 1919.

Der Südwestbote: 4 Jan 1911 - 10 Mei 1915.

Deutsche Beobachter: 30 Jun 1939 - 9 Jun 1943.

Deutsch-Südwestafrikanische Zeitung: 14 Okt 1901 - 23 Sep 1914.

Die Suidwes-Afrikaner: 8 Apr 1927 - 30 Des 1970.

Die Suidwester: 20 Apr 1945 - 30 Des 1970.

Landeszeitung für Südwestafrika: 29 Jul 1919 - 16 Jul 1924.

Südwest: 2 Des 1910 - 12 Mei 1915.

Windhoek Advertiser: 4 Jul 1929 - 31 Des 1970.

Windhoeker Anzeiger: 12 Okt 1898 - 12 Sep 1901.

Windhuker Nachrichten: 24 Des 1903 - 31 Des 1910.

2.2 Tydskrifte

Afrikanischer Heimatkalender, herausgegeben vom Kirchenbundesrat des deutschen Kirchenbundes Süd- und Südwestafrikas: 1932-1966. Windhoek: John Meinert.

Der Kreis: Apr 1962. Windhoek: John Meinert.

Der Reiter von Südwest: Feb 1927 - Nov 1929.

Windhoek: John Meinert.

Deutschen Schutzgebiete in Afrika und der Südsee: 1909-1914. Berlyn.

South West Africa Annual: 18 Okt 1971. Windhoek: John Meinert.

Suidwes Bulletin: Des 1960. Windhoek: John Meinert.

2.3 Geleentheidspublikasies

Levinson, Olga: *Our first thirty years; the history of the South African Association of Arts (SWA)*.

Windhoek: John Meinert, 1979.

SWARUK Gedenkalbum. Windhoek: Ultra Press, 1976.

Zedlitz, Alfred (samesteller): *Erster Jahresbericht der Kaiserliche Realschule zu Windhuk (Deutsch- Südwestafrika)*. Windhoek: Windhoek Drukkery, 1914.

3. LITERATUUR

Bouws, Jan: *Musieklewe van Kaapstad 1800-1850.* U.S.
(D.Phil. - 1965).

Bruwer, prof dr J P van S: *South West Africa: The disputed land.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1966.

_____: *Suidwes-Afrika.* Johannesburg: SAUK, 1961.

Esterhuyse, J H: *South West Africa 1880-1894.* Kaapstad:
C Struik, 1968.

Goldblatt, I: *History of South West Africa from the beginning of the 19th Century.* Cape Town: Juta & Co., 1971.

Grobbelaar, E P: *Die lewe en werke van Hans Endler en sy invloed op die musieklewe van Stellenbosch.* U.S. (M.Mus.-1967).

Heese, C P: *Die verband tussen onderwys en sendingwerk in Suidwes-Afrika, 1806-1870: 'n Kritiese beskouing van bepaalde aspekte.* U.S. (M.Ed. - 1978).

Hintrager, Oskar: *Südwestafrika in der Deutschen Zeit.* München: Kommissionsverlag, 1956.

Human, J L K: *Musiek in die O V S vanaf 1850 tot die begin van die Anglo-Boere-oorlog.* U.V. (M.Mus. - 1964).

Jackson, G S: *Music in Durban; an account of musical activities in Durban from 1850 to the early years of the present century.* RGN-publikasie no 06. Johannesburg: Wits University Press, 1970.

Lenssen, H E: *Chronik von Deutsch-Südwestafrika, 1833-1915.*
Pretoria: Sagittarius, 1953.

Leutwein, dr Paul: *Afrikanerschicksal.* Stuttgart:
Union Deutsche Verlagsgesellschaft, 1929.

Leutwein, Theodor (General major und Gouverneur a.D):
Elf Jahre Gouverneur in Deutsch-Südwestafrika. Berlyn:
E S Mittler und Sohn, 1908.

Mossolow, dr N: *Die Windhoek van weleer.* Windhoek:
John Meinert, 1965.

_____: *Drie geskiedkundige kentekens.* Wind-
hoek: John Meinert, 1972.

Mossop, dr E E: *The Journals of Wikar, Coetsé and Van
Reenen.* Cape Town: The van Riebeeck Society, 1935.

Nieuwoudt, dr M M: *Van plaaswyk tot stadsgemeente.*
Windhoek: Ned. Geref. Kerkraad Windhoek, 1979.

Schneider, Wolfgang: *Thematisch/Systematisches Verzeichnis
der Werke Johann Sebastian Bach.* Leipzig: Breitkopf &
Härtel, 1961.

Troskie, A J J: *The musical life of Port Elizabeth 1875-
1900.* U.P.E. (M.Mus. - 1970).

Van Wyk, Jacobus T: *Aspekte van die onderwysontwikkeling
in Suidwes-Afrika, 1915-1960.* P.U. vir C.H.O. (D.Ed. -
1960).

Vermeulen, Elsa: *Musieklewe van Pretoria 1902-1926*.

U.P. (M.Mus. - 1968).

Von Francois, Curt (Major a.D): *Deutsch Südwestafrika, Geschichte der Kolonisation bis zum Ausbruch des Krieges mit Witbooi*. Berlyn: Dietrich Reiner, 1899.

Wellington, John H: *South West Africa and its human issues*. Oxford: O.U.P., 1967.

Wolpowitz, L C: *James and Kate Hyde and the development of music in Johannesburg*. U.P. (D.Mus. - 1966).

4. LETTERKUNDIGE BRONNE

Anz, Pastor L: 'Die Anfänge der Windhuker evangelischen Gemeinde', *25 Jahre Christuskirche in Windhuk*, herausgegeben von der Evangelischen Gemeinderat zu Windhuk. Windhoek: John Meinert, 1935.

Hammer, Pastor J: 'Der Bau der Christuskirche in Windhuk', *Afrikanisches Heimatkalender*. Windhoek: John Meinert, 1961.

Hoefflich, K F: 'Das Deutsche Sprach- und Schulproblem in Südwestafrika', p. 98-108, *Afrikanisches Heimatkalender*. Windhoek: John Meinert, 1960.

Müller, Hans: 'Ein vierteljahrhundert evangelische Kirchenmusik in Windhuk', *25 Jahre Christuskirche in Windhuk*. Windhoek: John Meinert, 1935.


Siebe, Pastor R: 'Aus der Gründungszeit der Deutschen Evangelischen Gemeinde Windhuk', *25 Jahre Christuskirche in Windhuk*. Windhoek: John Meinert, 1935.

Wallberg, dr E: 'Abriss der Schulgeschichte von 1909-1931', *Festschrift des 25-jährigen bestehens der Schule 1909-1934*. Windhoek: John Meinert, 1934.

(i)




(ii)



(i)



(ii)



Hotel Rheinischer Hof.

Sonntag, den 9. Oktober 1910
von abends 8½ Uhr ab

Grosses Militär-Streichkonzert

Um 7 Uhr: Tafelmusik.

Eintritt 1 Mk.

Damen frei.


PROGRAMM.

I. THEIL.

- | | |
|---|-----------|
| 1. Flaggen-Marsch | Blon |
| 2. Ouverture zur Oper „Tancred“ | Rossini |
| 3. Ein Künstlerfest, Walzer | Vollstedt |
| 4. Gute Nacht, Du mein herziges Kind, Lied für Horn-Solo
(Herr Zander) | Abt |
| 5. Japanischer Laternentanz | Yoshitomo |

II. THEIL.

- | | |
|---|-----------|
| 6. Fantasie aus der Oper „Die Fledermaus“ | J. Strauß |
| 7. Was ist das Leben ohne Liebe, Lied | Vollstedt |
| 8. Tubaphon-Solo „Bertha Anderstein“
(Herr Steiting) | Eberlein |
| 9. Es lebe die Gemütlichkeit, Potpourri | Thürner |
| 10. Durch Nacht zum Licht, Marsch | Leukien |



Es wird höflichst gebeten, diese Karte mitzubringen.



Eingeführt durch: *H. K. K.*

I. Teil.

1. „Durch Nacht zum Licht“ Marsch v. Haukin
2. Prolog, Lebendes Bild, Kaiserhoch.
3. „Stradella“ Ouvertüre v. Flotow
4. — Sein Wort gehalten —
Lebensbild in 3 Akten v. Fritz Baden.

Personen

Steffen, Grossbauer
 Hanna, seine Frau
 Fritz, beider Sohn
 Resi, Nichte
 Karl,
 Hans,
 Sepp,
 Paul, Landsmann von Fritz Steffen
 Ein Postbote

} Matrosen

20 Minuten Pause.

II. Teil

1. „Steuermannslied und Matrosenchor“
aus „Der fliegende Holländer“ v. Wagner
2. „Warte Mädel, na warte nur“ Couplet
3. „Purzel auf Pulverwache“ Humoristischer Vortrag
4. „Will man denn, man muss“ Couplet
5. — Soldatenstreiche —
in der Küche.
Schwank in 1 Akt v. R. Lehnhard


Personen

Fritz Blank, Offiziersbursche
 Hans Nirse, Gärtnerlehrling, sein Vetter
 Jochem Dösig
 August Bolle
 Georg Leberecht

} Soldaten




(i)



(ii)



(i)



(ii)



Vereinigung Windhuker Musikfreunde

CONDUCTOR:

MUSIK LEITER:
HANS MÜLLER

KAPELMEESTER.

ORCHESTRAL CONCERT
Friday, 15th OCTOBER
8.30 p.m. sharp.

ORCHESTER-KONZERT
Freitag, 15. OKTOBER 1920
pünktl. 8.30 abends.

ORKEST KONZERT
Vrijdag, 15de OKTOBER
s'Avonds 8.30 precies.

Hotel "Kaiserkrone"

Programme:

March from "Athalia"

Overture of the opera
"Figaros Wedding"

Walters Prize Song from
"The Master Singers of
Nurnberg"

Torch Dance No. 1

Fantasy from the opera
"Margaret"

Interval 25 Min.

Minuet from the D-major
Symphony

Overture of the opera
"The daughter of the
Regiment"

Valse Dream

Potpourri from the opera
"The Gipsy Baron"

Valse "The Children of
Village" after the opera
"The Gipsy Primas"

Vortragsfolge:

F. Mendelssohn-Bartholdy
Marsch aus "Athalia"

W. A. Mozart
Ouverture zur Oper
"Figaros Hochzeit"

Richard Wagner
Walters Preislied aus
"Die Meistersinger von
Nürnberg"

G. Meyerbeer
Fackeltanz No. 1

Ch. Gounod
Fantasie aus der Oper
"Margarete"
(E. Tavan)

25 Min. Pause.

J. Haydn
Menuett aus der D-dur
Symphonie

G. Donizetti
Ouverture zur Oper
"Die Regiments Tochter"

S. Translaeur
Walzerträumerei

Joh. Strauss
Potpourri aus der Operette
"Der Zigeunerbaron"

E. Kalman
"Dorfkinder" Walzer nach
Motiven der Operette "Der
Zigeunerprimas"

Program:

Mars uit "Athalia"

Ouverture van de opera
"Figaros Huwelik"

Walters Prijs Lied uit
"De Meester Singers van
Nürnberg"

Fakkeldans No. 1

Fantasie uit de opera
"Margaretha"

Pause 25 Min.

Menuet uit de D-dur
Symphonie

Ouverture van de opera
"De Regimentsdochter"

Wals Droom

Potpourri uit de opera
"De Zigeunerbaron"

"Dorpkinderen" Wals naar
de opera "De Zigeuner-
Primas"

This Programme gives
Admission.

3/-; at the door 4/-

Dieses Programm gilt als
Eintritts-Karte.

3/-; a. d. Abendkasse 4/-

Dit Program dient als
Toegangs kaart.

3/-; aan de deur 4/-



Südwesten - Lied
(Nach einem alten Seefahrerlied)

Satz. v. H. M. Op. 3

So hart wie Kameledorn ist unser Land, und trocken sind seine Re


viere. Die Klippen sie sind von der Sonne verbrannt, und sehen sind.
Die Klippen sind verbrannt, von der

Büsche die Tie re. Und sollte man uns fragen: Was hält euch denn hier fort?


Könnten wir sagen: Wir lieben Südwest. Und können wir sa - gen, wir

lieben Südwest. (14.7.52)

(i)




(ii)



(i)



(ii)





(i)



(ii)



(iii)



(iv)

Scene 1

Intro

Moderato (♩ = 92)

curtain

poco più mosso (♩ = 104)

Handwritten musical score for the first system, measures 1 through 13. The score is written for a full orchestra, including strings, woodwinds, and brass. The key signature is one sharp (F#). The tempo is marked 'Moderato (♩ = 92)'. The score includes various musical notations such as notes, rests, and dynamic markings like 'ff' (fortissimo). There are also handwritten annotations like 'concert' and 'curtain'.

Handwritten musical score for the second system, measures 14 through 19. The score continues the orchestral composition. It includes a section marked 'sul ponticello' (sul ponticello) in measure 18, which is a technique used by string players to create a shimmering effect. The tempo remains 'Moderato'.

Handwritten musical score for the third system, measures 20 through 25. This system includes a section marked 'poco rit.' (poco ritardando) in measure 20, followed by a section marked 'a tempo' in measure 21. The score concludes with a final measure marked with a double bar line. The tempo changes to 'poco più mosso' at the end of the system.

(i)



(ii)



